# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

LIG IN DUISTERNIS

# HANDELINGE van die VYFDE SINODE gehou te Pretoria

## 16 - 21 September 1991

*Besluite van die Sinode opgeneem in hierdie dokument is onmiddellik van krag by die publisering daarvan tensy anders vermeld. Artikels en Bepalings van die Kerkorde is van krag sodra die Kerkordeboek gepubliseer is*

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

# VOORWOORD

1. Hiermee die Handelinge van die Vyfde Sinode van die Afrikaanse Protestantse kerk. Twee eksemplare word gratis besorg aan elke gemeente waarvan afgevaardigdes op die Sinode teenwoordig was.
Van die twee eksemplare is een bedoel vir die gemeentelike argief, en skribas moet dit asseblief sorgvuldig bewaar vir naslaandoeleindes deur enige belanghebbende. Die ander eksemplaar is bedoel vir die leraar se gebruik. Waar 'n gemeente nog nie oor die dienste van 'n leraar beskik nie, moet dié eksemplaar soos die eerste bewaar word.
Aan gemeentes wat nie op die Sinode verteenwoordig was nie, word slegs een eksemplaar van die Handelinge gratis gestuur vir veilige bewaring.
Enige ander belanghebbende wat 'n eksemplaar wil bekom, kan dit van die Sentrale Kerkkantoor aankoop.

2. Die Handelinge van die Sinode omvat meer as net die blote notule. Die notule word voor in die boek geplaas en is so opgestel dat alle goedgekeurde besluite woordeliks volledig daarin aangegee word. Ná die notule word bylaes en verslae van alle tydelike- en ad hoc- kommissies waarna in die notule verwys word, opgeneem. Die werklike besluite van die Sinode oor die aanbevelings in die verslae word egter in die notule gevind.

3. Heel voor in die Handelinge word 'n inhoudsopgawe geplaas wat ook die bladsynommers vir die verskillende sittingsdae aangee.

4. Die eintlike sleutel tot die ontsluiting van die inhoud van die Handelinge vind u in die alfabetiese sakeregister, net ná die inhoudsopgawe. Soos in die verlede is ook hierdie sakeregister deur ds WM Grové opgestel. Vir die baie ure van noukeurige aantekening van die sake verdien hy groot dank en waardering.

5. Numerering van die bladsye van die Handelinge sluit vanaf die notule aan by die numerering van die bladsye van die tweedelige Sakelys.

6. Die Notulekommissie het tydens die sinodesitting onder die bekwame leiding van ds LD Pienaar met groot toewyding en geduld baie ure daaraan bestee om daagliks die notule van die vorige sittingsdag op die bestemde tyd ter tafel te lê. Teenoor elke lid van die kommissie en teenoor die Hulpskriba, ds IA Brink wat vir 'n aansienlike deel van die notulering verantwoordelik was, word hartlike dank betuig.

7. Dankie is maar 'n klein woordjie teenoor die groot werk wat ons tiksters vóór, tydens en ná die Sinodesitting gedoen het. Baie dankie aan mevv. Ria McDonald, Trienie Venter, Anine Alester en Connie Crafford.

8. Die setwerk vir die Sakelys en Handelinge is deur ds DR Schwartz behartig. Dié arbeid het benewens sy gemeentewerk geweldige eise aan sy kragte gestel, en ons boekstaaf graag hiermee ons dank vir die netjiese setwerk en smaakvolle uitleg deur hom gedoen.

9. Die druk- en bindwerk verbonde aan die Sakelys en Handelinge is deur Loskop Drukkers behartig. Aan mnr en mev Charles Dunston, lidmate van die APK Groblersdal aan wie die drukkery behoort, betuig ons graag ons hartlike dank vir hulle ywerige samewerking om die boeke stiptelik volgens opdrag te lewer.

10. Die besluite van die Handelinge is geneem met biddende opsien na die Vader, met die bede dat die Heilige Gees ons duidelik sou lei in die beste belang van die Hoof van die Kerk, Jesus Christus (Ef. 1:22). Baie dankie aan almal wat saam gebid het.

Die gebede waarborg egter nie onfeilbaarheid nie. Nogtans vertrou ons dat die besluite hierin vervat tot groot geestelike wins vir die APK sal dien.

Met agting en seënwense

**MECHIEL ADENDORFF**

(Skriba van die Sinode)

29 November 1991

# INHOUDSOPGAWE

*Voorwoord* ........ i

*Inhoudsopgawe* ........ iii

*Alfabetiese Sakeregister* ........ v

**NOTULE**

Eerste sittingsdag ........ 270

Tweede sittingsdag ........ 281

Derde sittingsdag ........ 302

Vierde sittingsdag ........ 319

Vyfde sittingsdag ........ 340

Sesde sittingsdag ........ 354

Presensielys volgens alfabetiese lys van gemeentes (Bylae A) ........ 372

Openingsrede gelewer deur die voorsitter van die vierde Sinode op Maandag 16 September om 20:00 (Bylae B) ........ 409

**VERSLAE VAN TYDELIKE KOMMISSIES**

A1 Eerste verslag van die Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike sake (TKKS) ........ 412

A2 Tweede verslag van die TKKS ........ 413

A3 Derde verslag van die TKKS ........ 416

B1 Eerste verslag van die Tydelike Kommissie vir Finansies ........ 418

C1 Eerste verslag van die Tydelike Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig ........ 421

D1 Eerste verslag van die Tydelike Kommissie vir Barmhartigheidsdienste ........ 423

F1 Eerste verslag van die Tydelike Kommissie vir Argief ........ 425

H1 Eerste verslag van die Tydelike Kommissie vir Gemeentelike Bediening (Getuienis en Dissipelskap) ........ 426

K1 Eerste verslag van die Tydelike Kommissie vir Kerksang en -musiek .....428

L1 Eerste verslag van die Tydelike Kommissie vir Mediaskakeling (TM) .....429

L2 Tweede verslag van TM .....430

L3 Derde verslag vanTM .....431

L4 Vierde verslag van TM .....432

L5 Vyfde verslag van TM .....434

N1 Eerste verslag van die Tydelike Kommissie vir die Samestelling van Permanente Kommissies .....435

O1 Eerste verslag van die Tydelike Kommissie vir Ringsgroepering en Ringsindeling .....438

P1 Eerste verslag van die Tydelike Kommissie vir Sending en Evangelisasie (TSE) .....441

P2 Tweede verslag van TSE .....442

V1 Eerste verslag van die Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe (TGb) .....444

V2 Tweede verslag van TGb .....446

V3 Derde verslag van TGb .....447

V4 Vierde verslag van TGb .....448


## AD HOC-KOMMISSIES


Ad hoc-kommissie vir die gebruik van die Kerkembleem .....449

Ad hoc-kommissie "Ekklesia" .....450

Beraamde motorkoste oor tydperk van vier jaar ..Bylae C.....453

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

## ALFABETIESE SAKEREGISTER

## A


Afrikaanse Protestantse Kerk

*Ontmoet die APK; - en Sending* ............ 4, 226, 279

Aksie Morele Standaarde - Spreekbeurt E van Zyl ............ 309, 347

Alimentasie (Kyk ook: Barmhartigheid)

*Rampfonds* ............ 298, 362, 423

Amp (besondere):

*Vrou in die amp* ............ 9, 332

APK

*(Kyk: Afrikaanse Protestantse Kerk)*

*Ontmoet die APK* ............ 226, 279

Appèl

*1. Belfast - koste* ............ 2, 257, 368

*2. Dr AG Burger* ............ 285, 358, 414

*3. Sinodale Kommissie vir* ............ 13, 277, 414

Argief

*Publikasie; eksemplare vir* ............ 226, 279

*Verslag van Kommissie* ............ 218, 343

*Verslag, Tydelike Kommissie* ............ 361, 425

Attestaat

*(Kyk: Lidmaat)*


## B


Barmhartigheid

*Alimentasie vir noodgevalle* ............ 362, 423

*Behuising vir bejaardes* ............ 74, 327

*Gevangenesbearbeiding* ............ 75, 328

*Selfbouskema* ............ 363, 423

*Siekebesoek in stadshospitale* ............ 75, 328

*Verslag van Kommissie* ............ 74, 327

*Verslag, Tydelike Kommissie* ............ 362, 423

*Weeshuisfonds* ............ 74, 327

Belfast

*Appèlsaak van lidmate* ............ 2, 257, 368

Beskrywingspunte
*Hantering van* ........ *281, 332, 355*

Boodskapper, Die
*Agterstallige intekengeld* ........ *4*
*Besware teen inhoud* ........ *317*
*Redakteur, redaksie e.a. sake* ........ *227, 282*
*Sakebestuurder* ........ *4, 33, 288*

BRKA (Bestuur, Raad vir Kerkadministrasie)
*Addendumverslag* ........ *220, 289, 290, 350*
*Begroting 1992 (kyk ook : Finansies)* ........ *30*
*Samestelling* ........ *366*
*Verslag van tweede BRKA* ........ *22*

Brook House
*en ander eiendomme* ........ *28, 221, 290*
*Foto vir "Die Boodskapper"* ........ *292*
*Nuwe naam, voorstelle* ........ *292*

BTW
*Ondersoek gevra* ........ *200, 303*
*Sake kennis geneem* ........ *288*

Buitelandse Besoekers
*Onderhoude met* ........ *8*

Burger, dr AG
*Appèl* ........ *285, 358, 414*

Bybel
*Belasting, bemakings, produksie* ........ *342*
*Bibliathon* ........ *19, 342*
*Bybelgenootskap se verslag* ........ *342*
*Textus Receptus* ........ *46, 296*
*Verslag, Vertalingskommissie* ........ *116, 338, 341*
*Verslag, Verteenwoordiger Bybelgenootskap* ........ *18, 341*
*Vertalingskommissie* ........ *16, 278*
*Verteenwoordigers, SA Bybelgenootskap* ........ *365*
*Verspreiding* ........ *75, 328*

## C

Chiliasme
*Pamflet* ........ *226*

Christelik-Volkseie Onderwys - Kyk: Opvoeding en Onderwys

Coetzee, ds Nico
*Dankwoord deur sy vader* ........ *305*

Corpus Christi
*Kerksentrum te koop* ........ *27, 221, 287, 290*

## D

Diaken
*Ondertekeningsformulier* ........ *257, 268*

Diensplig
*Verwys na Kommissie vir Kapelaansdienste* ........ *61, 323*

Doop
*Doopgesprek* ........ *53, 317, 362, 426*
*Dooplidmaatregister* ........ *53, 343, 362, 426*

Dooplidmate
*Lae getal dopelinge* ........ *10, 275*
*Register vir* ........ *53, 343*

E

Eiendomme
*Kyk: Brook House*
*Vaalterrein*
*Farendenstraat 430, e.a.* ........ *220, 287, 290*

Eiendomsreg
*van plaaslike kerk* ........ *257*

Ekklesia
*Opdrag herhaal* ........ *368, 450*

Embleem
*Kerkembleem gebruik* ........ *9, 274, 360, 449*

Evangelisasie
*Kyk: Sending en ...*

## F

Finansies
*15%* ........ *30, 200, 215, 302, 303*
*15% uitsonderings* ........ *309, 335, 351, 419*
*Aanvullende verslag* ........ *249, 304*
*Begroting 1992* ........ *205, 249, 288, 298,*
........ *304, 349, 419*
*Begroting, tweejaarlikse Sinode* ........ *335, 419*
*Besteding, beheer* ........ *298-9*
*Daggelde* ........ *197, 300*
*Rente op uitstaande bedrae* ........ *291, 292*
*Uitstaande bydraes* ........ *31, 222, 291*
*Verslag van Kommissie* ........ *193, 298, 302, 350*
*Verslag, Tydelike Kommissie* ........ *334, 418*
*Voorsorgfondse* ........ *221, 291*
*Vorms gestandaardiseer* ........ *54, 197, 300, 318, 362, 426*

Formuliere en Liturgie
*Huweliksformulier* ........ *87, 330*
*Naam van kerkboek* ........ *86, 329*
*Verslag van Kommissie* ........ *86, 329*

Foto's
*Tweede Sinode* ........ *8, 274*

## G

Geloofsbelydenis
*"Neergedaal na die hel"* ........ *98, 331*

Geloofsbriewe
*Verslag, Tydelike Kommissie V1* ........ *270, 444*

*V2 271,* ........ *446*
*V3 275,* ........ *447*
*V4 280,* ........ *448*

Geloofsvryheid
*Verwys na volgende PKKEN* ........ *94, 330*

Gemeentebediening
*Huisbesoekkaart* ........ *57, 317*
*Lêer vir ampsdraer* ........ *362, 426*
*Riglyne en vorms vir spesiale dienste* ........ *54, 197, 300, 318,*
........ *362, 426*
*Traktaatjies* ........ *54, 77, 318, 329,*
........ *362, 427, 442*
*Verslag van Kommissie* ........ *51, 315*
*Verslag, Tydelike Kommissie* ........ *362, 426*

Gemeentes
*Geldelike hulp aan* ........ *9, 230, 274, 285*
*Kombinasie, geldhantering* ........ *298*
*Kombineringswyse* ........ *10, 275*
*Nuwes gestig* ........ *5, 225, 273, 279*
*Sonder leraars* ........ *5, 6, 273*
*Verslagvorm aan ring* ........ *276*

Geskille/Verskille
*Handeling met* ........ *12, 277, 413*

Geslagsvoorligting op skool ........ 66, 335

Gideons
*Aanbeveling i.s* ........ *230*
*Rapport in SKK-aanvullende verslag* ........ *4, 234*
*Standpuntbesluit* ........ *285*
*Groeteboodskappe*
*van persone en instansies* ........ *5, 278, 281, 297, 314,*
........ *319, 323, 328, 336*

## H

Herderlike brief
*Afhandeling* ........ *369*

Hospitaal
*Besoeke aan pasiënte in* ........ *3, 75, 273, 328*
*Kyk ook: Siekebesoek*

Huwelik
*Verryking* ........ *52*
*Vorm vir troues* ........ *56*

## I

Israelvisie
*Boeke oor* ........ *94, 330*

## J

Jaarboek
*Kyk: Kerkjaarboek*

Jeugboodskapper ........ 60, 322

Jeug en Verbondsonderrig
*Bewaar die jeug ........ 361*
*Handboeke herdruk ........ 225, 279, 318*
*Handleiding jeugaktiwiteite ........ 60, 332*
*Huisvesting (kyk ook: Studente) ........ 320*
*Kampe ........ 61, 323, 421*
*Lede vir permanente kommissie ........ 421*
*Seël ontwerp ........ 60, 322*
*Sertifikaat ........ 60, 322*
*Stand van Verbondsonderrig ........ 61, 323*
*Verslag van Kommissie ........ 58, 318, 319, 322, 324*
*Verslag, Tydelike Kommissie ........ 357, 421*

Jonker, maj. Kobus
*nie meer beskikbaar nie ........ 350*

## K

Kaapse Mediese Plan
*Ledegeld ........ 29, 287*
*Verslag ........ 37, 287*

Kampe
*Kyk: Jeug en Verbondsonderrig*

Kapelaansdienste
*Ondersoek gevra ........ 146, 312*
*Verslag van Kommissie ........ 73, 326*

Karate
*Artikel oor, in "Die Boodskapper" ........ 283*
*Gevegskuns of okkultisme ........ 112*
*Studie en studiestuk ........ 94, 330, 331*
*Verwerping en alternatief ........ 99*
*Voldoen nie aan Skrifeise nie ........ 103*

Kerkargief
*Kyk : Argief*

Kerke
*Erkende ........ 97, 331*
*Gesprekvoering met NG Kerk staak ........ 284, 314, 366*
*Interkerklike verhoudinge ........ 7, 229, 274, 284*
*Susterskerke se standpunt oor APK ........ 10, 276*

Kerkembleem/Kerkseël
*Kyk : Embleem*

Kerkjaarboek
*-en dagstukkies ........ 9, 275, 279, 280*
*In Memoriam ........ 273*
*Publikasietyd ........ 227, 275, 282*
*Vir 1991 en 1992 ........ 225*

Kerkleer en Etiese Norme
*Verslag van Kommissie* .......... 94, 330

Kerkorde
*(Kyk ook: Kerkregtelike Sake)*
*Wysigings* .......... 306

Kerkraad/-rade
*(Kyk ook: Gemeentebediening)*
*Bevestigingskaart* .......... 53, 317
*Huisbesoekkaart* .......... 53, 317
*Kerkorde en bepalings wysig* .......... 306
*Skakeling met* .......... 6, 274

Kerkregtelike Sake
*Addendumverslag* .......... 253
*Herformuleer Kerkorde-artikels 45 en 46* .......... 318
*Kontinueer vorige PKKS* .......... 271
*Lede aanbeveel* .......... 414
*Oorblywende sake* .......... 368
*Verslag van Kommissie* .......... 124, 306, 309, 311, 367
*Verslag van Tydelike Kommissie* .......... 358, 359, 412, 413, 416
*Voorsitterskap van Kerkvergadering* .......... 131, 308, 415

Kerksang en -musiek
*Begeleiding/-kursus* .......... 91, 326
*Hallelujaliedere* .......... 92, 326
*Koorbundel* .......... 91, 325
*Psalms hersien* .......... 88, 325
*Sangbundel* .......... 88, 325
*Verslag van Kommissie* .......... 88, 324
*Verslag, Tydelike Kommissie* .......... 352, 428

Kerkvisitasie
*Handleiding vir visitatore* .......... 145, 311
*Riglyne* .......... 52, 317

Kleredrag
*Kerklike* .......... 14, 278, 366

Kommissies van die Sinode
*Kyk ook: Sinode*
*Sentralisering van vergaderings* .......... 5, 273
*Vaartbelynde vergaderings* .......... 347
*Verslae van, onderteken* .......... 278, 358, 414
*Verslag, Tydelike Kommissie vir Samestelling van,* .......... 355, 435

Kuratorium
*Beperkte opdrag van dosente* .......... 296
*Hoofskap (kyk ook: Revisie)* .......... 294
*Teologiese dag, onderwerp* .......... 360
*Teologiese skool* .......... 292
*Verslag van* .......... 39, 292

Leonardville
*Spreekstem vir lidmaat teenwoordig* .......... 276

Leraar
*Beperkte opdrag* .......... 136, 309
*Beroepstelsel* .......... 139, 310
*Bonus/dertiende tjek* .......... 301
*Huistoelae* .......... 197, 213, 300

*Nuwes* ....................5, 225, 273, 279
*Ondertekeningsformulier*....................145, 158, 311
*Opleiding- kyk: Kuratorium*
*Reisendes* ....................6, 274
*Reistoelaag* ....................29, 33, 195, 211, 289,
....................299, 301, 334, 418
*Status* ....................42, 44, 145, 295
*Tentmakerbediening* ....................96, 142, 331
*Toelating (keuring) tot APK* ....................11, 230, 276, 296, 346-7
*Traktement* ....................6, 11, 29, 198-9, 274,
....................276, 299, 302
*Verlof : vakansie-, lang-* ....................313, 359, 360, 417
*Voortgesette Teologiese Opleiding* ....................295

Lidmaat
*Attestaat aanvra* ....................318, 362, 426
*Studente se lidmaatskap* ....................61
*Toerusting* ....................52, 316

## M

Mediaskakeling
*(Kyk ook: Pers)*
*Komitee vir* ....................230, 285
*Verslag van Komitee* ....................2, 8, 274, 315

Menseregte
*(Regter P Olivier)*
*Handves vir* ....................186, 274

Militêre opleiding
*Lys van opleidingskampe* ....................4

## N

Nagmaal
*Toelating tot* ....................45, 311, 353

"Nette" van die Sinode
*kyk: Sinode*

## O

Oefenaars
*Verslag oor* ....................42, 295

Okkultisme
*Kyk: Satanisme*
*Okkultiese bedrywighede* ....................2

Onderwys en Opvoeding
*Christelik-Volkseie Onderwys* ....................68, 70, 230, 285,
....................337, 344
*Konsepbrief aan owerheid* ....................3, 273
*Verslag van Kommissie* ....................66, 335, 337

Opsig en tug
*Kyk ook: Tug*

*Handleiding* ........ *317*
*Kerkorde en Bepalings* ........ *307*

Ordereëls
*Revisie gevra* ........ *308*

Ouderling
*Kyk ook: Gemeentebediening*
*Konferensie vir toerusting* ........ *40, 294*
*Ondertekeningsformulier* ........ *257, 268*
*Taak van* ........ *95, 330*

Oudtshoorn
*Navraag : kombinasie en gelde* ........ *298*

Owerheid
*Kyk ook: Staatspresident*
*Skakeling met* ........ *7, 230, 274, 285*

Pamflette
*Oor sake verwys na PKKEN* ........ *2*
*Opdragte van Vierde Sinode* ........ *226*

Pensioenfonds
*Bydraes* ........ *29, 288*
*Kapelane* ........ *313*
*Ondersoek* ........ *200, 288*
*Probleme ondervind* ........ *303*
*Reglement vir Trustfonds* ........ *224, 290*
*Trustees* ........ *300*
*Trustfonds, APK* ........ *29, 196, 221, 250,*
........ *300, 305*

Pers
*Openbare -, vergadering geslote vir* ........ *273*
*Persverklarings* ........ *298, 314, 315, 338,*
........ *351, 369, 429-434*

Pinkster
*Beswaar teen onregsinnigheid* ........ *316*

Polisie, Suid-Afrikaanse
*Steun aan* ........ *2*

Predikant
*kyk : Leraar*

PR-Drukkers
*Dankbetuiging aan,* ........ *283*

Preekbundels
*Kategismuspreke* ........ *316*
*Preke in "Die Boodskapper"* ........ *83*
*Voorsiening van* ........ *11, 227, 282, 316*

Publikasiekomitee
*Beskrywingspunte e.a. sake* ........ *226*
*Dank aan* ........ *316*
*Gehalte van drukwerk* ........ *279*
*Publikasies* ........ *279*
*Verslae* ........ *2, 8, 274*

## R


Radio en TV

*Aansoeke om preekbeurte* .......... 4, 20
*Godsdienstige karakter* .......... 2, 273
*Verslag van Komitee* .......... 2, 20, 348

Rampfonds

*kyk: Alimentasie*

Registers

*Afskrifte van doop- en lidmaatregisters* .......... 361, 425

Regskommissie (regter Olivier)

*Gesprek met* .......... 7

Reiskoste/reistoelae

*kyk: Leraar*

Revisie

*Aansoek* .......... 302, 366

Ring

*Grootte van* .......... 13, 277
*Tydelike Kommissie vir indeling van,* .......... 332-4, 438
*Verdelings: Graniet, Somerset-Oos* .......... 14, 278
*Verslagvorm aan1* .......... 2, 276

RKA (Raad vir Kerkadministrasie)

*Verslag* .......... 220, 286

Robbertze, prof HCG

*Proefskrif* .......... 293

Rooms Katolisisme

*Bestryding van* .......... 95, 331

Rustenburg

*Beraad en skuldbelydenis* .......... 350


## S


SAUK

*Indoktrinasie* .......... 96, 331
*Kyk: Radio en TV*

Satanisme

*Gevare van, in skole* .......... 66, 336
*Jeug betrokke* .......... 58
*Kyk ook: Okkultisme*
*Wetgewing gevra* .......... 95, 331

Sektes en Dwalinge

*Publiseer bespreking in "Die Boodskapper"* .......... 282
*Voorligting in Verbondsonderrig* .......... 62, 324

Sending en Evangelisasie

*Begroting* .......... 217
*Dorothea Sending se traktaatjies* .......... 323
*Evangelisasie-aksie* .......... 319
*Lede vir Permanente Kommissie* .......... 442
*Sendingbeleid* .......... 78, 328

*Sendingopdrag* ........ *355*
*Sentrale Sendingfonds* ........ *354*
*Verslag van Kommissie* ........ *76, 328*
*Verslag, Tydelike Kommissie* ........ *352, 441-443*

Sentrale Kerkekommissie
*Addendumverslag* ........ *225, 279, 282*
*Lede - nominasies* ........ *351*
*Verkiesing* ........ *354, 361, 363*
*Oorgestane aanbevelings* ........ *9, 275*
*Verslag van Kommissie* ........ *1, 272, 274, 275/6/7, 345*
*Voortbestaan* ........ *3, 147, 231, 346*

Sentrale Kerkkantoor
*Organigram* ........ *35*
*Personeel e.a. sake* ........ *23, 287, 290*
*Spyseniering* ........ *27*
*Toerusting, meubels* ........ *26*

Serkos
*Verslag van waarnemer* ........ *2*

Siekebesoek/- pastoraat
*Literatuur vir en besoeke aan* ........ *52, 75, 317, 328*

Signposts
*Dank vir gratis eksemplare* ........ *279*
*Skenking oorweeg* ........ *329*

Sinode
*Afsluiting, gelukwensing, mosie* ........ *371*
*Aktuarius verkies* ........ *277*
*Bedankings* ........ *370*
*Frekwensie van vergaderings* ........ *13, 277, 359, 414*
*Geloofsbrief* ........ *145, 157*
*Groeteboodskappe, ander Afrikaanse Kerke* ........ *5*
*Hanteerbare Sakelys* ........ *3, 226, 286*
*Herderlike Brief* ........ *3, 369*
*Hulpskriba verkies* ........ *277*
*Kennisgewing van sitting* ........ *233*
*Kommissies almal verslag doen* ........ *3*
*Notule behandel* ........ *298, 315, 338, 352, 368*
*Notulekommissie* ........ *271, 278*
*Notules, laaste drie dae, goedkeur* ........ *3, 368*
*Notules en Ordereëling* ........ *294*
*Ondervoorsitter* ........ *272*
*Opening en -rede* ........ *270, 280, 281, 409*
*Personeelwysiging* ........ *276, 281, 294, 306,*
........ *319, 323, 340, 354*
*Plek van Sinodesitting* ........ *4, 270, 355*
*Presensielys* ........ *372*
*Sakelys vasstel* ........ *272, 279*
*Sittingsdae* ........ *270, 281, 302, 319, 354*
*Skriba verkies* ........ *275*
*Verslae, riglyne vir opstel van* ........ *332*
*Voorsitter verkies, termyn* ........ *271, 308*

Sittingsreg *Zoar - gemeente se* ........ 276

Sondag
*- heiliging* ........ *2*

Staatspresident
*Versoek aan* ........ 2

Stemopnemers
*Ordereëling* ........ 271

Studente
*Ad hoc-kommissie: Studentebearbeiding* ........ 63, 320
*Huisvesting in stede* ........ 59, 295, 320
*Lidmaatskap* ........ 324
*Ouers se geldelike steun* ........ 324
*Praktiese werk* ........ 296

Studielenings
*Aan jong leraars* ........ 8, 274

## T

Teologiese Skool
*Kyk: Kuratorium*

Teologiese Studiefonds
*Konsep Reglement* ........ 415
*Willie Lubbe Teologiese Studiefonds* ........ 41, 295, 359

Traktaatjies
*Kyk: Gemeentebediening*

Transoranje Instituut
*Spreekbeurt* ........ 304

Trustfonds, APK
*Kyk: Pensioenfonds*

Tug
*Kyk ook: Opsig en Tug*
*Censura Morum* ........ 142, 310, 360, 417
*Handleiding vir* ........ 142, 259
*Opsig en Tug* ........ 52, 126

Tydelike Kommissies
*Indeling van afgevaardigdes* ........ 272

## U

Universiteit
*As hoër onderwysinstelling* ........ 50
*Grondslae van Vrye CVO* ........ 48
*Vrye CVO* ........ 44, 296

## V

Vaalterrein
*Kommissie benoem* ........ 27, 288
*Ontwikkeling* ........ 288, 291
*Registrasie* ........ 33
*Verslag van Kommissie* ........ 36

Ventersdorp
*Afgevaardigdes afwesig* ........ 279

Verassing
*Ondersoek* ........ 101, 331
*Terugverwys* ........ 95

Verbondsonderrig
*Kyk: Jeug en Verbondsonderrig*

Verlof
*Verslag van Tydelike Kommissie* ........ 278, 297, 301, 314,
........ 319, 336, 347, 354

Versekering
*Ongevalledekking* ........ 32, 288

Verskille
*Kyk: Geskille*

Volkereverhoudings
*Studiestuk oor* ........ 159, 344

Voorsitterskap
*Van kerklike vergaderings* ........ 131, 308, 415

Voorsorgfondse
*Ondersoek na* ........ 221, 291

Vrou/Vroueaksie
*Ad hoc-kommissie* ........ 230, 238, 239, 346
*minderheidsverslag* ........ 243, 369
*Gesprek met* ........ 3
*Verslag verwys na SKK* ........ 147
*Vroueaksie* ........ 345, 347
*Vrou in die amp* ........ 99, 332
*Wêreldbiddag vir Vroue* ........ 96

## W

Wapen
*Kyk ook: Weerstand*
*Opneem van* ........ 98, 331

Weerstand
*Gewapende* ........ 98, 331

Weeshuis
*Fonds vir* ........ 74, 288, 327

Willie Lubbe Teologiese Studiefonds
*Kyk: Teologiese Studiefonds*

## Z

Zoar
*Gemeente se sittingsreg* ........ 276

# EERSTE SITTINGSDAG - 16 SEPTEMBER 1991

## 1. OPENING

Dr JD Malan, die waarnemende Voorsitter, open die vergadering om 14:00 deur

1.1 Ges. 10:1-3 te laat sing;

1.2 2 Tm 2 : 1-13 te lees en verse 3, 4 en 13 te beklemtoon; en

1.3 'n gebed te doen.

Daarna vestig hy die aandag op 'n stel afkondigings wat aan elke afgevaardigde uitgedeel is .

## 2. VERWELKOMING (Ordereëlings, punt 4)

Dr Malan heet sinodegangers en personeel welkom en doen enkele bedankings.

Ds NJ Rautenbach (Pretoria-Oos) verwelkom namens die plaaslike gemeente die sinodegangers en wens almal 'n geseënde sitting en aangename verblyf in Pretoria toe. Hy nooi die sinodegangers hartlik uit om as gaste saam met APK Pretoria-Oos die Heilige Nagmaal op Vrydagaand 20 September om 19:30 te vier.

## 3. VERSLAG VAN TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE - V1 (Ordereëlings, punt 5)

Ds IA Brink (Voorsitter) dra die verslag voor.

1. Vir kennisname - Kennis geneem.

*2. Aanbevelings goedgekeur.:*

*2.1 Presensielys word in alfabetiese orde behandel.*

*2.2 Verskonings van 'n aantal gemeentes word aanvaar.*

*2.3 173 Geloofsbriewe word goedgekeur (358 afgevaardigdes)*

*2.4 Verskonings van 'n aantal predikante en ouderlinge word aanvaar.*

3. Ds Brink lees die presensielys voor. Enkele regstellings word gemaak. Die presensielys word as Bylae A by die notule aangeheg.

4. 32 gemeentes is nie verteenwoordig op die Sinode nie. Die vergadering besluit om 'n ernstige beroep op gemeentes te doen om wel afgevaardigdes te stuur.

Gemeentes wat geldelike hulp verlang ten einde afgevaardigdes na die Sinode te stuur, mag by die Kerkkantoor aansoek doen.

5. Die vergadering word behoorlik gekonstitueerd verklaar.

6. Ds IA Brink word bedank vir die verslag.

## 4. KONDONERING

Die waarnemende Voorsitter stel punt 17 (Aanvullende Sakelys bls. 233) uit die Addendumverslag van die SKK:

*KENNISGEWING IN VERBAND MET SINODESITTING*

*17.1 Aanbeveling goedgekeur:*

*Die Sinode kondoneer die laat kennisgewing in verband met die plek van sinodesitting wat onder die besondere omstandighede nie*

*in ooreenstemming met Kerkorde Bep. 41A geskied het nie.*

## 5. STEMOPNEMERS (Ordereëlings, punt 7)

'n Lys van name word voorgelê en goedgekeur:

Sameroeper: Diak PS van der Merwe

Lede: Diak PJ Uys, JC Faber, MJ de Villiers, HAM Fourie, RW Schroeder, PN Faul, PG Duvenhage, MB Swiegers, GL Jonker, JAR Potgieter, Oudl T le Roux.

## 6. NOTULEKOMMISSIE

Die volgende persone word op aanbeveling van die SKK op die Notulekommissie benoem.

Di LD Pienaar, DR Schwartz, prof R Marè, di JJ vd Linde, AE vd Berg, JA Jacobs, NJ Groenewald, JH Theron,AS van Staden, S Botes, AP Boshoff, PL Storm, JH vd Walt, AP Viljoen, WM Grové, JH Swart, Jurie J Venter, GG le Roux, dr MFM Pretorius, diak PS vd Merwe.

## 7. ORDEREëLS

Die ordereëls word as gelese beskou.

## 8. VERKIESING VAN VOORSITTER (Ordereëlings, punt 9.1)

Prof FAH van Staden stel die volgende ordemosie voor:

*Die Sinode besluit:*
*omdat, volgens die Ordereëls*

*1. dit nie strydig met die Kerkorde of Ordereëls vir kerklike vergaderinge sal wees nie;*

*2. dit in die vyfde bestaansjaar van die kerkverband is, wat gewoonlik beskou word as 'n eerste belangrike herdenkingsjaar;*

*3. dit die vyfde sinode van die kerkverband in die vyfde herdenkingsjaar is;*

*4. dit nie uitgesluit is dat hierdie sinode mag besluit dat die volgende sinode eers weer oor twee jaar vergader en*

*5. dit nie vir 'n kerkverband ongeoorloof is om hulde te bring aan gelewerde diens nie,*

*hierdie Sinode net prof dr WJG Lubbe op die groslys neem volgens bep. 41B en sonder stemming as Voorsitter aanwys.*

*Eenparig goedgekeur.*

## 9. TYDELIKE KONTINUERING VAN VORIGE PKKS

Die volgende ordemosie, voorgestel deur ds AS van Jaarsveld (Pietersburg) word deur die vergadering eenparig aanvaar:

*Die Sinode besluit dat, alhoewel alle permanente kommissies by die konstituering van 'n nuwe sinode ophou om te bestaan, die PKKS wat deur die Sinode van 1990 aangewys was, gekontinueer word ten spyte van die aanwysing van 'n TKKS, sodat die vorige PKKS net 'n uitstaande notule kan goedkeur.*

## 10. TWEEDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE V2

Aanbeveling goedgekeur:

*Die Sinode keur goed dat die volgende broer sitting neem as afgevaardigde van APK Hennenman:*

*DS JAN HENDRIK DE JAGER*

Ds De Jager word in die vergadering verwelkom.

## 11. AFWESIGHEID DS PL STORM

Die vergadering neem daarvan kennis dat ds Storm as gevolg van siekte afwesig is.

## 12. AFWESIGHEID DS CFW SNYMAN

Die vergadering neem kennis van 'n mededeling deur oudl HJ van Rooyen dat ds CFW Snyman ook ongesteld is.

## 13. VOORSITTER

Prof dr WJG Lubbe neem die voorsitterstoel in, bedank die vergadering vir die vertroue in hom gestel en vra samewerking van die Sinode. Hy bedank dr Malan vir sy opening van die vergadering. Op voorstel van ds JH Swart (Vanderbijlpark) sing die Sinode dr Lubbe Ps 134:4 toe.

## 14. VERKIESING VAN ONDERVOORSITTER (Ordereëlings, punt 9.2)

Die volgende nominasies vir Ondervoorsitter is ontvang:

Dr JD Malan, di. LD Pienaar, IA Brink, dr CI van Heerden, ds JA Jacobs, oudl. BICS Erasmus, ds A Boshoff, proff R Marè, HS Theron, FAH van Staden, di. CJJ van Rensburg, MC Adendorff, JN Joubert, NJ Rautenbach, JH van der Walt en JH Theron.

Na die eerste stemming word tussen die volgende persone gestem:

Di. IA Brink A Boshoff, dr CI van Heerden en dr FAH van Staden.

Dr FAH van Staden word verkies. Hy neem sy plek in en word deur die Voorsitter gelukgewens.

## 15. TYDELIKE KOMMISSIES (Ordereëlings, punt 10)

Die Voorsitter vestig die aandag op die lys van name wat by elke Tydelike Kommissie ingedeel is. Afgevaardigdes wat nie ingedeel is nie en ook op enige van hierdie kommissies wil dien, kan hulle name daarop gaan aanteken.

## 16. VASSTELLING VAN SAKELYS EN DAGPROGRAM (Ordereëlings, punt 11)

Die Sakelys en Dagprogram (soos gepubliseer) word voorlopig vasgestel. Die Voorsitter sal sake verder in die beste belang van die vergadering hanteer.

## 17. ORDEMOSIE: PROF FAH VAN STADEN I/S SAKE IN SAKELYS TOELAATBAAR

Prof Van Staden stel die ordemosie. Die Voorsitter reël, met instemming van die vergadering en prof. Van Staden dat die saak oorstaan totdat die verslag van die SKK oor die hanteerbaarheid van die Sakelys dien.

## 18. VERSLAG VAN DIE SKK (SAKELYS BLS. 1)

### 1. Personeel

#### 1.1 Lede deur die Vierde Sinode verkies:

Kennis geneem, met regstellings: Ds JH Engelbrecht (Vrystaat - primarius); ds MP Taute (Wes-Transvaal - sekundus)

#### 1.2 Verteenwoordigers deur ringsgroepe benoem

Kennis geneem.

### 1.3 Dagbestuur

Kennis geneem.

## 2. Vergaderings

2.1 - 2.6 Kennis geneem met byvoeging by pt. 2.3:

Die Sinode besluit dat 'n spreekbeurt van 5 minute elk aan 'n lid van elk van die Bybelgenootskap (Vrydag om 10:00), Aksie Morele Standaarde (Woensdag 15:00) en die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys, (Woensdag 10:00) toegeken word. (ds IA Brink; oudl WA Edwards) - Goedgekeur.

## 3. Sake na SKK verwys deur 4de Sinode

3.1 - 3.25 Kennis geneem.

## 4. Sentralisering van Kommissievergaderings

Kennis geneem.

## 5. Gemeentes gestig na 4de Sinode 1990

Met dankbaarheid word kennis geneem dat 30 gemeentes gestig is. Die betrokke afgevaardigdes word versoek om op te staan. Die Voorsitter heet hulle besonderlik welkom.

## 6. Nuwe leraars

Kennis geneem. Die nuwe leraars staan op versoek van die Voorsitter op. Hulle word hartlik verwelkom.

## 7. Gemeentes sonder leraars

Kennis geneem.

### 7.1 Aanbeveling goedgekeur:

***Die Sinode herinner kerkrade van vakante gemeentes wat huiwerig is om op vaste basis van 'n leraar se dienste gebruik te maak, daaraan dat***

***(i) die sieleheil van lidmate voorrang behoort te geniet bo enige stoflike belange van 'n gemeente;***

***(ii) naas beroeping van 'n voltydse leraar, daar steeds ander moontlikhede is om 'n leraar se dienste te bekom, bv. deur kombinasie of bedieningsooreenkoms met ('n) ander gemeente(s); deur 'n leraar met beperkte opdrag te bekom of deur van die dienste van reisende leraars gebruik te maak.***

## 19. OPENBARE PERS

Die volgende voorstel word goedgekeur:

***(1) Die vergadering besluit dat die vergadering van die 5de Sinode vir die pers geslote sal wees.***

***(2) Die Sinode wys 'n Tydelike Kommissie aan om met die pers te skakel vir die doeleindes van die beskikbaarstelling van gekontroleerde inligting soos deur die Sinode goedgekeur***

(ds CF Swart; oudl WL Fick).

## 20. VOORSTEL: IN MEMORIAM

***Die Sinode besluit om in die toekoms 'n kort IN MEMORIAM oor leraars wat ons tussen sinodes ontval het, in die Sakelys en Jaarboek op te neem - Goedgekeur.***

(Dr CI van Heerden; oudl. P de Bruyn)

## 21. VERSLAG: SKK VERVOLG (Sakelys bl. 6)

## 8. Reisende leraars

### 8.1 Versorging deur SKK

Kennis geneem.

### 8.2 Gemeenteleraars

Kennis geneem.

## 9. Ontoereikende traktement van leraars

Kennis geneem.

***9.1 Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode herinner kerkrade daaraan dat ontoereikende traktement 'n leraar en sy gesin onmiddellik benadeel, maar ook andersins benadeel t.o.v. moontlike uitbetalings aan ongeskiktheid en pensioen. Die Sinode doen derhalwe 'n beroep op kerkrade om bedienaars van Gods Woord wat gemeentes bedien, stoflik toereikend te versorg.***

## 10. Skakeling met Kerkrade

Kennis geneem.

**Die Sinode verdaag vir koffiepouse en hervat sy werksaamhede om 16:30**

## 11. Interkerklike verhoudinge

11.1 - 11.3 Kennis geneem.

## 12. Skakeling met Owerheid

Kennis geneem.

## 13. Gesprek met Regter P Olivier

Kennis geneem.

## 14. Verslag van die Publikasiekomitee

Kennis geneem.

## 15. Verslag van die Komitee vir Mediaskakeling

15.1 - 15.3 Kennis geneem.

## 16. Foto's Tweede Sinode

Kennis geneem.

## 17. Studielenings aan jong leraars

Kennis geneem.

## 18. Geldelike hulp aan gemeentes

Kennis geneem. Staan oor tot by Aanvullende Sakelys, bls. 230, pt. 11.

## 19. Gebruik van Kerkembleem

Kennis geneem.

### 19.1 Gebruik van die Kerkseël

***Aanbeveling goedgekeur***

*Die Sinode benoem 'n ad hoc-komitee om tydens die sitting 'n beleid vir die gebruik van die Kerkseël te formuleer en aan die Sinode vir goedkeuring voor te lê.*

### 19.2 Ad hoc-komitee voorgestel

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***Die Sinode besluit die ad hoc-komitee onder pt. 19.1 genoem, sal uit ds JN Joubert (S), ds JJ (Jurie) Venter en ds WA Jooste bestaan.***

(Ds IA Brink; oudl WA Edwards).

**Die Sinode verdaag vir middagpouse. Die Sinode hervat sy werksaamhede om 14:30.**

## 21. DERDE VERSLAG VAN GELOOFSBRIEWEKOMMISSIE (V3)

Voorgedra deur ds IA Brink.

### 1. Aanbeveling goedgekeur

#### 1.1 Laat registrasies

Die Sinode keur goed dat die volgende persone as laatgeregistreerdes sitting neem:

Oudl Christoffel Hendrik Groenewald (APK Wonderboom)
Oudl Frans Hendrik Havinga (APK Hertzogville)
Oudl Benjamin Hendrikz (APK Hertzogville)

#### 1.2 Ds PL Storm

Die Sinode keur die verskoning van ds PL Storm wat siek is, goed.

## 22. VERKIESING VAN SKRIBA

Nominasies vir Skriba word gevra. Ds MC Adendorff word egter op grond van 'n ordemosie deur dr CI van Heerden eenparig verkies. Die Voorsitter wens hom geluk.

## 23. VERSLAG VAN SKK (VERVOLG) BLS. 9

### 20. Oorgestane aanbevelings van SKK 1990

Kennis geneem.

**20.1.1 - 20.1.3**

Kennis geneem.

**20.1.4 Aanbeveling van die SKK na wysiging soos volg goedgekeur:**

***20.1.4.1 Kerkjaarboek***

***Die Sinode besluit***

***dat die Kerkjaarboek jaarliks vóór 1 Desember gedruk moet wees vir die volgende jaar en bestellers moet bereik vóór die daaropvolgende 15 Desember;***

***20.1.4.2 - dat dagstukkies, so ver moontlik, by die kerklike jaar aangepas mag word.***

***20.1.4.3 - dat slegs die Afrikaanse Bybelvertaling van 1953 in dagstukkies aangehaal moet word en ander Bybelvertalings slegs ter toeligting aangehaal mag word.***

#### 20.2 Wyse waarop gemeentes kombineer

20.2.1 Kennis geneem.

20.2.2 Aanbeveling van die SKK - nie aanvaar nie. Amendement goedgekeur:

***Die kombinering van gemeentes lê op die terrein van die Ringe en Ringe word versoek om ondersoeke na meer wenslike kombinasies te doen en advies aan plaaslike kerke/gemeentes te gee. (ds JA du Plessis; ds AS van Jaarsveld).***

#### 20.3 Lae getal dopelinge

20.3.1 Kennis geneem.

***20.3.2 Aanbeveling van die SKK goedgekeur:***

*Die Sinode deel die Ring van Lichtenburg se kommer oor die lae getal dopelinge en keur die beskrywingspunt origens goed.*

*Die volgende amendement word goedgekeur:*

*Artikel in "Die Boodskapper"*

*'n Kundige moet gevra word om in "Die Boodskapper" 'n indringende en inspirerende artikel oor hierdie ernstige saak te skryf ter aanmoediging van talle egpare in ons kerkverband wat 'n lae kindertal het. (Ds Jurie J Venter; oudl. GLH Coetzer)*

*Oudl Van Rooyen versoek dat in die artikel ook aandag gegee moet word aan die ekonomiese implikasies van meer kinders. - Goedgekeur.*

### 20.4 Susterskerke se standpunt teenoor APK

20.4.1 Kennis geneem

20.4.2 Aanbeveling - staan oor tot by bl. 229 punt 7

20.5 Preekbundels

20.5.1 Kennis geneem

***20.5.2 Aanbeveling goedgekeur:***

*Die Sinode bring dit onder aandag van gemeentes dat etlike preekbundels geskryf deur APK-leraars by ons Sentrale Kerkkantoor bestel kan word.*

Die Sinode neem kennis van 'n versoek van oudl. G Engelbrecht, APK Tygerberg, dat 'n boek vir gebruik by bidure deur ouderlinge voorsien moet word. Oudl. R Keulder gee 'n wenk dat dagstukkies in ou Kerkjaarboeke vir bidure gebruik kan word en ook in gemeenteblaaie gepubliseer kan word.

## 24. SITTINGSREG EN SPREEKSTEM

***Die volgende voorstelle word goedgekeur:***

***24.1 Aansoek om kondonasie stigting gemeente Zoar.***

*Die Sinode verleen kondonasie aan die Ring van Vereeniging met betrekking tot die stigting van APK Zoar, aangesien nie in alle opsigte voldoen is aan die kerkordelike bepalings toe die gemeente gestig is nie. (Die mosie raak die ontvanklikheid van geloofsbriewe en sittingsreg van die afgevaardigdes van APK Zoar).*

### 24.2 Verteenwoordiger APK Leonardville

Op versoek van Dr EM Viljoen staan die Sinode spreekstem toe aan broeder J Enslin, die Skriba-kassier van APK Leonardville wat nie 'n kerkraadslid is nie.

## 25. PERSONEELWYSIGING

Oudl. E Erasmus, APK Transmagalies, vanaf 17:00. Hy vervang oudl. FJ le Roux.

## 26. VERSLAG VAN SKK - VERVOLG - Sakelys bl. 11

## 21. Beskrywingspunte

### 21.1 Toelating van predikante tot APK.

Aanbeveling van SKK goedgekeur:

*Die Sinode keur die beskrywingspunt van die Ring van Bloemfontein goed, naamlik:*

*Die SKK en Kuratorium word bedank vir die erns en verantwoordelikheid waarmee predikante wat wil toetree tot die APK-verband, gekeur word. Tog word hulle versoek om voortdurend veral moeite te doen om meer oor so 'n aansoeker se vorige bediening vas te stel, en ook veral oor sy motivering vir oorkoms na die APK-verband.*

### 21.2 Toelating van predikante

Kom weer voor op bl. 230

### 21.3 Traktement van leraars

kom weer voor by FK-verslag.

### 21.4 Gemeentelike verslagvorm aan Ring

Kennis geneem.

*21.4.1 Aanbeveling goedgekeur:*

***Die Sinode keur die beskrywingspunt van die ring van Vereeniging (Gemeentelike Verslagvorm aan Ring) goed, maar vestig die aandag van kerkrade en ringe op Bep. 37G en 37H van die Kerkorde.***

### 21.5 Handelinge met verskille/geskille

Dit word verwys na die Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake.

### 21.6 Sinodale Kommissie vir Appèl

Dit word verwys na die Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake om weer te dien wanneer handleiding vir kerklike tug behandel word.

## 27. VERKIESING VAN HULPSKRIBA

### 27.1 Nominasies

Die volgende nominasies word ontvang:

Di. IA Brink, A Boshoff, LD Pienaar, JJ(Jurie) Venter, JJ(Kosie) Venter, prof. R Marè, di. GG le Roux, DR Schwartz, NJ Rautenbach, dr CI van Heerden, ds JH Theron en oudl. SG Greyling.

### 27.2 Tweede stemming

Na die eerste stemming moet tussen di. IA Brink en A Boshoff gekies word.

### 27.3 Hulpskriba

Ds IA Brink word verkies. Die Voorsitter wens hom geluk.

## 28. VERSLAG: SKK (vervolg) Sakelys bl. 13

### 21.7 en 21.8 Vergadering van Sinode.

21.8.1 Tweejaarlikse vergadering en wysiging van KO Art. 39:

***Aanbeveling goedgekeur soos gewysig deur die volgende amendement:***

***Die Sinode besluit om voortaan tweejaarliks te vergader en om gevolglik Art. 39 van die KO soos volg te wysig:***

***Art. 39: Frekwensie van vergaderings.***

***Die Sinode vergader so dikwels as wat sinodes van tyd tot tyd bepaal.***

(Prof R Marè; Ds DR Schwartz)

**21.8.2 Aanpassing van begroting:**

***Die volgende voorstel word ook goedgekeur:***

***Die Sinode dra dit aan die Tydelike Finansiële Kommissie op om die begroting aan te pas om voorsiening te maak vir 'n tweejaar tydperk voor die volgende sinodale vergadering.***

(Ds IA Brink; oudl WA Edwards).

## 29. VERKIESING VAN AKTUARIUS

Die Voorsitter vra nominasies vir aktuarius. Op grond van 'n ordemosie deur ds JA du Plessis word ds AS van Jaarsveld eenparig verkies. Hy word by die tafel verwelkom en gelukgewens deur die Voorsitter.

## 30. VERSLAG VAN SKK (VERVOLG) BLS. 13

**21.9 Grootte van Ring - Kennis geneem.**

21.9.1 Aanbeveling

Verwys na Tydelike Kommissie vir Indeling van Ringe.

**21.10 Ringsverdeling, Ring van Graniet en**
**21.11 Ringsverdeling, Ring van Somerset-Oos**

Word verwys na Tydelike Kommissie vir Indeling van Ringe.

## 22. Beswaarskrifte

### 22.1 Kerklike drag

Kennis geneem. Kom weer voor op bls. 156 en 255.

### 22.2 Bybelvertalingskommissie.

Staan oor tot by Verslag van Bybelvertalingskommissie.

## 23. Slot

Kennis geneem.

## 31. ONDERTEKENING VAN VERSLAE

Na 'n wenk van die Voorsitter word die Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake versoek om die Sinode te adviseer oor wie kommissieverslae moet onderteken.

## 32. GROETEBOODSKAPPE

Groeteboodskappe van die volgende persone en instansies word voorgelees:

APK Vroueaksie Bloemfontein-Noord; APK Leeudoringstad; APK Roodepoort; Kombinasie van APK Germiston, Primrose en Alberton; APK Verwoerdburg; APK Marble Hall; Gideons van SA; Ds en mev Nico Coetzee.

Die Voorsitter meld dat:

- - ds Coetzee as gevolg van sy gesondheidstoestand sy bediening moes neerlê;
- - sy vader as ouderling van Delmas teenwoordig is. Hulle word verseker van die Sinode se meelewing en voorbidding.

## 33. NOTULEKOMMISSIE

Die Sinode benoem ds JJ (Koos) Venter (in die plek van ds Jurie J Venter) en dr GJJ Labuschagne as lede van die Notulekommissie.

## 34. VERSLAG VAN VERLOFKOMMISSIE

### 34.1 Konstituering van Kommissie

Oudl HCG Bester meld dat dié Kommissie nog nie gekonstitueer het nie, maar dat sekere verlofaansoeke aan die Sinode voorgelê moet word.

### 34.2 Die volgende aansoeke word goedgekeur.

| Naam | Gemeente | Tyd | Datum |
|---|---|---|---|
| Oudl D Marais | Balfour | 21:00 | 16.9.91 |
| | | -1300 | 18.9.91 |
| Oudl OMJ van Heerden | Hartebeespoort | 07:00-21:00 | 17.9.91 |
| Oudl HJ vd Merwe | Waterberg | 1800 | 17.9.91 |
| | | -14:00 | 18.9.91 |
| Oudl TW Bartleman | Marquard | 08:00-14:00 | 17.9.91 |
| Oudl JW Stroebel | Belfast | 07:00-09:30 | 17.9.91 |
| Oudl FH Kühne | Mooinooi | 08:00-20:00 | 17.9.91 |

### 34.3 Afgevaardigdes van APK Ventersdorp

Die Sinode se aandag word daarop gevestig dat die afgevaardigdes van Ventersdorp sonder verlof afwesig is. Die Sinode besluit dat hulle tot verantwoording geroep sal word wanneer hulle weer ter vergadering verskyn.

## 35. BLAD SIGNPOSTS

Oudl J du Plessis vra dat 'n brief van dank aan dr Cain gerig word vir die eksemplare van "Signposts" wat hy die afgelope 3 jaar aan die sinodes voorsien.

***Goedgekeur.***

## 36. ADDENDUMVERSLAG VAN SKK - BLS. 225

### 1. Personeel

Kennis geneem.

### 2. Vergaderings

Kennis geneem.

### 3. Gemeentestigtings

Met dank kennis geneem. Afgevaardigdes van die betrokke gemeentes word gevra om op te staan en gelukgewens met hulle gemeentestigtings.

### 4. Leraars

Kennis geneem. Die Voorsitter meld dat ds J Breytenbach ook tot die bediening toegelaat is.

Hulle word in besonder verwelkom.

### 5. Publikasiekomitee.

#### 5.1 Kerkjaarboek.

5.1.1 en 5.1.2 - kennis geneem.

#### 5.2 Verbondsonderrighandboeke

Kennis geneem.

#### 5.3 Ander publikasies

Kennis geneem.

#### 5.4 Pamflette

Kennis geneem.

#### 5.5 Ontmoet die APK

Kennis geneem.

#### 5.6 Kaartjies

Kennis geneem. Kaartjies is reeds gereed en beskikbaar gestel by die Sentrale Kerkkantoor.

#### 5.7 Sakelys van die Vyfde Sinode

Kennis geneem.

#### 5.8 Die Kerkargief

Kennis geneem.

#### 5.9 Wet op Pliglewering

Kennis geneem.

#### 5.10 Beskrywingspunte rakende die Publikasiekomitee.

5.10.1 Gehalte drukwerk - kennis geneem.

***5.10.1.1 Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode gee opdrag aan die Publikasiekomitee om toe te sien dat die beste gehalte professionele drukwerk wat bekostigbaar is, vir APK-publikasies gebruik word.***

Dank word aan almal wat met die daarstelling van die netjiese Sakelys gemoeid was, betuig, veral ds Schwartz.

Gelukwense deur ds JH van der Walt teenoor die SKK vir die Sakelys word met akklamasie deur die Sinode beaam.

5.10.2 Jaarboek - kennis geneem.

5.10.2.1 (5.10.1.1 in Sakelys)

***Aanbeveling goedgekeur:***

***(i) Die Sinode keur (b) van die beskrywingspunt van die Ring van Germiston rakende die Jaarboek goed, maar vervang vroeg in November met vóór 15 November,***

***sodat dit soos volg lees:***

***Die Sinode besluit dat die Jaarboek voortaan vóór 15 November van elke jaar gereed sal wees vir verspreiding aan gemeentes, sodat elke APK-lidmaat die geleentheid sal hê om 'n nuwe Jaarboek voor die Desembervakansie aan te koop.***

***(ii) Die Sinode neem kennis van (a) en (c) van die beskrywingspunt van die Ring van Germiston rakende die Jaarboek.***

Kyk wysiging van die besluit onder punt 44, bl 282.

**Die vergadering verdaag om 19:00 vir aandete nadat ds DR Schwartz op versoek van die Voorsitter die tafelgebed gedoen het.**

**AANDSESSIE: MAANDAG 16 SEPTEMBER 1991**

Die Sinode neem weer 'n aanvang om 20:00.

Prof FAH van Staden neem die voorsitterstoel in en gee aan prof WJG Lubbe geleentheid om enkele reëlings ten opsigte van die volgende dag te tref.

## 37. VIERDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE V4

Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode besluit om aan diak. Myndert Jacobus Bornman (APK Prieska) sittingsreg as laatgeregistreerde te verleen.

## 38. OPENINGSREDE

Die Voorsitter stel prof Lubbe aan die woord vir sy openingsrede.

Prof Lubbe laat die vergadering Ges. 4:4 sing en daarna gaan hy voor in gebed.

Skriflesing: Matt. 5:13 tot 16; Joh. 15:1 tot 14 en Joh. 14:6.

(Sy openingsrede word by die notule aangeheg as Bylae B).

Hy laat Ges. 277:1, 3, 5 sing en sluit af met gebed.

Die vergadering verdaag om 20:40.

# TWEEDE SITTINGSDAG - DINSDAG 17 SEPTEMBER 1991, 08:00

## 39. OPENING

Na samesang, gelei deur ds JJ(Kosie) Venter, neem oudl. WLV Fick (APK Witrivier), die opening waar om 08:00. Hy laat Ges. 230 : 1 en 3 sing, doen 'n gebed en lees Open. 1:9-20. Hy beklemtoon vers 13 - Christus midde in sy gemeente. Daarna gee hy geleentheid vir gebed. Verskillende afgevaardigdes gaan in gebed voor.

Die bidstond word afgesluit met die sing van Ges. 190: 1-5.

## 40. BEDANKING: OPENINGSREDE VAN VOORSITTER

Die Aktuarius, ds AS van Jaarsveld, spreek 'n dankwoord teenoor die Voorsitter, prof WJG Lubbe, vir sy openingsrede gehou op 16 September 1991.

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***1. Die Sinode besluit dat die openingsrede van die Voorsitter verbatim in die Handelinge van die Sinode opgeneem word (Bylae B)***

***2. Verder word hy versoek om dit te verwerk sodat dit in die volgende "Die Boodskapper" opgeneem word onder die rubriek "Oordenking".***

(Ds DR Schwartz; Prof R Marè)

Die Voorsitter bedank die Sinode en die Aktuarius vir die waardering vir sy openingsrede.

## 41. GROETEBOODSKAP EN GELUKWENSE

- 1. 'n Groeteboodskap is van APK Wesselsbron ontvang.
- 2. Die Voorsitter wens mev Alta Britz, eggenote van ds RMJ Britz, geluk met haar verjaardag vandag.
- 3. Die Voorsitter wens APK Bultfontein geluk wat ook vandag "verjaar".

## 42. PERSONEELWYSIGINGS

- Diak. Abraham Nel, APK Lydenburg, vervang Willem Andries van der Walt.
- Oudl. Isak Johannes Haasbroek, APK Delareyville - laat registrasie.
- Diak. Godfrey du Plessis Mchattie, APK Balfour, vervang Daniël Marais.
- Oudl. Frederick Jacobus le Roux, APK Transmagalies, vervang Ebenhaeser Erasmus
- Oudl. Pieter Breedt, APK Mooinooi, vervang Franz Hermann Kühne
- Diak. Frederik Willem Coenraad Buitendag, APK Warmbad, vervang Stephanus Hendrik Janse van Rensburg

Die nuwe afgevaardigdes word hartlik verwelkom.

## 43. HANTERING VAN BESKRYWINGSPUNTE

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***Die Sinode besluit dat die werkswyse van kommissies wat beskrywingspunte hanteer,soos volg sal wees:***

***Beskrywingspunte moet waar die kommissie die voorstel voor die vergadering indien, op een van twee wyses hanteer word, nl. dat dit òf aanbeveel òf afgewys word of anders gestel, dat dit opgevolg of nie opgevolg word nie.***

***Die hantering van beskrywingspunte, wat 'n wysiging van 'n bestaande besluit of reëling vra, kan nie behels dat bloot net daarvan kennis geneem word nie.***

(Ds JA du Plessis; oudl L de Waal).

## 44. BESLUIT IN VERBAND MET JAARBOEK (Addendumverslag SKK: Sakelys bl. 227)

Die besluit van die Sinode insake Jaarboek (aanbeveling 5.10.2.1 (i) in Sakelys bls. 227) bots met die besluit geneem by die Verslag van die SKK (bls. 275 Aanbeveling 20.1.4). Daarom word van aanbeveling 5.10.2.1 op bls. 227 net kennis geneem.

## 45. ADDENDUMVERSLAG SKK (VERVOLG) (BLS. 227)

5.10.3 Preekbundels (Ring van Bloemfontein) - Kennis geneem.

5.10.3.1 Ring van Germiston moet wees Ring van Bloemfontein.

***Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode keur die beskrywingspunt van die Ring van Bloemfontein rakende Preekbundels goed.***

***Die Sinode gee opdrag aan die Publikasiekomitee van die SKK om weer ernstig aandag te gee aan die publiseer van meer preekbundels vir gebruik by leesdienste en dat ten minste twee bundels per jaar sal verskyn.***

5.10.4 Sektes en Dwalinge

Kennis geneem.

***5.10.4.1 Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode keur die beskrywingspunt van die Ring van Kimberley rakende sektes en dwalinge goed na vervanging van die woord <u>of, indien moontlik</u> (r. 3) met <u>en</u>. Dit lees dan:***

***Die Sinode gee opdrag aan die Publikasiekomitee om 'n volledige bespreking van sektes en dwalinge in "Die Boodskapper" te publiseer en dit as 'n los blad of stuk in verstaanbare taal aan gemeentes beskikbaar te stel ten einde groter verspreiding moontlik te maak.***

## 6. DIE BOODSKAPPER

### 6.1 Redakteur en redaksie aangewys

Kennis geneem.

### 6.2 Frekwensie van verskyning

Kennis geneem.

### 6.3 Oplaag

Kennis geneem.

### 6.4 Versending aan gemeentes

Kennis geneem.

### 6.5 Adverteerders

Kennis geneem.

Oudl Kruger maak beswaar teen die benaming "Azania" in 'n advertensie in "Die Boodskapper". Die Voorsitter sê dat die redaksie daaraan aandag sal gee.

### 6.6 Intekengelde

Kennis geneem.

### 6.7 Nuwe Drukker

Kennis geneem.

## 6.8 Diensooreenkoms: Redakteur

Kennis geneem.

6.8.1 Kennis geneem.

6.8.2 Word soos volg gewysig:

***Die Redakteur werk met verantwoording aan die SKK en wel volgens die lasgewing vir "Die Boodskapper".***

6.8.3 Word soos volg gewysig:

***Die SKK wys 'n sameroeper aan en die redaksie kies sy eie voorsitter.***

6.8.4 - 6.8.5 Kennis geneem.

## 6.9 Aanbevelings

6.9.1 Aanbevole diensooreenkoms

Aanbeveling nie aanvaar nie.

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***Die Sinode besluit om aan die SKK en KKS volmag te gee om die diensooreenkoms te finaliseer.***

(Prof R Marè; Ds JJ van der Linde).

6.9.2 "Die Boodskapper" vir elke besoekpunt.

***Aanbeveling goedgekeur met die wysiging:***

***"doen 'n beroep op" word vervang met "beveel ten sterkste aan". Die besluit lui dan:***

***Die Sinode beveel ten sterkste by elke kerkraad aan om een eksemplaar van "Die Boodskapper" vir elke besoekpunt te bestel, en seker te maak dat "Die Boodskapper" elke besoekpunt bereik. Kerkrade word versoek om ook addisionele eksemplare te bestel vir bekendstelling van die APK aan belangstellendes.***

6.9.3 "Die Boodskapper" as kommunikasiemedium.

***Aanbeveling goedgekeur met wysiging "doen 'n beroep op" word vervang met "beveel ten sterkste aan". Dus:***

***Die Sinode beveel ten sterkste by elke kerkraad aan om in te teken op of na vermoë by te dra tot "Die Boodskapper" ten einde te help verseker dat onderlinge kommunikasie in ons AP Kerk steeds bevorder word en ons lidmate goed ingelig bly.***

Die volgende voorstelle word goedgekeur:

***1. Versoek aan redaksie insake Karate***

***Voorstel***

***Die Sinode versoek die Redaksie van Die Boodskapper om 'n regstelling te maak in 'n volgende uitgawe ten opsigte van 'n artikel oor Karate geskryf deur ds S Botes.***

(Ds MP Taute; oudl JF du Plessis).

***2. Preke van geordende leraars in "Die Boodskapper"***

***Voorstel (by par. 6.9.3, p. 229).***

***Die Sinode besluit dat slegs van geordende leraars se preke gebruik gemaak sal word in "Die Boodskapper", aangesien dit gebruik word vir leesdienste.***

(Ds AS van Staden; ds JH Theron).

6.9.4 Dank: PR Drukkers.

***Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode betuig sy waardering jeens PR Drukkers vir behulpsame, vriendelike en billike drukkersdiens gelewer aan "Die Boodskapper" sedert sy ontstaan. Die Sinode is dankbaar dat PR Drukkers se dienste steeds tot beskikking van die Sinode se Publikasiekomitee is.***

6.9.5 Dank: Medewerkers:

***Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode betuig sy waardering teenoor almal wat meewerk of bydra om "Die Boodskapper" se gereelde verskyning en verspreiding moontlik te maak, en sodoende bydra om ons lidmate geestelik te help opbou.***

## 7. Interkerklike verhoudinge

### 7.1 Gesprek

Kennis geneem.

Die volgende voorstelle dien voor die vergadering en word goedgekeur:

***1. Groete NG Kerk N.Tvl Sinode***

***Die Sinode bid die NGK van Noord-Transvaal se Sinode wysheid toe op sy beraadslaging.***

(Dr CI van Heerden; oudl JJ Brits).

Die volgende broers versoek dat hulle stem in die minderheid aangeteken word: oudl JF du Plessis, ds JH Theron.

***2. Gesprek met NG Kerk***

***Die Sinode besluit om gesprekvoering met die NG Kerk voorlopig daar te laat tot tyd en wyl hy oortuig is van 'n koerswysiging by genoemde Kerk waardeur Skrif en Belydenis nie aangetas word nie.***

(Ds DJ Malan; oudl AJ Pienaar).

Ds PK Roodt vra dat die volgende aangeteken word:

Dit is met leedwese dat ek my naam laat aanteken teen die besluit om nie die gesprek met Ned. Geref. Kerk voort te sit nie. Motivering:

- 1. Ek wys op die Heidelbergse Kategismus wat leer dat die gelowige geen vyande mag hê anders as vyande van Christus nie.
- 2. Ek oordeel dat die Sinode nie besef het dat hulle beide die Kommissie se aanbeveling (7.1.1 bls. 229) asook dr Van Heerden se voorstel kon goedkeur nie.
- 3. Dit kan nie op Christelik-etiese en Bybelse gronde geregverdig word om te weier om met die Ned. Geref. Kerk 'n gesprek te voer nie.
- 4. Die Sinode se besluit is 'n reaksie-besluit wat ons Kerk as 'n gereformeerde kerk se beeld benadeel.
- 5. As belydeniskerk mag die gesprek met die Ned. Geref. Kerk nie afgebreek word nie, gesien die feit dat die AP kerke en Ned. Geref. Kerk dieselfde belydenisskrifte bely.
- 6. Indien ons oortuig is van ons bestaansreg en ontstaansreg asook dat ons geloofsoortuigings op die Woord van God gegrond is en korrek is, behoort ons geloof en vertroue te hê in 'n voortgesette gesprek.
- 7. Ek glo dat die Ned. Geref. Kerk steeds Kerk is en dit is ons taak en roeping om met hulle in gesprek te tree om hulle te oortuig van die waarheid van behoud van eie volksidentiteit.
- 8. Die besluit van die Sinode kan ons die beskuldiging van kerkisme op die hals haal.

(Ds PK Roodt, Boksburg).

7.1.1 Aanbeveling - kennis geneem.

### 7.2 Gesprek met die Nederduitsch Hervormde Kerk. (Sakelys, bl. 229)

Kennis geneem.

*GRONDSLAG VAN INTERKERKLIKE GESPREK*

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***In terme van Art. 64 van die KO oor die kontak en gemeenskap met ander Christelike Kerke besluit die Sinode :***

***Die grondslag van die interkerklike samespreking lê juis daarin dat die gesprek ten spyte van onderlinge verskille kan voortgaan met die verstandhouding dat ons mekaar as kerke van Christus aanvaar.***

***Die doel van die samesprekings is nie dat een kerk 'n ander tot sy standpunt moet beïnvloed nie, maar om onderlinge verhoudinge te verbeter.***

(Dr CI van Heerden; oudl JJ Brits).

GESPREK MET ANDER CHRISTELIKE KERKE

Pt. 20.4.2 op bls. 10 word in behandeling geneem.

***Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode gee opdrag aan die SKK om te alle tye gesprek met ander Christelike Kerke te bevorder waar moontlik aangesien gesprek tussen Christene betaamlik is. Veral moet gesprek bevorder word met Christelike Kerke wat dieselfde belydenis as die APK het, ten einde onderlinge kerklike verhoudinge te verbeter.***

## 8. Skakeling met Owerheid (Aanvullende Sakelys, bl. 230)

Kennis geneem.

## 9. Brief aan Owerheid i/s Christelik-Volkseie Onderwys

Met spyt kennis geneem.

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***Die Sinode versoek die redaksie van "Die Boodskapper" om die skrywe van die kerkraad van ds MP Taute gerig aan die Minister van Onderwys, asook die antwoord van hom ontvang, in "Die Boodskapper" te plaas.***

(Ds JAC Erasmus; oudl. OA Carlson)

## 10. Komitee vir Mediaskakeling

Kennis geneem.

Ds JD van der Merwe se uitgesproke waardering vir die optrede van die Voorsitter oor SAUK-TV i.v.m. die Israelvisie word met akklamasie deur die Sinode aanvaar.

## 11. Geldelike hulp aan gemeentes

Kennis geneem.

## 12. Die Gideons

Kennis word geneem van Bylae SKK AA bls. 234 - 237.

***12.1 Aanbeveling word nie aanvaar nie maar wel die volgende voorstel:***

***Die Sinode besluit dat hy dit verwelkom dat die Gideons die Bybel versprei, maar weens sy samestelling moet hy by sy beginsel van werkswyse bly, nl. om self die geld te verkry van sakemanne. 'n Oproep word deur die Sinode gedoen dat lidmate van die APK hulle bydraes vir Bybelverspreiding deur die APK sal gee.***

(Ds AJ Taute; oudl. H van Rensburg)

Ds HC Venter maak beswaar teen 'n artikel in "Die Boodskapper" waarin Gideons gekritiseer word vir verering van 'n Minister. Dit het in SWA (Namibië?) beskuldiging ontlok dat die APK 'n politieke kerk is.

**Die Sinode verdaag om 10:30 vir teepouse**
**Die vergadering hervat sy werksaamhede om 11:00**

Die Voorsitter vestig die aandag op die beperkte tyd vir elke kommissieverslag (soos deur SKK voorgestel). Voordraers kan by hom toegestaande tyd kom verneem.

Korreksie: punt 4.1.1, bl. 237

"Institusie" moet lees "Instituut".

# 47. AANBEVELINGS SKK: (Vergadering SKK 16 September 1991)

## 1. Appèl dr AG Burger

***Goedgekeur:***

***Die appèl van dr AG Burger insake besluit van SKK word verwys na die Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake***

## 2. Hanteerbaarheid van die Sakelys

Die volgende sake word eers na die TKKS vir kommentaar verwys:

### 2.1 Kerkorde-artikels

Artikels van die KO wat slegs behandel sal word indien tyd dit toelaat:

2.1.1 Wysigings wat nie sinodale opdragte is nie

- bl. 124 van sakelys
- bl. 125: pt. 4.5
- bl. 126: pt. 4.6.1-4.6.5
- bl. 127-128: pt. 4.6.7-4.6.10
- bl. 255-257

2.1.2 Beskrywingspunte laat ontvang

- bl. 149: pt. 6.1.5 en 6.1.6
- bl. 150-153: pt. 6.2.1-6.2.4
- bl. 254: pt. 2.3, 2.4
- bl. 254-255: pt. 2.6-2.9
- bl. 150-152.

## 3. Ander stukke wat nie behandel word nie

Alle stukke nie in die Sakelys en Aanvullende Sakelys opgeneem nie (behalwe die Verslag van die Bybelgenootskap wat tydig en los ontvang is en die appèl van dr AG Burger) staan oor, en word slegs behandel as daar tyd oor is - Goedgekeur.

## 4. Geen ekstra sittingsure

Geen ekstra sittingsure word vir die Sinodale Vergadering by die geskeduleerde sittingsprogram bygevoeg nie. Gedeeltes van verslae van permanente kommissies wat nie binne die geskeduleerde 30 uur afgehandel kan word nie, staan oor - Goedgekeur.

Die Voorsitter bedank die kommissie vir die verslag.

**DIE VERGADERING KONSTITUEER AS RKA**

# 48. VERSLAG VAN DIE BRKA (Sakelys bl. 22)

Die verslag word voorgedra deur ds DR Schwartz.

## 1. Lede 1.1-1.7

Kennis geneem.

### I.8 Afgetrede kerkraadslid as lid van BRKA

*Aanbeveling goedgekeur:*

*Die RKA wysig die besluit van die RKA tydens die Vierde Sinode (Handelinge bl. 550, punt 1.8) wat so lui:*

*"Die RKA besluit dat 'n kerkraadslid op die BRKA wat uit die amp van kerkraadslid tree, as lid van die BRKA bly dien tot die volgende gewone ledevergadering van die RKA".*

*deur invoeging van die onderstreepte woord soos volg:*

*"Die RKA besluit dat 'n kerkraadslid op die BRKA wat <u>eervol</u> uit die amp van kerkraadslid tree, as lid van die BRKA bly dien tot die volgende gewone ledevergadering van die RKA".*

## 2. Vergaderings

2.1 Kennis geneem.

### 2.2 Dagbestuursvergaderings

2.2.1-2.2.3 - Kennis geneem.

### 2.3 Ad hoc-komiteevergaderings

Kennis geneem.

## 3. Sentrale Kerkkantoor

3.1.1-3.1.4 - Met waardering kennis geneem.

Organigram (bl. 35) - Kennis geneem.

3.1.5 Verdere Personeeluitbreiding - Kennis geneem.

3.1.6 Personeelverlies - Met leedwese kennis geneem.

3.1.7 Ander personeelaangeleenthede - Kennis geneem.

### 3.2 Kantoortoerusting, ens.

3.2.1-3.2.2 - Kennis geneem.

### 3.3 Skoonmaakdienste

Kennis geneem.

### 3.4 Tuindienste

Kennis geneem.

### 3.5 Aanwending van gebou en fasiliteite

Kennis geneem

### 3.6 Onderhoud en uitbreiding aan gebou en terrein

3.6.1 - 3.6.5 - Kennis geneem.

### 3.7 Spyseniering

3.7.1 - 3.7.3 - Kennis geneem.

### 3.7.4 Koffie en Tee

***Die volgende dankwoord word 'n besluit van die Sinode:***

***Die RKA bedank almal wat groente, vrugte, vleis en gebak van tyd tot tyd aan die Kerkkantoor skenk. Hierdie skenkings beteken 'n groot besparing op kombuisuitgawes.***

3.7.5 Kennisgewing insake afwesige kommissielede - Kennis geneem.

### 3.8 Registrasie van Vaste Eiendom

Kennis geneem.

### 3.9 Gewysigde kantoorure

Kennis geneem.

## 4. Ander Vaste Eiendom

### 4.1 Vaalterrein

Kennis geneem.

### 4.2 Erf 779 Corpus Christi Sentrum

Kennis geneem.

### 4.3 Ondersoek na ander eiendomme

4.3.1 Ondersoeke - Kennis geneem met dank aan kantoorpersoneel vir reëlings in verband met ondersoek na eiendomme.

4.3.2 Brook House , Brooklyn- Kennis geneem.

4.3.3 Aangrensende erf (Farendenstraat) - Kennis geneem.

4.3.4 Montana-eiendom - Kennis geneem.

## 5. Diensvoorwaardes

### 5.1 Salarisse

Kennis geneem.

### 5.2 Kaapse Mediese Plan

Kennis geneem.

VERSLAG INSAKE KAAPSE MEDIESE PLAN BYLAE BRKA C (p.37) word behandel:

1. Vergaderings - Kennis geneem.

2. Sekunduslid - Kennis geneem.

3. Adviesraad - Kennis geneem met gelukwense aan ds AJ Taute.

4. Sake van belang

4.1: Ledegelde - Kennis geneem. Diaken P Uys van APK Alberton wat ook verbonde is aan die Kaapse Mediese Plan gee toeligting op die verslag.

4.2 BTW - Kennis geneem, in die lig van die toeligting deur diak P Uys verskaf.

4.3 Algemene Sake - Kennis geneem.

5 Slot - Kennis geneem.

Verslag van die BRKA bl. 29 word hervat.

### 5.3 Pensioenfonds (Sakelys bl. 29)

5.3.1 - 5.3.2 - Kennis geneem.

5.3.3 APK Trust Fonds. Staan oor vir latere behandeling.

5.3.4 Ondersoek na ander Versekeringsmaatskappye - Kennis geneem.

5.3.5 Pensioenuitbetaling aan ds CN Coetzee - Kennis geneem.

***5.3.5.1 Aanbeveling goedgekeur:***

***Die RKA dra dit aan die BRKA op om met die versekeringsmaatskappye te onderhandel ten einde ook dekking te bekom vir die 6 maande wagtyd waaraan 'n persoon wat vir ongeskiktheidstoelae kwalifiseer, onderhewig is.***

***Die volgende voorstel word ook goedgekeur:***

***Die RKA dra dit aan die BRKA op om met versekeringsmaatskappye te onderhandel ten einde die moontlikheid te ondersoek oor dekking vir plaaslike kerke in geval 'n predikant te sterwe kom en sy weduwee vir ses maande onderhou moet word. 'n Groepskema is moontlik goedkoper as versekering deur elke gemeente indien 'n plaaslike kerk wil inskakel. (IA Brink; WA Edwards)***

5.3.6 Aanstelling van Raad van Trustees vir AP Kerke Pensioenfonds - Kennis geneem.

## 6. Finansies

### 6.1 Begroting 1992

Kennis geneem.

### 6.2 15% Bydraes

Kennis geneem (kom later weer voor - p.222 punt 9).

### 6.3 Fondsinsamelingsnommer

Kennis geneem.

### 6.4 Belastingvrystelling op Sentrale Kerkkantoor

Kennis geneem.

### 6.5 Weeshuisfonds

Kennis geneem.

***6.5.1 Aanbeveling goedgekeur***

***Die RKA dra dit aan die BRKA op om by die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens navraag te doen oor vordering met die weeshuisfonds.***

## 7. Ongevalledekking

Kennis geneem.

## 8. Sake verwys deur die RKA

### 8.1 - 8.13

Kennis geneem.

### 8.14 Sakebestuurder: 'Die Boodskapper'

Afgehandel by punt 3.17 op bl. 4.

### 8.15 Benoeming van Vaalterreinkommissie

Kennis geneem. (Kom weer voor p.223, pt. 11.)

### 8.16 Reiskoste

Kennis geneem.

## 9. Beskrywingspunte

9.1 Ontwikkeling van Vaalterrein

Kennis geneem.

Aanbevelings van BRKA

1. Die RKA neem kennis daarvan dat die beskrywingspunt nie geformuleer is ooreenkomstig die riglyne vir sinodale beskrywingspunte nie - Kennis geneem.

2. Die RKA wag die finale aanbevelings van die Vaalterreinkommissie en van die BRKA af alvorens hy verder besin oor die ontwikkeling van die Vaalterrein - Kennis geneem.

## 10. Slot

Kennis geneem.

# 49. BYLAE BRKA B - VERSLAG VAN DIE VAALTERREINKOMMISSIE

## 1. Opdrag

Kennis geneem.

## 2. Werkswyse

Met spyt kennis geneem. Die sameroeper het sy benoeming nie aanvaar nie en gevolglik is 'n vergadering nooit byeen geroep nie. Ds IA Brink word daarvoor bedank dat hy op versoek 'n verslag opgestel het.

## 3. Aanbevelings

3.1 Die RKA besluit dat die VBK weer deur die BRKA aangewys moet word - Nie aanvaar nie.

Amendement

***Die volgende amendement word aanvaar:***

***Die RKA besluit dat die VBK nie weer saamgestel word nie en dat die lasgewing daarvan oorgaan op die BRKA wat sy eiendomskomitee vir hierdie saak uitbrei met verteenwoordigers van APK Graniet en APK Parys.***

(Di DR Schwartz; IA Brink) - Goedgekeur.

Registrasie van Eiendom

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***Die RKA gee opdrag aan die BRKA om die registrasie van Vaalterrein so spoedig moontlik af te handel met rapportering aan die eersvolgende RKA. (JH Engelbrecht; B Rossouw)***

***3.2 Dat die beplanning gesien moet word as 'n langtermynprojek - Goedgekeur.***

***3.3 (tweede punt 3.2 in Sakelys) Dat met die beplanning van die konferensiesentrums en -geriewe voortgegaan moet word - Goedgekeur.***

Naam van Terrein (bl. 223, punt 11)

Aanbeveling 11.1

Die RKA besluit dat Vaalterrein voortaan bekend sal staan as "Steenkampterrein".

Die aanbeveling word nie goedgekeur nie, aangesien die skenker self daarteen gekant is.

# 50.1. ADDENDUMVERSLAG: BRKA (bl. 220)

## 1. Vergaderings

Kennis geneem.

## 2. Personeeluitbreiding

### 2.1 Assistentversendingsklerk

Kennis geneem.

### 2.2 Tweede leraarspos

Kennis geneem.

*2.2.1 Aanbeveling goedgekeur:*

***Die RKA stel nie 'n tweede leraar met predikantstatus in die administrasie aan nie.***

Nadat ds AJB Deysel 'n tafelgebed gedoen het, verdaag die Sinode vir middagete.

MIDDAGSESSIE 17 SEPTEMBER 1991
Die Sinode hervat sy werk om 14:00.
Afkondigings: Na enkele afkondigings word 'n laat-registrasie *goedgekeur*, t.w. dié van *diaken FJ Swanepoel (Naboomspruit).*

# 50.2 ADDENDUM VERSLAG: BRKA AAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE 1991 (Sakelys bls. 220) (Vervolg)

## 3. Terreinontwikkeling, Farendenstraat 430

Kennis geneem.

### 3.1 Aanbeveling goedgekeur:

***Die RKA dra dit aan die BRKA op om die eiendom te Farendenstraat 430 op so 'n wyse in stand te hou dat daar nie oorkapitalisering plaasvind wat nie deur 'n moontlike latere verkoop van die eiendom verhaal kan word nie.***

## 4. Herregistrasie of Hervestiging van Eiendom te Farendenstraat 430 in naam van RKA

Kennis geneem.

## 5. Corpus Christi-Kerksentrum

Kennis geneem.

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***Die RKA besluit om aan die BRKA 'n besliste opdrag te gee om wel die Corpus Christi-eiendom aan te koop, sou die eiendom weer beskikbaar raak, en wel teen 'n realistiese prys.***

(Oudl B Rossouw; ds LD Pienaar)

Die volgende amendement word nie aanvaar nie:

Die RKA beveel aan dat indien daar R2 miljoen beskikbaar is vir die aankoop van hierdie terrein, dit eerder aangewend sal word vir ontwikkeling van die Vaalterrein wat in al die behoeftes sal kan voorsien.

(Ds JAC Erasmus; oudl DA Carlson).

## 6. Brookhuis

Kennis geneem

***Voorstel goedgekeur:***

***Die RKA besluit om 'n meer gepaste naam aan die eiendom Brookhuis te gee wat uitdrukking sal gee aan die gees en naam van die APK. Die aangeleentheid word na die BRKA verwys.***

(Dr CI van Heerden; oudl JJ Brits).

## 7. Reglement vir APK Trustfonds (bls. 224)

### 7.1 Aanbeveling (bl. 221)

***Goedgekeur:***

*Die RKA keur die Reglement vir die APK Trustfonds soos hier aangeheg as Bylae BRKA. AA, in beginsel goed met die volgende byvoeging:*

*Die BRKA gee aandag aan die redigering van die Reglement.*

### 7.2 "Beëindiging van Fonds" (Kyk Reglement op bl. 224)

*Amendement goedgekeur:*

*Die sin moet uitgebrei word met*

*"en die RKA besluit dan wat met die fondse en eiendomme gemaak moet word".*

(Prof R Marè; ds JJ van der Linde).

## 8. Ondersoek na Voorsorgfondse

Kennis geneem.

### 8.1 Aanbeveling goedgekeur:

*Die RKA dra dit aan die volgende BRKA op om in plaas daarvan om van tyd tot tyd enkele kwotasies in behandeling te neem, gelyktydig kwotasies van verskillende maatskappye aan te vra, te vergelyk en na bevind van sake in die beste belang van die APK te handel.*

Die Sinode neem kennis van die res van pt. 8.

Agterstallige 15% (punt 6.2, Sakelys bl. 30-32)

Die vergadering gee verder aandag aan Sakelys bls. 30, punt 6.2: 15% **bydraes.**

Tabelle vir 1990 en 1991 kennis geneem.

6.2.1 30 Dae aansuiwering:

Kennis geneem.

6.2.2 Rente staan oor tot advies van die Aktuarius ontvang is.

6.2.3 Oorbetaling van bydraes: Kennis geneem.

6.2.4 Maandelikse oorbetalings: Kennis geneem.

6.2.5 Verslag: agterstallige bydraes: Kennis geneem.

6.2.6 Na Ring verwys: Staan oor tot advies oor 6.2.2 ontvang is.

Die vergadering behandel verder Aanvullende Sakelys bl. 222.

## 9. Agterstallige 15%-bydraes van Gemeentes:

Staan oor tot advies oor 6.2.2 ontvang is.

## 10. Rekenaarprogramme

### 10.1 Program:

Kennis geneem.

### 10.2 Venturaprogram:

Kennis geneem.

10.2.1 Aanbeveling goedgekeur, met byvoeging "indien wenslik":

*Die RKA gee opdrag aan die volgende BRKA om:*

*1. die navorsing voort te sit en 'n rekenaarsetprogram te implementeer indien moontlik.*

*2. Om die navorsing na die aankoop van eie drukapparaat voort te sit en na bevind van sake te handel.*

## 11. Vaalterrein:

Afgehandel.

## 12. Finansiële State:

Kennis geneem.

## 13. Slot:

Kennis geneem.

Toeligting

Die Aktuarius gee 'n voorlopige toeligting op punt 6.2.2 (bl. 31). Die saak word na die TKKS verwys vir 'n aanbeveling.

**Goedgekeur:**

***Regstelling van naam van RKA***

***Die RKA besluit om die naam van die RKA in die Konstitusie (K.O., bl. 49) in punt 5.3 reg te stel deur na "RAAD VIR KERKADMINISTRASIE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK" in te voeg: ('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)***

(Di JA du Plessis; IA Brink). - Goedgekeur.

***Domicilium***

***Die RKA besluit om Art. 5.5.4 van die Konstitusie van die RKA te wysig om die nuwe adres domicilium citandi et executandi aan te dui***

(Oudl A Pienaar; prof R Marè).

***Verder word aan die TKKS opgedra om vas te stel of daar enige diskrepansie tussen Art. 5.1 en Art. 5.3 van die Konstitusie bestaan t.o.v. die naam van die RKA***

(Di MC Adendorff; IA Brink).

**Die volgende voorstelle word goedgekeur:**

***1. 'n Foto van Brook House moet in "Die Boodskapper" geplaas word;***

***2. lidmate van gemeentes oor die land heen, moet in "Die Boodskapper" versoek word om voorstelle m.b.t. 'n nuwe naam in te stuur. Die BRKA moet dan die saak finaliseer.***

(Oudl SG Greyling; oudl B van Schalkwyk)

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir hulle verslag.

**Die RKA konstitueer weer as Sinode vir die behandeling van die Verslag van die Kuratorium.**

## 51. VERSLAG: KURATORIUM voorgedra deur ds A Boshoff (Middelburg, Tvl.)(Sakelys bl. 39-50)

### 1. Personeel (bl. 39)

1.1 en 1.2 - Kennis geneem. Prof Van Staden word hartlik bedank vir sy gratis diens.

### 2. Vergaderings

Kennis geneem. Die Sinode besluit dat die datums van al die vergaderings voortaan in die verslag gemeld moet word.

### 3. Dagbestuur

Kennis geneem.

### 4. Dagbestuurvergaderings

Kennis geneem.

### 5. Subkommissies

5.1 - 5.3 - Kennis geneem.

### 6. Teologiese Skool

6.1 Raad van Teologiese Dosente - Kennis geneem.

Mosie i.s. Dosente

***Voorstel aanvaar:***

***'n Mosie van waardering teenoor die dosente van die Teologiese Skool.***

***1. Die Sinode neem met groot dank kennis van die D-Th proefskrif van prof HCG Robbertze wat onder die titel "Situasie en herinterpretasie" by Unisa verskyn het.***

*2. Die Sinode neem kennis dat prof Robbertze sy doktorsgraad op 26 September 1991 ontvang.*

*3. Die Sinode neem met dank kennis dat die proefskrif opgedra is aan die "gelowige konserwatiewe Afrikaner van Suid-Afrika". Hierdie feit verdien op sigself die hoogste waardering in die situasie waarin ons tans verkeer. Ons wil ons waardering hiervoor teenoor prof Robbertze uitspreek. Dit verdien eervolle vermelding in 'n situasie waar akademici en teoloë nie meer bereid is om hulle op hierdie manier by hul volk te skaar nie, waar hulle ook nie bereid is om saam met die gelowige konserwatiewe Afrikaner te beur teen die strome van liberalisme en "New-Age" denke wat dreig om ons mee te sleur nie. Prof Robbertze, ons opregte waardering!!*

*4. Die Sinode neem in breë trekke kennis van die inhoud van die proefskrif. Die Koragietiese Sionsteologie word bestudeer. Daar word na die ontstaan daarvan gekyk en na die moontlike "oorspronklike" betekenis daarvan. Die geskiedenis wys dat hierdie "oorspronklike" Sionsteologie telkens in die geskiedenis van Israel onder veranderende omstandighede herinterpreteer word. Daar word in die proefskrif aangetoon dat hierdie Sionsteologie herinterpreteer is in die tyd van die monargie, dat dit weer herinterpreteer is in die tyd van die ballingskap, maar ook weer herinterpreteer is in die tyd na die ballingskap.*

*Dit gaan dus om die herinterpretasie van die godsdienstige onderbou van 'n volk in 'n tyd van verandering. Daar word baie duidelik aangetoon hoe die godsdienstige leiers van die tyd geslaag het om ten tye van stormagtige verandering die volk se godsdienstige onderbou te herinterpreteer sodat dit steeds 'n sinvolle belewenis vir die gelowige bied. Die volk se leiers het die geskiedenis so herinterpreteer dat die volk nie moedeloos geword het en in God getwyfel het nie. Die aktuele godsdienstige belewing van God was hul sekuriteit in 'n onsekere tydsgewrig.*

*Met hierdie agtergrond word na ons huidige situasie gekyk. Ons staan ook op die vooraand van ons volk se dreigende "ballingskap" onder 'n vreemde regering. Ons beleef ook 'n tyd van stormagtige verandering. Ons moet ook na die aktuele belewing van ons godsdiens kyk sodat ons sekerhede ons nie deur twyfel ontval nie.*

*Prof Robbertze slaag met sy proefskrif om in hierdie veranderende situasie 'n sinvolle godsdienstige onderbou vir ons volk daar te stel. Die probleme word raakgesien, die foute word tot op die been oopgevlek. Tog slaag prof Robbertze daarin om as een van die gelowige konserwatiewe Afrikaners 'n bydrae te lewer wat sal meewerk om 'n sinvolle godsdienstige onderbou aan ons volk se bestaan te gee, sonder die gevaar dat ons volk in twyfel en wanhoop sal verval. Die gelowige konserwatiewe Afrikaner sal arm in die stryd van godsdienstige behoud ingaan as daar nie kennis van hierdie werk geneem word nie. Die proefskrif is baie aktueel en verdien om noukeurig bestudeer te word. Dit bevat waardevolle toerusting vir die probleem wat ons in die oë moet staar.*

*5.1 Die Sinode neem kennis van die monumentale werk wat met hierdie proefskrif gedoen is. Daar is 388 bladsye stewige teologiese besinning op 'n baie hoë wetenskaplike grondslag. Meer as 150 bronne is bestudeer en in die proefskrif verwerk.*

*5.2 Die Sinode neem kennis van die maande se onophoudelike werk om die proefskrif te voltooi.*

*5.3 Die Sinode neem kennis van die sterk standpunte wat in hierdie proefskrif vervat is om die Afrikaner se koers te help vaslê in 'n veranderende land waarin sekularisasie en vervlakking al hoe meer plaasvind en waar die godsdiens misbruik word om politieke modelle en ideologieë te ondersteun.*

*5.4 Die Sinode neem kennis van die werk van die ander dosente wat besig is om hul proefskrifte te voltooi. Die Sinode neem kennis van die belangrike werk wat hul doen in die vorming van toekomstige predikante en teoloë.*

*6. AANBEVELING*

*6.1 Die Sinode neem 'n mosie van erkenning en waardering aan vir die werk van prof Robbertze soos dit beslag gekry het in 'n herinterpretasie van ons godsdienstige grondslae vir die situasie van vandag. Die Sinode wens hom geluk met sy werk wat ook deur ander akademici hoog aangeprys word. Die Sinode spreek ook sy waardering*

***uit vir die bydrae wat prof Robbertze gemaak het in die ontwikkeling van 'n eie teologiese besinning wat sprekend is van die karakter van die APK, en veral die Teologiese Skool.***

***6.2 Die Sinode wens proff HS Theron en R Marè, wat hul inougurale redes sedert die vorige Sinode gelewer het, baie beluk met hoogstaande werk wat gelewer is. Die Sinode spreek sy dank en erkenning uit teenoor hierdie twee dosente wat tans besig is met die voltooiing van hul doktorale proefskrifte. Die Sinode wil al die dosente verseker van sy waardering vir hulle werk. Die Sinode wil ons dosente ook verseker dat hy opreg trots is op die prestasies wat hulle behaal, en die baanbrekerswerk wat hulle met onderskeiding doen. (Ds Attie Boshoff; ds Adam Boshoff)***

### Rotasie van Opleidingshoof

***Voorstel aanvaar:***

***Die Sinode besluit dat die hoofskap van die Dosente Raad en Teologiese Opleiding jaarliks sal wissel.***

(Ds IA Brink; ds A Boshoff, Middelburg, Tvl.) (Kyk besluit ná revisie, punt 152, bl 366.)

Dankgebed

Ds A Boshoff (Middelburg, Tvl.) doen 'n dankgebed vir die professore, studente en werk van die Teologiese Skool en Kuratorium.

KOFFIEPOUSE
**Die Sinode verdaag vir koffie om 16:00.**
**Die Sinode hervat sy werk om 16:40.**

Versoek deur oudl Jac du Plessis word ingedien:

"Teken asseblief my naam in die minderheid aan teen die besluit dat prof Van Staden, nadat hy as hoof van die Skool aangestel is en nou, na vyf jaar harde werk, net op 'n Sinodebesluit, geskrap word."

## 51. PERSONEELWYSIGING

Broer Ebenhaeser Erasmus, oudl Transmagalies, verskyn ter vergadering en vervang broer Frederik Jacobus le Roux.

## 52. VERSLAG VAN DIE KURATORIUM (vervolg)

***Die volgende mosie word goedgekeur:***

***Die Sinode betuig sy dank teenoor prof FAH van Staden vir die onbaatsugtige en uitstaande diens wat hy lewer as hoof van die Teologiese Skool en as dosent.***

(Oudl JN de Wet; oudl HCG Bester).

### 6.2 Inougurale redes

Kennis geneem.

### 6.3 Teologiese Dae

Kennis geneem.

### 6.4 Ouderlingkonferensies

Kennis geneem.

### 6.5 Legitimasie

Kennis geneem.

### 6.6 Teologiese Opleiding: Kurrikulum

Staan oor tot by punt 9.

### 6.7 Biblioteek

6.7.1 Skenkings en bemakings - Kennis geneem.

6.7.2 Aanbod deur prof. AH van Zyl - Kennis geneem.

Aanbeveling 1 staan oor tot by die verslag van die FK.

### 6.8 Studente

6.8.1 Teologiese Studente - Kennis geneem.

6.8.2 Administrasie - Kennis geneem nadat A Swanepoel (UOVS) verander is na A Swanepoel (RAU)

6.8.3 Studies gestaak - Kennis geneem.

### 6.9 Willie Lubbe Teologiese Studiefonds

6.9.3 Toekennings

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***Die Sinode besluit om punt C te skrap aangesien dit nie in ooreenstemming met die reëls van die Willie Lubbe Studiefonds is nie. Die hele reglement word verwys na die TKKS vir redigering.***

(Di IA Brink; MC Adendorff)

Aanbeveling 2 - Kennis geneem.

## 7. PREDIKANTSTATUS

Kennis geneem.

***Aanbeveling 3 goedgekeur:***

***Aansoek om predikantstatus:***

***Die Sinode besluit dat die Kuratorium aansoeke vir predikantstatus net sal ontvang en oorweeg nadat 'n aansoeker reeds ses maande lidmaat van 'n plaaslike AP kerk is (vgl. KO art. 4), ten einde die Kuratorium genoegsame geleentheid te bied om in samewerking met die kerkraad en, indien nodig, óók met die Ring die aansoek deeglik te kan evalueer in die hoogste belang van die kerkverband.***

## 8. OEFENAARS

Kennis geneem.

### 8.1 Oefenaar vordering

Kennis geneem.

### 8.2 Oefenaarskap kontinueer

Kennis geneem.

### 8.3 Oefenaarskap beëindig oefenaar Retief

Kennis geneem.

## 9. OPDRAGTE VAN DIE SINODE

### 9.1 Teologiese opleiding

Kennis geneem nadat die hakies sonder 'n getal aangevul word met $(\frac{1}{2})$. Dit wys op 'n halwe kursus.

Die Kuratorium kry die wenk om die bestaan en omvang van die vak Elenktiek te ondersoek.

### 9.2 Voortgesette Teologiese Opleiding - Handelinge p. 506 pt. 6.6.

9.2.1 Aangeleentheid op sakelys - Kennis geneem.

9.2.2 Ouderlingkonferensies - Kennis geneem.

9.2.3 Dosente proefskrifte - Kennis geneem.

### 9.3 Studente begeleiding Handelinge p. 508 pt. 10.4.1.16.

9.3.1 Subkommissie huisvesting - Kennis geneem.

9.3.2 Dosente behulpsaam - Kennis geneem.

9.3.3 Skakeling met kerkrade - Kennis geneem.

### 9.4 Predikantstatustoekenning

Kennis geneem. Staan oor tot by die verslag van die SKK.

Die Voorsitter doen navraag oor 'n opdrag van Sinode van 1990 op p. 694 wat handel oor 'n Eksamenkommissie.

Prof FAH van Staden rapporteer dat die Kuratorium besluit het om self as eksamenkommissie op te tree en sover moontlik uit eie geledere eksterne eksaminatore vir elke vak by elke eksamengeleentheid aan te wys. Die Kuratorium tree in sy geheel by legitimasie as eksamenkommissie op.

Die vergadering vra dat die hele beskrywingspunt later voor die Sinode sal dien.

## 10. VRYE CVO-UNIVERSITEIT

### 10.1 Inskakeling van die Teologiese Skool by 'n universiteit as fakulteit

Kennis geneem.

### 10.2 'n Vrye Universiteit

Kennis geneem.

### 10.3 Die Vrye CVO-Universiteit

Kennis geneem asook van Bylae A en Bylae B.

*Aanbeveling 4 goedgekeur:*

*Samewerking met taakgroep vir CVO*

*Die Sinode magtig die Kuratorium om namens die kerkverband as deelnemer saam met die Taakgroep van die Stigting vir CVO ondersoek te doen na die moontlike oprigting van 'n Vrye CVO-Universiteit waarby die Teologiese Skool sal kan inskakel, veral met die oog op nagraadse studie, sonder koste vir die Sinode en met verslag aan die volgende Sinode.*

## 11. BESKRYWINGSPUNTE

### 11.1 Opdrag aan dosente: Ring van Moot-Sentraal

Staan oor.

### 11.2 Praktiese werk deur studente

11.2.1 Vyfde studiejaar: - Kennis geneem.

11.2.2 Gemeentelike koppeling: - Kennis geneem.

Ter motivering

1. Professionele studierigting: - Kennis geneem.

2. Verslaggewing: - Kennis geneem.

*Aanbeveling 6 goedgekeur*

Die Sinode besluit:

*die beskrywingspunt van die Ring van Moot-Sentraal rakende praktiese werk van teologiese studente word nie goedgekeur nie, aangesien die Kuratorium in samewerking met die Raad van Dosente reeds genoegsaam beplan het vir effektiewe praktiese werk deur die teologiese studente gedurende die drie jaar opleiding.*

*Die volgende voorstel word goedgekeur:*

*"Die Sinode besluit dat die Teologiese Studente se praktiese werk (soos in Aanbeveling 6 genoem) ook jaarliks by die Kurrikulum van die Teologiese Opleiding in die verslag opgeneem sal word".*

(Ds AP Viljoen; oudl JJ Wagner)

### 11.3 Textus Receptus

Kennis geneem.

*Aanbeveling 7 goedgekeur:*

*Die Sinode besluit:*

*die beskrywingspunt van die Ring van Somerset-Oos rakende Textus Receptus word nie goedgekeur nie, aangesien by die Teologiese Skool, wat nie aan 'n universiteit of teologiese Fakulteit verbonde is nie, die Teologiese studente op 'n volledige suiwere wyse ingelei en onderrig word in die totale Ou Testamentiese en Nuwe Testamentiese Tekskritiese wetenskap.*

### 11.4 Keuring van leraars

Kennis geneem.

Aanbeveling 8 afgehandel

### 11.5 Beskrywingspunt: Ring van Memel

Kom weer voor.

### 11.6 Beswaarskrif insake Dosente beroep met beperkte opdrag, art. 37.2

Kom weer voor.

## 12. BEGROTING

Kennis geneem.

## 13. SLOT

Kennis geneem.

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***"Die Sinode dra dit aan die Tydelike Kommissie vir die samestelling van Permanente Kommissies op om die Kuratorium saam te stel".***

(Oudl CAS van Jaarsveld; ds PK Roodt)

Motivering:

13.1 Die Kuratorium is eintlik 'n Spesialis-Kommissie en deur bogenoemde voorstel word voorsiening gemaak daarvoor.

13.2 Die Sinode kan nog altyd name byvoeg of wegneem.

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die voorlegging van die Verslag.

## 53. VERSLAG VERLOFKOMMISSIE

Aansoek van oudl. PS Kruger van Cornelia word nie goedgekeur nie.

Die volgende verlofaansoeke word goedgekeur:

| NAAM | GEMEENTE | TYD | DATUM |
|---|---|---|---|
| Ds AD Jacobs | Rustenburg | 13:00 | 17.9.91 |
| GD Burger | Dundee/ Glencoe | 16:00 | " |
| SHJ van Rensburg | Warmbad | | 17-19, 21.9.91 |
| WL Wheeler | Dundee/ Glencoe | 16:00 | 17.9.91 |
| FJ Swart | Boksburg | 08:00-12:00 | " |
| CJ Myburgh | VD Bijlpark | 16:00 | " |
| | | " | 18.9.91 |
| P Mentz | Primrose | 07:00-14:00 | " |
| SJ Venter | Theunissen | | " |
| Ds PB Müller | Barkly-Wes | 08:00 | " |
| AJL van Zyl | Griekwastad | 11:00-13:00 | " |
| A Roos | Schweizer-Reneke | 08:00 | " |
| A Roos | Schweizer-Reneke | -08:00 | 19.9.91 |
| CS Eckard | Sanddrif | 22:00 | 18.9.91 |
| CJ du Preez | " | " | " |
| Ds AE vd Berg | Moot-Sentraal | 18:00-21:00 | " |
| WH Saayman | Weipe | 11:00 | " |
| LR Treurnich | Witbank | 08:00-14:00 | " |
| IC Holtzhausen | Northam | 16:00 | " |
| | | -08:00 | 19.9.91 |
| WA Marx | Frankfort | 16:00 | 18.9.91 |
| JvdM Olivier | Louis Trichard | 14:00 | " |
| | | | 21.9.91 |
| CJG Erasmus | Roedtan | 08:00-20:30 | 18.9.91 |
| JW Stroebel | Belfast | 07:00 | " |
| | | -10:00 | 19.9.91 |
| HJ Bootha | Thabazimbi | 13:00-17:00 | 18.9.91 |
| CFB Ras | Germiston | | " |
| | | - | 21.9.91 |
| JC Visser | Ellisras | 08:00 | 19.9.91 |
| | | - " | 20.9.91 |
| LA Wiid | Groter Durban | 11:00 | 19.9.91 |
| Ds NJ Groenewald | Clocolan/ Marquard (Ficksburg) | 14:00 | " |
| JJ Pietersen | Tzaneen | | 20.9.91 |
| | | - | einde |
| Ds A du Plessis | Zeerust | 08:00-12:00 | 18.9.91 |
| B Hendrikz | Hertzogville | 07:00-21:00 | " |
| CJ Roode | Naboom-spruit | | " |

## 54. GROETEBOODSKAPPE

Groeteboodskappe is met waardering van die volgende instansies ontvang:

- Vroue APK Goudveld-Sentraal (Welkom)
- Vroueaksie APK Bloemfontein-Noord
- APK Douglas
- Albert Viljoen namens APK Kroonstad
- Skriba, kerkraad en gemeente APK Bothaville.

**Die vergadering sluit af om 18h10 vir aandete.**

TWEEDE SITTINGSDAG Aandsessie

Na samesang gelei deur ds JJ (Kosie) Venter vanaf 19:00, begelei deur mev Rona Cloete, hervat die Sinode sy werksaamhede om 19:10.

## 55. PERSVERKLARING 16 SEPTEMBER 1991

Terugverwys na Kommissie vir herformulering. Die naam van dr GJJ Labuschagne word by die Kommissielede gevoeg.

## 56. NOTULE EERSTE SITTINGSDAG

Voorgelê deur ds LD Pienaar, Voorsitter van die Notulekommissie. Goedgekeur na die volgende wysigings:

- Bl. 2: JA Theron onderaan bladsy moet lees JH Theron.
- Bl. 3: Skrap punt 10 in geheel en pas numerering daarna aan.

Voorsitter bedank die Skribaat en Notulekommissie vir 'n korrekte notule.

## 57. VERSLAG VAN KOMMISSIE VIR FINANSIES (bl. 193 in Sakelys)

Voorgedra deur ds CF Swart, Voorsitter van die Finansiële Kommissie.

### A1. Personeel

Kennis geneem.

### 2. Vergaderings

Kennis geneem.

#### 3. Opdragte van Sinode 1990

#### 3.1 - 3.4

Kennis geneem.

#### 3.5 Navraag Oudtshoorn (Handelinge bl. 512)

***Goedgekeur:***

***Gelde wat uit gemeentes wat in kombinasie is, ontvang word, word nie gereken as kontantontvangste nie. In die boekhouding is dit 'n kontra-inskrywing.***

#### 3.6 Rampfonds (Handelinge bl. 516) Alimentasiefonds

Kennis geneem.

#### 3.7 Verslag deur Sinode

Kennis geneem.

#### 3.8 Reëlings van vergaderings en bespreking vir etes (Handelinge bl. 550)

Kennis geneem.

#### 3.9 Toekomstige uitbreiding

Kennis geneem.

#### 3.10 Begroting ad hoc-kommissies (Handelinge bl. 663)

Kennis geneem.

#### B. Vir goedkeuring:

### B1. Uitvoering van lasgewing (K.O. bl. 78)

#### 1.1 Begrotingsbeheer

Kennis geneem.

#### 1.2 Maandelikse inbetaling

Kennis geneem.

### 1.3 Begroting vir Sinode

Kennis geneem. Kom weer voor op bl. 205.

### 1.4 Besteding van sinodale fondse

Kennis geneem.

### 1.5 Advies

Kennis geneem.

### 1.6 Geouditeerde state

Kennis geneem. (Skrap "nie" in tweede laaste reël).

### 1.7 en 1.8 Besteding deur Kommissies

Kennis geneem.

1.8.1 Permanente Kommissies - Kennis geneem.

***1.8.2 Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode dra dit aan alle Kommissies op om gereeld navraag te doen oor hulle besteding om sodoende binne hulle begroting te werk.***

### 1.9 Dokumentasie

Kennis geneem.

***1.9.2 Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel verantwoordelik vir die rekenkundige afdeling.***

### 1.10 Riglyne

Kennis geneem.

### 1.11 Traktementskaal

Kennis geneem.

***1.11.2 Aanbevelings goedgekeur:***

***1.11.2.1 Persentasieverhoging: Die Sinode volstaan met die huidige reëling nl. dat kerkrade vir hul eie begrotingsdoeleindes 'n persentasieverhoging vir traktement bereken teen die einde van die jaar. Die Finansiële Kommissie se opdrag is om, indien moontlik voor die einde van Februarie aanbevelings vir die aanpassing van traktementskale aan kerkrade te verskaf.***

***1.11.2.2 Traktementskale: Die Sinode versoek kerkrade vriendelik en dringend om sover moontlik die aanbevole traktementskale toe te pas, ter wille van eenvormigheid en die uitskakeling van ongesonde kompetisie.***

1.11.3 Toepassing van traktementskale - Kennis geneem.

1.11.4 Pensioenfondsbydraes - Kennis geneem.

***1.11.5 Aanbeveling soos volg gewysig en goedgekeur:***

***Oorbetaling aan pensioenfonds: Sou 'n kerkraad nie die traktementskaal vir leraars toepas soos dit aanbeveel word nie, is sodanige kerkraad tog verplig om die voorgeskrewe bedrag op grond van die aanbevole traktementskaal aan die Pensioenfonds oor te betaal, aangesien dit 'n wetlike verpligting en voorskrif is.***

1.11.6 Traktement vir emeriti - Kennis geneem.

### 1.12 Reiskostetariewe

1.12.1 Brandstofpryse - Kennis geneem.

1.12.2 Memorandum - Kennis geneem.

***1.12.3 Aanbeveling goedgekeur:***

***AA Tabelle: Die Sinode versoek kerkrade weer eens om die berekeninge van die AA ten opsigte van motoronkoste te raadpleeg by die vasstelling van reiskoste/reistoelae van predikante in gemeentes.***

***Die brandstofprys van plekke ver van die kus en PWV-gebied behoort ook in aanmerking geneem te word.***

***Voorstel oor reiskostetariewe goedgekeur:***

***Die Sinode gee opdrag 1. aan die Tydelike Finansiële Kommissie om aandag te gee aan die huidige reiskostetariewe en 2. aan die Permanente Finansiële Kommissie om kerkrade volledig in te lig oor die implikasies daarvan, en ook oor die verskil tussen reiskoste en reistoelae.***

(di LD Pienaar en JA Jacobs)

1.12.4 Koste van vergaderings - Kennis geneem.

***1.12.5 Aanbevelings soos volg goedgekeur:***

***1.12.5.1 Alternatiewe vervoer:***
***Indien 'n eiser van alternatiewe vervoer gebruik kan maak (soos byvoorbeeld lugvervoer), sal slegs die laagste bedrag uitbetaal word.***

***1.12.5.2 Vasgestelde tarief:***
***Dit sluit in dat geëis kan word teen die vasgestelde tarief vir vervoer van die eiser se huis na die lughawe en terug asook vanaf die bepaalde lughawe na die Kerkkantoor.***

***1.12.5.3 Lede van Kommissies word versoek om, indien moontlik, saam te reis.***

### 1.13 Ad hoc-opdragte

Kennis geneem.

### 1.14 Ander opdragte

1.14.1 Pensioenfonds en APK Trustfonds - Kennis geneem.

1.14.2 Trustees van die Pensioenfonds - Kennis geneem.

***Aanbevelings goedgekeur:***

***1. Lede:***
***Die Sinode besluit dat die Trustees vir die Pensioenfonds bestaan uit:***
**** Die ondervoorsitter van die BRKA;***
**** die Direkteur;***
**** die voorsitter van die FK;***
**** 'n lid van die FK;***
**** die rekenmeester.***

***2. Sanlam:***
***Die name van die bogenoemdes word so gou moontlik na 'n Sinodesitting deur die Direkteur aan Sanlam verskaf.***

Opmerking - Kennis geneem.

## 2. Beskrywingspunte

### 2.1 Riglyne vir huistoelae

Kennis geneem. (Ook van Bylae FKB, bl. 213).

***Aanbevelings goedgekeur:***

***2.1.1 Onderskryf:***
***Die Sinode onderskryf die riglyne vir berekening van huistoelae vir leraars soos in Bylae FK.B vervat.***

***2.1.2 Beroepsbrief:***
***Die Sinode besluit om hierdie riglyne (pte. 3.1 - 3.4) as 'n addendum by die beroepsbrief te voeg.***

***2.1.3 Hersiening:***
***Die huistoelae sowel as toelae vir telefoon en water en elektrisiteit moet van tyd tot tyd hersien word, soos dit nodig mag wees.***

### 2.2 Daggelde vir Kommissievergaderings (Ring van Memel)

***Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode besluit dat op die huidige tydstip daggelde nie betaal kan word nie.***

***2.2.4 Aanbeveling 1990 soos volg goedgekeur:***

***Die Sinode besluit dat 'n leraar op nie meer as twee permanente kommissies van die Sinode dien nie.***

### 2.3 Gestandaardiseerde vorms

Kennis geneem.

2.3.1 Standaardvorms - Kennis geneem.

2.3.2 Ter motivering - Kennis geneem.

2.3.3 (Foutiewelik in Sakelys 2.3.2).

***Aanbevelings goedgekeur:***

***2.3.3.1 Kerkrade/ringe besluit self:***
***Die Sinode beskou die sake in die beskrywingspunt genoem, as plaaslike aangeleenthede waaroor gemeentes en/of ringe self moet besluit.***

*2.3.3.2 Verantwoordelikheid van kerkrade:*
*Kerkrade en lidmate word dringend versoek om, as iemand vir 'n bepaalde funksie genooi word, te onthou dat die instansie of persoon wat die uitnodiging rig, verantwoordelik is vir toepaslike vergoeding en betaling van reiskoste.*

*2.3.3.3 Reiskoste:*
*Die Sinode verwys kerkrade na die aanbevole tarief vir reiskoste.*

### 2.4 Bonus/Dertiende tjek

2.4.1 Kennis geneem.

*2.4.2 Aanbeveling goedgekeur:*
*Die Sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt van die Ring van Somerset-Oos rakende bonus/dertiende tjek vir leraars nie.*

## 58. VERLOFAANSOEK GOEDGEKEUR:

Oudl CH Badenhorst, APK Alberton, op 18/9/1991

**Die Sinode verdaag om 20:30 na gebed deur ds HB Heymans.**

# DERDE SITTINGSDAG - WOENSDAG 18 SEPTEMBER 1991, OM 08:00

## 59. OPENING

Na samesang, gelei deur ds GG le Roux, neem oudl BJM Rossouw (APK Bethlehem) die opening waar. Hy laat Ges. 311:1 en 3 sing en lees Jak. 1:2-6 en 5:16. Na enkele gebede word Ges. 258:1 gesing.

## 60. BEDANKING EN AFKONDIGINGS

Die Ondervoorsitter bedank oudl Rossouw en oorhandig die mikrofoon aan die Voorsitter. Hy wens dr E Friis geluk met die verwerwing van sy doktorsgraad. Di G Smit (APK Parys) en C Botha (APK Ventersdorp) word gelukgewens met hulle verjaarsdae.

Ds JPN Prinsloo word verwelkom as 'n besoeker in die vergadering.

## 61. PERSONEELWYSIGING

Diaken Servaas Daniël de Kock, APK Ventersdorp, vervang diak. Isak Petrus van der Merwe.

## 62. AANSOEK OM REVISIE

Voorstel: (Revisie)

Hiermee versoek ons die Sinode om revisie van die voorstel dat die hoof van die Teologiese Skool jaarliks moet roteer. (ds MJ Hartzenberg; oudl JN de Wet)

Goedgekeur om, volgens ordereëls, aan die einde van die vergadering aan die orde te kom. (Vir besluit oor aansoek om revisie, kyk bl 366)

## 63. VERSLAG VAN DIE FINANSIëLE KOMMISSIE (VERVOLG) BL. 199

## 64. ORDEMOSIE

***Die Voorsitter van die Finansiële Kommissie verduidelik die 15% wat gemeentes moet oorbetaal aan die Kerkkantoor, asook watter inkomstes van die gemeentes onderhewig is aan die 15% oorbetaling, voordat enige bespreking daaroor toegelaat word.***

(Dr JH Ellis; oudl IJ Grobbelaar)

***Goedgekeur.***

Die Voorsitter van die Finansiële Kommissie gee die gevraagde verduideliking met verwysing na pt. 2.8.2.

### 2.5 Traktementskale (Ring van Moot-Sentraal)

2.5.1 - 2.5.2 - Kennis geneem.

***2.5.3 Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode aanvaar nie die beskrywingspunt van die Ring van Moot-Sentraal rakende die aanbevelings van die Finansiële Kommissie oor die traktementskale van leraars nie en volstaan met vorige besluite oor traktementskale.***

2.5.4 Motivering - Kennis geneem.

## 2.6 Belasting op toegevoegde waarde

2.6.1 - 2.6.2 - Kennis geneem.

*2.6.3 Aanbeveling soos volg gewysig goedgekeur:*

***Ondersoek i/s BTW:** Die Sinode dra dit aan die Finansiële Kommissie op om 'n ondersoek te doen na die agtergrond van BTW, as dit is wat in die beskrywingspunt bedoel word.*

## 2.7 Pensioenfonds

2.7.1 - 2.7.2 - Kennis geneem.

*2.7.3 Aanbeveling goedgekeur:*

***Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die Ring van Germiston rakende probleme wat ondervind is met die Pensioenfonds.***

## 2.8 Sinodale bydrae (heffing)

2.8.1 Verskillende Beskrywingspunte

2.8.1.1 - 2.8.2.5 - Kennis geneem.

2.8.3 Finansiële Kommissie se kommentaar

2.8.3.1 - 2.8.3.5 - Kennis geneem.

2.8.4 Aanbevelings

2.8.4.1 Op versoek van ds JA du Plessis word die beskrywingspunt van die Ring van Naboomspruit as voorstel geneem en die aanbeveling 2.8.4.1 van die Finansiële Kommissie as amendement. Die voorstel word goedgekeur en die amendement verwerp.

***Die goedgekeurde voorstel lui:***

***1. Dat gemeentelike kontantinkomste rekenkundig korrek omskryf word soos in die opvolgende beredenering vervat en dan sou die besluit met verlening van erkenning aan die rekenkundige beginsel in 'n voetnota verduidelik kon word.***

***2. Die besluit moet aldus herskryf word:***

***"Die Sinode besluit om 'n heffing van 15% op alle kerklike (gemeentelike) inkomste te plaas vir administratiewe verantwoordelikheid van die kerke in verband/verbond wat ook die teologiese opleiding van studente insluit. Vir die doel van berekening is alle gelde wat gemeentelik (plaaslik) as <u>trustgeld</u> hanteer word, uitgesluit.***

***Dit sou insluit:***

***2.1 Gelde van kerkraad ontvang t.o.v. leraarstraktement kragtens 'n bedieningsooreenkoms (Reeds goedgekeur p. 512.9.2.2 Hand Sin 1990).***

***2.2 Gelde deur 'n kerk ontvang as bydrae om 'n spesifieke barmhartigheidsnood aan te spreek.***

***2.3 Geld deur lidmate voorwaardelik aan die kerk toevertrou om of 'n kerkgebou op te rig, of boumateriaal aan te koop."***

(Ds JA du Plessis, dr EM Viljoen)

TEENSTEMME

Die volgende broeders vra dat hulle name teen die besluit van die vergadering aangeteken word:

Oudl Leon Retief, Ds LD Pienaar, Ds AP Viljoen, Oudl DJ Visser, Ds IA Brink, Ds PB Kotzé, Ds AJ Taute, Oudl CC Oosthuyzen, Oudl SL Gropp.

2.8.4.2 - Kennis geneem.

***2.8.4.3 - Aanbeveling goedgekeur:***

***Kerkvisitasie: Die Sinode versoek Ringe om in hulle kerkvisitasie ernstige aandag te gee dat die beginsels van die sinodale bydrae suiwer toegepas word.***

2.8.4.4 Aanbeveling goedgekeur met wysiging: skrap "totale"; vervang "ontvangste" met "inkomste" en voeg by: "soos die Sinode besluit het".

***Die goedgekeurde besluit lui dus:***

***Sertifikaat van ouditeur: Die Sinode versoek Ringe om toe te sien dat 'n sertifikaat deur die ouditeur verskaf is dat elke gemeente 15% van sy kontantinkomste aan die***

*Kerkkantoor oorbetaal het, soos die Sinode besluit het.*

*Enige navrae moet deur die Tydelike Finansiële Kommissie opgeklaar word vir rapport aan die Sinode.*

*2.8.4.5 Aanbeveling goedgekeur:*

*Die Sinode dra dit aan die KKS op om ondersoek in te stel na die stelling dat erflatings aan 'n gemeente nie onderhewig is aan 'n oorbetaling van 15% van die erflating aan die Kerkkantoor nie.*

*2.8.4.6 Oorbetalings - Aanbeveling goedgekeur:*

*Die Sinode doen weer eens 'n beroep op die kassiere van gemeentes om die oorbetalings aan die Kerkkantoor so vroeg moontlik elke maand te doen - indien moontlik voor die 7e van die maand.*

*2.8.4.7 Aanbeveling goedgekeur:*

*Bydraes vir tehuise Aanbeveling goedgekeur:*

*Die Sinode versoek die Finansiële Kommissie om ernstige aandag te gee aan die beginsel wat in die beskrywingspunt van Olifantshoek gestel word. (2.8.1.4)*

2.8.4.8 Woordomskrywing - Kennis geneem.

Kontantontvangste:
Die Sinode aanvaar die volgende woordomskrywing: "Insamelings in 'n gemeente vir bepaalde fondse buite die plaaslike gemeente en wat dadelik direk aan hierdie fondse oorbetaal word, word nie beskou as "kontantontvangste" nie. Tans geld dit alleen vir die Alimentasiefonds, die Willie Lubbe Teologiese Studentefonds en SA Bybelgenootskap."

*2.8.4.9 Die volgende voorstel word goedgekeur:*

*Groot waardering word uitgespreek teenoor die Finansiële Kommissie vir die bekwame wyse waarop die APK se geldsake deur hulle behartig word.*

(Oudl L Retief; ds AS van Staden)

## 3. BEGROTING 1992

Die begroting word na die Tydelike Finansiële Kommissie verwys om verslag te lewer oor hoe die besluit oor pt. 2.8.4 die begroting beïnvloed.

## 4. SLOT

Kennis geneem.

# 65. AANVULLENDE VERSLAG: KOMMISSIE VIR FINANSIES (BL. 249)

## 1. Kennis geneem.

## 2. Finansiële State van 1 Januarie tot 31 Desember 1990

### 2.1 Inkomste en Uitgawe

2.1.1 - 2.1.5 - Kennis geneem met dank.

# 66. SPREEKBEURT: TRANSORANJE-INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS

Die Voorsitter verwelkom mnr PA le Roux ter vergadering en ken aan hom 'n spreekbeurt van 5 minute toe. Na enkele vrae bedank die Ondervoorsitter mnr Le Roux vir sy optrede en wens hom en die Instituut sterkte toe vir hulle werk.

# 67. AANVULLENDE VERSLAG KOMMISSIE VIR FINANSIES (VERVOLG) BL. 250

### 2.2 Balansstaat op 31 Desember 1991

1991 moet lees 1990. Verder kennis geneem.

### 2.3 Opmerkings

Kennis geneem.

## 3. APK Trustfonds

3.1 - 3.6 - Kennis geneem.

3.7 Wysig "verbou" na "verbeur" - Verder kennis geneem.

3.8 - 3.9 - Kennis geneem.

# 68. DANKWOORD OUDL CN COETZEE

Oudl Coetzee bedank die Sinode vir hulp aan sy seun, ds Nico Coetzee.

**Die verslag word hier onderbreek en die vergadering verdaag vir tee om 10:30. Die Sinode hervat sy werksaamhede om 11:00. Verskoning vir afwesigheid weens ongesteldheid word deur ds WJ van der Merwe (Mooinooi) gevra - Goedgekeur met leedwese.**

# 69. ADDENDUMVERSLAG VAN DIE FINANSIëLE KOMMISSIE (Sakelys bl. 251)

### 3.10 Aanbevelings

*3.10.1 Aanbevelings goedgekeur:*

*Die belegging in die APK Trustfonds gaan voort soos tans tot November 1993*

*3.10.2 Aanbeveling goedgekeur met 'n byvoeging*

*Aan die 2 persone wat in 1993 aftree, word 'n uitbetaling gedoen uit die APK Trustfonds op dieselfde basis as wat die ander persone sal ontvang.*

*Die Finansiële Kommissie en die BRKA word versoek om aandag te gee aan die geval van ds JA Visser (APK Derby).*

*Die volgende voorstel word goedgekeur:*

*1. Die Sinode neem kennis van die volgende leraars wat in die loop van 1991 geëmeriteer het of sal emeriteer:*

- (i) Ds JA Visser (APK Derby)
- (ii) Ds CN Coetzee (APK Migdol)
- (iii) Dr E Friis (APK Potgietersrus)

*2. Die Sinode boekstaaf sy dank teenoor die broers vir hulle onbaatsugtige diens gelewer aan die Afrikaanse Protestantse kerkverband.*

*3. Die Sinode bid hulle en hulle gades die seën van die Here toe op hulle onderskeie weë vorentoe.*

(Ds DR Schwartz; Prof R Marè)

*Die volgende aanbevelings word goedgekeur:*

*3.10.3 Die rekenkundige afdeling word gevra om hierdie administrasie te behartig.*

*3.10.4 Aan Sanlam word 'n nuwe versoek gerig:*

*Bereken die addisionele inbetaling wat nodig sal wees vanaf 1 Januarie 1994 sodat die basiese pensioen R1500 per maand sal beloop vir die reeds genoemde 28 persone wat voor 1948 gebore is.*

*Hierdie basiese toelae moet jaarliks verhoog word met 10% en die toelae na aftrede betaal, moet jaarliks verhoog word soos van toepassing op die pensioen na aftrede.*

*3.10.5 Die tekort tussen gemeentebydraes vir die APK Trustfonds en wat inbetaal moet word, word gedra deur die begroting.*

*3.10.6 Verdere aanbevelings sal dan aan die volgende sinode voorgelê word.*

## 4. Toekomstige uitbreiding

4.1 Kennis geneem.

4.2 Kennis geneem.

## 5. Slot

Kennis geneem.

Die Sinode spreek sy dank teenoor die Finansiële Kommissie uit.

# 70. PERSONEELWYSIGINGS

Oudl. B Stemmet (APK Germiston) vervang oudl. CFB Ras.

# 71. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (Sakelys bl. 124)

Die Verslag word voorgedra deur ds AS van Jaarsveld.

## 1. Personeel

Kennis geneem.

## 2. Verslag aan Sinode

Kennis geneem.

Op navraag van die Voorsitter, bevestig ds Van Jaarsveld dat die hele Kommissie die Verslag goedgekeur het.

## 3. Vergaderings

Kennis geneem.

## 4. Kerkordewysigings

### 4.1 KO 1990 art. 4.1

Kennis geneem.

***Aanbeveling 1 goedgekeur:***

***Die Sinode besluit***

***1. om die gedagte van die gemeente se approbasiereg soos dit reeds in die KO van 1990 beslag gekry het, te handhaaf; en***

***2. om art. 4.1 soos volg te wysig:***

***aflegging van belydenis van geloof deur 'n dooplidmaat of 'n ongedoopte persoon na verbondsonderrig onder leiding van, toelating deur en toesig van die kerkraad (terwyl die gemeente sy reg tot approbasie kan uitoefen tot voor die finale toestemming deur die kerkraad tot belydenisaflegging).***

Hiermee saam Sakelys bl. 128 pt. 5.1 en bl. 130 Aanbeveling 17 - Afgehandel.

### 4.2 KO 1990 art. 32

Kennis geneem.

***Aanbeveling 2 goedgekeur:***

***Die Sinode besluit om art. 32 soos volg te wysig:***

***"KERKRAAD***

***Elke gemeente het 'n kerkraad, vergelyk art. 33"***

### 4.3 KO 1990 art. 33

Kennis geneem

Aanbeveling 3 - Kennis geneem en terugverwys na TKKS om uit te klaar of aanbeveling nie in stryd is met NGB art. 30 nie. Verder kry die Kommissie opdrag om te kyk na die posisie van diakens wat tog kan deelneem aan tugvergaderings op Rings- en sinodale vlak, maar volgens die aanbeveling dit nie op die kerkraad mag doen nie. Die Kommissie moet ook let op die terme wat voorkom in die aanbeveling t.o.v. "smal kerkraad" en "ouderlingeraad".

## 4.4 KO 1990 Bep. 34D

Kennis geneem.

Aanbeveling 4 nie goedgekeur nie.

Ds PK Roodt (APK Boksburg) vra dat sy naam in die minderheid aangeteken word in die Notule.

## 4.5 KO 1990 art. 36.1, 36.2 en 36.3

Ringsvergadering - Kennis geneem.

***Aanbeveling 5 goedgekeur:***

***Die Sinode besluit om ná "twee kerkraadslede" in te voeg "van wie ten minste een 'n ouderling moet wees".***

***Aanbeveling 6 goedgekeur:***

***Die Sinode besluit om die woord "kerkraadslid" te vervang met "ouderling".***

***Aanbeveling 7 goedgekeur:***

***Die Sinode besluit om art. 36.3 soos volg te wysig:***

***Gemeentes wat nie 'n predikant het nie, word deur drie kerkraadslede verteenwoordig van wie ten minste twee ouderlinge moet wees.***

## 4.6 Opsig en Tug arts. 50 - 59

4.6.1 KO 1990 art. 50 bly ongewysig - Kennis geneem.

***4.6.2 Aanbeveling 8 goedgekeur:***

***Die Sinode besluit om 'n nuwe art. 51 in te voeg, wat bestaan uit die eerste twee sinne van KO 1990 art. 54 wat lees: "Op alle lidmate van die gemeente rus die verpligting om mekaar in broederlike liefde te vermaan en om sulke vermaninge ter harte te neem. In die besonder is dit egter die roeping van die bedienaar van die Woord en die ouderling om te vermaan.***

***Die Sinode besluit om die herrangskikking van KO artikels met vertroue in die hande van die KKS te laat.***

4.6.3 Wysig numerering van KO 1990 arts. 51 en 52.

***Aanbeveling 9 goedgekeur:***

***Die Sinode besluit om die numerering van art. 52 te wysig tot art. 52.1 en dié van art. 51 tot art. 52.2.***

4.6.4 KO 1990 art. 53 bly ongewysig - Kennis geneem.

4.6.5 Gewysigde art. 54

Aanbeveling 10 - Staan oor.

4.6.6 KO 1990 Art. 55

Aanbeveling 11 - Staan oor.

4.6.7 KO 1990 art. 56

Aanbeveling 12 - Staan oor.

4.6.8 KO 1990 art. 57 "Toepassing van Tug"

***Aanbeveling 13 goedgekeur:***

***Die Sinode besluit om die opskrif "Toepassing van tug" te wysig tot "TUGMAATREëLS".***

***Aanbeveling 14 goedgekeur:***

***Die Sinode besluit om art. 57.3.2 soos volg te wysig:***

***Art. 57.3.2 word art. 57.3.2.2 en word soos volg gewysig:***

***skorsing in die diens tot tyd en wyl daar bewyse van grondige berou is. Indien daar na verstryking van 'n redelike tydperk nie bewys van grondige berou is nie, ontslag uit die amp.***

***Voeg in 'n nuwe art. 57.3.2.1 wat soos volg lui:***

***skorsing deur die Ring wat onder bepaalde omstandighede, kragtens die aard en graad van die oortreding vir 'n vasgestelde tydperk geskied.***

Art. 57.3.3 - ongewysig - Kennis geneem.

Art. 57.4 "Evangeliedienaars" - opskrif ongewysig - Kennis geneem.

Art. 57.4.1 - ongewysig - Kennis geneem.

Art. 57.4.2 - ongewysig en word art. 57.4.2.1 - Kennis geneem.

*Voeg in 'n nuwe art. 57.4.2.2 wat soos volg lui:*

*skorsing in die diens met onmiddellike losmaking van die band met dien verstande dat die ring dié predikant weer beroepbaar stel sodra daar bewyse van grondige berou is, vgl. art. 59.3.1. Goedgekeur.*

Art. 57.4.3 - ongewysig - Kennis geneem.

Rangskikking word na PKKS verwys.

4.6.9 KO 1990 Bep. 57A - Kennis geneem.

*Aanbeveling 15 goedgekeur:*

*Die Sinode besluit om Bepalings 57A tot 57D te verskuif tot ná art. 53 en wysig die nummerering van 57A tot 57D na 53A tot 53D.*

4.6.10 Art. 59.2 KERKRAADSLEDE - Kennis geneem.

*Aanbeveling 16 goedgekeur:*

*Die Sinode besluit om die woorde "en/of afsetting" te skrap en die woord "en" in te voeg tussen "sensuur" en "skorsing".*

## 5. Opdragte van die Sinode 1990

### 5.1 Approbasie

Afgehandel

Aanbeveling 17 - afgehandel.

### 5.2 Beginselbesluit: Voorsitterskap van Kerklike Vergadering

1. Opdrag - Kennis geneem

2. Agtergrond van opdrag - Kennis geneem

3. Beginselbesluit - Kennis geneem

4. Konsekwensies - Kennis geneem

5. Besluit kerkregtelik getoets - Kennis geneem.

*Aanbeveling 18.1 goedgekeur:*

*Die Sinode besluit dat*

*1. die reëling van die Sinode 1990 word nie van toepassing gemaak op mindere vergaderinge nie:*

Aanbeveling 18.2 (bls. 136) en Beswaarskrif 6.3.1 i/s skrapping van Bep. 40.6 (KO 1989) deur Sinode 1990 (bl. 153) word saam behandel.

*Aanbeveling 11 (Addendumverslag KKS - Sakelys bl. 255) - goedgekeur*

*Die Sinode besluit:*

*Die beswaarskrif is ontvanklik en neem dit in behandeling.*

*Voorstel 6.3.1.1.2 (Sakelys bl. 153) - goedgekeur:*

*Dat die kerkraad, via die Ring van Klerksdorp, die Sinode versoek om hierdie besluit in heroorweging te neem, dit daarna te verwerp en die bewoording van ou Bep. 40.6 weer in die Kerkorde op te neem (as Bep. 41F) sodat hierdie uiters belangrike beginsel in ons Kerkorde behoue bly.*

(Ou Bep. 40.6: Niemand mag vir meer as twee agtereenvolgende sinodes as Voorsitter optree nie.)

Aanbeveling 18.2 is hiermee afgehandel met 'n redaksionele wysiging van "jaarliks" na "tweejaarliks".

6.3.1.2 KKS Aanbeveling 40 - afgehandel.

Verslag word onderbreek vir afkondigings.

*Revisie aanvraag: Ordereëls vir Kerklike Vergaderings Punt 26.*

*Hiermee word revisie aangevra vir die besluit geneem rakende die sinodale heffing op bladsy 202 van Sakelys soos deur die Ring van Naboomspruit voorgestel.*

Motivering

Dié besluit is geneem sonder dat die praktiese implikasies van die besluit, nl. met hoeveel gaan die BRKA se jaarlikse inkomste daal, sou dié besluit tot uitvoer gebring word, in berekening geneem is.

Die vergadering moet die Tydelike Finansiële Kommissie versoek om

1. in samewerking met die Rekenmeester 'n BERAAMDE daling te bepaal. Dit kan gedoen word deur na die vorige jaar se inkomste te kyk en vas te stel hoeveel geld het uit dié fondse gekom wat nou deur dié besluit nie met 15% belas word nie;

2. vas te stel of die begroting op bl. 207/208 (Sakelys) goedgekeur kan word met so 'n verminderde inkomste.

Eers nadat dié beraamde syfers bekend is, kan die Sinode 'n sinvolle besluit in dié verband neem.

(Di AJ Taute; AP Viljoen)
(Vir besluit oor revisie-aansoek, kyk bl 366.)

## 72. GROETEBOODSKAPPE

Groeteboodskappe van APK Lichtenburg en APK Koppies word met dank aangehoor.

**Die Sinode verdaag vir middagete om 13:00. Oudl. A Gouws doen die tafelgebed.**

DERDE SITTINGSDAG - 18 SEPTEMBER 1991 MIDDAGSESSIE
**Die Sinode hervat sy werksaamhede om 14:00.**

## 73. AKSIE MORELE STANDAARDE

Die Voorsitter verwelkom mnr Eddie van Zyl van Aksie Morele Standaarde in die vergadering en stel hom aan die woord vir 'n spreekbeurt van 5 minute.

Na enkele vrae beantwoord is, bedank ds JM Rheeder hom en wens hom die seën van die Here toe met sy werk.

## 74. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (vervolg) (bls. 136)

Die volgende punte word almal tegelyk behandel:

- 5.3 Die beginsel van Beperkte Opdrag - p.136.
- 6.3.2 Besluit van 1990 Sinode oor K.O. Art. 37.2 (1989) - p.154.
- 2.5 Wysiging van K.O. Art. 38.2 - p.254.

Die Voorsitter beslis dat daar eers oor die volgende vraag besin moet word: Moet die stelsel van beperkte opdrag bly?

***Aanbeveling 19.1 (bls. 139) goedgekeur:***

***DIE SINODE BESLUIT***

***1. dat die oorspronklike bedoeling van die stelsel gehandhaaf word.***

Hiermee is die vraag onder bespreking ook positief beantwoord.

### 5.3 Die beginsel van "Beperkte Opdrag" (bls. 136).

5.3.1 Die Sinodale besluit - Kennis geneem.

5.3.2 Probleemstelling - Kennis geneem.

5.3.3 Beknopte historiese agtergrond - Kennis geneem.

5.3.4 Leemtes in die stelsel - Kennis geneem.

5.3.5 Vereistes waaraan "Beperkte Opdrag" moet voldoen - Kennis geneem.

**Die volgende word goedgekeur:**

***1. Die Sinode besluit:***

*Die stelsel van beperkte opdrag word geleidelik uitgefaseer.*

*2. Die KKS moet die Sinode adviseer hoe uitfasering in werking gestel moet word.*

*3. Die Sinode besluit dat die professore wel met beperkte opdrag kan voortgaan.*

19.3 - 19.8 (p.139) - Kennis geneem.

Dit handel die volgende punte af:

- 5.3 Die beginsel van "Beperkte Opdrag" - p.136.
- 6.3.2 Besluit van 1990 Sinode oor K.O. Art. 37.2 (1989) - p.154.
- 2.5 Wysiging van K.O. Art. 38.2 - p.254.

## 5.4 Beroepstelsel (bls. 139)

5.4.1 - 5.4.5 - Nie goedgekeur nie.

*Aanbeveling 20 word goedgekeur:*

*Die Sinode besluit:*

*1. Die status quo word gehandhaaf en aan die beskrywingspunt rakende die beroepingstelsel word nie gevolg gegee nie, en*

*2. besinning oor die beroepstelsel word gekontinueer en na die KKS verwys.*

Die volgende punte word nou onder behandeling geneem:

- 5.5 Handleiding vir Kerklike Tuguitoefening (p.142) en
- Opdrag van die Sinode 1990 punt 1 op p. 253 en
- die beknopte handleiding vir kerklike tug.

Beknopte Handleiding vir Kerklike Tug - Handleiding p.259 - Kennis geneem van die hele verslag.

*Die volgende voorstel word goedgekeur:*

*1. Die Sinode neem met groot dank en waardering kennis van die Handleiding vir kerklike tug en bedank die KKS en die opsteller daarvan hartlik.*

(Ds A Boshoff; oudl Al van Wyk).

*2. Aanbeveling 1, p.253: word gewysig soos volg goedgekeur:*

*Die Sinode besluit om die Handleiding goed te keur en na die KKS te verwys saam met insette wat mag aangebied word, vir finale redigering met die opdrag om dit af te handel en te publiseer in die KO.*

## 5.6 Tentmakerbediening

Kennis geneem.

*Aanbeveling 21 goedgekeur:*

*Die KKS beveel aan: Die Sinode besluit om die opdrag rakende tentmakerbediening aan die KKS te kontinueer.*

## 5.7 Censura morum

1 - 5 - Kennis geneem.

*Aanbeveling 22 goedgekeur:*

*Die Sinode besluit: voeg 'n ordereël by die Ordereëls vir Kerklike Vergaderinge in wat soos volg lui:*

*Tydens kerkvergaderings word geleentheid gebied vir onderlinge sensuur (censura morum) aan die einde van elke vergadering sonder dat die besonderhede daarvan genotuleer word.*

*Die volgende voorstel word goedgekeur:*

*Die Sinode keur die aanbeveling in beginsel goed, maar verwys dit na die TKKS vir herformulering.*

(Prof R Marè; ds DR Schwartz).

---

**Die vergadering verdaag om 16:00 vir teepouse.**
**Die vergadering hervat sy werksaamhede om 16:30 na samesang gelei deur ds Le Roux.**
*Verskoning*
**Die vergadering neem kennis van 'n verskoning vir afwesigheid van ds J Cronjé.**

---

# 75. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (vervolg) (p.145)

## 5.8 Status van predikante

Kennis geneem.

***Aanbeveling 23 goedgekeur:***

***Die Sinode besluit om al drie die bogemelde sake weer na die KKS te verwys vir studie en verslag aan die volgende Sinode.***

## 5.9 Geloofsbrief

Kennis geneem van Bylae KKS.A, bl. 157.

***Aanbeveling 24 goedgekeur (bls. 145):***

***Die Sinode besluit om die Geloofsbrief goed te keur. (Aangeheg as Bylae KKS.A).***

## 5.10 Toelating tot Nagmaal

Beskrywingspunt Ring Moot-Sentraal - Kennis geneem.

***Aanbeveling 25 goedgekeur:***

***Die Sinode verwys die aangeleentheid van toelating tot Nagmaal na die KKS vir studie en verslag aan die volgende sinode.***

Mosie van oudl. CJ Pretorius van Ring van Rustenburg - verwys na die KKS:

Wysiging van term "Heilige Nagmaal"

"Die Sinode besluit om die term, 'heilige nagmaal' en 'nagmaal' (K.O. Art. 43.2, Bepaling 43C en volgende plekke) te wysig na die term, 'heilige verbondsmaal' en 'verbondsmaal'."

Motivering

1. Alhoewel die term, "nagmaal" in die Bybel voorkom (vgl. 1 Kor 11:20) en "... die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, ..." (1 Kor 11:23 en v.v.) die nagmaal ingestel het, gaan hierdie maal, wat ons dikwels moet gebruik om sodoende die dood van die Here te verkondig totdat Hy weer kom, tog nie om die "nag" nie, dog wel om die Nuwe Verbond wat met Sy kruisdood op Golgota volbring is.

2. Die verbondsmaal vind immers nie in die kerk van Christus in die nag plaas nie en het dus niks met "nag" te make nie.

3. By die gebruik van die brood en wyn, gedenk die gelowige nie die "nag" waarin die Here Jesus verraai is nie, dog die volmaakte versoening wat daar te vind is in die wyse waarop Hy die toorn van God aan die kruis op Hom geneem het, m.a.w. die bewys van die Nuwe Verbond.

4. Saam met die heilige doop word die gelowige in Christus deur die heilige verbondsmaal ingelyf in die Nuwe Verbond van ons Heiland, die Here Jesus Christus.

5. Die term, "verbondsmaal" stem ooreen met die term, "holy communion", wat dui waaroor die maal werklik gaan.

6. Die term, "verbondsmaal" kan sekerlik teologies beter verantwoord word. (oudl CJ Pretorius; ds AD Jacobs).

## 5.11 Ondertekeningsformulier

Kennis geneem. Bylae KKS.B, bl. 158 - kennis geneem.

***Aanbeveling 26 goedgekeur:***

***Die Sinode besluit om die Ondertekeningsformulier vir predikante/dosente/proponente goed te keur en die ondertekening af te handel. (Bylae KKS.B)***

Wenk Verdere redigeringswenke kan aan die Kommissie gestuur word - goedgekeur.

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***Ten opsigte van aanbeveling 26, p.145 Sakelys 1991 Sinode***

***Die ondertekening van die Ondertekeningsformulier vir predikante geskied tydens die eersvolgende Ringsvergadering op 'n wyse wat deur elke Ring tot die meeste stigting geag word.***

(Dr EM Viljoen; ds JA du Plessis).

## 5.12 Handleiding vir Visitatore

Kennis geneem.

Aanbeveling 27.

*1. Goedgekeur:*

*Ervare personeel:*
*Elke ring besluit self oor sy eie werkswyse en indien op persoonlike visitasie besluit word wys elke ring jaarliks visitatore aan bestaande uit twee ervare en geskikte predikante en twee of drie ervare en geskikte ouderlinge na gelang van die behoefte in die ring.*

*1.1 Goedgekeur:*

*Die visitatore besoek jaarliks elke gemeente in die ring: Die predikante en een van die ouderlinge sal as visitatore 'n gemeente besoek. (Die predikante sal dus al die gemeentes besoek behalwe hul eie.) Die ouderling sal as skriba namens die visitatore optree. (Die aangewese ouderlinge kan dan elk een of twee, hoogstens drie, gemeentes besoek en 'n verslag oor hulle skryf.)*

*2. Gewysigd goedgekeur:*

*Die visitatore of die ringskommissie berei jaarliks 'n vraelys vir goedkeuring deur die ring voor vir die gebruik deur die visitatore die volgende jaar. Hulle stel die vraelys op aan die hand van die volgende punte (met Kerkorde en Bepalings as riglyn waar van toepassing):*

- 2.1 Die ampswerk in die gemeente (leraar en ouderlinge en diakens).
- 2.2 Die openbare erediens (liturgie en prediking).
- 2.3 Sakramentsbediening.
- 2.4 Opsig en tug.
- 2.5 Verbondsonderrig.
- 2.6 Verbondsjeug.
- 2.7 Lidmate.
- 2.8 Sending en evangelisasie.
- 2.9 Verhoudinge na buite.
- 2.10 Finansies.
- 2.11 Statistiek.
- 2.12 Argief en boeke.

*3. Goedgekeur:*

*Vrae wat gevra word behoort so gevra te word dat:*

- 3.1 die broederlike band tussen gemeentes nie geskaad word nie
- 3.2 behoorlik toegesien word dat die gesonde leer en 'n gesonde lewenswandel in stand gehou word
- 3.3 waar nodig vermaan, vertroos, bemoedig of van raad bedien word aan die hand van die Heilige Skrif.

*4. Goedgekeur:*

*Die visitatore lewer jaarliks aan die volgende ring skriftelik verslag oor elke gemeente.*

*5. Goedgekeur:*

*'n Addisionele werkswyse wat ernstige oorweging behoort te geniet is dat die ring jaarliks in die gemeente (kerk) waar die ringsitting plaasvind die volle kerkraad ontmoet vir visitasie aan die hand van punt 2 hierbo vermeld.*

*Die volgende voorstel word goedgekeur:*

*Wysiging Aanbeveling 27, p.146, inleidende paragraaf:*

*Die Sinode wysig die bestaande inleidende paragraaf om soos volg te lees:*

*"Die Sinode keur die onderstaande Handleiding vir Visitatore* <u>*as moontlike werkswyse*</u> *goed."*

(Ds DR Schwartz; prof R Marè)

5.13 Kapelane - Kennis geneem.

*Aanbeveling 28 goedgekeur met wysiging van 6.1.*

*Die Sinode besluit om pt. 6.1 tot 6.3.3 rakende die taak en bevestiging van dienspligkapelane (beskrywingspunt van die Ring van Moot-Sentraal) goed te keur:*

*6.1 By voornemende teologiese studente word aanbeveel om eers diensplig te doen en dan te gaan studeer.*

*6.2 Teologiese studente wat nog diensplig moet doen, word gelegitimeer na afhandeling van hulle teologiese studies.*

*6.3 Gemeentes waarin daar 'n sametrekking van dienspligtiges is en waar ons 'n AA KD pos kan kry, stel 'n ooreenkoms op wat met 'n jong predikant aangegaan kan word. Die ooreenkoms sluit die volgende in:*

- 6.3.1.1 Sy bediening is beperk tot die NDP's in die gemeente.
- 6.3.1.2 Hy voer sy pastorale pligte slegs na ure uit.
- 6.3.1.3 Hy word vir 'n beperkte of bepaalde tydperk beroep, nl. die tydperk wat hy diensplig moet doen.

***6.3.2 As leraar is hy lid van die mediese en pensioenskema, maar as gevolg van sy klein verdienste in die SAW dra die gemeente sy volle betalings vir hierdie fondse.***

***6.3.3 'n Traktement wat rekening hou met bogenoemde.***

(AA-KD pos: Administratiewe Assistent in Kapelaansdiens)

### 5.14 Voortbestaan van SKK

Staan oor.

### 5.15 Vroue-aksie

Staan oor.

## 6. Beskrywingspunte

### 6.1 Wysigings van die K.O. artikels, Bepalings en Ordereëls

Kennis geneem.

***6.1.1.3 Aanbeveling 29, Bep. 37.1 goedgekeur:***

***Die Sinode besluit dat die saak in geheel na die Tydelike KKS verwys word om die Sinode ter vergadering met 'n aanbeveling te dien.***

6.1.2 Wysiging van Bep. 14F, ook bl. 253, punt 2.1.

6.1.2.1 Kennis geneem.

6.1.2.2 Aanbeveling 30 - nie goedgekeur nie.

Aanbeveling 2 bl. 253 - nie goedgekeur nie.

***Die beskrywingspunt van die Ring van Germiston t.o.v. langverlof is goedgekeur. In soverre gewone vakansieverlof geraak word, word dit terugverwys na die KKS vir latere aanbeveling.***

6.1.3 Wysiging van KKS Art. 55 ook bl. 253 punt 3, ook bl. 127 aanbeveling 11

Is reeds verwys en staan oor.

6.1.4 Wanneer word sinodebesluite van krag?

6.1.4.1 Kennis geneem.

***6.1.4.2 Aanbeveling 32 goedgekeur:***

***Die Sinode keur die beskrywingspunt van Germiston rakende die bekragtiging van sinodebesluite goed.***

***Die Sinode besluit dat sinodale besluite van krag word sodra die Handelinge van die Sinode gepubliseer is, tensy die Sinode in besondere gevalle anders besluit.***

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***Die Kerkorde geld eers sodra die Kerkordeboek gepubliseer is.***

(Ds PK Roodt; prof dr FAH van Staden).

6.1.5 Wysiging van K.O. Bepaling 37F.1 asook bl. 254 aanbeveling 4

***6.1.5.2 Aanbeveling 33 goedgekeur:***

***Die Sinode besluit om die beskrywingspunt van die Ring van Naboomspruit (KO Bep 37F.1), aangesien dit laat deur die KKS ontvang is, te behandel soos in die Addendumverslag van die KKS aanbeveel.***

***Aanbeveling 4 goedgekeur:***

***1. Die beskrywingspunt van die Ring van Naboomspruit rakende wysiging van KO Bep 37F.1 word nie goedgekeur nie.***

***2. Wysig die bepaling 37F.1 wat lui***

***Die ring benoem 'n konsulent vir elke kerk (gemeente) binne sy ressort en wel op so 'n wyse dat die predikante van verskillende gemeentes/ kombinasies nie oor en weer mekaar se konsulente is nie;***

***om soos volg te lees:***

***Die Ring benoem 'n konsulent vir elke kerk (gemeente) binne sy ressort indien moontlik op so 'n wyse dat die predikante van verskillende gemeentes/kombinasies nie oor en weer mekaar se konsulente is nie.***

6.1.6 Wysiging van KO Art. 38.1 en bl. 254 Aanbeveling 5 (Samestelling van Sinode).

6.1.6.1 Kennis geneem.

6.1.6.2 Kennis geneem.

***6.1.6.3 Aanbeveling 34 goedgekeur:***

***Die Sinode besluit om die beskrywingspunt van die Ring van Vereeniging (KO art 38.1), aangesien dit laat deur die KKS ontvang is, te behandel soos in die Addendumverslag van die KKS aanbeveel.***

Aanbeveling 5 (bl. 254) nie goedgekeur nie.

**Die behandeling van die verslag word onderbreek.**

**Die volgende revisie aanvraag word toegestaan:**

Hiermee doen ek aansoek vir revisie van die besluit soos in die notule met betrekking tot 7.1.2: ***"Gesprek met Ned Geref Kerk"***

My motivering vir revisie verskyn in die Notule, p.284 onder punt 7.1.2 punte 1 - 8.

Die voorstel van die Kommissie (SKK) dien weer. (ds PK Roodt).
(Vir besluit oor die aansoek om revisie, kyk bl 366.)

## 76. GROETEBOODSKAPPE

Groeteboodskappe van die APK Alberton en die APK Krugersdorp word voorgedra.

## 77. PERSVERKLARING

Die Eerste Persverklaring (L 1) word in behandeling geneem en die volgende wysigings word aangebring:

- Voeg "Pretoria" in by opskrif.
- Vul aan die teksverwysings: Matt 5:13, Joh 15:4, Joh 14:6.
- Voeg "mev" by ná "ds" in tweede paragraaf.
- Voeg "Transvaal" by ná "Middelburg".
- Vervang "APK" met "Afrikaanse Protestantse Kerk".

Die verslag word goedgekeur.

## 78. VERSLAG KOMMISSIE VIR VERLOF

Die volgende verlofaansoeke word goedgekeur:

| NAAM | GEMEENTE | TYD | DATUM |
|---|---|---|---|
| FJ van Rensburg | Nelspruit | 08:00-14:00 | 19.9.91 |
| CJ Fourie | Strydenburg | 10:30 -einde | 20.9.91 |
| MB Swiegers | " | " | " |
| Ds PW Botha | Viljoenskroon | 13:00-einde | " |
| Ds JHE Adams | Steynsburg | 08:00-14:00 | " |
| P Mentz | Primrose | 07:00-21:15 | " |
| JJ Combrinck | Kimberley | 14:00-20:30 | 19.9.91 |
| CJ Jacobs | Perdekop | 07:00 | " |
| | | - | einde |
| Ds RMJ Britz | Wonderboom | 14:00-17:00 | 18.9.91 |
| J Serfontein | Piet Retief | 19:00-22:00 | 19.9.91 |
| NJ Grobler | " | " | " |
| GJ Maartens | Johannes-burg | 08:00 | 20.9.91 |
| | | - | einde |
| Ds JD Maloney | Reisend | 14:30-16:00 | 18.9.91 |
| FJ le Roux | Trans-magalies | 17:00 | Daagliks |
| F Visser | Vryburg | 14:30-16:00 | 18.9.91 |
| T Grové | Phalaborwa | 07:00-einde | 19.9.91 |
| N Wilson | Christiana | | 20-21.9.91 |
| BR Olivier | Louis Trichardt | Vanaf nm | 18.9.91 |
| CW de Vos | Buhrmanns-drif | 19:00 | " |
| | | | - einde |

| | | | |
|---|---|---|---|
| CA Keyter | Bronkhorst-spruit | 18:00 | 19.9.91 |
| | | -08:00 | 20.9.91 |
| EA Claassen | " | 18:00 | 19.9.91 |
| | | -08:00 | 20.9.91 |
| FR du Plessis | Reivilo | | 21.9.91 |

Die volgende aansoeke word nie goedgekeur nie:

Ds JN Joubert, mnre. WJ de Clerck en MJ van Wyk van APK Bloemfontein.

**Die Sinode verdaag vir aandete om 18:00 nadat ds PB Müller 'n tafelgebed gedoen het.**

**DERDE SITTINGSDAG - AANDSITTING**
**Die Sinode hervat sy werksaamhede om 19:00 na samesang gelei deur 'n lid van die Sangkommissie.**

Die Ondervoorsitter bedank die broers en susters wat vandag die etes voorsien het vir hulle harde werk en keurige voorbereiding van die etes.

## 79. MEDIAVERSLAG

Die Mediaverslag (L 2) word aan die orde gestel.

*Goedgekeur.*

## 80. NOTULE DINSDAG 17 SEPTEMBER 1991

Die notule vanaf bl. 8 word aan die Sinode voorgehou deur ds LD Pienaar.

- bl. 8 Goedgekeur.
- bl. 9 Goedgekeur - voeg in "die" by 20.3.2 net na "oor"
- bl. 10-14 Goedgekeur
- bl. 15 Goedgekeur - voeg by 5.10.2.1 "vgl. punt 44 bl. 18".
    - - voeg by "veral ds DR Schwartz" na "betuig" in 15.10.1.1 in paragraaf 2.
    - - voeg in verskoning vir ds CFW Snyman aan die begin van die notule.
- bl. 16-22 Goedgekeur.
- bl. 23 Goedgekeur - voorletters van ds Venter is HC
- bl. 24 Goedgekeur.
- bl. 25 Goedgekeur.
- bl. 26 Goedgekeur - voeg in by 4.3 "Brooklyn" by adres.
- bl. 27-32 Goedgekeur.
- bl. 33 Goedgekeur - voeg in by 51.2 "van" voor "al".
- bl. 34-36 Goedgekeur.

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die notule.

Die Ondervoorsitter neem die stoel in.

## 81. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR GEMEENTELIKE BEDIENING (bl. 51) word voorgehou deur ds Bezuidenhout

### 1. Personeel.

#### 1.1 Lede van permanente kommissie

Kennis geneem.

### 2. Vergaderings.

2.1 Kennis geneem.

2.3 Kennis geneem - moet wees 2.2.

## 3. Sake deur vorige Sinode verwys.

3.1 Kennis geneem.

3.1.1 Kennis geneem.

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

*Toevoeging tot pt. 3.1.1 (p. 51) van KGB-verslag*

*Die Sinode:*
*1. Neem kennis van die aanbeveling in pt. 3.1.1.*

*2. Boekstaaf sy dank aan die Publikasiekomitee vir die publisering van die Handleiding vir Ouderlinge en die Verwelkomingskaart.*

*3. Beveel dit baie sterk aan vir gebruik in die gemeentes.*

(Ds JP Bezuidenhout; Ds RJH Pottas)

### 3.2 Kategismuspreekbundel

Kennis geneem.

*3.2.1 Aanbeveling goedgekeur:*

*Die Sinode neem met dank kennis van die aanbieding van dr Viljoen om 'n kategismuspreekbundel die lig te laat sien.*

### 3.3 Algemene Preekbundels.

3.3.1 Kennis geneem.

3.3.2 Kennis geneem.

*3.3.3 Aanbeveling goedgekeur:*

*1. Die Sinode neem kennis en versoek die kommissie om voort te gaan met die samestelling van die bundel.*

*2. Die Sinode versoek leraars om die vrymoedigheid te neem om preke na die Kommissie aan te stuur vir opname in preekbundel.*

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

*Die Sinode versoek die KGB om elke leraar minstens een maal per jaar te versoek om sy vier beste preke van die afgelope jaar (volgens oordeel van sy kerkraad) aan die KGB beskikbaar te stel vir opname in 'n preekbundel.*

(Ds JJ Venter; oudl B Genis).

### 3.4 Toerusting van lidmate

3.4.1 Skolingskursusse oor geloofsekerheid en die verantwoordelikheid van lidmate in hierdie verband - Kennis geneem.

3.4.2 Huweliksverryking - Kennis geneem met byvoeging van prof R Marè.

*3.4.3 Aanbeveling goedgekeur:*

*Die Sinode neem kennis met dank aan die betrokke persone wat kursusse skryf met die oog op lidmaattoerusting.*

Die volgende voorstel word nie goedgekeur nie:

Die preke wat voornemende predikante aan die Kuratorium stuur, voor toelating, in 'n preekbundel gepubliseer word. (ds HC Venter; diak AL Visagie).

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

*Die Sinode wens drs Kobus Bezuidenhout van Kroonstad geluk met die suksesvolle afhandeling van sy doktorale eksamen en bid hom wysheid en seën toe met sy werk aan sy proefskrif.*

(Ds Attie Boshoff; ds Adam Boshoff).

### 3.5 Pinksterfees

3.5.1 Kennis geneem.

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

*Die Sinode besluit dat daar so spoedig moontlik in "Die Boodskapper" 'n artikel sal verskyn oor die sogenaamde vrye wil van die mens, waarin die skriftuurlike leer hieroor, veral soos vervat in die Dordtse Leerreëls, Hoofstukke 3 en 4, verduidelik word. Verder moet die afwyking van dié leer, soos dit in "Die Boodskapper" van April 1991 (bl. 6 van die Bylae) na vore gekom het, afgewys en reggestel word.*

*Verder besluit die Sinode dat die Redaksie van "Die Boodskapper" voortaan alles wat in "Die Boodskapper" gepubliseer word, aan*

*'n streng regsinnigheidstoets moet onderwerp, al is dit so dat die skrywer van 'n artikel die volle verantwoordelikheid vir die inhoud daarvan op hom neem.*

(Prof R Marè; ds JJ Venter).

*Ordemosie - goedgekeur:*

*Dat enige besware teen wat verskyn in "Die Boodskapper", aan die adres van die Publikasiekomitee gerig word of indien geen bevrediging daar verkry word nie, aan die adres van die SKK, en daarna, indien nodig, aan die Sinode.*

(Prof WJG Lubbe.)

### 3.6 Literatuur vir Siekebesoek

3.6.1 Aanbeveling:

*Die Sinode:*

*1. kontinueer sy vorige opdrag. - Goedgekeur.*

2. Versoek die Publikasiekomitee om die moontlikheid te ondersoek dat belangstellende gemeentes kan instaan vir die druk en verspreiding van sulke kaarte. (Met goedkeuring van die manuskripte deur die Publikasiekomitee). - Kennis geneem.

*Die volgende amendement op 3.6.1.2 word goedgekeur:*

*Die Sinode versoek die KGB om so spoedig moontlik - verkieslik voor einde 1991 - siekebesoekkaartjies aan die Publikasiekomitee voor te lê vir druk en verspreiding. Teksaanhalings moet, volgens Sinodebesluit, uit 1953-vertaling wees en daar moet ook 'n kaartjie vir kinders wees.*

(Ds AP Viljoen; oudl JJ Wagner).

## 4. Ander sake

### 4.1 Persoonlike Kerkvisitasie

Kennis geneem.

4.1.1 Van die volgende aanbeveling word kennis geneem:

Die Sinode neem kennis van die praktiese riglyne deur dr WA Burger opgestel vir kerkvisitasie.

### 4.2 Opsig en Tug

Kennis geneem.

*4.2.1 Aanbeveling goedgekeur met skrapping van "tug":*

*Die Sinode keur dit goed dat 'n praktiese handleiding saamgestel sal word i.v.m. toepassing van kerklike opsig. Dit word opgedra aan die Kommissie vir Gemeentelike Bediening in samewerking met prof FAH van Staden.*

### 4.3 Kerkraadsbevestigingskaart

Kennis geneem.

*4.3.1 Aanbeveling goedgekeur:*

*Die Sinode neem kennis van hierdie versoek en keur die druk van 'n kaart vir die bevestiging vir kerkraadslede goed.*

### 4.4 Huisbesoekkaart vir kerkraadslede

Kennis geneem.

4.4.1 Van die volgende aanbeveling word kennis geneem:

Die Sinode neem kennis van die voorbeeld van die Huisbesoekkaart en beveel dit by kerkrade vir gebruik aan.

*Ordemosie goedgekeur:*

*Die Sinode stap van hierdie saak af en vra die KGB om van kerkrade voorbeelde van bruikbare huisbesoekkaarte aan te vra, sodat voorbeelde van die mees bruikbare kaarte aan alle gemeentes gestuur kan word. Kerkrade kan dan self besluit watter kaart hulle graag wil implementeer.*

(Ds JJ Venter).

## 5. Beskrywingspunte

### 5.1 Brosjure i.v.m. doopgesprek

Kennis geneem.

### 5.2 Dooplidmaatregister

Kennis geneem.

### 5.3 Aanvra van Attestate

Kennis geneem.

### 5.4 Behoorlike ampsdraerlêer

Kennis geneem.

### 5.5 Gestandaardiseerde vorms en riglyne vir spesiale dienste deur leraars gelewer

Kennis geneem.

### 5.6 Geestelike traktaatjies

Kennis geneem.

### 5.7 Aanbeveling goedgekeur:

Die Sinode verwys pte 5.1 - 5.6 na die toepaslike tydelike kommissie vir aanbevelings aan die Sinode.

## 6. Begroting

Kennis geneem.

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***Die Sinode kontinueer die sinodale besluit van 1990 (Handelinge p.564, bo-aan bladsy) aan die Permanente Kommissie vir Kerkregtelike Sake i.v.m. die herformulering van artikels 45 en 46 van die K.O.***

(Di JP Bezuidenhout; WA Jooste).

## 7. Slot

Kennis geneem.

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag in sy geheel.

Die Voorsitter neem die stoel in.

# 82. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG

Ds AP Viljoen dra die verslag voor.

## 1. Personeel

Kennis geneem.

## 2. Vergaderings

Kennis geneem.

## 3. Sake behandel.

### 3.1 Sake deur die 1989 Sinode verwys.

3.1.1 Hersiening van Verbondsonderrigboeke - Kennis geneem.

***Die volgende aanbeveling word goedgekeur:***

***Die Sinode neem met dank kennis van die reeks hersiene Verbondsonderrighandboeke asook die handleidings vir Verbondsonderrigvoorgangers en betuig in die besonder sy dank teenoor die Hersieningskommissie, skrywers, kunstenaars, tiksters, redakteurs en eindredakteurs en drukkers.***

**Die verslag word hier onderbreek.**
**Die vergadering verdaag om 20:30 na 'n gebed deur oudl CN Coetzee van APK Delmas.**

# VIERDE SITTINGSDAG 19 SEPTEMBER 1991 08:00

## 83. OPENING

VOORSANG: Ds JH Theron (Bothaville) lei die samesang.
BIDSTOND:
Oudl DJ Visser (George) lei die bidstond terwyl prof FAH van Staden as Voorsitter optree. Hy laat Ges. 182:1-5 sing en doen 'n gebed. Hy lees Joh. 17:1-26 en beklemtoon vs. 3, 9, 18 en 20. Verskeie broers neem aan die gebedsgeleentheid deel. Die bidstond word afgesluit met die sing van Ps. 89:1, 3, 17. Die Ondervoorsitter oorhandig die stoel aan die Voorsitter wat hom en oudl Visser bedank en melding maak van die pragtige sang van die Sinode.

## 84. PERSONEELWYSIGINGS

Oudl CH Badenhorst (Alberton) verskyn ter vergadering en word verwelkom.

## 84. GROETEBOODSKAPPE EN GELUKWENSE

Die volgende groeteboodskappe word met dank ontvang vanaf:

- 1. APK Heilbron, Lichtenburg;
- 2. De Villiersgesin (Fochville);
- 3. Oom Daan (Sunnyside);
- 4. APK Vroue-Aksie (Devon).
- 5. APK Koster, Kerkraad en gemeente.
- 6. APK Leandra.

Verjaarsdae:

Di. GG le Roux (Somerset-Oos) en JH Ries (Paarl) word gelukgewens met hul verjaarsdae vandag.

## 85. VERLOFAANSOEKE

**Verlof toegestaan:**

Ds JN Joubert en oudl WJ de Clerk (Bloemfontein) vanaf Vrydagaand 20 September 1991 18:00 tot die einde van die Sinode. Ds Joubert spreek 'n kongres vir Christelik-Volkseie Onderwys toe.

**Afwesig sonder verskoning:**

Afgevaardigdes van APK Ventersdorp wat verskeie sessies van die Sinode sonder verskoning afwesig was, verskyn ter vergadering en word geleentheid gegee om redes aan te bied vir die afwesigheid. Hulle verduidelik dat hulle noodgedwonge elke aand na Ventersdorp moet terugry. Die Voorsitter maan hulle om te hou by die Ordereëls en vir verlof aansoek te doen.

## 86. VERSLAG: KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG (SAKELYS BL. 58) (VERVOLG)

### 3.2 Sake deur 1990-Sinode verwys

3.2.1 Satanisme - Kennis geneem.

Aanbeveling - staan oor tot by bl. 95, Aanbeveling 4.3.6.

3.2.2 Evangelisasieaksie - Kennis geneem.

***Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode neem kennis daarvan dat, indien diegene wat die beoogde Evangelisasie-Aksie reël en koördineer dit nodig ag dat die Jeugkommissie of lede van die Jeugkommissie daarby betrek moet word, hulle sodanige onderlinge reëlings kan tref.***

3.2.3 Huisvesting van APK Jeug in groot stede - Kennis geneem. (Kyk ook Sakelys bl. 65, pt. 4.6)

*Aanbeveling 1 goedgekeur:*

***Die Sinode neem met dank kennis van die poging wat aangewend word om die jeug van die APK op die kort sowel as langtermyn in groter sentra te huisves.***

*Aanbeveling 2 goedgekeur met dank:*

***Die Sinode neem met dank kennis van die jongmense wat op eie inisiatief verblyf vir blanke Afrikanerjongmense probeer beding en daarstel. Die Sinode wil ander jongmense en kerkrade in groter sentra aanmoedig om dieselfde te doen.***

3.2.4 Studentebearbeiding

Ds AP Viljoen (Pretoria) vra dat die volgende verklaring van hom genotuleer word.

- 1. Kennis van die vergadering het my die dag voor die hou van die vergadering bereik. Weens reëlings lank reeds getref kon ek die belangrike vergadering toe nie bywoon nie.
- 2. Dié verslae wat nou dien is deurgegee sonder dat ek enigsins insae daarin gehad het.
- 3. In die lig van bogenoemde twee sake vereenselwig ek my nie met alles in die verslae nie - veral wat betref punte 4.3.1 en 4.4.1 en die aanbevelings gemaak bl. 64, 4.3.2 en 4.4.2.

# 87. VERSLAG VAN AD HOC-KOMMISSIE I/S STUDENTEBEARBEIDING - BYLAE JV.A (BL. 63)

Die verslag word deur ds JJ(Jurie) Venter voorgelê:

## 1. Personeel

Kennis geneem.

## 2. Vergadering

Kennis geneem.

## 3. Opdrag

Kennis geneem.

## 4. Identifisering van enkele probleemareas

### 4.1 Begripsbepaling

4.1.1 Kennis geneem.

4.1.2 Aanbevelings

4.1.2.1 Foutiewe begrippe - Kennis geneem.

*4.1.2.2 Taak van plaaslike kerk - Goedgekeur:*

***Die Sinode besluit in beginsel dat dit nie op die Sinode se weg lê om studentebearbeiding in die AP kerkverband te kontroleer of te beheer nie, maar dat dit die taak en voorreg van die betrokke plaaslike kerke/kerkrade is waar daar studente as lidmate is.***

*4.1.2.3 Advies: Soos volg goedgekeur na wysiging:*

***Die Sinode besluit om, indien net blote advies ter sprake is, die kwessie van studentebearbeiding te verwys na die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig.***

### 4.2 Opsporing van studentelidmate

4.2.1 Kennis geneem.

*4.2.2 Aanbeveling soos volg goedgekeur na wysigings:*

***Die Sinode besluit om die redaksie van "Die Boodskapper" te versoek om elke Oktober en Februarie 'n beriggie te plaas wat ouers aanspoor om onverwyld te skakel met die leraar/skriba van die gemeente waar hulle kind (gaan) studeer of gaan werk en wat kerkrade daaraan herinner om ook hulle verantwoordelikheid in dié verband na te kom.***

*Die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig moet die beriggie voorsien.*

## 4.3 Homogene studentegemeente

4.3.1 Kennis geneem.

*4.3.2 Aanbeveling goedgekeur:*

*Die Sinode besluit dat studente, vir sover dit enigsins uitvoerbaar is, deel moet vorm van 'n gewone gemeente ter wille van 'n gebalanseerde, normale geestelike tuiste en opvoeding, en vermyding van onnodige finansiële probleme.*

## 4.4 Studenteleraar in sinodale diens

4.4.1 Kennis geneem.

*4.4.2 Aanbevelings soos volg goedgekeur:*

*4.4.2.1 Nie sinodale poste*
*Die Sinode besluit in beginsel teen die skepping van enige sinodale predikantsposte, bv. vir die jeug, studente, hospitale, gevangenisse, ens. aangesien die plaaslike kerkraad verantwoordelik is vir die geestelike bearbeiding van alle lidmate binne sy gemeentegrense.*

*4.4.2.2 Tweede leraar*
*Die Sinode besluit dat, indien die getalle (van bv. studentelidmate) dit regverdig dat 'n gemeente 'n tweede leraar moet beroep met die oog op intensiewer bearbeiding, en finansiële tekorte sodanige planne sou kortwiek, die SKK sodanige gemeente finansieel behoort te ondersteun indien hulp gevra word. Vooraf moet eers met die SKK daaroor onderhandel word.*

## 4.5 Hantering van studentelidmate

4.5.1 Kennis geneem.

4.5.2 Aanbevelings

*4.5.2.1 Amptelike lidmaatskap goedgekeur:*
*Die Sinode bring opnuut sy besluit onder die aandag van kerkrade en lidmate dat 'n student amptelike lidmaat moet wees van dié gemeente waar hy woonagtig is tydens sy studiejare, en dus met gewone lidmaatattestaat (nié reisattestaat nie!), in sy nuwe gemeente opgeneem moet word.*

*4.5.2.2 Voogde goedgekeur:*

*Die Sinode onderskryf die waarde van die gebruik dat sommige egpare in 'n gemeente as "voogde" vir studente benoem word vir die duur van hulle studietermyn, sodat daar volwasse medegelowiges is by wie 'n student raad en troos en heenkome kan vind wanneer hy/sy daaraan behoefte het.*

*4.5.2.3 Gesprek tydens Sinode goedgekeur:*

*Die Sinode gee die wenk aan en maak dit moontlik vir alle predikante en ouderlinge wat met studentebearbeiding te doen het, om gedurende een aand tydens elke sinodesitting (verkieslik die aand waarop die Sinode amptelik geopen word) informeel saam te kom en deur kruisbestuiwing van gedagtes 'n sinvolle bydrae te lewer tot die groot gespesialiseerde veld van positiewe studentebearbeiding.*

*Voorstel goedgekeur:*

*Die Sinode beveel aan dat alle predikante wat met studente- en werkende jeugbearbeiding te doen het een keer per jaar moet vergader om deur samespreking en uitruil van gedagtes 'n sinvolle bydrae te lewer tot die gespesialiseerde veld van jeugbediening.*

*Hierdie vergadering kan ter wille van kostes gereël word in een van die twee weke (Februarie of Junie) wanneer alle kerklike vergaderings gehou word.*

(Ds AP Viljoen; oudl JJ Wagner)

*Voorstel goedgekeur:*

*Die Sinode versoek die Permanente Jeugkommissie om 'n gesprek te reël sodat daar kruisbestuiwing van gedagtes kan plaasvind oor die bearbeiding van die Jeug vanaf Voorskool en verder. So 'n gesprek kan in die vorm van 'n konferensie plaasvind tydens die week van vergaderings.*

(Ds MP Taute; diak FD Grimbeek)

## 4.6 Akkommodasieprobleem

4.6.1 Kennis geneem.

*4.6.2 Aanbeveling goedgekeur:*

***Die Sinode bedien sodanige kerkrade, wat genoemde akkommodasieprobleem betref, van advies.***

Uitvoering van die besluit geskied deur advies wat ter vergadering gegee word.

## 88. PERSONEELWYSIGINGS

Die volgende personeelwysigings word goedgekeur:

- Oudl Jacobus Lodewicus Erasmus, APK Vryheid, laat registrasie
- Diak Frederick John Eveleigh vervang CS Eckard, APK Sanddrif
- Diak Frans Dawid Grimbeek vervang CJ du Preez, APK Naboomspruit
- Oudl Gideon Christoffel Wolvaardt vervang CJ Roode, APK Naboomspruit
- Oudl Johannes Jacobus le Roux vervang B Gunston, APK Viljoenskroon
- Oudl. Jacobus Francois Burger Steyl vervang GD Burger, APK Dundee-Glencoe
- Diak Stephanus Petrus Grobbelaar, Dendron, laat registrasie.

Die Voorsitter verwelkom die betrokkenes ter vergadering.

## 89. VERSLAG VAN KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG (VERVOLG) Bl. 60

### 3.3 Nuwe sake

3.3.1 Toekenning vir voorskoolse kinders - Kennis geneem.

***Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode neem met dank kennis van die seël wat deur mev Ryna Enslin van die APK Barkly-Wes ontwerp is en wat bedoel is vir kinders wat meer as een jaar voorskoolse onderrig ontvang.***

3.3.2 Uitstalling van Jeugkommissiestukke - Kennis geneem.

***Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode neem met dank kennis van alles wat by die uitstalling van die Jeugkommissie by die Vyfde Sinodesitting besigtig kan word en moedig afgevaardigdes aan om hulle tydens die sinodesitting deeglik daarvan te vergewis.***

3.3.3 Die Jeugboodskapper - Kennis geneem.

***Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode betuig sy dank teenoor die medewerkers van Die Jeugboodskapper en versoek die nuwe permanente kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig om in samewerking met die Publikasiekomitee aan die saak aandag te gee sodat Die Jeugboodskapper elke Verbondskind van die Afrikaanse Protestantse Kerk sal bereik.***

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***Dank en waardering vir die onbaatsugtige diens wat deur di Rautenbach en Viljoen gelewer word om studentesake vlotter te laat verloop en jongmense gelukkig te maak in die stad.***

(Oudl J du Plessis; oudl EA Claasen)

3.3.4 Sertifikaat van bywoning - Kennis geneem.

***Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode besluit dat die "Reëls bedoel as Riglyne vir Verbondsonderrig" (soos goedgekeur deur die Sinode van 1988) waarin 'n Sertifikaat van Bywoning voorkom, in sy geheel hersien moet word, aangesien sommige inligting daarin reeds verouderd is, en dra dit aan die Permanente Jeugkommissie op.***

3.3.5 Handleidings vir Jeugaktiwiteite - Kennis geneem.

***Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode neem met dank kennis van die opstel van handleidings vir sowel die junior- as seniorverbondsjeug wat deur gemeentes tydens jeugbyeenkomste gebruik kan word.***

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***Die Sinode versoek die Jeugkommissie om 'n boek te skryf oor speletjies vir jeug wat sinvol by jeugbyeenkomste aangewend kan word.***

(Ds MP Taute; diak FJ Eveleigh)

3.3.6 Skoolverlaters- en Skoolverwisselingskampe - Kennis geneem.

Aanbeveling - Terugverwys na Jeugkommissie saam met alle verbandhoudende amendemente vir formulering van 'n finale aanbeveling.

**'n Personeelwysiging word goedgekeur: Diak Frederik Willem Coenraad Buitendag vervang SH Jansen van Rensburg, APK Warmbad.**

3.3.7 Nasionale Dienspligtiges - Kennis geneem.

***Aanbeveling soos volg gewysig en goedgekeur:***

***Die Sinode verwys die aangeleentheid rondom talle nasionale dienspligtiges van die Afrikaanse Protestantse Kerk wat na aanmelding vir opleiding moeilik in die militêre basisse opspoorbaar is, na die Kommissie vir Kapelaansdienste vir dringende aandag en inligting aan kerkrade.***

3.3.8 Stand van Verbondsonderrig - Kennis geneem.

***Die volgende amendement word goedgekeur:***

***In die lig van die feit dat die 1991 belydeniskandidate die eerste groep in die APK is wat sedert St. 6 (1988) tot en met belydenisaflegging (1991) volle seniorverbondsonderrig in die APK deurloop het, beveel die Sinode aan dat Ringe in hulle visitasie deeglik ondersoek sal doen na die resultate en stand van verbondsonderrig in die APK, en dat Ringe hul resultate met die Permanente Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig (PJK) bespreek sodat die PJK, indien nodig, ter saaklike aanbevelings aan die Sinode kan voorlê.***

(Ds SD Nel; Ds AS van Jaarsveld)

## 90. SENDINGTRAKTAATJIES

Die volgende versoek word deur ds JA du Plessis aan die lede van die Moderatuurstafel gerig:

"Gister reeds het ek en ds Gert Smit 'n reëling van u gevra om sendingtraktaatjies van die Dorothea-Sending wat die regsinnige leer aantas, te laat verwyder. Sover vasgestel, is geen toestemming ontvang om dit daar te plaas nie. Reël asseblief in belang van ons kerkverband dat dit verwyder word. Moontlike verspreiding deur lede wat nie die kennis het nie, kan die naam van ons Kerk in verleentheid bring."

Die traktaatjies word onttrek en verwys na die Tydelike Kommissie vir Sending en Evangelisasie vir ondersoek.

**Die vergadering verdaag vir tee om 10:30. Die Sinode hervat sy werksaamhede om 11:00 nadat sang deur 'n lid van die Sangkommissie gelei is.**

## 91. VERSKONING

Ds PK Roodt het laat gekom a.g.v. siekte. Die Voorsitter wens hom sterkte toe.

## 92. GROETEBOODSKAP EN GELUKWENSE

- 1. Groeteboodskap van APK Heidelberg is ontvang.
- 2. Oudl G Sevenster, APK Graniet, het oupa van 'n kleindogter geword.

## 93. PERSONEELWYSIGINGS

- 1. Diak Albertus Johannes van Zyl van Roedtan vervang CJG Erasmus.
- 2. Oudl Michael Johannes Christoffel Potgieter van Roedtan vervang LP Koen.

## 94. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG (VERVOLG)

### 3.4 Beskrywingspunte

3.4.1 Lidmaatskap van studente - Kennis geneem.

*Aanbeveling goedgekeur:*

***Die Sinode wys die Ring van Suidkus wat voel dat studente moet inskakel by gemeentes waarin hulle hulle bevind, en dat hulle attestate/bewys van lidmaatskap aan die gemeentes gepos behoort te word, op Bepaling 4C, p2, Kerkorde 1990 wat soos volg lui:***

***"'n Attestaat, wat drie maande lank geldig bly, word aan 'n belydende lidmaat of doop-lidmaat by vertrek uit die gemeente uitgereik vir indiening by sy nuwe gemeente, of dit kan desnoods direk aan die nuwe kerkraad gestuur word. Na drie maande na vertrek uit 'n gemeente word geen attestaat meer uitgereik nie, maar 'n bewys (verklaring) van lidmaatskap."***

3.4.2 Sektes en dwalinge in Verbondsonderrig-handboeke vir finalejaars - Kennis geneem.

***Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode neem kennis dat die beskrywingspunt van die Ring van Kimberley waarvolgens daar by die leerplan vir die finalejaar Verbondsonderrig (Leer en Lewe 5) 'n volledige definisie van 'n sekte asook 'n volledige bespreking van sektes en dwalinge ingevoeg moet word, reeds onder die aandag van die Hersieningskommissie gebring is.***

## 4. BEGROTING

Kennis geneem.

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***Die Sinode heg sy goedkeuring daaraan dat gemeentes waar daar saamtrekke van <u>studente</u> is, die volgende per brief aan die ouers kan deurgee:***

***(a) Ouers bewus maak daarvan dat die kerk waar hul kinders tuisgaan erns maak met die geestelike heil van hul kinders.***

***(b) Dat ouers <u>vrywillig</u> die deel van hul dankoffer wat hulle plaaslik namens hul kinders sou gee, gee aan die gemeente waar hul kind geestelik bearbei word.***

(Di NJ Rautenbach; RMJ Britz)

Die Voorsitter bedank die kommissie vir die verslag in sy geheel.

## 95. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR KERKSANG EN -MUSIEK VOORGEDRA DEUR DS NJ RAUTENBACH. (BI 88)

### 1. Personeel

Kennis geneem.

### 2. Vergaderings

Kennis geneem.

### 3. Opdragte

#### 3.1 Hersiening van Psalms

Kennis geneem.

3.1.1 Rapport - Kennis geneem.

***3.1.2 Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode gee opdrag aan die Kommissie vir Kerksang en -musiek om aandag te gee aan die hersiening van die Psalms en aan die volgende Sinodes te rapporteer.***

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***Die Sinode dra dit op aan die Kommissie vir Kerksang en Musiek om 'n buitengewone poging aan te wend om binne die volgende twee jaar 'n volledige proefsangbundel vir die AP Kerk saam te stel. Hierdie proefsangbundel moet, indien moontlik, die 150 hersiene Psalms insluit asook ongeveer 250 Gesange. Die Kommissie moet hom ten doel stel om hierdie proefsangbundel (een eksemplaar daarvan) aan elke gemeente te lewer, ses maande voor die volgende Sinode.***

(ds OD Scheuer; oudl JF du Toit)

## 3.2 Sangbundel - Kennis geneem.

3.2.1 Rapport - Kennis geneem.

3.2.1.1 tot 3.1.2.5 - Kennis geneem.

3.2.1.6 Vervang "getransporteer" met "transponeer" by Ges. 52 en Ges. 120.

3.2.1.7 - 3.2.1.8 - Kennis geneem.

3.2.2 Aanbevelings

***3.2.2.1 Druk en verspreiding goedgekeur:***

***Die Sinode keur die eerste uitgawe van die APK sangbundel goed as 'n gewysigde proefbundel vir druk en verspreiding in die kerk.***

***3.2.2.2 Sing by byeenkomste goedgekeur:***

***Voeg in "proef" voor "sangbundel".***

***Die Sinode keur dit goed dat die eerste uitgawe van die APK proefsangbundel by alle byeenkomste van die kerk gesing kan word.***

Die volgende amendement word nie goedgekeur nie:

Die Sinode keur dit goed dat die eerste uitgawe van die AP Kerk *proef*sangbundel by sangbyeenkomste (ook sang voor of ná die erediens) van die kerk gesing kan word. (ds JA du Plessis; ds JJ Venter)

***3.2.2.3 Kommentaar goedgekeur:***

Vervang "moet" met "kan".

***Die Sinode besluit dat daar steeds kommentaar gelewer kan word deur die kerke en lidmate oor hierdie bundel sowel as die reeds goedgekeurde proefbundel.***

***3.2.2.4 Proefbundel goedgekeur:***

***Die Sinode gee opdrag aan die Kommissie vir Kerksang en -musiek om die ander liedere van die proefbundel steeds na te gaan in die lig van kommentaar wat inkom asook Skrifberymings, nuwe liedere ens. en aan die volgende Sinode te rapporteer vir verdere uitbouing van ons sangbundel.***

***3.2.2.5 Musiekregte goedgekeur***

***Die Sinode gee opdrag aan die Kommissie vir Kerksang en -musiek om alle musiekregte en regte op lirieke te beskerm en waar nodig te verkry vir wettige uitgee van die sangbundel.***

***3.2.2.6 Psalm- en Gesangbundel goedgekeur:***

***Voeg in "proef" voor "bundel".***

***Psalm- en Gesangebundel: Die huidige Psalm en Gesangbundel bly steeds die amptelike sangbundel van die kerk saam met die nuwe goedgekeurde proefbundel.***

Die volgende amendement word nie goedgekeur nie:

Die huidige Psalm en Gesangbundel bly steeds die amptelike sangbundel van die kerk (skrap die res van die sin).

(Di JA du Plessis; JJ Venter)

## 3.3 Koorbundel

Kennis geneem.

3.3.1 Rapport - Kennis geneem.

***3.3.2 Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die Kommissie vir Kerksang en -musiek om te werk aan 'n koorbundel vir die APK.***

### 3.4 Leiding - Kerksang

Kennis geneem.

3.4.1 Rapport - Kennis geneem.

3.4.2 Aanbevelings

3.4.2.1 Begeleierskursus - Kennis geneem.

***3.4.2.2 Goedgekeur:***

***Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die Kommissie vir Kerksang en -musiek om voort te gaan om begeleierskursusse aan te bied as die kommissie daarvoor gevra word.***

### 3.5 Sang en Musiek

Kennis geneem.

3.5.1 Rapport - Kennis geneem.

***3.5.2 Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode bedank die orrelistes wat moeite doen met die begeleiding van sang tydens die Sinode.***

***3.5.3 Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode betuig sy dank teenoor mnr J Ebersohn van Musica, Pretoria, vir die beskikbaarstelling van 'n Allenrekenaarorrel vir gebruik tydens sang en erediensgeleenthede by die Sinode.***

***3.5.4 Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode gee opdrag aan die volgende permanente Kommissie vir Kerksang en -musiek om weer die musiek en sang te beplan vir die volgende sinodesitting in samewerking met die SKK.***

## 4. Beskrywingspunte

Kennis geneem.

### 4.1 Hallelujaliedere

Kennis geneem.

(verander 4.4 na 4.2)

### 4.2 Goedgekeur:

***Die Sinode gee gevolg aan die beskrywingspunt van Ring van Morgenzon (grondige ondersoek na Hallelujaliedere) en neem kennis dat die Kommissie vir Kerksang en -musiek deurlopend aandag gee aan die saak.***

## 5. Dank

*Aanbeveling goedgekeur:*

***Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die gekoöpteerde lede vir hul kragte, talente en bereidwilligheid om soveel te gee in hierdie besondere taak wat hulle verrig het vir die APK se kerksang en -musiek.***

## 6. Slot

Kennis geneem

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag en laat sing Ges. 201 uit die nuwe proefbundel.

# 96. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR KAPELAANSDIENSTE (BI 73)

Voorgedra deur ds MJ Hartzenberg.

## 1. Personeel

Kennis geneem. Verander JE Swart na JE Swarts.

## 2. Vergaderings

Kennis geneem.

## 3. Sake behandel

Kennis geneem.

### 3.1 Vroueleërkollege

Kennis geneem.

### 3.2 Hantering van kapelane

Kennis geneem.

### 3.3 Kommandement Verre Noord

Kennis geneem.

### 3.4 Begroting vir 1992

Staan oor.

## 4. Aanbevelings goedgekeur:

### 4.1 Besoek aan grensgebiede

***Dat leraars die geleentheid gebied sal word om op uitnodiging van Kapelaan-generaal grensgebiede te besoek.***

### 4.2 Dienspligtiges

***Dat dienspligtiges aangemoedig sal word om sonder huiwering hulle kerkverband as die Afrikaanse Protestantse Kerk aan te dui.***

## 5. Slot

Kennis geneem.

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag in sy geheel.

## 97. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR BARMHARTIGHEIDSDIENSTE BI 74

Voorgedra deur Ds AE van den Berg.

## 1. Algemeen.

### 1.1 Personeel

Kennis geneem.

### 1.2 Vergaderings

Kennis geneem.

### 1.3 Konstituering

Kennis geneem.

## 2. Sake behandel.

### 2.1 Behuising vir Bejaardes.

2.1.1 Aanbeveling

***2.1.1.1 Goedgekeur:***

***- voeg in "tydelike" voor Kommissie.***

***Selfbouskemas: Leiding aan Gemeentes***

***Die Sinode keur dit goed dat die Kommissie leiding aan gemeentes gee om selfbouskemas te begin waar terreine beskikbaar is. Die Tydelike Kommissie sal nog tydens hierdie Sinode 'n reglement opstel en aan die Sinode voorlê vir goedkeuring.***

### 2.2 Weeshuisfonds

Kennis geneem.

2.2.1 Aanbeveling

***2.2.1.1 Goedgekeur:***

***Oorplasing van fonds***

***Die Sinode gee goedkeuring aan die Kommissie om die skenker van R1 000-00 vir die weeshuisfonds te nader om die bedrag oor te plaas na die Algemene Alimentasiefonds waar dit nuttig aangewend kan word.***

***2.2.1.2 Goedgekeur:***

***Riglyne vir die toekoms***

***Die Sinode word versoek om vir die toekoms duidelike riglyne te gee met betrekking tot***

***skenkings sodat fondse gekanaliseer kan word na waar die behoefte die grootste is.***

### 2.3 Bybelverspreiding

Kennis geneem.

2.3.1 Aanbeveling

2.3.1.1 Goedgekeur:

***Aankoop van Bybels***

***Die Sinode besluit dat soveel moontlik van die 1933/1953 Bybels aangekoop en in die Sentrale Kerkkantoor aangehou word vir beskikbaarstelling aan gemeentes waar Bybels nie in boekwinkels te kry is nie.***

2.4 Gevangenesbearbeiding en Siekebesoek

Skrap "en siekebesoek". Skrap "hospitale".

2.4.1 Aanbeveling

***2.4.1.1 Goedgekeur:***

***Met die verandering: "keur dit goed" met "beveel aan". Skrap "sieke of"***

***Reiskoste: Gevangenesbearbeiding:***

***Die Sinode beveel aan dat indien gemeentes gebruik maak van leraars van ander gemeentes vir gevangenesbesoeke, begrafnisdienste of enige derglike dienste, dat die plaaslike gemeente verantwoordelik sal wees vir ten minste die reiskoste.***

### 2.5 Begroting

Kennis geneem, kom weer voor.

2.5.1 Aanbeveling - kennis geneem.

## 3. Slot

Kennis geneem.

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag in die geheel.

# 98. GROETEBOODSKAPPE

Groeteboodskappe is met dank ontvang van: APK Koster en APK Waterberg.

**Die Sinode verdaag vir middagete om 13:00 na gebed deur oudl C Joubert. Die Sinode hervat sy werksaamhede om 14:00.**

# 99. VERSLAG VAN KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE (bl. 76)

## 1. Vir kennisname

### 1.1 Personeel

Kennis geneem.

### 1.2 Vergaderings

Kennis geneem.

### 1.3 Sake behandel

Kennis geneem.

## 2. Vir goedkeuring

### 2.1 Aanbevelings

2.1.1 Staan oor vir begroting.

2.1.1.1 Motivering - Kennis geneem.

2.1.2 Aanbeveling - Kennis geneem.

***2.1.3 Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode versoek alle kerkrade en gemeentelede om kennis te neem van die inhoud van die Sendingbeleid van die APK, veral deel 3 en deel 4. (Sien Bylae SE.A hierby aangeheg - bl 78).***

2.1.3.1 Kennis geneem.

### 2.2 Beskrywingspunte ontvang

2.2.1 Geestelike traktaatjies - Kennis geneem.

2.2.2 Motivering - Kennis geneem.

*2.2.3 Aanbeveling KSE: Goedgekeur (soos gewysig):*

Die Sinode neem kennis dat traktate reeds beskikbaar was by die Vierde Sinode.

***Die volgende voorstelle word goedgekeur:***

***1. Die Sinode besluit dat die "Sendingbeleid van die APK" in pamflet- of brosjurevorm volgens alle Sinodebesluite beskikbaar gestel sal word en dra dit aan die Publikasiekomitee op vir uitvoering.***

(Ds DJ Malan; diak GL Jonker).

***2. Die Sinode besluit dat die Kommissie vir Sending en Evangelisasie nie gebruik sal maak van traktaatjies van ander kerke of organisasies ñie, maar wel traktaatjies sal opstel en aan die Publikasiekomitee voorlê vir keuring en publikasie.***

(Proff FAH van Staden; R Marè).

## 3. Slot

Kennis geneem.

Die volgende voorstel word nie goedgekeur nie:

Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir Sending op om oorweging te skenk aan 'n skenking aan 'Signposts'.

(Oudle JF du Plessis; LA van Wyk).

# 100. KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE (bl. 86)

## 1. Personeel

Kennis geneem.

## 2. Lasgewing

Kennis geneem.

## 3. Vergaderings

Kennis geneem.

## 4. Sake behandel

### 4.1 Naam: Goedgekeur:

***Die Kerkboek van die Afrikaanse Protestantse Kerk***
***('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)***

### 4.2 Voorwoord

Kennis geneem.

### 4.3 Goedgekeurde formulier eerste

Kennis geneem.

### 4.4 Orde vir die erediens

Kennis geneem.

### 4.5 Belydenisskrifte

Kennis geneem.

### 4.6 Die volgende formuliere word in die Kerkboek geplaas

Kennis geneem.

Die volgende sake word aan die Kommissie opgedra:

Die Huweliks- en Begrafnisformulier moet bygevoeg word.

By pt. 10 moet "woord" met 'n hoofletter geskryf word.

Kennis geneem dat die ou teks van die Formuliere van Eenheid in die Kerkboek gebruik is.

Die Sinode versoek dat die Heidelbergse Kategismus met Skrifverwysings daarby (onderaan) gedruk word.

## 5. Kopiereg

Korrespondensie oor kopiereg moet aan die Publikasiekomitee besorg word.

## 6. Gelofte van 1838

Kennis geneem.

## 7. Goedkeuring van Huweliksformulier

Geniet aandag.

## 8. Oorhandiging aan die Publikasiekomitee

Kennis met dank aan ds JJ (Jurie) Venter.

Die Voorsitter bedank ds Van der Walt vir die verslag.

Die Sinode neem kennis van die mededeling dat sekere noodsaaklike punte nog in die Kerkboek opgeneem sal word.

# 101. VERSLAG VAN KOMMISSIE VIR KERKLEER EN ETIESE NORME (bl. 94)

Voorgelê deur ds MP Taute.

## 1. Personeel

Kennis geneem.

## 2. Vergaderings

Kennis geneem.

## 3. Sake deur vorige Sinodes verwys na die PKKEN

### 3.1 Geloofsvryheid

Kennis geneem.

***3.1.1 Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode verwys die aangeleentheid van Geloofsvryheid na die volgende PKKEN.***

### 3.2 Boeke oor Israelvisie

Kennis geneem.

***3.2.1 Aanbevelings goedgekeur:***

***3.2.1.1 Die kommissie rapporteer dat die boeke deurspek is van die leer van die Israelvisie.***

***3.2.1.2 Die Sinode het reeds in 1989 die standpunt/leer van die Israelvisie verwerp.***

***3.2.1.3 Die Sinode staan by sy besluit van 1989 oor die Israelvisie.***

### 3.3 Karate

Kennis geneem.

3.3.1 Aanbeveling

***3.3.1.1 Goedgekeur:***

***Die Sinode verwys die saak van Karate na die volgende PKKEN vir in-diepte studie. Die Sinode benoem ds S Botes en dr G Nel op die kommissie.***

Die beskrywingspunt op bl. 99, pt. 4.10 is ook daarmee afgehandel.

'n Voorstel van ds S Botes word verwys na die PKKEN en word volgens Sinodebesluit nie in die notule opgeneem nie.

Van Bylae KEN.B op bl. 103 en Bylae KEN.C op bl. 112 word kennis geneem.

### 3.4 Die Taak van die Ouderling

Kennis geneem.

***3.4.1 Aanbeveling goedgekeur:***

***3.4.1.1 Studiestuk:***
***Prof R Marè: Sinode neem kennis dat daar 'n boek kom van prof R Marè wat oor die taak van die ouderling 'n studie onderneem.***

***3.4.1.2 Lede van die Kuratorium:***
***Sinode neem kennis dat die Ring lede van die Kuratorium kan uitnooi om hulle oor die onderwerp toe te spreek.***

***3.4.1.3 Gemeentelike bediening:***
***Die onderwerp hoort tuis by die Kommissie vir Gemeentelike Bediening.***

### 3.5 Verassing

Kennis geneem.

3.5.1 Aanbeveling:

3.5.1.1 Nie goedgekeur nie.

***Die volgende amendement word goedgekeur:***

***Die Sinode neem kennis van die studiestuk oor verassing en versoek die PKKEN om aanbevelings te doen by die Sinode oor hoe die kerk praktiese sake in verband met verassing moet hanteer.***

(Ds NJ Rautenbach; dr CI van Heerden).

## 4. Beskrywingspunte

Kennis geneem.

### 4.1 Roomskatolisisme

Nie ontvanklik nie omdat dit nie deur 'n Ring ingedien is nie.

### 4.2 Satanisme

Nie ontvanklik nie omdat dit nie deur 'n Ring ingedien is nie.

### 4.4 Indoktrinasie - SAUK

Word terugverwys na die Ring vir motivering.

### 4.5 Wêreldbiddag vir Vroue

4.5.1 Motivering - Kennis geneem.

***4.5.2 Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die Ring van Graniet oor die wêreldbiddag vir vroue en verwys na sy besluit wat in 1990 geneem is.***

### 4.6 Tentmakerbediening

Kennis geneem.

4.6.1 Motivering - Kennis geneem.

4.6.2 Aanbeveling - Kennis geneem - afgehandel by aanbeveling 21 op p.142

### 4.7 Identifiseer "erkende kerke"

Kennis geneem.

4.7.1 Motivering - Kennis geneem.

4.7.2 Aanbeveling nie goedgekeur nie.

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***Die Sinode verwys die beskrywingspunt van Morgenzon terug na die PKKEN***

(Dr CI van Heerden; oudl JJ Brits).

### 4.8 Wanneer mag 'n Christen die wapen opneem

Kennis geneem.

4.8.1 Kennis geneem.

4.8.2 Aanbeveling - Staan oor.

### 4.9 Neerdaal na die Hel

Kennis geneem.

4.9.1 Motivering - Kennis geneem.

4.9.2 Aanbeveling - nie goedgekeur nie. Die beskrywingspunt word terugverwys na die PKKEN.

### 4.10 Karate

Afgehandel by 3.3.1.1 op bl. 94.

4.11 Moet wees: 5, omdat dit nie 'n beskrywingspunt is nie, maar 'n beswaarskrif.

Die volgende korreksies vir drukfoute van 4.11.1.1 onder punt 3 word aangebring:

"Gerlinge" moet wees "Gerlings" en "Wafeningen" moet wees "Wageningen". Onder punt 4 moet in die 7de laaste reël na "as alle" ingevoeg word "vroue aan alle".

***Voorstel goedgekeur:***

*Die Sinode verwys die beswaarskrif oor 'Die vrou in die amp' terug na die Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme.*

(Prof HCG Robbertze; ds NRJ van Zyl).

*Die volgende voorstel word goedgekeur:*

*Die Sinode besluit dat elke kommissie by sy aanbevelings oor beginselsake, telkens elke aanbeveling moet motiveer.*

(Prof R Marè; ds DR Schwartz).

**Die vergadering verdaag om 16:00 vir koffie en verversings.**
**Die vergadering hervat sy werksaamhede om 16:30**

## 102. VERSLAG PKKEN (VERVOLG) BL. 100

*VOORSTEL OOR BESKRYWINGSPUNTE - Goedgekeur:*

*Die Sinode versoek permanente kommissies om by die behandeling van beskrywingspunte met die oog op aanbevelings tydens sinodesittings (gewoonlik gedurende die Junievergaderings) beskrywingspunte wat nie op hulle terrein lê nie, onmiddellik deur te gee na die Direkteur van Kerkadministrasie om dan die beskrywingspunte by die regte permanente kommissie te besorg om dan in behandeling te neem.*

Motivering

Om 'n beskrywingspunt eers op 'n Sinode in 'n kommissieverslag na 'n ander kommissie te verwys neem onnodig baie tyd in beslag en beskrywingspunte kom nie tot hulle reg nie, soos nou die geval met 4.4 (bls. 96) en 4.7 (bls. 97).

(Ds AP Viljoen; Oudl. JJ Wagner)

*VOORSTEL OOR RIGLYNE VIR OPSTEL VAN VERSLAE - Goedgekeur:*

*Die Sinode besluit dat die volgende voortaan gevolg moet word by die opstel van verslae van permanente kommissies:*

*Wanneer 'n kommissie sy verslag aan die Sinode opstel, word die resultate van Ondersoeke/Studiestukke nie by die verslag ingewerk nie, maar as 'n aparte bylae/aparte bylaes, duidelik gemerk, aangeheg vir kennisname. Alle aanbevelings word in die hoofverslag vir goedkeuring aangebied.*

(Di DR Schwartz; MC Adendorff)

Die verslag in sy geheel word met dank aanvaar.

## 103. EERSTE VERSLAG : TYDELIKE KOMMISSIE VIR DIE INDELING VAN RINGE

Ds GG le Roux lê die verslag voor.

### 1. PERSONEEL

Kennis geneem. (Met ds A Boshoff word bedoel ds Adam Boshoff)

### 2. AANBEVELINGS

Goedgekeur.

*Die Sinode keur die volgende ringsindelings goed soos gewysig:*

**2.1 Ringsindelings**

**2.1.1 Kaapland**

2.1.1.1 Beaufort-Wes

Beaufort-Wes, Oudtshoorn, Riversdal, George, Fraserburg, Mosselbaai, Sutherland, Laingsburg, Ladismith.

2.1.1.2 Clanwilliam

Clanwilliam, Pools, Olifantsrivier, Calvinia, Namakwaland.

2.1.1.3 De Aar

De Aar, Britstown, Carnarvon, Strydenburg, Hanover, Orania.

2.1.1.4 Kimberley

Kimberley, Barkly-Wes, Douglas, Christiana, Reivilo, Vaalharts-Suid, Daniëlskuil, Griekwastad.

2.1.1.5 Olifantshoek

Olifantshoek, Groblershoop, Gordonia, Kathu, Kuruman, Prieska-Fontein, Postmasburg.

2.1.1.6 Somerset-Oos

Somerset-Oos, Fort Beaufort, Graaff-Reinet, Aberdeen, Uitenhage, Algoa, Grens, Alexandria, Kareedouw.

2.1.1.7 Stellenbosch

Stellenbosch, Paarl, Tygerberg, Bonnievale, Worcester.

2.1.1.8 Steynsburg

Steynsburg, Barkly-Oos, Jamestown, Maclear, Venterstad, Cradock, Elliot, Bethulie.

2.1.2 Oranje-Vrystaat

2.1.2.1 Bethlehem

Bethlehem, Clocolan, Paul Roux, Senekal, Marquard, Ficksburg, Lindley.

2.1.2.2 Bloemfontein

Bloemfontein, Bloemfontein-Noord, Boshof, Brandfort, Dealesville, Dewetsdorp, Petrusburg, Theunissen, Jagersfontein/Fauresmith, Verkeerdevlei, Hertzogville, Bultfontein.

2.1.2.3 Graniet

Graniet, Koppies, Viljoenskroon, Bothaville, Wesselsbron, Parys.

2.1.2.4 Heilbron

Heilbron, Cornelia, Tweeling, Frankfort, Villiers.

2.1.2.5 Hennenman

Hennenman, Kroonstad, Virginia, Goudveld-Sentraal, Odendaalsrus, Steynsrus.

2.1.2.6 Memel

Memel, Vrede, Warden, Harrismith.

**2.1.3 Transvaal**

2.1.3.1 Dendron

Dendron, Phalaborwa, Tzaneen, Pietersburg, Louis Trichardt, Weipe, Messina, Hoedspruit.

2.1.3.2 Derby

Derby, Ventersdorp, Koster, Groot-Marico, Zeerust, Buhrmannsdrif, Coligny.

2.1.3.3 Germiston

Germiston, Benoni, Kempton Park, Primrose, Nigel, Brakpan, Delmas, Springs, Boksburg, Alberton, Devon, Leandra.

2.1.3.4 Klerksdorp

Klerksdorp, Potchefstroom, Fochville, Hartbeesfontein, Leeudoringstad, Bloemhof, Hoopstad.

2.1.3.5 Lichtenburg

Lichtenburg, Alfa, Sannieshof, Biesiesvlei, Ottosdal, Delareyville.

2.1.3.6 Middelburg

Middelburg, Witbank, Belfast, Laersdrif, Bronkhorstspruit, Cullinan-Rayton.

2.1.3.7 Migdol

Migdol, Vryburg, Louwna, Bosrand, Molopo, Schweizer-Reneke.

2.1.3.8 Mooinooi

Mooinooi, Thabazimbi, Rustenburg, Brits, Sanddrif, Hartbeespoort, Northam.

2.1.3.9 Moot-Sentraal

Moot-Sentraal, Verwoerdburg, Pretoria-Oos, Trans-Magalies, Pretoria-Sentraal, Wonderboom, Wes-Moot.

2.1.3.10 Morgenzon

Morgenzon, Ermelo, Hoëveldrif, Piet Retief, Amersfoort, Perdekop, Standerton, Bethal, Amajuba.

2.1.3.11 Naboomspruit

Naboomspruit, Warmbad, Koedoesrand, Roedtan, Marble Hall, Tuinplaas, Groblersdal, Potgietersrus, Waterberg, Marken, Vaalwater, Ellisras.

2.1.3.12 Nelspruit

Nelspruit, Barberton, Carolina, Witrivier, Arnot/Hendrina, Lydenburg, Sabie, Lebombo.

2.1.3.13 Roodepoort

Roodepoort, Johannesburg, Randfontein, Carletonville-Welverdiend, Magaliesburg, Krugersdorp.

2.1.3.14 Vereeniging

Vereeniging, Heidelberg, Vanderbijlpark, Sasolburg, Balfour, Meyerton, Zoar, Greylingstad.

### 2.1.4 Natal

2.1.4.1 Natalia

Suidkus, Groter Durban, Hluhluwe, Zululand, Oos-Griekwaland.

2.1.4.2 Newcastle

Newcastle, Dundee/Glencoe, Vryheid, Utrecht, Ladysmith.

### 2.1.5 Suidwes-Afrika

2.1.5.1 Etosha

Outjo, Windhoek, Keetmanshoop, Leonardville, Grootfontein.

Die verslag word met dank aanvaar.

## 104. VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR FINANSIES B1

Die verslag word deur ds CF Swart voorgedra.

## 1. PERSONEEL

Kennis geneem.

## 2. SAKE NA DIE KOMMISSIE VERWYS

### 2.1 Reiskoste-tariewe

2.1.1 Kennis geneem. (Bylae C, bl 453)

Die volgende voorstel word nie goedgekeur nie:

Die Sinode neem met kommer kennis van die neiging om stygende kostes rakende leraars as gevolg van o.a. inflasie met eentonige reëlmaat aan die gemeentes deur te gee.

Die sogenaamde aanbevelings verhaal kostes van gemeentelede wat deur dieselfde kostespiraal geteister word. Die Sinode moet kennis neem van toenemende werkloosheid en insolvensies ook van ons lidmate. Is dit werklik regverdig om twee maal in die tydsbestek van twaalf maande 'n verhoging van ongeveer 15% rakende reistoelae (kostes) aan gemeentes deur te voer? Het ons seker gemaak dat hierdie reistoelae (kostes) ten volle verdien is?

Terwyl die leraar belangrik is, is die broers nie die enigste rat in die meganisme van die AP Kerk nie.

Die geld wat ons hanteer is die geld vir die totale werk van God. Ons benadering moet met inagneming van die totale taak wees.

(Oudle PC Wentzel; JR Potgieter)

2.1.2 Aanbevelings goedgekeur:

***Die Sinode besluit***

***1. dat die tarief van reiskoste vir sinodewerk vasgestel word op 75c/km.***
***(Hierdie besluit tree onmiddellik in werking).***

***2. dat die tarief van reiskoste vir gemeentelike werk wat as riglyn by kerkrade aanbeveel word, op 80c/km gestel word, met terugwerkende krag tot 1 September 1991.***

2.1.3 Kennis geneem.

2.1.3.1 Reistoelae

1-5 Kennis geneem.

### 2.2 Aanpassing van die begroting met die oog op tweejaarlikse sinodesittings.

*Aanbevelings goedgekeur:*

*2.2.1 Opstel van begroting 1993*

*Die Sinode dra dit aan die FK, BRKA, SKK en Kuratorium op om die begroting vir 1993 op te stel sodat dit onder die heersende omstandighede aansluit en aangepas word by die goedgekeurde begroting vir 1992. Oorleg moet ook met ander kommissies gepleeg word, soos nodig.*

*2.2.2 Praktiese reëlings*

*Die Sinode dra dit aan die FK op om 'n praktiese reëling uit te werk vir die behandeling van die begroting met 'n tweejaarlikse sinodesitting met verslag aan die volgende Sinode.*

## 3. IMPLIKASIES VAN DIE SINODEBESLUIT OOR DIE 15% BYDRAE VIR SINODALE WERKSAAMHEDE, SOOS DIT DIE BEGROTING VAN 1992 RAAK

### 3.1 Praktiese implikasies

*Aanbeveling goedgekeur:*

*Die Sinode dra dit aan die FK op om alle praktiese implikasies van die sinodebesluit in verband met die 15%-bydrae (Sakelys bls. 201 pt. 2.8.1.3) so gou moontlik uit te werk sodat die toepassing van die besluit op 1 Januarie 1992 in werking kan tree. Die FK sal hierdie besluite voor die end van November 1991 aan alle kerkrade verskaf.*

### 3.2 Begroting 1992

3.2.1 Aanbeveling - Kennis geneem.

3.2.2 Motivering

Kennis geneem.

*3.2.3 Riglyn - Goedgekeur:*

*Die Tydelike Finansiële Kommissie onderskryf die riglyn waarvolgens die FK gewerk het (volgens besluit van die Sinode 1988) nl. dat beraamde uitgawes bereken moet word op grond van beskikbare beraamde inkomste.*

### 3.3 Uitwerking van die sinodebesluit op die huidige toestand

3.3.1 Gemeentelike trustgelde - Kennis geneem.

3.3.2 Bepaling van bedrag - Kennis geneem.

3.3.3 Kontantvloeiprobleme - Kennis geneem.

3.3.4 Bankoortrekking - Kennis geneem.

3.3.5 Aanbevelings

4.1-4.2 - Kennis geneem.

Die verslag word met dank aanvaar.

## 105. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPVOEDING

(Bl. 66)

Die verslag word ter tafel gelê deur dr JA Scholtz.

## 1. Personeel

### 1.1 Lede van die Permanente Kommissie

Kennis geneem.

## 2. Vergaderings

Kennis geneem.

## 3. Sake behandel

### 3.1 Seksvoorligting op skole

Kennis geneem.

*3.1.1 Aanbeveling goedgekeur:*

*3.1.1.1 Skrywe aan onderwysowerhede: Die Sinode besluit dat 'n skrywe vanuit die Sentrale Kerkkantoor (in samewerking met hierdie Kommissie) aan die Direkteure van Onderwys van al vier Provinsies gerig moet word oor die onderwerp van geslagsvoorligting op skole. 'n Afskrif van hierdie skrywe moet aan die Minister gerig word vir sy kennisname en aandag aan die wyse waarop geslagvoorligting aan kinders aangebied word.*

3.1.1.2 Ernstige beswaar

Kennis geneem.

Die volgende amendement word goedgekeur:

*Die Sinode besluit dat die aanbeveling soos volg sal lees:*

*"Die Kerk teken ernstig beswaar aan teen die blootstelling van die jong Afrikanerkind aan seksvoorligting op skool aangesien dit primêr die taak van ouers in gesinsverband is."*

(Dr. JH Ellis; oudl. HJ van Rooyen).

### 3.2 Gevare van satanisme in skole

Kennis geneem.

*3.2.1 Aanbeveling goedgekeur:*

*Die Sinode besluit dat alle Kerke (gemeentes) opgeroep word om onverpoosd te waak teen die verskynsel van satanisme in elke gemeenskap en sy skole, en dat daar ernstig aandag gegee sal word deur die plaaslike kerk (gemeente) soos en wanneer dit nodig blyk te wees.*

## 106. AFKONDIGINGS

'n Aantal afkondigings word gedoen.

## 107. GROETEBOODSKAP van Hennie Crause APK Koppies - Kennis geneem met dank.

## 108. KOMMISSIE VIR VERLOF

Die volgende verlofaansoeke word goedgekeur:

| NAAM | GEMEENTE | TYD | DATUM |
|---|---|---|---|
| Ds JA Jacobs | Senekal | 14:00-einde | 19.9.91 |
| Dr WA Burger | Marble Hall | 14:00-15:00 | " |
| D Marais | Balfour | 21:00-einde | " |
| Ds AJ v Niekerk | Klerksdorp | 13:00-einde | " |
| I Hattingh | Villiers | 16:00-einde | " |
| Al van Wyk | Amot/ Hendrina | 08:00-10:00 | " |
| FA Grobler | Leandra | 07:00 | " |
| | | " | 20.9.91 |
| IJ Haasbroek | Delareyville | " | " |
| | | | einde |
| MJ Fouché | Marble Hall | 09:00-12:00 | 20.9.91 |
| B Stemmet | Germiston | 08:00-einde | " |
| CH Groenewald | Wonderboom | 08:00-21:00 | " |
| DR v Tonder | Vaalwater | 14:00-einde | " |
| MF Kruger | Boksburg | 08:00-einde | " |
| AT le Roux | Middelburg | " | " |
| W de K Steenkamp | Standerton | 07:00 | 21.9.91 |
| Ds CJS Botha | Venterdorp | 16:-21:00 | 19.9.91 |
| | | " | 20.9.91 |
| | | | 21.9.91 |
| DHS Fourie | Lydenburg | 08:00-08:30 | 20.9.91 |
| Ds NRJ v Zyl | Kimberley | 16:00 | 20.9.91 |
| | | 08:00 | 21.9.91 |

**Die vergadering verdaag om 18:00 vir aandete na 'n tafelgebed deur oudl. D van der Merwe.**
**Die Sinode hervat sy werksaamhede om 19:00 na samesang gelei deur 'n lid van die Sangkommissie.**

## 109. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPVOEDING (vervolg) p.67

### 3.3 Kennis geneem.

3.3.1 Aanbeveling - nie goedgekeur nie:

Aansluiting by CVO-Stigting: Die Sinode besluit dat aansluiting by en samewerking met die Stigting vir Christelik-Volkseie Onderwys ernstig oorweeg word in plaas van die stigting van onafhanklike AP Kerkskole. Vir die huidige skyn laasgenoemde nie 'n lewensvatbare opsie te wees nie, terwyl die APK 'n kardinale en primêre rol sal kan speel by die daarstelling van CVO skole in samewerking met die Stigting.

***Die volgende amendement word goedgekeur:***

***Die Sinode:***

***1. Spreek sy waardering uit vir wat reeds in AP Kerk geledere gebeur ten opsigte van CVO***
***en***
***2. moedig lidmate aan om dringend die saak in eie gemeenskappe te ondersoek***
***en***
***3. by die CVO-stigting te affilieer.***

(Ds RW Louw; oudl F vd Merwe).

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***Die Sinode bid br A Gerber, LP van Brits, sterkte toe vir sy bydrae ten opsigte van Christelik-Volkseie Onderwys.***

(Oudl JA du Plessis; prof HCG Robbertze).

Nota Bylae O&O A (p.70-72) - kennis geneem.

3.3.2 Staande Kommissie vir Onderwys en Skolestigting - Kennis geneem.

3.3.2.1 Aanbeveling nie goedgekeur nie.

***Die volgende amendement word goedgekeur:***

Die Kommissie vir Opvoeding en Onderwys koöpteer kundige lede.

(Ds JA du Plessis; dr Cl van Heerden).

3.3.2.2 Dienstermyn - Kennis geneem.

3.3.2.3 Begroting - Kennis geneem.

## 4. Begroting

Kennis geneem.

### 4.1 Aanbeveling

Kennis geneem.

## 5. Beskrywingspunte

### 5.1 Fondse vir eie onderwys

Kennis geneem. Beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

### 5.2 Christelik-Volkseie Onderwys

5.2.1 Kennis geneem.

5.2.2 Kennis geneem. Verander 5.2.1 (Motivering) in Sakelys na 5.2.2.

***5.2.3 Aanbeveling - goedgekeur met die skrapping van "die Kerkraad van Newcastle en":***

***Die Sinode neem kennis van beskrywingspunt van die Ring van Dendron rakende CVO. Dit is in wese reeds vervat in die aanbevelings van die verslag van die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding (sien 3.3.1 en 3.3.2).***

### 5.3 Kommer oor onderwys

Kennis geneem.

5.3.1 Motivering - Kennis geneem.

***5.3.2 Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die Ring van Middelburg rakende die stand van onderwys, en bevestig dat dit alles sake is wat reeds aandag geniet.***

## 6. Slot

Kennis geneem.

Die verslag as geheel word met dank aan die Kommissie aanvaar.

## Die notule word aan die orde gestel vanaf bl. 37:

- Bl. 37 - Goedgekeur.
- Bl. 38 - Goedgekeur.
- Bl. 39 - Goedgekeur - wysig paragraaf 2 punt 9.4 soos volg:
  - Prof FAH van Staden rapporteer dat die Kuratorium besluit het om self as eksamenkommissie op te tree en sover moontlik uit eie geledere eksterne eksaminatore vir elke vak by elke eksamengeleentheid aan te wys. Die Kuratorium tree in sy geheel by legitimasie as eksamenkommissie op.
  - 11.1 Moet wees "Opdrag van dosente: Ring van Moot-Sentraal - staan oor."
  - 11.1 word 11.2.
- Bl. 40 - 43 Goedgekeur.
- Bl. 44 - Goedgekeur - voeg in bokant B1 "B. vir goedkeuring"
- Bl. 45-47 - Goedgekeur.
- Bl. 48 - Goedgekeur - punt 63. Bladsy word bl. 199 i.p.v. 203.
- Bl. 49-62 - Goedgekeur.
- Bl. 63 - Goedgekeur - 5.12 voeg by na "handleiding": "vir visitatore".
- Bl. 64 - Goedgekeur.

## 110. DERDE PERSVERKLARING (L3) word aan die orde gestel.

Wysigings: Derde paragraaf reël 2: vervang "groei" met "toename"; reël 4: verander "'n skrale predikantetal van 2" met "slegs twee predikante".

Die verslag word in sy geheel goedgekeur.

## 111. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR BYBELVERTALING (Bl. 116)

Voorgedra deur ds S Botes.

## 1. Personeel

### 1.1 Vir die hersiening/vertaling van die Ou Testament

Kennis geneem.

### 1.2 Vir die hersiening/vertaling van die Nuwe Testament

Kennis geneem.

### 1.3 Koöptering

Kennis geneem. Verander "Gous" na "Gouws".

***Die volgende aanbeveling word goedgekeur:***

***Die Sinode doen 'n dringende beroep op persone wat vir die kommissie benoem word, om nie die benoeming te aanvaar as hulle nie bereid gaan wees om die vergaderings by te woon en die werk te doen nie.***

Motivering - Kennis geneem.

## 2. Opdrag

2.1 - 2.3 - Kennis geneem.

## 3. Vergaderings

Kennis geneem.

# 4. Sake behandel

## 4.1 Grondteks

Kennis geneem.

*Die volgende aanbeveling word goedgekeur:*

*Die Sinode besluit om*

*1. die teks van die Biblia Hebraica Stutgartensia vir die Ou Testament as offisiële teks te aanvaar.*

*2. goed te keur dat die Nestle-Aland-teks en die Majority-teks voorlopig beide gebruik word vir proefvertalings van die Griekse Nuwe Testament.*

## 4.2 Tekskritiek van die Nuwe Testament

Kennis geneem.

## 4.3 Hersien en waar nodig vertaal

Kennis geneem.

## 4.4 Resultate

Kennis geneem, ook van die proefvertalings van Markus, Johannes, Joël en Matteus op bl. 120-123.

## 4.5 Skakeling met ander kerkverbande

Kennis geneem.

# 5. Beskrywingspunte

## 5.1 Ring van Dendron

Kennis geneem met verandering van "195" na "1953".

*Aanbeveling goedgekeur:*

*Die Sinode keur die beskrywingspunt van die Ring van Dendron (1953 plus 1983-vertaling langs mekaar gedruk) goed.*

Die Sinode neem kennis dat daar reeds so 'n publikasie bestaan.

## 5.2 Die Ring van Morgenzon

Kennis geneem.

*Aanbeveling goedgekeur:*

*Die Sinode besluit om in die lig van Sinodale besluite reeds geneem, kennis te neem van die beskrywingspunt van Morgenzon (stemming oor vertaling). (Handelinge 1989, bl. 446 en verder)*

## 5.3 Die Ring van Somerset-Oos

Kennis geneem.

*Aanbeveling goedgekeur:*

*Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die Ring van Somerset-Oos (verwerp 1983-vertaling) en volstaan by sy 1989-besluit. Die Sinode besluit verder dat die sinodebesluit van 1989 weer 'n keer onder die aandag van lidmate en kerkrade gebring moet word. Vergelyk "Die Boodskapper", Augustus 1990, bl. 15.*

## 5.4 Die Ring van Bloemfontein

1-3 - Kennis geneem.

Motivering: 1-10 - kennis geneem.

*Aanbeveling goedgekeur:*
*1. Die Sinode herinner aan en volstaan by sy besluit oor Bybelvertaling (Handelinge Sinode 1989, bl. 446 ev).*
*2. Die Sinode verwag van alle lidmate, en veral ampsdraers, om aan die Sinodebesluit oor Bybelvertaling in letter en gees getrou te wees. Die Sinode aanvaar nie die motivering van die Ring as korrek nie omdat sake daarin (veral punt 6) feitelik verkeerd is.*

*Oudl. JF du Plessis versoek skriftelik dat sy naam in die minderheid aangeteken word.*

# 6. Begroting

Kennis geneem.

Die Sinode onderbreek die verslag en sluit sy werksaamhede om 20:30 af na gebed deur oudl Abie Louw.

# VYFDE SITTINGSDAG - 20 SEPTEMBER 1991 - 08:00

Samesang word gelei deur ds DR Schwartz.

## 112. OPENING OM 08:00

Voor die aanvang van die bidstond, word voorbidding gevra vir die volgende broers:

Oudl Louis de Jager van Witbank en Cassie Badenhorst van Derby.

Die Bidstond word gelei deur oudl HCG Bester (APK Groter Durban). Hy laat sing Ges. 5:1-3 en lees Ps. 19.

Na enkele gebede word Ges. 294 saamgesing.

## 113. AFKONDIGINGS

### Gelukwensing

- 1. ds L Jacobs van APK Graniet verjaar vandag.
- 2. APK Tygerberg is vandag (20/9/1991) vier jaar oud.
- 3. Oudl Pieter Wentzel van APK Pietersburg verjaar.
- 4. APK Cullinan-Rayton is vandag vier jaar oud.

Hulle word deur die Voorsitter gelukgewens.

### Groeteboodskap

Van APK Bronkhorstspruit - Kennis geneem met dank.

### Verskoning

Ds J van der Walt wat dringende siekebesoek doen.

### Aanbod

Die volgende aanbod t.o.v. tuin by Brookhuis word met dank aanvaar:

Mev Zani Jooste (ds Willie Jooste se skoondogter) APK Verwoerdburg, tel. 63-2681, is 'n Landskapsargitek en sal Brookhuis se tuin *gratis* vir die kerk uitlê. (dr CI van Heerden).

## 114. PERSONEELWYSIGINGS

Die volgende personeelwysigings word goedgekeur:

- Oudl Hendrik Ernst Beeslaar vervang PJ Mentz, APK Primrose
- Oudl Willem Schalk du Plessis vervang B Stemmet, APK Germiston
- Oudl Johan Anton Daniël Blaauw vervang DHS Fourie, APK Lydenburg
- Diak Jan Arend van der Westhuizen vervang A Nel, APK Lydenburg
- Diak Theunis Johannes de Bruin vervang AT le Roux, APK Middelburg
- Oudl Jan Harm Petrus Jansen van Vuuren vervang MF Kruger, APK Boksburg
- Oudl Barend de Klerk vervang I Hatting, APK Villiers
- Diak Izak Jacobus Booysen vervang GJ Maartens, APK Johannesburg
- Diak Louis Jacobus Bester vervang CH Groenewald, APK Wonderboom
- Oudl Thomas Grové, Phalaborwa is ter vergadering. (Die broer het verlof gehad tot die einde van die sitting, maar het sy probleme tuis opgelos gekry en het teruggekeer na die sitting)
- Diak Stefanus Albertus Grobler APK Belfast (Die broer is sekundus wat vir

19/9/1991 en 20/9/1991 ter vergadering verskyn.)

## 115. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR BYBELVERTALING (VERVOLG) BL. 120

Punt 22.2 van die verslag van die SKK is na die Kommissie vir Bybelvertaling verwys en word hier behandel.

**22.2 Beswaarskrif:**

Bybelvertalingskommissie - Kerkraad APK Potchefstroom - (Sakelys bl. 16)

Beswaarskrif in geheel - Kennis geneem.

***Voorstel van APK Potchefstroom word goedgekeur:***

***Die kerkraad versoek dat die Sinode heeltemal van hierdie beoogde projek sal afsien, bogenoemde sinodebesluit sal herroep en die bestaande 1953-hersiene vertaling ongewysig vir amptelike gebruik in ons kerkverband sal aanvaar.***

Die volgende amendement word ook goedgekeur:

***Die 1983-vertaling mag steeds by die Woordverkondiging ter toeligting gebruik word.***

(Ds LD Pienaar; diak PS van der Merwe)

Die volgende persone vra dat genotuleer word dat hulle teen die voorstel gestem het: oudl Roodt, GC van Jaarsveld, FH Kühne, CF Ehlers, TW Bartleman, prof WJG Lubbe, di S Botes, MJ Hartzenberg.

***Die volgende amendement word goedgekeur:***

***Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir Bybelvertaling op om emstige aandag te gee aan die moontlikheid om 'n reeks kommentare te beplan en te publiseer wat die behoudende standpunte van Bybelverklaring beklemtoon.***

(Ds LD Pienaar; diak PS van der Merwe)

Die volgende amendement word nie goedgekeur nie:

Die Sinode handhaaf sy besluite oor Bybelvertaling en dra dit aan sy Kommissie op om met alle moontlike spoed en deeglikheid voort te gaan.

(Ds MC Adendorff; prof WJG Lubbe)

**Ordemosie goedgekeur:**
**Die Sinode besluit dat die verslag van die SKK by hierdie Sinode volledig afgehandel word, veral met die oog op die voortbestaan van die SKK en die saak van die Vroueaksie.**
**(Ds PK Roodt; oudl A Pienaar)**

## 116. DIE VERSLAG VAN DIE VERTEENWOORDIGERS BY DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA WORD AAN DIE ORDE GESTEL EN DEUR DS WA JOOSTE VOORGEDRA. (Bl. 18)

### 1. PERSONEEL

Kennis geneem.

### 2. VERGADERINGS

Kennis geneem.

### 3. VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SA AAN DIE SINODE VAN DIE AP KERK 1991

Kennis geneem.

### 3.1 Aanbeveling goedgekeur:

*Die Sinode neem kennis van die geheel van die verslag.*

### 3.2 Bydraes van die APK

Kennis geneem.

## 4. Aanbevelings goedgekeur:

### 4.1 Belasting

*Die Sinode neem met dank kennis van die feit dat skenkings aan die Bybelgenootskap van belasbare inkomste aftrekbaar is. In die geval van 'n individu kan 'n skenking vir 'n maksimum bedrag van R500-00 per jaar of 2% van 'n persoon se belasbare inkomste afgetrek word (watter bedrag ookal die grootste is.)*

### 4.2 Bemakings

*Die Sinode moedig lidmate aan om 'n testamentêre bemaking aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika te oorweeg.*

### 4.3 Produksiekoste

*Die Sinode bring dit onder aandag van Kerkrade dat die gemiddelde produksiekoste van 'n volledige Bybel tans R16.00 beloop. Om dit binne bereik van die armste te bring, word dit versprei teen slegs R8.00 per Bybel en is die subsidie tans R8.00.*

*Die Sinode beveel by elke gemeente aan om 'n doelwit te stel van minstens R8.00 per belydende lidmaat per jaar vir Bybelverspreiding, met die uitdruklike versoek aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika dat die publikasie van die 1953-vertaling van die Afrikaanse Bybel onverpoosd sal voortgaan en dat sodanige bydraes spesifiek geoormerk word by die Bybelgenootskap vir die druk en verspreiding van die 1953 Afrikaanse vertaling.*

Motivering - Kennis geneem.

### 5. Bibliathon

*Die Sinode vereenselwig hom met die Bybelgenootskap se dank aan Kerkrade en gemeentelede vir die bydraes, ondersteuning en voorbidding vir die projek en stuur dit deur na Kerkrade.*

### 6. Benoeming van verteenwoordigers by Streekrade van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

*Aanbeveling goedgekeur:*

*Die betrokke Ringsgroepe wys tydens hierdie sinodesitting twee verteenwoordigers met sekundi elk vir die volgende Streekrade aan: Johannesburg, Kaapstad, Durban, Bloemfontein en Port Elizabeth. Een verteenwoordiger van die twee wat vir elke Streekraad aangewys word, moet 'n nie-predikant wees. Die Kommissie vir kommissies moet die volle name, adresse en telefoonnommers van die aangewesenes verkry en aan die Skriba besorg aan wie dit opgedra word om by die Bybelgenootskap aansoek te doen vir hul toelating op die Streekrade.*

## 7. Slot

Kennis geneem.

Die Voorsitter bedank die Verteenwoordigers vir die verslag in sy geheel.

## 117. VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA AAN DIE SINODE

Die verslag word uitgedeel. Van die verslag word kennis geneem.

Ds Sep Boshoff, hoofsekretaris, en ds CH Delport, streeksorganiseerder van Johannesburgstreek van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika word in die vergadering verwelkom.

'n Spreekbeurt van 5 minute word aan ds Sep Boshoff toegeken waartydens hy sy dank uitspreek vir die betrokkenheid van APK gemeentes. Hy gee inligting oor die werkswyse van die Genootskap en dank die Here vir sy seën. Na die beantwoording van enkele vrae bedank ds WA Jooste die afgevaardigdes van die Genootskap en bid hulle seën toe op hulle werk. Ds

Delport word goeie gesondheid toegewens na sy siekte die afgelope jaar.

*Die volgende voorstel word goedgekeur:*

*MOSIE*

***In die lig van die besluit oor die 1953-vertaling doen die Sinode 'n dringende beroep op AP Kerk-lidmate om hul bydraes aan die Bybelgenootskap, indringend aan te pas sodat ons verseker kan wees dat die AP Kerk altyd 'n 1953-vertaling sal hê.***

(Ds JH Engelbrecht; oudl PR Jonker)

## 118. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR DIE ARGIEF, VIDEO'S EN FOTO'S (Bl. 218)

Voorgedra deur ds WM Grové

### 1. Personeel

Kennis geneem.

### 2. Vergaderings

Kennis geneem.

### 3. Vir kennisname.

#### 3.1 Geen geskikte lokaal

Kennis geneem.

#### 3.2 Brief met riglyne

Kennis geneem.

### 4. Lasgewing van hierdie Kommissie.

#### 4.1 Naam

Kennis geneem.

*Die volgende aanbeveling word goedgekeur:*

*Die naam is: Kommissie vir die Kerkargief.*

#### 4.2 Bewaring van argiefmateriaal.

Aanbeveling - kennis geneem.

#### 4.3 Opdrag 7

Kennis geneem.

*Die volgende aanbeveling word goedgekeur:*

***By die samestelling van die Kommissie word (1) kontinuïteit in gedagte gehou en (2) 'n vyfde lid, woonagtig in/by Pretoria benoem om as skakel op te tree vir die uitvoering van hierdie opdrag.***

### 5. Ander sake.

#### 5.1 en 5.2

Kennis geneem.

Die volgende verduideliking word by KO Bep. 4A gevoeg:

*1. Dooplidmaatregister*

*Dit is 'n alfabetiese register van alle dooplidmate van die gemeente. (Name word bygevoeg sodra nuwe babas gedoop is of wanneer nuwe dooplidmate in die gemeente opgeneem word. Name word geskrap wanneer dooplidmate met attestasie vertrek, gemeenskap verbreek, geloofsbelydenis aflê of afsterf.)*

*2. Doopregister*

*'n Alfabetiese register (met doopdatum daarby) van alle kinders aan wie die doop bedien word, dit wil sê ook ten opsigte van besoekers, met volledige vermelding van ouers se gegewens.*

*3. Kronologiese doopregister*

*Doopsbediening in datumvolgorde ten opsigte van alle kinders aan wie die doop bedien word, ook ten opsigte van besoekers.*

***(Die ouers se volle name kan desnoods ook, volledigheidshalwe, wéér bygevoeg word).***

Die volgende voorstelle word saam met punt 5.1, 5.2 en die verduideliking na die KKS verwys ten einde dit na te gaan en 'n verduideliking aan alle kerkrade te stuur:

***1. Die Sinode besluit om die saak van dooplidmaatregister en kronologiese doopregister weg te laat uit Bep. 4A.***

(Ds WM Grové; oudl AHP Louw).

***2. Dooplidmaatregister***

***"Die Sinode word versoek om opdrag te gee aan die Sentrale Kerkekommissie om 'n geskikte dooplidmaatregister te ontwerp, te laat druk en aan kerkrade beskikbaar te stel sodat kerkrade uitvoering kan gee aan KO Bepaling 4A".***

(Oudl CJ Pretorius; ds AD Jacobs)

## 6. Begroting

Kennis geneem.

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag in sy geheel.

Die Sinode verdaag vir tee om 10:35.
**Die Sinode hervat sy werksaamhede om 11:00.**

# CVO IN NUWE ONDERWYSBEDELING

Die volgende voorstel dien voor die vergadering en word goedgekeur:

***Christelik-Volkseie Onderwys in nuwe Onderwysbedeling***

***Uit die verslag van die SKK p. 230, punt 9 besluit die Sinode om aan die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding opdrag te gee om 'n brief aan die owerheid te rig oor die plek wat Christelik-Volkseie Onderwys in die nuwe Onderwysbedeling sal inneem. Die antwoord van die owerheid sal die AP Kerk in staat stel om 'n amptelike standpunt in te neem.***

(Oudl MJ Cornelius; ds SD Nel)

# 119. AD HOC-KOMMISSIE VOLKEREVERHOUDINGE, ENS. (Bl. 159)

Voorgedra deur prof R Marè.

## 1. Opdrag

Kennis geneem.

## 2. Personeel

Kennis geneem.

## 3. Vergaderings.

Voeg by "1991" ná "Junie" - Kennis geneem.

## 4. Begroting

Staan oor.

## 5. Resultaat

Kennis geneem.

## 6. Aanbevelings

***Aanbeveling gewysig goedgekeur:***

### 6.1 Persklaar

***Die Sinode dra dit aan die ad hoc-komitee op om die verslag, soos voorgelê aan die Sinode, na afloop van die Sinode so gou moontlik persklaar te maak met inagneming van alle gedagtes deur lede van die Sinode geopper.***

***Afgevaardigdes kan binne 30 dae na Sinode kommentaar lewer vir oorweging deur die Kommissie.***

### 6.2 Aanbeveling goedgekeur:

***Publikasie***

***Die Sinode dra dit aan die ad hoc-komitee op om die persklaar verslag aan die Publikasiekomitee te besorg vir publisering en verspreiding.***

### 6.3 Aanbeveling goedgekeur:

***Titel***

***Die Sinode dra dit aan die ad hoc-komitee op om 'n gepaste titel vir die verslag as 'n stuk APK-besinning oor Wêreld, Mens en Kerk vandag, te voorsien.***

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***1. Titel***

***As moontlike titel word voorgestel:***

***Die Bybelse besinning en interpretasie van die APK oor die Kerk, die volkseie, die owerheid en die mens en medemens.***

***2. Aanvaarding as amptelike stuk***

***Die Sinode besluit dat dit na redigering aanvaar word as amptelike stuk.***

(Dr CI van Heerden; oudl JJ Brits)

### 6.4 Aanbeveling goedgekeur:

***Die Sinode besluit dat die ad hoc-komitee opdrag kry om as Tydelike Kommissie vir Volkereverhouding te dien in geval die Sinode sekere sake vir besinning en aanbeveling tydens die sitting na hom verwys.***

Die volgende beswaar word aangeteken:

"Die ad hoc-kommissie vir Volkereverhouding ens. se studiestuk bevat sekere gegewens oor die OT waarmee ek my nie vereenselwig nie. Ek wil my naam daarteen laat aanteken dat die stuk as amptelike stuk van die APK beskou word.

(Dr E Friis)

NS. Dit sal ter geleëner tyd aan u uitgewys word, al is dit in 'n gesprek."

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***Die Sinode besluit om die ad hoc-kommissie te versoek om 'n studie te maak van wat die vredestaak van die Kerk is en watter implikasies dit vir sy rol in die samelewing het.***

(Dr CI van Heerden; oudl JJ Brits)

## 7. Slot

Kennis geneem.

Die volgende mosie van dank word aanvaar:

***Die Sinode spreek sy dank uit vir die groot werk wat gedoen is met die studiestuk oor volkereverhoudinge deur die betrokke ad hoc-kommissie.***

(Di NJ Rautenbach; JJJ Roodt)

### Beskrywingspunt

Die beskrywingspunt 4.8 op bl. 98 word verwys na die ad hoc-kommissie om deeglik daaraan aandag te gee vir sover die saak nog nie in die verslag gedek is nie.

# 120. SKK-VERSLAG (VERVOLG) (BL. 230)

## 1.3 Vroueaksie

Kennis geneem. Die verslag van die ad hoc-kommissie word in behandeling geneem.

## 121. VERSLAG: AD HOC-KOMMISSIE BESTAANDE UIT LEDE VAN DIE KKS, KKEN, SKK EN DIE VROUEAKSIE (P. 238) - Voorgedra deur ds IA Brink

### 1. VIR KENNISNAME

Kennis geneem.

### 2. AANBEVELINGS

***2.1 Goedgekeur:***

***Die Sinode neem Bylae VA.A in behandeling as 'n voorstel oor hoe die vroue landswyd gekoördineerd kan optree.***

***2.2 Goedgekeur:***

***Die Sinode neem Bylae VA.B in behandeling as 'n voorstel oor hoe die vroue landswyd gekoördineerd kan optree.***

Die volgende voorstel word nie goedgekeur nie:

Die Sinode besluit om die strukturering van die Vroueaksie soos in Bylae VA.A uiteengesit te aanvaar as die riglyn vir die Vroueaksie. Veranderinge om die praktiese funksionering vaartbelyn te maak word na die betrokke Sinodale Kommissie verwys.

(Di IA Brink; MC Adendorff).

Die volgende persone versoek dat aangeteken word dat hulle in die minderheid gestem het.

Diak HH Wentzel; ds OD Scheuer.

***Die amendement word wel goedgekeur:***

***Die Sinode besluit dat die verslag onder name van di. JA du Plessis, JJ Venter en Oudl. PR Pretorius, Bylae VA.B, aanvaar word as die wyse van werksaamhede van die Vroueaksie.***

(Ds JA du Plessis; oudl. PR Pretorius)

(Die besluite oor die Vroue-Aksie soos finaal geformuleer word onder punt 157.3 aangebied.)

**Die bespreking word onderbreek vir etlike afkondigings.**
**Die vergadering verdaag vir middagete om 13:00 nadat oudl. Frik le Roux 'n tafelgebed gedoen het.**
**Die Sinode hervat sy werksaamhede om 14:00 na samesang gelei deur ds DR Schwartz.**

## 122. MOSIES

### 122.1 Meegevoel

Meegevoel word betuig met dr HJ Smith wie se swaer gisteraand oorlede is.

### 122.2 Vroue-Aksie

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***Voorstel na aanleiding van Sinodebesluit ten opsigte van die Vroueaksie se landswye koördinering:***

***Die besluit rakende die organisasie van die Vroueaksie (Bylae VA.B) word na die Permanente KKS verwys om so spoedig moontlik aan Kerkrade en Ringe die praktiese implikasie daarvan uit te spel ten opsigte van die beoogde kongres van die Vroueaksie te Kroonstad op 15-17 Oktober 1991.***

(Ds DJ Malan; oudl JO Oosthuizen)

### 122.3 Aksie Morele Standaarde

#### 122.3.1 Bankkollekte

Die volgende voorstel word nie goedgekeur nie:

Die Sinode gee toestemming om 'n bankkollekte onder sinodegangers op te neem ten bate van Aksie Morele Standaarde en mnr Eddie van Zyl, om ons daarmee te vereenselwig met die groot werk wat hulle doen.

(Oudl OA Carlson; ds JAC Erasmus)

**122.3.2 Persoonlike Bydraes**

*Die volgende voorstel word goedgekeur:*

*Daar word geen kollekte ter Sinode opgeneem ter ondersteuning van hierdie organisasie nie, maar die adres van Aksie Morele Standaarde word aan elke sinodeganger voorsien sodat elke afgevaardigde wat in sy hart so voel, 'n persoonlike bydrae direk aan die organisasie kan stuur:*
*Lotterweg 6, Valhalla 0182.*

(Di JJ Venter; JH van der Walt)

# 123. SKK VERSLAG (VERVOLG) - bl. 230

## 14. Toelating van leraars

Staan oor tot ná behandeling van punt 15.

## 15. Voortbestaan die die SKK

Kennis geneem.

**15.1 Meerderheidsaanbeveling:**

Nie goedgekeur nie.

Motivering - kennis geneem.

***15.2 Minderheidsaanbeveling goedgekeur:***

*Die Sinode het op sy eerste vergadering 'n Sentrale Kerkekommissie in die lewe geroep wat verteenwoordigend is van die Sinode self en van plaaslike kerke streeksgewys. Die Sinode het sedertdien van vergadering tot vergadering verslag aangehoor van die SKK en opdragte aan die SKK gegee. Die Sinode het ook aan die SKK besondere lasgewing gegee wat by geen ander Kommissie tuishoort nie. Daarmee het die Sinode getoon dat hy vir die SKK 'n besondere staanplek en funksie sien. Die Sinode is tevrede met so 'n Kommissie soos die SKK en handhaaf die SKK.*

## 14. Toelating van Leraars - kennis geneem. (Bl. 230)

**14.1 (Foutiewelik 15.1 in Sakelys).**

*Meerderheidsvoorstel goedgekeur asook die volgende amendement:*

*Vervang "moet ook soos enige ander persoon wat om status aansoek doen", met "moet ook".*

(Di IA Brink; AS van Jaarsveld)

*Die Sinode besluit dat alle statustoekenning gedoen word deur die Kuratorium alleen. Leraars wat met status van ander kerke na die APK oorkom, moet ook by die Kuratorium aansoek doen.*

**14.2 Minderheidsvoorstel:**

Nie goedgekeur nie.

Mosie van dank goedgekeur i.s. punt 14 (Minderheidsvoorstel), p. 231:

*Die Sinode betuig sy hartlike dank en waardering vir die verantwoordelike wyse waarop die SKK oor die afgelope jare die toelating van leraars vanuit ander kerkverbande behartig het.*

(Prof R Marè; ds DR Schwartz)

# VERLOFAANSOEKE

Die volgende dringende verlofaansoeke word goedgekeur:

| NAAM | GEMEENTE | TYD | DATUM |
|---|---|---|---|
| Ds P v Rensburg | Gordonia | 16:00-einde | 20.9.91 |
| Oudl GJ Marais | " | " | " |
| Oudl MJ Bornman | Prieska-Fontein | " | " |

## 16. Vaartbelynde Kommissievergaderings (bl. 232)

Kennis geneem.

*16.1 Aanbeveling goedgekeur en verwys na KKS ("Buger" moet wees "Burger" en "vaartbelydende" moet wees "vaartbelynde"):*

*Die Sinode verwys die voorlegging van dr AG Burger rakende "Vaartbelynde Kommissievergaderings" na alle permanente sinodale kommissies vir kommentaar, en gee opdrag aan 'n spesifieke kommissie om 'n samevattende verslag daaroor aan 'n volgende Sinode voor te lê.*

## 17. Kennisgewing ivm Sinodesitting

Afgehandel.

## 18. Slot

Kennis geneem.

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag in sy geheel.

# 124. VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR RADIO- EN TV-UITSENDINGS - VOORGEDRA DEUR DS DR SCHWARTZ (Bl. 20)

## 1. Lede van Komitee

Kennis geneem.

## 2. Opdragte

Kennis geneem.

## 3. Uitvoering van opdragte

3.1-3.3 Kennis geneem.

*Voorstel i.s. SAUK - Radio en Televisie goedgekeur:*

*Die Sinode versoek die SAUK dringend om, gesien in die lig daarvan dat preekbeurte op radio en televisie aan klein onafhanklike een-man-Pinkster-kerke (soos bv. die Rhema Bible Church, die Pretoria Christian Community Church - Hatfield Baptiste e.a.) gegee word, konsekwent te wees in sy optrede en ook die Afrikaanse Protestantse Kerk sy regmatige preekbeurte oor die radio en televisie te gee.*

Motivering: Dit is goed bekend dat die onafhanklike Pinksterkerke (ook soms genoem die charismatiese kerke) sedert 1985 in 'n losse federasie geaffilieer is bekend as die IFCC (International Fellowship of Christian Churches). Hierdie Fellowship of broederskap is egter bloot kosmeties van aard ten einde aan die groot getal onafhanklike pinksterkerke 'n sterker stem te gee. Hierdie fellowship is nie vergelykbaar met 'n Sinode of meerdere kerklike vergadering nie omdat elke onafhanklike Pinksterkerkie volkome selfstandig en onafhanklik is, elkeen sy eie gang gaan, en geen bindende besluite kan neem nie.

(Ds NJ Rautenbach; dr GJJ Labuschagne)

### 3.4 Groepering saam met Ned. Herv. Kerk

Kennis geneem.

### 3.5 Amerikaanse Netwerk

Kennis geneem.

### 3.6 Video- en klankkassetbank

Kennis geneem.

### 3.7 Kerkraadskursus

Kennis geneem met dank.

## 4. Aanbeveling goedgekeur:

*Die Sinode keur die optrede van die Komitee vir Radio en TV-uitsendings goed en kontinueer die opdragte van die vorige Sinode.*

## 5. Slot

Kennis geneem.

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag in sy geheel.

## 125. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR FINANSIES (vervolg) VOORGEDRA DEUR DS CF SWART (BL. 205)

## 3. Begroting 1992

### 3.1 Oorsig

3.1.1 Beginsel - kennis geneem.

***3.1.2 Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode spreek sy innige dank uit:***

**** 1. teenoor die Koning van die kerk wat die geldelike middele aan lidmate en gemeentes voorsien het;***

**** 2. teenoor die lidmate wat met soveel blymoedigheid en toewyding hulle dankoffers aan die Here gewy het;***

**** 3. teenoor die kerkrade en gemeentes wat so getrou die oorbetalings aan die kantoor gedoen het;***

**** 4. teenoor die personeel wat steeds die boekhouding met soveel sorg en getrouheid hanteer.***

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***Die Sinode spreek sy innige dank uit: Teenoor alle leraars wat getrou hulle tiendes gee.***

(Oudl SB Treurnicht; oudl FJ Burger)

### 3.2 Beraamde ontvangste vir 1992.

3.2.1 20% styging - kennis geneem.

***3.2.2 Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode besluit om te begroot vir 'n syfer van R2400 000 as kontantontvangste uit gemeentes, sodat die uitgawe vir 1992 ook op R2400 000 beraam kan word.***

### 3.3 Beraamde uitgawes.

3.3.1 Opmerkings.

3.3.1.1 tot 3.4.1.4 - kennis geneem. 3.4.1.4 moet wees 3.3.l.4.

3.3.1.4 Enkele syfers word reggestel in die tabel.

- Laaste kolom: Totaal
- Kommissies R139 500
- Reserwefonds R30 500

3.3.3 Opmerkings

3.3.3.1 tot 3.3.3.14 - kennis geneem. "26 Junie" in 3.3.3.13 moet wees "27 Junie".

***3.3.3.15 Aanbeveling goedgekeur:***

***Begroting van kommissies:***

***Die Sinode dra dit op aan elke Kommissie om nie later nie as die end van Mei elke jaar sy begroting aan die Kerkkantoor te besorg vir deurgee na die Finansiële Kommissie.***

By 2e punt 3.3.3.22 en verder word die numerering reggestel: 3.3.3.24 tot 3.3.3.26.

3.3.3.16 tot 3.3.3.22 - Kennis geneem.

3.3.3.23 - Aanbeveling - Kennis geneem.

3.3.3.24 - 3.3.3.26 - Kennis geneem.

## DIE "NETTE" VAN DIE STOEL

Kennis geneem:

Prof Lubbe - Regeer net
Prof Van Staden - Raas net
ds Van Jaarsveld - keer net
ds Adendorff - skryf net
ds Brink - kou net
Die Sinode - sit net.

**Die Sinode verdaag om 16:00 vir koffie. Die Sinode hervat sy werksaamhede om 16:30.**

## MAJ JONKER SA POLISIE EN RUSTENBURGKERKEBERAAD

*Die volgende voorstelle word goedgekeur:*

***1. Die Sinode neem met ontsteltenis kennis van die bewering dat maj Jonker nie meer toegelaat word om groepe/mense oor "Satanisme" toe te spreek nie en versoek die SKK om 'n skrywe aan die betrokke minister te rig en 'n verduideliking te vra. Hierdie brief sowel as die antwoord daarop moet in "Die Boodskapper" gepubliseer word.***

(Di AE van den Berg; A Boshoff)

***2. Die Sinode besluit dat die AP kerkverband hom distansieer van die "Rustenburgse skuldbelydenis" omdat hierdie "skuldbelydenis" nie te regverdig is op Bybelse, Christelik-etiese norme nie. Die Rustenburgberaad en die "Rustenburgse skuldbelydenis" maak die Kerk van Jesus Christus diensbaar aan die partypolitiek. Daardeur word die Kerk se profetiese roeping in hierdie veelbewoë tydsgewrig ernstig benadeel.***

***Die Sinode doen 'n beroep op alle Christengelowiges om hulle teenoor die Woord van God te verantwoord, in biddende afhanklikheid van die leiding deur die Heilige Gees, met betrekking tot hulle verhouding tot God en hulle medemense.***

(Di PK Roodt; JJ (Jurie) Venter)

Die volgende amendement word nie goedgekeur nie:

Ons vra dat in plaas van "politiek" ingevoeg word: "marxisme".

(Oudl H van Rooyen; dr JH Ellis)

## 126. VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR FINANSIES (VERVOLG) (Bl. 209)

3.3.4 Aanbevelings

1. Dank vir produkte - afgehandel.

2. Aankoop van eiendom:

***Aanbeveling goedgekeur:***

***Indien 'n moontlike aankoop van eiendom drastiese veranderings in die begrote bedrae nodig maak, word dit aan die BRKA en Finansiële Kommissie opgedra om daaraan aandag te gee.***

3. Reserwefonds:

***Aanbeveling goedgekeur met wysiging:***

***Verander "helfte" na "1/12"; "R80 500" word R30 500".***

***Die Sinode besluit om vir 1992 nie te begroot vir die volle som as oorbetaling in die reserwefonds nie (d.w.s 'n bedrag gelykstaande aan een-twaalfde van die gemeente-inbetalings), maar wel vir R30 500.***

4. Uitgawebegroting

***Aanbeveling goedgekeur:***

***Die Sinode keur die beraamde uitgawe vir 1992, soos onder punt 3.2.2 aanbeveel, goed.***

## 4. Slot

Kennis geneem.

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag in geheel.

## 127. ADDENDUMVERSLAG VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE WORD DEUR DS DR SCHWARTZ VOORGEDRA (P. 222)

**Die Sinode konstitueer as RKA.**

Punt 9 Agterstallige 15% bydraes van gemeentes

Hiermee saam word 6.2.2 behandel op bl. 31 (Rente).

Advies van die Aktuarius i/s bl. 31 pt. 6.2.2 en bl. 222 pt. 9:

1. Sover ek kon vasstel, het die Sinode nog nie enige besluit geneem oor die heffing van 15% rente op agterstallige 15% bydraes nie.

2. kragtens die Reglement vir die BRKA pt. 6.5.8.2 is alleen die volgende met betrekking tot hierdie saak aan die BRKA toegesê nl.

"Die BRKA *vorder* sodanige gelde in as wat kragtens *besluite van die Sinode* deur die kerke in kerkverband verskuldig is".

3. Gevolgtrekking

1. Die BRKA moet eers na die Sinode kom vir 'n besluit oor die heffing van rente op agterstallige bydraes.

(Die Aktuarius, ds AS van Jaarsveld)

Die volgende voorstel word nie goedgekeur nie:

Gee alle agterstallige gemeentes geleentheid tot 31 Maart 1992 om bedrae te vereffen, daarna word agterstallige bedrae met 15% en nie bankkoers nie, aangeslaan.

(Oudle SG Greyling; LF van Schalkwyk)

***Die volgende amendement word goedgekeur:***

***Die Sinode besluit om gemeentes wat agterstallig is deur die Ring aan te spreek om hulle 15% verantwoordelikheid na te kom.***

(Ds PK Roodt; oudl J van Veer)

**Die vergadering konstitueer as Sinode.**

## 128. PERSVERKLARING L4

Die Persverklaring vir Vrydag 20 September word aan die vergadering voorgedra deur ds JB Trollip.

Die verklaring word goedgekeur nadat "groot konsentrasies van" uitgelaat word in die tweede paragraaf. Voeg by paragraaf een "Karoo en Natal".

Verander paragraaf een "van boere" na "wat boere gely het".

Verander "gevorde" na "mees gevorderde".

## 129. NOMINASIES VIR 5 LEDE VAN SKK

Die volgende nominasies word ontvang:

Ds MC Adendorff, Ds JN Joubert, Ds J Cronjé, Ds PK Roodt, Ds IA Brink, Ds AJ Taute, Prof WJG Lubbe, Ds JAC Erasmus, Prof FAH v Staden, Oudl A Pienaar, Ds Jurie J Venter, Prof R Marè, Ds DR Schwartz, Oudl TW Bartleman, Ds JJ vd Linde, Oudl FJ du Plessis, Ds GG le Roux, Ds LD Pienaar, Ds Adam Boshoff, Oudl BJM Rossouw, Ds NJ Rautenbach, Dr WA Burger, Dr CI van Heerden, Oudl GC Gouws, Prof HCG Robbertze, Dr MFM Pretorius, Prof HS Theron, Ds AP Viljoen, Ds A (Attie) Boshoff, Ds DJ Malan, Ds MP Taute, Ds JJJ Roodt, Oudl SB Treurnicht, Oudl J Maritz, Ds AS van Jaarsveld, Oudl PR Pretorius, Dr JH Ellis, Oudl T Ludick, Oudl H vd Merwe, Oudl S v Rensburg, Ds (JJ) Kosie Venter, Ds P van Zyl, Oudl K Roode, Ds MJ Hartzenberg, Oudl G Bosman, Oudl H v d Merwe, Oudl WLV Fick, Ds JD vd Merwe, Oudl HCG Bester, Ds JN Joubert, Oudl JO Oosthuizen, Dr E Friis, Dr EM Viljoen, Ds AE van den Berg, Oudl D vd Merwe, Ds JA du Plessis, Oudl C Joubert, Ds WJ van der Merwe, Oudl Koos de Wet, Ds JH van der Walt, Ds JA du Plessis, Ds JP Bezuidenhout, Dr HJ Smith, Oudl PS Kruger, Ds PR Jonker, Oudl Jac du Plessis, Oudl J du Plessis, Oudl GF du Plessis, Oudl AGS Gous, Oudl S de Villiers, Oudl MJ Cornelius, Oudl AHP Louw.

## 130. NOTULE

Die notule vanaf bl. 65 word aan die orde gestel.

- Bl. 65-67 goedgekeur.
- p. 68 "Keiter" word "Keyter". Voeg in: voorletters van ds JD Maloney - goedgekeur.
- p. 69-71 - goedgekeur.
- p. 72 - Voeg in "goedgekeur" na ordemosie - goedgekeur.
- p. 73, 5.7 - Voeg in strepie tussen 5.1 en 5.6 - goedgekeur.
- p. 74-76 - goedgekeur.
- p. 77 - 4.1.2.3. Die Sinode besluit om indien net blote advies ter sprake is, die kwessie van Studentebearbeiding te verwys na die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig - goedgekeur.
- p. 78-93 - goedgekeur.
- p. 94, paragraaf 3 - voeg by "Goedgekeur" na voorstel - goedgekeur.
- p.95-100 - goedgekeur.

## 131. BERAAMDE MOTORKOSTE

Loopkoste oor 4 jaar - word uitgedeel - kennis geneem.

## 132. EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKSANG EN -MUSIEK O1.

Die verslag is nie ontvanklik nie - goedgekeur.

## 133. EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE P1.

Kennis geneem van die hele verslag.

## 134. TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE P.2 WORD AAN DIE ORDE GESTEL EN DEUR DS CJJ VAN RENSBURG VOORGEDRA

### 1. Vir kennisname.

**1.1 Kennisname.**

### 2. Naamlys vir Permanente Kommissie.

2.1 DJ Malan moet lees DJ (Danie) Malan. "Primarri" word "Primarii".

2.2 Kennis geneem.

### 3. Sake na TKSE verwys.

**3.1 Kennis geneem.**

3.1.1 Kennis geneem.

3.1.2 Afgehandel.

3.1.3 Aanbevelings.

***3.1.3.1 Goedgekeur:***
***Die besluit dat elke sinodeganger op hoogte behoort te wees van die inhoud van die genoemde traktaatjie voordat enige gevolgtrekking gemaak kan word.***

3.1.3.2 Kennis geneem - Verwys na PKKEN en staak die verspreiding.

3.1.3.3 (Foutiewelik 3.1.3.2 in verslag) Kennis geneem.

3.1.4 Motivering.

3.1.4.1-3.1.4.4 - Kennis geneem.

3.1.4.5 - Afgehandel.

***Die volgende voorstel word goedgekeur:***

***Traktaatjie***
***Die Sinode besluit om die betrokke traktaat, "Onthou ... u afspraak", na die PKKEN vir studie en beoordeling ten opsigte van die regsinnigheid daarvan, te verwys.***

***Intussen word die traktaat aan verspreiding onttrek.***

(Prof R Marè; ds DR Schwartz)

## 135. BEDANKING : LIDMATE VAN VERWOERDBURG

Die Ondervoorsitter bedank die lidmate van APK Verwoerdburg vir die etes van die hele dag. Hy bedank ook die persone wat die diens gister verrig het.

Die vergadering verdaag vir aandete om 18:35 nadat oudl L Naude die tafelgebed gedoen het.

## NAGMAAL

Om 19:30 neem die Sinode deel aan die Heilige Nagmaal saam met die plaaslike gemeente, APK Pretoria-Oos.

# SESDE SITTINGSDAG: 21 SEPTEMBER 1991, 08:00

Samesang word gelei deur ds JH Theron.

## 136. OPENING OM 08:00

Die bidstond word gelei deur oudl SB Treurnicht. Hy laat Ps. 105:1 en 2 sing, doen 'n gebed en lees II Kron. 20:1-18. Na enkele gebede word Ges. 167:1 en 2 gesing.

## 137. DANKWOORD

Ds MC Adendorff spreek 'n dankwoord teenoor ds NJ Rautenbach en die Kerkraad van die APK Pretoria-Oos vir die Nagmaal, die bediening en die boodskap. Dit was 'n geseënde byeenkoms waaroor ons baie dankbaar is.

## 138. PERSONEELWYSIGINGS

- Diak Frederik Willem Coenraad Buitendag van die APK Warmbad vervang diak SHJ van Rensburg.
- Diak Matheus Gerhardus Christie Pretorius van Lydenburg vervang diak JA van der Westhuizen.
- Diak Wilhelm André Schwartz van Hartbeespoort vervang oudl. OMJ van Heerden.

## 139. VERSLAG VERLOFKOMMISSIE

Die volgende verlofaansoeke word goedgekeur:

| NAAM | GEMEENTE | TYD | DATUM |
|---|---|---|---|
| Oudl CC Oosthuizen | Carolina | 07:30-einde | 21.9.91 |
| Ds JH Engelbrecht | Bethlehem | " | " |
| Diak Frans Grimbeeck | Sanddrif | " | " |

## 140. DIVERSE SAKE

### 140.1 VERKIESING VAN SKK (I)

Die Voorsitter gee aan die vergadering geleentheid om te stem vir die lede van die SKK.

### 140.2 Voorstel i/s sentrale Sendingfonds

Die volgende voorstel word ontvang, maar nie goedgekeur nie:

Die Sinode besluit om 'n sentrale Sendingfonds in die lewe te roep, waartoe lidmate en kerkrade vrywillig kan bydra, met dien verstande dat:

i) dit geadministreer word deur die Sending en Evangelisasie Kommissie met advies van die Finansiële Kommissie.

ii) die bekendstelling hiervan sal plaasvind in "Die Boodskapper" op 'n gereelde grondslag.

iii) indien al sodanige fondse nie deur eie Sending aktiwiteite van die Afrikaanse Protestantse Kerk gebruik word nie, sodanige balanse dan aan die einde van die finansiële jaar gekanaliseer word na goedgekeurde sendingorganisasies. (Ds J Cronjé; ds JJJ Roodt)

## 140.3 Amendement i/s Sendingopdrag

*Die volgende amendement word goedgekeur:*

***Die Sinode besluit: Omdat die AP Kerk kerk van Jesus Christus is en Gereformeerde Kerk is, herbevestig die Sinode dat gehoorsaamheid aan die laaste opdrag van Jesus Christus moet uitgaan van en onder toesig van die plaaslike kerkraad.***

***Die Sinode gee opdrag aan die Sendingkommissie om te besin oor die wyse waarop die sendingopdrag deur die plaaslike gemeente uitgevoer kan word.***

(Ds PK Roodt; oudl MJ Cornelius)

## 140.4 Voorstel i/s plek van sinodesitting

*Die volgende voorstel dien voor die vergadering en word goedgekeur:*

***Die Sinode vra die SKK om dit ernstig te oorweeg om die volgende sinodesitting te reël op 'n plek nader aan die Suide, (t.w. Bloemfontein) ter wille van die mense uit die Suide wat vir alle sinodesittings tot dusver baie ver noord moes ry.***

(Di PR Jonker; JAC Erasmus)

## 140.5 Feitelike korrektheid van beskrywingspunte

*Die volgende voorstel dien voor die vergadering en word goedgekeur:*

(Na aanleiding van die Verslag van die Kommissie vir Bybelvertaling p. 119 pt. 6 en Aanbeveling 2)

***Die Sinode doen 'n dringende beroep op insenders van beskrywingspunte om absoluut seker te maak van hul feite wanneer hulle hul beskrywingspunte motiveer, bv. aanduiding van bronne e.d.m.***

(Ds DJ Malan; diak GL Jonker)

# 141. VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE VIR SAMESTELLING VAN PERMANENTE KOMMISSIES (N1)

Ds JM Rheeder hou die verslag voor.

## 1. Personeel

Kennis geneem.

## 2. Aanbevelings

*Die kommissies word soos volg gewysig goedgekeur:*

### 2.1 Finansiële Kommissie

2.1.1 Primarii

Di CF Swart (sameroeper), LD Pienaar, Oudle BJM Rossouw, JS Campher, PJJ Kichenbrand, diak PJ Uys, ds AJ Taute.

2.1.2 Sekundi

Ds JH Engelbrecht, oudle PC Wentzel, JJ Wagner.

### 2.2 Kommissie vir Kapelaansdienste

2.2.1 Primarii

Di RMJ Britz (sameroeper), PA van Zyl, MJ Hartzenberg, oudle DJ Visser, JL du Preez, oudl SG Greyling.

2.2.2 Sekundi

Oudle. WH Burger, WF Bruwer, RL van Tonder, ds JP Bezuidenhout

Wenk: Koöpteer ds CD Koen.

### 2.3 Kommissie vir Kerksang en -Musiek

Primarii

Di NJ Rautenbach (sameroeper), GG le Roux, JD van der Merwe, JH Theron, JJ (Koos) Venter, CD Koen, RW Louw, JG van Staden.

Sekundi

Ds DJ (Danie) Malan, diak F Swanepoel, ds DR Schwartz.

## 2.4 Kommissie vir Onderwys en Opvoeding

2.4.1 Primarii

Dr HJ Smith (sameroeper), di RW Louw, JH van Vuuren, JN Joubert, oudle CC Joubert, EH Haynes, diak FJ van Rensburg.

2.4.2 Gekoöpteerde lede

Prof A Swart, dr JA Scholtz.

2.4.3 Sekundi

Ds AS van Staden, oudl FM van der Merwe.

Wenk: Koöpteer oudl. T le Roux, prof TL Verster.

## 2.5 Kommissie vir Barmhartigheidsdiens

2.5.1 Primarii

Di. AE van den Berg (sameroeper), JM Rheeder, NRJ van Zyl, JAC Erasmus, oudle AGS Gous, CJ Taljaard.

2.5.2 Sekundi

Di JJ van der Linde, WF Liebenberg, diak E Serfontein.

## 2.6 Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme

2.6.1 Primarii

Ds MP Taute (sameroeper), ds JA Jacobs, oudle MJ Cornelius, JF du Plessis, TW Bartleman, DG van der Merwe.

2.6.2 Sekundi

Di PR Jonker, Attie Boshoff.

Wenk: Koöpteer ds G Smit, prof R Marè.

## 2.7 Kuratorium

2.7.1 Primarii

Dr CI van Heerden, ds JH van der Walt, drr JH Ellis, MFM Pretorius, di JP Bezuidenhout, NJ Rautenbach, IA Brink, JN Joubert, JH Theron, MC Adendorff, Adam Boshoff (sameroeper).

Wenk: Koöpteer ds AS van Jaarsveld.

2.7.2 Sekundi

Drr GJJ Labuschagne, WA Burger, di AJ Taute, DR Schwartz, dr E Friis.

## 2.8 Jeugkommissie

2.8.1 Primarii

Di AP Viljoen (sameroeper), NJ Groenewald, P van Rensburg, PG Stans, SD Nel, dr JH Ellis, oudle WC Jones, AS Schutte.

2.8.2 Sekundi

Ds A du Plessis, oudle IP Claasen, DG van der Merwe, PJ Engelbrecht.

## 2.9 Kommissie vir Formuliere en Liturgie

2.9.1 Primarii

Di JH van der Walt (sameroeper), L Skein, JHE Adams, G Smit, JJ (Jurie) Venter.

2.9.2 Sekundi

Di DJ (Danie) Malan, J de Jager.

## 2.10 Kommissie vir Kerkregtelike Sake

2.10.1 Primarii

Di AS van Jaarsveld (sameroeper), PK Roodt, JA du Plessis, PA van Zyl, L de Waal, IP du Preez, dr. EM Viljoen, oudle AJ Pienaar, CN Coetzee, prof R Marè, ds MJ Hartzenberg, ds G Smit.

Adviseur: Prof FAH van Staden.

2.10.2 Sekundi

Oudle JF du Plessis, PR Pretorius, dr MFM Pretorius.

### 2.11 Kommissie vir Sending en Evangelisasie

2.11.1 Primarii

Di CJJ van Rensburg (sameroeper), RMJ Britz, JJJ Roodt, JM Cronjé, oudle DPJ Botes, L Wiid, CH Groenewald, ds. DJ (Dirk) Malan.

2.11.2 Sekundi

Dr CI van Heerden.

### 2.12 Kommissie vir Gemeentelike Bediening

2.12.1 Primarii

Di JP Bezuidenhout (sameroeper), WA Jooste, RJH Pottas, oudle JN de Wet, GJ Maartens, GC Cruywagen, JE Helmbold.

2.12.2 Sekundi

Drr WA Burger, GJJ Labuschagne, oudle GJ Swart, OA Carlson.

### 2.13 Kommissie vir Bybelvertaling

2.13.1 Ou Testament

Prof HCG Robbertze, dr E Friis, di MJ Eilers, JH van der Walt, (J Breytenbach, reisende leraar), DR Schwartz.

2.13.2 Nuwe Testament

Proff WJG Lubbe, HS Theron, R Marè, FAH van Staden, dr EM Viljoen, ds S Botes (sameroeper).

### 2.14 Kommissie vir Argief

2.14.1 Primarii

Di WM Grové (sameroeper), AP Boshoff, oudle GC Gouws, AHP Louw.

2.14.2 Gekoöpteer

Br AJ van der Nest.

2.14.3 Sekundus

Ds JJ Jacobs.

***Die volgende voorstel word goedgekeur en verwys na die KKS:***

***Rasionalisasie van Sinodale Kommissies***

***Die Sinode gee opdrag aan die KKS om 'n studie te maak en die Sinode te adviseer oor die rasionalisasie van Sinodale Kommissies, gesien vanuit die Kerkorde en lasgewings van die Kommissies: dit sluit in die aantal Kommissies; die grootte van Kommissies; die frekwensie van vergaderings.***

(Dr CI van Heerden; prof FAH van Staden)

## 3. Slot

Kennis geneem.

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag in sy geheel.

# 142. VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG C1

## 1. Konstituering

Kennis geneem.

PRESENSIE

Verander "Deane" na "Deale"
Verander "Keetmanskoop" na "Keetmanshoop"
Voeg by oudl LT van Schalkwyk: "Wesselsbron"
Verander "Eirle" na "Irle".

## 2. Verkiesing

Kennis geneem.

## 3. Lede van die Permanente Kommissie

Kennis geneem.

## 4. Deur die Sinode verwys

*Die volgende aanbevelings word goedgekeur:*
*Die Sinode versoek*

*4.1.1 Kerkrade, Ringe, Ringsgroepe om dringend aandag te gee aan die organiseer van Skoolverlaters- en Skoolverwisselingskampe.*

*4.1.2 Die Permanente Jeugkommissie om o.l.v. dr JH Ellis 'n handleiding daar te stel wat deur Kerkrade, Ringe en Ringsgroepe gebruik kan word met die reël van sodanige kampe.*

*4.1.3 Die Permanente Jeugkommissie om 'n naambank van kundige en belangstellende leraars daar te stel wat genader kan word om te help met sodanige kampe.*

*4.1.4 Predikante en ander belangstellendes om met die Voorsitter van die Permanente Kommissie vir Jeug- en Verbondsonderrig te skakel sodat sodanige naambank daar gestel kan word.*

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag in sy geheel.

# 143. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIES VIR KERKREGTELIKE SAKE (TKKS) A1

Kennis word van die hele verslag geneem.

# 144. TWEEDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (TKKS) A2

Die verslag word aan die orde gestel.

## 1. Vir kennisname

1.1 tot 1.2.8: Kennis geneem.

## 2. Vir die aandag van die Sinode

2.1 Kennis geneem.

*2.1.1 Aanbeveling goedgekeur:*

*Die Sinode keur die beskrywingspunt van die Ring van Vereeniging (verskille/geskille) nie goed nie. Die besluit word na die PKKS vir studie verwys.*

2.1.2 Motivering

2.1.2.1 tot 2.1.2.3 - Kennis geneem. "deursigtigheid" in 2.1.2.3 moet lees "omsigtigheid".

### 2.2 Naamlys van lede vir die PKKS

Afgehandel onder item 141.

### 2.3 Sinodale kommissie vir Appèl

*2.3.1 Aanbeveling goedgekeur:*

*Die Sinode keur nie die beskrywingspunt van die Ring van Vereeniging (Sinodale Kommissie vir Appèl) goed nie.*

2.3.2 Motivering

Goedgekeur en verwys na die PKKS:

*2.3.2.1 Ingevolge art. 31 en Bepaling 58B KO kan slegs kerklike vergaderings t.w. die Ring of Sinode appèlle hanteer terwyl kommissies hoogstens die betrokke vergadering van advies mag bedien.*

*2.3.2.2 Die lasgewing van die Sinode aan die PKKS bepaal dat die KKS die Sinode van advies moet bedien by die hantering van appèlle en kondoneringsake (KO p. 82 pt. 2)*

### 2.4 Ondertekening van Kommissieverslae

*2.4.1 Aanbeveling goedgekeur:*

*Ooreenkomstig die Skrifbeginsel in Mt. 18:19 moet minstens twee lede 'n verslag onderteken. Die twee lede moet verkieslik*

*die persone wees wat onderskeidelik as Voorsitter en Skriba by die betrokke vergadering opgetree het.*

### 2.5 Appèl dr AG Burger

*2.5.1 Aanbeveling goedgekeur:*

*Die appèl is nie ontvanklik vir die Sinode nie.*

2.5.2 Motivering

2.5.2.1 tot 2.5.2.5 - Kennis geneem.

### 2.6 Wysiging van art. 39 KO t.o.v. die frekwensie van sinodale vergaderings

2.6.1 Afgehandel.

### 2.7 Konsepreglement: Willie Lubbe Teologiese Studiefonds

*2.7.1 Aanbeveling goedgekeur:*

*Punt 6.9.3(c) word in opdrag van die Sinode geskrap en die restant word na oudl AJ Pienaar verwys om in oorleg met ds IA Brink die reglement te redigeer.*

### 2.8 Beskrywingspunt: Ring van Suidkus i/s wysiging van Bep. 37.1 KO

*2.8.1 Aanbeveling goedgekeur:*

*Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.*

2.8.2 Motivering - Kennis geneem.

## 3. Afsluiting

Kennis geneem.

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag in sy geheel.

## 145. DERDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (A3)

Die verslag word aan die orde gestel.

## 1. Vir kennisname

1.1 tot 1.1.3 - Kennis geneem.

## 2. Vir aandag van die Sinode

### 2.1 Herformulering van en besinning oor arts. 33 en 54 - 56 KO

*2.1.1 Aanbeveling goedgekeur en verwys na die PKKS:*

*Art. 33 word gewysig om bloot te lees:*

*Kerkraad*

*Die kerkraad bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en diakens.*

*Art. 54-56 soos voorgestel in die Sakelys word gewysig deur die woorde "smal kerkraad" te vervang met "Ouderlinge".*

2.1.2 Motivering - Kennis geneem.

*Die volgende voorstel dien en word goedgekeur:*

*KO Art. 55 (Sakelys, p. 127)*

*Tweede sin wat lees:*

*"Die smal kerkraad moet onverwyld aan die ring via die ringskommissie kennis gee van die stuiting en die ring versoek vir 'n gesamentlike ondersoek"*

*word verander om te lees:*

*"Die ouderlingevergadering moet onverwyld aan die ringskommissie kennis gee van die stuiting sodat 'n ring saamgeroep kan word vir 'n gesamentlike ondersoek".*

*Presies dieselfde wysiging word in Art. 56 (vgl. Aanbeveling 12 op Sakelys, p. 127) aangebring*

(Prof R Marè; ds AS van Jaarsveld)

### 2.2 Langverlof van predikante

*2.2.1 Aanbeveling goedgekeur:*

*In die lig van die Sinode se goedkeuring van die voorgestelde Bepaling 14F 2 (Sakelys p. 148) verval die 2de paragraaf van die KKS se aanbeveling ten opsigte van Bepaling 14F 1.1 op p. 253 van die Aanvullende Sakelys.*

*Die Bepalings is dus nou soos volg goedgekeur:*

*14F1.3 langverlof van 10 dae per jaar wat verkieslik eers ná drie jaar in 'n gemeente geneem kan word. Langverlof kan slegs met toestemming van die kerkraad tot meer as dertig dae oploop.*

*14 F2 'n Predikant behoort sy vakansie- en langverlof te neem voordat hy demissie ontvang. 'n Kerkraad kan besluit om óf ongebruikte vakansie- en langverlof toe te staan óf die verlof uit te betaal.*

### 2.3 Redigering van aanbeveling 22 (Sakelys bl. 144) i/s Censura Morum

2.3.1 Motivering - Kennis geneem.

2.3.2 Aanbevelings

***2.3.2.1 Reeds goedgekeur:***

*Die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en diakens behoort mekaar na afloop van kerkraadsvergaderings onderling vriendelik en broederlik te vermaan en op te skerp oor die vervulling van hulle onderskeie dienste sonder dat die besonderhede daarvan genotuleer word.*

*2.3.2.2 Goedgekeur en verwys na PKKS vir duideliker formulering van die laaste sin:*

*Aan die einde van meerdere vergaderings behoort afgevaardigdes in die geleentheid gestel te word om op 'n wyse wat volgens die oordeel van die vergadering tot die meeste stigting dien, die lug te suiwer deur mekaar onderling vriendelik en in liefde te vermaan en op te skerp, sodat almal in vrede en liefde uiteen kan gaan soos dit vir onse Here welbehaaglik is onder diegene wat Hy geroep het om sy kerk te regeer. Bloot die feit van en geen besonderhede in verband met hierdie deel van die vergadering nie, moet in die notule opgeneem word.*

## 3. Afsluiting

Kennis geneem.

(Vervang "AC Visagie" met "NJ van Zyl".

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag in sy geheel.

Die volgende voorstel dien voor die vergadering, maar word per stemming verwerp en verwys na die Kuratorium:

Die Sinode besluit:

1. Dat die Kuratorium die eersvolgende Teologiese dag sal inrig as 'n Broederlike gesprek tussen leraars rondom tendense wat ongelukkigheid onderling veroorsaak.

2. Dat daar van hierdie gesprek verslag gedoen sal word aan die volgende Sinode.

3. Die Sinode versoek kerkrade om die leraars wat onder hul opsig en toesig val, opdrag te gee om hierdie gesprek by te woon.

(Ds PG Stans; oudl JJ Uys)

# PRESENSIELYS

*Die volgende voorstel dien en word goedgekeur:*

*Die Sinode besluit dat die presensielys van 'n sinodale vergadering saam met die eerste dag se notule (as deel daarvan) uitgegee sal word.*

(Dr MFM Pretorius; JL Erasmus)

# 146. VERSLAG: AD HOC-KOMMISSIE VIR DIE GEBRUIK VAN DIE KERKEMBLEEM

## 1.Personeel

Kennis geneem.

## 2. Opdrag

Kennis geneem.

## 3. Beleid

***Aanbevelings 3.1 tot 3.8 goedgekeur:***

***Beleid i/s algemene gebruik van Kerkembleem***

*3.1 Die waardigheid van die Kerkembleem moet te alle tye gehandhaaf word.*

*3.2 Die embleem moet alleen gebruik word waar dit die beeld van die Kerk kan bevorder - kerklik, en nie bloot kommersieel nie; met ander woorde waar dit in belang van die Kerk is.*

*3.3 Wanneer die embleem gebruik word, moet sorg gedra word dat dit korrek volgens die geregistreerde embleem gedoen word. Let daarop dat die geregistreerde kleure silwer en swart is.*

***Beleid i/s Bemarking***

*3.4 Gemeentes wat artikels wil bemark met die embleem daarop, moet aansoek doen vir die registrasie van so 'n artikel en voorbeelde daarvan indien by die Dagbestuur van die BRKA.*

*3.5 'n Register moet gehou word van alle artikels wat bemark word, en deur wie. (Bestaande artikels moet ook in die register opgeneem word).*

*3.6 Geen gemeente word toegelaat om meer as een artikel met die embleem daarop, te bemark nie.*

*3.7 Wanneer die bemarking en vervaardiging van 'n artikel gestaak word, moet die Dagbestuur van die BRKA onverwyld in kennis gestel word.*

*3.8 Wanneer 'n gemeente 'n item met die kerkembleem daarop wil vervaardig vir die eksklusiewe gebruik van daardie gemeente, moet nog steeds aansoek gedoen word vir goedkeuring.*

## 4. Slot

Kennis geneem.

**Die tweede stemming vir die verteenwoordigers van die SKK vind plaas.**

# 147. EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR DIE KERKARGIEF F1

## 1. Name van die lede van die Kommissie wat opgedaag het

Kennis geneem.

## 2. Doop en lidmaatregisterafskrifte

Kennis geneem.

**3. Aanbeveling goedgekeur:**

*Wat deur die Ring gevra word, is reeds in 1989 deur die Sinode besluit. Hierdie en ander sake is vroeër vanjaar weer per omsendbrief aan alle gemeentes gestuur. Die Sinode verwys die Ring daarna.*

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag in sy geheel.

# OOR DIE JEUG

*Die volgende versoek dien voor die vergadering. Daar word kennis daarvan geneem en besluit dat dit genotuleer en in "Die Boodskapper" gepubliseer sal word.*

*Broer Voorsitter*

*" 'n Kospakkie vir die sinodegangers"*

*Gedurende die loop van die Sinode het ek 'n toekomspad vir die APK probeer sien. My bede is: Laat elke persoon in hierdie Sinode*

*teruggaan na sy eie gemeente en 'n besondere poging aanwend vir die bearbeiding, voorbereiding en beskerming van sy jeug.*

*Die aanslag teen ons jeug is sosialisties, kommunisties en satanisties geïnspireer. Die volk en kerk wat sy jeug in die vrese van die Here opvoed kan net van sterk tot sterker groei.*

*Praktiese gekonsentreerde aandag aan ons jeug op gemeentelike vlak is dringend nodig. Ons moet ons jeug geestelik en kultureel weerbaar kry. Ons kerkrade moet tydig en ontydig daaraan aandag gee op 'n georganiseerde wyse.*

Groete in Christus
wg. OUDL MJ FOUCHé
Marble Hall

## 148. VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GEMEENTELIKE BEDIENING H1

### 1. Personeel

Kennis geneem.

### 2. Beskrywingspunte

#### 2.1 Brosjure i.v.m. doopgesprek

Kennis geneem.

*2.1.1 Aanbeveling goedgekeur:*

*Die Sinode verwys hierdie beskrywingspunt na die Permanente Kommissie vir Gemeentelike Bediening.*

#### 2.2 Dooplidmaatregister

*Aanbeveling goedgekeur:*

*Die Sinode verwys hierdie beskrywingspunt na die Permanente Kommissie vir Argief.*

#### 2.3 Aanvra van Attestate

*Aanbeveling goedgekeur:*

*Sinode bring bep. 4c weer onder aandag van kerkrade en versoek skribas om by ontvangs van aansoeke om attestate so spoedig moontlik te reageer.*

#### 2.4 Behoorlike ampsdraerslêer

Afgehandel.

#### 2.5 Gestandaardiseerde vorms

Kennis geneem.

#### 2.6 Geestelike traktaatjies

*Aanbeveling goedgekeur:*

*Die Sinode neem kennis dat die saak behandel is onder punt 3.6 van Verslag van die Permanente Kommissie. Die Sinode verwys die beskrywingspunt ook na die Permanente Kommissie vir Gemeentelike Bediening.*

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag in sy geheel.

## 149. EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR BARMHARTIGHEIDSDIENSTE (D1)

### 1. Personeel

Kennis geneem.

(Voeg by: diak E Serfontein)

### 2. Sake behandel

2.1 tot 2.2 - Kennis geneem.

## 3. Beskrywingspunt Ring van Suidkus

### 3.1 Aanbeveling goedgekeur:

*3.1.1 Die Kommissie beveel aan dat die beskrywingspunt deur die Sinode in behandeling geneem word.*

*3.1.2 Die Sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie omdat daar reeds 'n algemene Alimentasiefonds in ons kerk bestaan.*

*3.1.3 Die Sinode doen 'n beroep op die plaaslike gemeentes om tot die algemene Alimentasiefonds by te dra of om 'n eie plaaslike Alimentasiefonds te stig vir moontlike noodgevalle.*

### 3.2 Motivering

Kennis geneem.

## 4. Reglement Selfbouskema

### 4.1 Aanbeveling

*4.1.1 Goedgekeur:*

*Die Sinode verwys die saak na die Permanente Kommissie vir Barmhartigheidsdienste om met behulp van kundiges 'n behoorlike stuk op te stel en vir goedkeuring voor te lê aan die volgende Sinode.*

## 5. Afsluiting

Kennis geneem.

Die Voorsitter bedank die Kommissie vir die verslag in sy geheel.

# 150. VERKIESING SKK

Die Voorsitter kondig aan dat die volgende afgevaardigdes as lede van die SKK verkies is:

**Primarii**

Prof WJG Lubbe,Langebrinkweg 140, VERWOERDBURG,0140. Tel. (012) 627638

Ds MC Adendorff, Posbus 5111, DELMENVILLE, 1403. Tel. (011) 8257780

Dr CI van Heerden, Posbus 509, VREDE, 2455. Tel. (01334) 31598

Prof FAH van Staden, 33ste Laan 946,VILLIERIA, 0186. Tel. (012) 736543

Ds IA Brink, Prinsloostraat 16, CAROLINA, 1185. Tel. (01344) 31494

**Sekundi**

1. Ds Adam Boshoff, Posbus 194, MIDDELBURG,1050. Tel. (0132) 29781

2. Ds DR Schwartz, Posbus 150, BUHRMANNSDRIF, 2867 Tel. (014288) 576

3. Ds AS van Jaarsveld, Posbus 4027, PIETERSBURG, 0700. Tel. (01521) 822194

4. Ds NJ Rautenbach, Posbus 904338, Faerie Glen, 0043. Tel (012) 9910156

5. Ds JA du Plessis, Sondagsweg 15, Petersfield Uitbreiding 1, Springs, 1559. Tel (011) 56-5379

Die Sinode verdeel in Ringsgroepe vir die verkiesing van verteenwoordigers op die SKK en vir die verteenwoordigers op die Bybelgenootskap waar nodig. Die uitslag van die stemming is soos volg:

Verteenwoordigers op SKK

**NOORD-KAAP**

**Primarius**

Ds NRJ van Zyl, Durbanstraat 21, KIMBERLEY 8301. Tel. (0531) 61-1007

**Sekundi**

Ds PG Stans, Posbus 96, OLIFANTSHOEK, 8450. Tel: (059512) vra 160.

Ds PB Müller, Posbus 349, BARKLY-WES, 8375. Tel. (05352) vra 552

## OOS-KAAPLAND

### Primarius

Ds GG le Roux, Posbus 372, SOMERSET-OOS, 5850. Tel. (0424) 32884

### Sekundi

Ds JH van Vuuren, Melchuorstraat 13, KAREEDOUW, 6400. Tel: (04233) 636

Oef (oudl) ZJ van Rensburg, Posbus 28409, SUNRIDGEPARK, 6045. Tel: (041) 32-4892.

## WES- EN SUID-KAAPLAND

### Primarius

Ds HB Heymans, Posbus 7, BEAUFORT-WES, 6970. Tel. (0201) 3007

### Sekundi

Ds WF Liebenberg, Jakarandalaan 5, Oudtshoorn, 6620. Tel: (0443) 291847

Drs S Botes, Samrohof 301,Kusweg, STRAND, 7140. Tel. (024) 34517

## VRYSTAAT

### Primarius

Ds JN Joubert, Corneliasingel 43, Genl de Wet, BLOEMFONTEIN, 9322. Tel.(051) 22 3608

### Sekundi

Dr GJJ Labuschagne, Posbus 655, HARRISMITH, 9880. Tel: (01436) 31348

Ds JD van der Merwe, Posbus 207, FRANKFORT, 9830. Tel. (01613) 32967

## NATALIA

### Primarius

Ds CJJ van Rensburg, Lighthouseweg 634, FYNNLAND, 4052. Tel. (031) 466-4925

### Sekundi

Ds EG Mouw, Posbus 20791, Huttenhoogte, NEWCASTLE, 2940. (03431) 55931.

Oudl SJS du Preez, Posbus 7263, NEWCASTLE, 2940. Tel. (03431) 86298

## NOORD-TRANSVAAL

### Primarius

Ds DJ Malan (Dirk), Posbus 2398 NYLSTROOM, 0510. Tel: (01531) 3905.

### Sekundi

Dr JH Ellis, Posbus 694, GROBLERSDAL, 0470. Tel: (01202) 3847.

Ds SD Nel, Posbus 192, DENDRON, 0715. Tel. (0152232) vra 141

## PWV

### Primarius

Ds NJ Rautenbach, Posbus 904338, FAERIE GLEN, 0043. Tel. (012) 991-0156

### Sekundi

Ds AJ Taute, Njalalaan 1, Nimrodpark, KEMPTONPARK, 1620. Tel: (011) 9752513.

Ds DJ Malan (Danie), Posbus 25336, UNITASPARK. 1942. Tel. (016) 283612

## WES-TRANSVAAL

### Primarius

Ds MP Taute, Posbus 3611, BRITS, 0250. Tel. (01211) 4163

### Sekundi

Ds JJ (Koos) Venter, Posbus 532, BLOEMHOF, 2660. Tel: (01802) 31352

Ds DR Schwartz, Posbus 150, BUHRMANNSDRIF, 2867. Tel. (014288) 576

## OOS-TRANSVAAL

### Primarius

Ds Attie Boshoff (Arnot-Hendrina), Posbus 275, RIETKUIL, 1097. Tel. (0132972) vra 346

**Sekundi**

Oudl WLV Fick, Posbus 661, WITRIVIER, 1240. Tel: (01311) 33214.

Oudl C Keyter, Posbus 31, BRONKHORST-SPRUIT, 1020. Tel. (012) 2032094

**ETOSHA**

**Primarius**

Ds HC Venter, Posbus 391, KEETMANSHOOP. 9000. Tel: (0631) 2248.

**Sekundi**

Dr EM Viljoen, Posbus 18, OUTJO, 9000. Tel: (06542) vra 218

Diak AC Visagie, Posbus 151, Bethanië, NAMIBIë, Tel. 06362 vra 1322

## 151. VERTEENWOORDIGERS OP SUID-AFRIKAANSE BYBELGENOOTSKAP

**OOS-KAAPLAND**

**SOMERSET-OOS (PORT ELIZABETH)**

**Primarii**

Oudl ZJ van Rensburg, Posbus 28409, SUNRIDGEPARK, 6045. Tel. (041) 324892

Oudl A Strauss, Posbus 10276, LINTON GRANGE, 6015. Tel. (041) 72-1892

**Sekundi**

Ds JH van Vuuren, Melchuorstraat 13, KAREEDOUW, 6400. Tel: (04233) 636.

Oudl SB Treurnicht, DR HF Verwoerdrylaan, DESPATCH, 6400. Tel: (0422) 9333605.

**WES- EN SUID-KAAPLAND (KAAPSTAD)**

**Primarii**

Ds J Ries, Eerstelaan 8, De Oude Renbaan,PAARL, 7646. Tel. (02211) 631065

Oudl S Engelbrecht, Frans Conradierylaan 5, PAROW, 7500. Tel. (021) 929546

**Sekundi**

Dr HJ Smith, Posbus 812, WELLINGTON, 7655. Tel: (02211) 33526.

Oudl DJ Visser, Posbus 116, WILDERNIS, 6560. Tel: (0441) 90386.

**BLOEMFONTEIN**

**Primarii**

Ds JAC Erasmus

Posbus 3719, BLOEMFONTEIN, 9300. Tel. (051) 331796

Oudl OA Carlson, Posbus 6602, BLOEMFONTEIN-NOORD, 9300. Tel. (051) 331530 (H)Tel. 482385 (W)

**Sekundi**

Ds JB Trollip, Posbus 207, DEALESVILLE, 9348. Tel: (05292) 3004.

Oudl MJ van Wyk, Diederickstraat 24, Erlichpark, BLOEMFONTEIN,9301. Tel: (051) 343593.

**DURBAN**

**Primarii**

Ds CJJ van Rensburg, Lighthouseweg 634, FYNNLAND, 4052. Tel. (031) 4664925

Oudl HCG Bester, Posbus 39072, QUEENSBURGH, 4070. Tel. (031) 441533

**Sekundus**

Diak JJH van Staden, Posbus 8379, NEWCASTLE, 2940. Tel: (03431) 82334

**PWV**

**Primarii**

Ds WA Jooste, Posbus 44425, LINDEN, 2104. Tel. (011) 6733434)

Oudl GC Cruywagen, Gaufstraat 7, Crosby, JOHANNESBURG, 2092. Tel. (011) 8372732

**Sekundi**

Ds JM Cronjé, Posbus 72824, LYNNWOODRIF, 0040. Tel: (012) 3462768.

Oudl JS Campher, Hullstraat 44, Sunnyridge, GERMISTON, 1401. Tel: (011) 8285894.

**ETOSHA**

**Primarii**

Ds HC Venter, Posbus 391, KEETMANSHOOP, 9000. Tel. (0631) 2248.

Oudl I Grobler

**Sekundi**

Dr EM Viljoen, Posbus 18, OUTJO, 9000. Tel: (06542) vra 218.

Oudl P Fouché.

## 152. AANSOEKE OM REVISIE

Die volgende aansoeke om revisie dien voor die vergadering:

1. Heroorweging van besluit oor uitsluitings van sekere inkomste vir berekening van 15% bydraes - notule bl. 49, 2.8.4.1. (Handelinge bl 303.)

Besluit: Revisie word nie toegestaan nie.

2. Heroorweging van besluit om gesprek met NG Kerk te staak, notule bl. 21, 7.1.2. (Handelinge bl 284 en bl 314.).

Besluit: Revisie word nie toegestaan nie.

3. Heroorweging van besluit oor jaarlikse wisseling van hoofskap van Teologiese Skool, notule bl. 36, 6.2. (Handelinge bl 302, punt 62.)

***Besluit: Revisie word toegestaan nadat inligting deur die Aktuarius verstrek is dat die besluit finansiële- en regsimplikasies het vanweë die kontraktuele verpligtinge wat die APK teenoor die huidige hoof van opleiding het.***

***Die volgende voorstel en amendement word ná bespreking goedgekeur:***

***Herroeping van besluit oor rotasie van opleidingshoof.***

***Die Sinode besluit:***

***1. Om sy besluit vervat op bl. 36 van notule onder die hoof "Rotasie van Opleidingshoof" wat as volg lees "Die Sinode besluit dat die hoofskap van die Dosente Raad en Teologiese Opleiding jaarliks sal wissel", te herroep.***

***2. Dat die Status quo gehandhaaf word en die aanvanklike besluit nie bedoel was as 'n mosie van wantroue in prof FAH van Staden nie.***

(Oudl JN de Wet; ds MJ Hartzenberg)

***Amendement i/s verwysing van besluit goedgekeur:***

***Die Sinode neem kennis van die aangeleentheid van jaarlikse wisseling van die hoofskap van Dosenteraad en Teologiese Opleiding soos in die notule van die Sinode in die besluit onder punt 6.2 (bl. 36) vervat, en verwys dit na die Kuratorium.***

(Di IA Brink; MC Adendorff)

## KERKLIKE DRAG

Ordemosie t.o.v. Beswaarskrif i/s Kerklike drag (Sakelys bl. 14)

***Die volgende ordemosie dien en word aanvaar:***

***Die Sinode oordeel dat daar nie genoeg tyd is vir 'n deeglike debat oor die beswaarskrif van ds S Botes insake kleredrag nie. Die Sinode besluit om die status quo te handhaaf en besluit om die beswaarskrif te laat oorstaan tot die volgende sinode.***

(Dr JH Ellis)

## 153. SAMESTELLING VAN BRKA

**Die vergadering konstitueer as Raad vir Kerkadministrasie.**

'n Groslys word saamgestel waaruit die volgende 5 lede vir die BRKA verkies word:

**Primarii**

Oudle MJ Cornelius, JF du Plessis, WLV Fick, HCG Bester, SB Treurnicht.

**Sekundi**

Oudle LR Treurnich, TW Bartleman, AJ Pienaar.

Voorts is ooreenkomstig die Reglement vir die BRKA 6.1 die volgende lede vir die BRKA aangewys deur die betrokke kommissies:

**Primarii**

SKK: Prof WJG Lubbe
Kuratorium: Ds NJ Rautenbach
KKS: Ds JA du Plessis
FK: Ds AJ Taute

**Sekundi**

SKK: Ds IA Brink
Kuratorium: Ds JH Theron
KKS: Oudl AJ Pienaar
FK: Oudl JS Campher

**Die vergadering konstitueer weer as Sinode.**

## 154. VERSLAG VAN DIE KKS (VERVOLG) BL. 150 EN 255

### 4. Kerkordewysigings wat nie verband hou met beskrywingspunte nie en wat deur die KKS aanbeveel word vir wysiging.

***Die volgende aanbevelings word deur die Sinode goedgekeur:***

*Aanbeveling 14*
***Die Sinode besluit***

**4.1 Bep. 4B**

***word geskrap, omdat dit reeds ondervang is in bep. 34C en daar tuishoort.***

**4.2 Art. 25**

***Aanbeveling 15***

***Die Sinode besluit***
***Artikel 25 word so gewysig:***

***Soorte:***
***Die gewone kerkvergaderings is:***
***kerkraad***
***kerkraad waartoe die gemeente tot deelname opgeroep word soos bepaal in art. 11 en 23.***
***ring en***
***sinode.***

**4.3 Artikel 31**

***Aanbeveling 16***

***Die Sinode besluit:***
***Die opskrif en artikelsverwysing word gewysig om te lees:***

***Sake van hoër beroep (Vgl. Art. 58, Bep. 58 en 58A).***

**4.4 Art 58.1**

***Aanbeveling 17***

***Die Sinode besluit:***

| Sekundus | CAREL FREDERICK LE ROUX |

## SABIE

| | |
|---|---|
| OUDERLING | |
| Primarius | JOHAN HENDRIK MARITZ ........ T |

## SANDDRIFT

| | |
|---|---|
| LERAAR | DS MARTHINUS PHILIPPUS TAUTE ........ T |
| OUDERLING | |
| Primarius | CORNELIUS JOHANNES DU PREEZ ........ T |

| | | |
|---|---|---|
| Sekundus | CORNELIUS SERVAAS ECKARD | T |
| DIAKEN | | |
| Primarius | FREDERIK JOHN EVELEIGH | |
| Sekundus | FRANS DAWID GRIMBEEK | |

## SANNIESHOF

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | DS MARIUS JOHANNES HARTZENBERG | T |
| OUDERLING | | |
| Primarius | JACOBUS LE ROUX DU PREEZ | T |
| Sekundus | EVERT VAN EEDEN | |
| Primarius | ROBERT LAURENCE VAN TONDER | T |
| DIAKEN | | |
| Sekundus | JAN ABRAHAM MEYER | |

## SASOLBURG

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | PETRUS WESSELS JOOSTE | T |
| Sekundus | LUKAS G JANSEN VAN VUUREN | |
| Primarius | HENDRIK CHRISTIAAN PRETORIUS | |

## SCHWEIZER - REYNEKE

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | | |
| OUDERLING | | |
| Primarius | JOHN STEPHEN PHILLIP DE VILLIERS | T |
| Sekundus | WILLEM JACOBUS RADEMEYER | |
| Primarius | ABRAHAM JOHANNES STEFANUS ROOS | T |
| DIAKEN | | |
| Sekundus | SYBRAND SMIT | |

## SENEKAL

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | DS JOHANNES ALBRECHT JACOBS | T |
| OUDERLING | | |
| Primarius | PIETER JACOBUS GROVé | |
| Sekundus | NICHOLAS HOLDER DE WET | T |

## SOMERSET - OOS

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | DS GABRIëL GIDEON LE ROUX | T |
| OUDERLING | | |
| Primarius | SALMON STEFANUS ROELOFSE | |
| Sekundus | | |

## SPRINGS

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | DS JOSEF ALBERTUS DU PLESSIS | T |
| OUDERLING | | |

Primarius JOHANNES PETRUS VAN HEERDEN ........................................ T
Sekundus CORNELIUS JACOBUS MYBURGH
DIAKEN
Primarius BENNO AUGUST GOTLIEB HANS RUDATIS ............................. T
Sekundus WILLEM FREDERIK HENDRIK MINNIE

## STANDERTON

LERAAR DS PETRUS ANDRIES VAN ZYL ................................................ T
OUDERLING
Primarius WILLEM DE KLERK STEENKAMP ............................................. T
Sekundus SEBASTIAAN VAN REENEN SNYDERS

## STELLENBOSCH

LERAAR DS STEPHAN BOTES ............................................................. T

## STEYNSBURG

LERAAR DS JAN HENDRIK ERASMUS ADAMS ........................................ T

## STEYNSRUS

LERAAR
OUDERLING
Primarius KENNETH NICHOLAS LEHMKUHL ............................................. T

## STRYDENBURG

LERAAR
OUDERLING
Primarius CHARL JOHANNES FOURIE ..................................................... T
Sekundus JAN GABRIëL DU TOIT
DIAKEN
Primarius MARIUS BADENHORST SWIEGERS ......................................... T
Sekundus HENNING JACOBUS ZWIEGERS

## SUIDKUS

LERAAR
OUDERLING
Primarius JOHANNES JOCHEMUS TALJAARD
Sekundus CORNELIUS JOHANNES VERWEY
Primarius JAN JONATHAN PRETORIUS ................................................... T

## SUTHERLAND

Geen afgevaardigdes.

## THABAZIMBI

| | |
|---|---|
| LERAAR | DS PAUL LODEWYK STORM |
| OUDERLING | |
| Primarius | HENDRIK JOHANNES BOOTHA ........................................T |
| Sekundus | JOACHIM FREDERIK GREYLING ........................................T |
| Primarius | DAWID BENJAMIN SNYMAN |
| Sekundus | WILLEM STERNBERG BASCH |

## THEUNISSEN

| | |
|---|---|
| LERAAR | |
| OUDERLING | |
| Primarius | SIMON JURGEN VENTER ........................................T |
| Sekundus | HERMANUS JOHANNES PRETORIUS ........................................T |
| Sekundus | |
| DIAKEN | |
| Primarius | HERMANUS JOHANNES PRETORIUS |
| | PETRUS JOHANNES COETZER |
| Sekundus | JOHANNES GERHARDUS BRITS |

## TRANSMAGALIES

| | |
|---|---|
| LERAAR | DS DANIëL TOBIAS VAN LOGGERENBERG ..............................T |
| OUDERLING | |
| Primarius | FREDERICK JACOBUS LE ROUX........................................T |
| Sekundus | EBENHAESER ERASMUS |
| Primarius | CHRISTIAAN FREDERICK DELPORT........................................T |

## TUINPLAAS

| | |
|---|---|
| LERAAR | DS MARTHINUS JOHANNES EILERS........................................T |
| OUDERLING | |
| Primarius | EVERT FREDERICK POTGIETER |
| Sekundus | CAREL JOHANNES LUDIK ........................................T |
| Primarius | PIETER RETIEF PRETORIUS........................................T |
| Sekundus | JOHANNES GERHARDUS TERBLANCHE |

## TWEELING

| | |
|---|---|
| LERAAR | |
| OUDERLING | |
| Primarius | LOUIS GEORGE RAUTENBACH ........................................T |
| Primarius | CORNELIUS FRANCOIS BRAACK........................................T |
| DIAKEN | |
| Primarius | |
| Sekundus | PEET DU PISANI |
| | JACOBUS PETRUS JOHANNES JONKER |

## TYGERBERG

LERAAR
OUDERLING
Primarius SCHALK WILLEM JACOBUS ENGELBRECHT ............................ T
Sekundus CARL MEYER KNOBEL
Primarius WILLIAM ADOLPH ELS ............................................................ T
DIAKEN
Sekundus PETRUS JACOBUS DE BRUIN

## TZANEEN

LERAAR
OUDERLING
Primarius ALEX HENRY ERNST
Sekundus JACOB JOHANNES PIETERSEN ................................................ T
Primarius STEFANUS JOHANNES CLOETE
DIAKEN
Primarius
Sekundus JOHANN VAN REENEN BERGMAN

## UITENHAGE

LERAAR
OUDERLING
Primarius SCHALK BURGER TREURNICHT ................................................ T
Sekundus

## UTRECHT

LERAAR
OUDERLING
Primarius JOHAN HENDRIK VALENTYN DE JAGER

## VAALHARTS-SUID

LERAAR DS ROELOF JOHANNES HENDRIK POTTAS ............................ T
OUDERLING
Primarius FRANS JOHANNES BURGER ...................................................... T
Sekundus DAVID LOURENS JACOB DU TOIT
DIAKEN
Primarius JOHAN ADAM RAUBENHEIMER POTGIETER ............................ T

## VAALWATER

LERAAR
OUDERLING
Primarius DANIëL RUDOLF VAN TONDER ................................................ T
JOHAN FRANCOIS THERON

DIAKEN
Primarius

Sekundus JAN HARM DU PLESSIS ........................................................ T
COENRAAD JOHANNES VERMAAK

## VANDERBIJLPARK

LERAAR DS JAN HENDRIK SWART ........................................................ T
OUDERLING
Primarius CHRISTIAAN JOHANNES MYBURGH........................................ T
Sekundus JOHANNES JACOB BADENHORST
DIAKEN
Primarius WESSEL HENDRIK WENTZEL................................................. T
Sekundus NICOLAAS VAN DER WESTHUIZEN

## VENTERSDORP

LERAAR DS CHRISTIAAN JACOBUS STRAUSS BOTHA ......................... T
OUDERLING
Primarius JAN JOHANNES JANSEN VAN VUUREN
Sekundus LUKAS ANDRIES BOTHMA ....................................................... T
DIAKEN
Primarius SERVAAS DANIëL DE KOCK
Sekundus IZAK PETRUS VAN DER MERWE ............................................ T

## VENTERSTAD

Geen afgevaardigdes.

## VEREENIGING

LERAAR PROF WILLEM JACOBUS GERHARDUS LUBBE........................ T
DS DANIëL JACOBUS MALAN ................................................... T
OUDERLING
Primarius JACOBUS OSWALD OOSTHUIZEN ............................................ T
Sekundus BAREND FREDERIK KEET
JOHAN DANIëL MüLLER
DIAKEN
Primarius GERT LOUIS JONKER ............................................................. T

## VERKEERDEVLEI

Geen afgevaardigdes.

## VERWOERDBURG

LERAAR
OUDERLING
Primarius DANIëL HENDRIK VAN EEDEN ................................................ T
Sekundus LOUIS HUBERT LABUSCHAGNE
Primarius MAEDER FRANCOIS LABUSCHAGNE ......................................... T
DIAKEN
Primarius

Sekundus JAN ERNST ALBERTUS BESTER

## VILJOENSKROON

LERAAR DS PIETER WILLEM BOTHA.................................................T
OUDERLING
Primarius JACOBUS JOHANNES WESSELS
Sekundus JOHANNES JACOBUS LE ROUX
Primarius BERNARD GUNSTON.......................................................T
Sekundus CAREL PIETER PRETORIUS CAMPHER

## VILLIERS

LERAAR DS LEONARD DE WAAL.......................................................T
OUDERLING
Primarius IZAK HATTINGH...............................................................T
Sekundus GIDEON PETRUS DE BRUYN MYBURGH
Primarius BAREND DE KLERK
Sekundus MATTHYS JACOBUS DANIëL VAN HEERDEN

## VIRGINIA

LERAAR
OUDERLING
Primarius JOHAN CHRISTIAAN KEMP

## VREDE

LERAAR DR CORNELIUS IGNATIUS VAN HEERDEN..............................T
OUDERLING
Primarius JOHANNES JACOB BRITS.....................................................T
PHILIPPUS LODEWIKUS DE BRUYN..................................T
DIAKEN
Sekundus JOHAN CHRISTIAAN GERICKE
PAUL HENDRIK DE BRUYN

## VRYBURG

LERAAR
OUDERLING
Primarius FRANS JOHANNES CHRISTOFFEL VISSER.............................T
Sekundus DANIëL JACOBUS JACOBS
DIAKEN
Primarius BAREND JOHANNES DE KLERK.............................................T
Sekundus ALWYN LE ROUX
Sekundus DANIëL JOHANNES HENDRIK DE WET

## VRYHEID

LERAAR DR MICHAEL FREDERIK MüLLER PRETORIUS........................T
OUDERLING

Primarius PIETER FRANCOIS DE VILLIERS
Sekundus JACOBUS LODEWICUS ERASMUS
Primarius SALOMO GERHARDUS LABUSCHAGNE
DIAKEN
Sekundus CASPER JEREMIAS LABUSCHAGNE

## WARDEN

LERAAR
OUDERLING
Primarius JACOB DU PLOÖY ........................................................T
DIAKEN
Primarius HARTMAN CORVER

## WARMBAD

LERAAR
OUDERLING
Primarius JOHANNES JACOBUS MARITZ ............................................T
MARTINUS STEFANUS ERASMUS
DIAKEN
Sekundus FREDERIK WILLEM COENRAAD BUITENDAG ..........................T
STEPHANUS HENDRIK JANSE VAN RENSBURG .....................T

## WATERBERG

LERAAR DS DIRK JOHANNES MALAN ............................................T
OUDERLING
Primarius ABEL JACOBUS PIENAAR ..................................................T
Sekundus IGNATIUS MICHAEL VAN ROOYEN
Primarius HENDRIK JOSEPHUS VAN DER MERWE ................................T
Sekundus ATTIE BEDEKER SNYMAN

## WEIPE

LERAAR
OUDERLING
Primarius WILLEM HENDRIK SAAYMAN ............................................T
JACOBUS JOHANNES SMITH

## WESMOOT

LERAAR
OUDERLING
Primarius WILLEM HENDRIK SMAL ..................................................T
Sekundus JOHANNES CHRISTIAAN DE BEER

## WESSELSBRON

LERAAR
OUDERLING

| | | |
|---|---|---|
| Primarius | STEFANUS GERHARDUS GREYLING | T |
| Sekundus | JAN ANDRIES NIEMANN | |
| Primarius | LOURENS FRANCOIS VAN SCHALKWYK | T |
| DIAKEN | | |
| Sekundus | LOUIS HENDRIK GREYLING | |

## WINDHOEK

Geen afgevaardigdes.

## WITBANK

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | DS JAN HENDRIK VAN DER WALT | T |
| OUDERLING | | |
| Primarius | CORNELIUS JANSEN PIENAAR | T |
| Sekundus | DIRK JACOBUS CHRISTOFFEL MANNING | |
| Primarius | LAMBERT RUDOLF TREURNICH | T |
| Sekundus | HENDRIK JOHANNES STEPHANUS LIEBENBERG | |

## WITRIVIER

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | DS CHRISTIAAN FREDERIK SWART | T |
| OUDERLING | | |
| Primarius | WILLEM LAMBERTUS VOS FICK | T |
| Sekundus | LEON ESTERHUIZEN | |
| Primarius | ERIC NICOLAAS OOSTHUIZEN | T |
| Sekundus | CHRISTIAAN DE JAGER BOTHA | |

## WONDERBOOM

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | DS RUDOLF MARTINUS JOHANNES BRITZ | T |
| OUDERLING | | |
| Primarius | CHRISTOFFEL HENDRIK GROENEWALD | |
| DIAKEN | | |
| Sekundus | LOUIS JACOBUS BESTER | |

## WORCESTER

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | DR HENDRIK JOHANNES SMITH | T |
| OUDERLING | | |
| Primarius | DANIëL ERNST DU TOIT | T |

## ZEERUST

| | | |
|---|---|---|
| LERAAR | DS ANDRé DU PLESSIS | T |
| OUDERLING | | |
| Primarius | HENDRIK JACOBUS VISSER | |
| Sekundus | HENDRIK PETRUS VAN DER MERWE | |
| DIAKEN | | |
| Primarius | PAUL STEPHANUS SNYMAN | T |

## ZOAR

LERAAR
OUDERLING
Primarius FRANCOIS CORNELIUS HAASBROEK ........................................ T
DIAKEN
Primarius PIETER JOHANNES PRETORIUS

## ZULULAND

LERAAR
OUDERLING
Primarius ERWIN WARD HAYNES ........................................................ T
Sekundus MARTIN JAN KEMP
Sekundus PIETER SCALK JOUBERT
DIAKEN
Primarius GABRIëL STEPHANUS MARé

BYLAE B

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

## 5DE SINODE: 16 - 21 SEPTEMBER 1991

## Openingsrede gelewer deur die Voorsitter van die 4de Sinode (1990), Prof WJG Lubbe, op Maandag 16 September 1991 om 20:00 in die AGS (Corpus Christi) gebou, h/v Anderson en Williamstraat, Pretoria.

**Skriflesing**: Matt. 5:13-16; Joh. 15:1-14; Joh. 14:6

**Sang**: Ges. 4:4; Ges. 277:1, 3, 5

Geagte broeders Sinodegangers,

Ons Kerk hou sy 5de Sinode in net meer as vier jaar. Dis 'n mylpaal om vir 'n wyle by stil te staan. Kyk ons terug op wat agter lê, moet ons saam met Samuel uitroep: Ebenhaéser—tot hiertoe het die Here ons gehelp (1 Sam. 7:12), want ons het veel rede om die Here te dank.

### GROEI

In 4 jaar en een maand (d.w.s. tot 31 Julie 1991), het ons getal belydende lidmate gegroei van 'n klein begin deur 1 250 stigterslede op 27 Junie 1987 tot byna 28 000 belydende lidmate en 12 500 dooplidmate. Ons eerste gemeente is gestig op 1 Julie 1987. Vanaand staan die getal gemeentes op 221. Die getal van ons leraars het gegroei van *twee* by stigting tot 106 vanaand, plus twee oefenaars (ouderlinge) wat voltyds in gemeentes arbei terwyl hulle hulself deur studie voorberei om volwaardige evangeliedienaars te word. Ons Teologiese Skool, geopen binne agt maande na kerkstigting, het uitgegroei tot respektabele statuur met vier voltydse professore. Die eerste predikant het dié Skool reeds aan ons kerk gelewer. Einde November DV lewer hy weer twee leraars. Ons sentrale kerklike eiendomme en sentrale kerklike administrasie het byna ongelooflik uitgebrei, soos verslae voor die Sinode sal aantoon. Hoe wydvertak die arbeid in ons AP Kerk is, spreek uit die verslae van sewentien permanente kommissies en etlike ad hoc-kommissies wat voor die Sinode en sy Raad vir Kerkadministrasie (RKA) sal dien.

Vir al dié en dergelike seëninge wat ons op sinodale vlak verbly, moet ons en wil ons ons Drie-enige God lof en eer en dank toebring.

### EINTLIKE WONDER

Maar wat pas genoem is, is maar die mond van 'n bruisende rivier. Hoe indrukwekkend die monding van die rivier ook mag wees, die eintlike geheim van sy bruisende waters lê in die murmelende stroompies en aanswellende sytakke wat hom voed. Die eintlike kerklike wonder vind plaas in ons gemeentes, elkeen op sy eie volledig kerk. Of 'n gemeente nou kleiner of groter is, hy is volwaardig kerk van Christus. Gemeentes mag verskil in grootte maar kwalitatief verskil hulle niks. In hierdie gemeentes—die gemeentes wat u as afgevaardigdes hier verteenwoordig—lê die ware geheim en eintlike wonder van die APK. Dáár, in die gemeentes, leef en werk Christene van dag tot dag en van week tot week. Dáár word God aanbid en ver-

eer, dáár word God gedank en geloof van dag tot dag en van week tot week. Dáár - in elke gemeente - word beplan en gewerk, geglo en gestry, saamgewerk en geoffer. Die ware karakter van ons AP Kerk word dáár bepaal - in elke gemeente. As dit in die gemeente geestelik droog word, begin ons hele Kerk verdor. As die siel van die gemeente bruis, bruis dit in ons hele Kerk. En juis daarvoor is u as afgevaardigde uit u gemeente hier by die Sinode - om hierdie vergadering te kom verryk met wat in u gemeente bruis; en om die bruising van die vergadering mee te neem na u gemeente.

## UIT EN VIR DIE GEMEENTE

Die Sinode moet tog nooit gesien word as 'n vergadering bo of buite die gemeentes om nie. Inteendeel, sonder die gemeentes (wat hier verteenwoordig is), kan daar geen sinode wees nie. Die gemeentes (wat hier verteenwoordig is) vorm die sinode, en die Sinode beraadslaag en besluit hier ter wille van die welsyn van elke gemeente. Die Sinode is dus 'n vergadering *uit* die gemeentes en *vir* die gemeentes. Elke afgevaardigde is hier om te help beraadslaag en te help besluit, om te help goedkeur en te help afkeur, om te help bemoedig en te help vermaan - alles sodat ons elkeen persoonlik, elkeen se gemeente en alle gemeentes saam beter Kerk van Christus kan wees.

## WAARLIK KERK VAN CHRISTUS

Dit bring my by die vraag wat ek vanaand op u hart wil lê: Is ons, is ons APK waarlik Kerk van Christus? Ons naam is Afrikaanse Protestantse Kerk. Die onderskrif tussen hakies lui: ('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners). Dat ons *'n Gereformeerde Kerk* wil wees, 'n Kerk wat voortdurend wil reformeer volgens die eise van Gods Woord - daaroor bestaan in ons eie geledere nie twyfel nie, al is baie buite ons geledere oor ons Gereformeerde karakter nog onkundig of half onkundig. Dat ons 'n *kerk onder blanke Afrikaners* wil wees - dit is miskien ons bekendste karaktertrek. Maar wat in die middel van ons onderskrif staan - dat ons *Kerk van Christus* is - dis ons hoogste roeping, dit is ons grootste uitdaging. Ware Kerk van Christus? ... Ons weet dit beteken drie dinge: **Een**, suiwer verkondiging van die evangelie, **twee**, die suiwer bediening van die sakramente soos Christus dit ingestel het, **drie**, die gebruik van die kerklike tug om sondes uit die liggaam van Christus, dus uit sy gemeente, te weer (NGB Art. 29). Die APK is dus 'n Gereformeerde Kerk wat nie net sê: Terug na die Gereformeerde tradisie nie, maar ook sê: Met Gereformeerde tradisie en al TERUG NA DIE WOORD.

Ons mag as APK met beskeidenheid en dankbaarheid sê: *Ons is op die goeie spoor!* Maar dis nie genoeg dat 'n lokomotief op die spoor staan nie. Ons verwag dat hy *beweegkrag* moet hê. Ons verwag dat hy moet *beweeg* en mense en dinge met hom moet *saamneem na 'n bestemming*. Ons as APK is op die goeie spoor - die goeie Gereformeerde spoor. Maar wat is *ons getuienis onder mense* - onder ons eie mense en onder ander mense?

## GETUIENIS

Is ek en my gemeente die *sout van die aarde* waar ons woon en leef en werk? Is ek en my gemeente die *lig van die wêreld*? Is ek en my gemeente *'n lamp op 'n staander*? Is ek en my gemeente *'n stad op 'n berg* in ons omgewing? Skyn ons Christelike lig só voor die mense dat hulle ons *goeie werke kan sien - sulke goeie werke* dat hulle ons Vader in die hemel verheerlik?

Een van die mooiste getuienisse oor 'n APK gemeente het onlangs uit 'n briefie van 'n bejaarde ou moeder gekom. Sy skryf: "Ds, ek is nog nie in die APK nie, maar wanneer ek hulle dienste bywoon, trek die gees onder dié mense my so aan dat ek seker maar binnekort sal aansluit."

Die brief wei nie uit nie maar minstens dít is duidelik: die gees onder APK-mense by hulle samekomste trek 'n mens aan - dié APK samekoms lewer 'n getuienis. Ons dank die Here daarvoor.

## INNIGE LEWENSVERBINTENIS

Wat is die geheim agter *sout van die aarde* wees, lig van die wêreld wees, *lamp* op 'n staander wees, *stad op 'n berg* wees? Hoe kry 'n Christen en Christen-gemeente dit reg om sulke goeie werke te doen dat mense dit sien en - God in die hemel daarvoor dank?

In Joh. 15 het Christus die geheim geopenbaar. Daar geheim is 'n *innige lewensverbintenis tussen Christus en sy volgeling* - tussen Christus en sy gemeente. "Ek is die wynstok, julle die lote. Wie *in My bly* en Ek in Hom, hy *dra veel vrug*. Want sonder My kan julle niks doen nie" (Joh. 15:5). "As iemand in My nie bly nie, word hy *uitgewerp* soos die loot en *verdroog* .... en hy word verbrand" (Joh. 15:6)

'n Christen en 'n gemeente wat hierdie innige lewensverbintenis met Christus mis, is soos Sardis van wie Christus sê: (Openb. 3:1): "Ek ken jou werke: jy het die naam dat jy leef en jy is dood". Hoe anders, hoe totaal anders is Jesus se bedoeling vir sy volgelinge: "Ek het gekom dat my skape *lewe en oorvloed* kan hê" (Joh. 10:10).

Ek herhaal Christus se woorde: "Ek het gekom dat my skape *lewe en oorvloed* kan hê" (Joh. 10:10).

Hoe anders is Jesus se bedoeling vir sy volgelinge as Hy sê (Joh. 7:37-39): "As iemand *dors* het, laat Hom *na My toe kom en drink.* Hy wat in My glo, *strome van lewende water* sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Heilige Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo". Elders (Joh. 4:14) beloof Hy vir sy volgeling: "... elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n *fontein* van water *wat opspring* tot in die ewige lewe" - Wat 'n verskil! Verdroogde loot - en opspringende fontein. En wat maak die verskil? Bly in die lewende wynstok - handhaaf die innige lewensverbintenis met Christus en - lewe! Of - leef buite Hom en verdroog.

Ek sluit af. Wie innig met die lewende Christus verbind is, dra veral twee kenmerke: *liefde* en *gehoorsaamheid. Joh. 13:35:* Hieraan *sal almal weet* dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het. En *Joh. 14:15*: As julle my liefhet, *bewaar my gebooie. Ook Joh. 15:14*: Julle is my vriende as julle *alles doen* wat Ek julle beveel.

Mag God ons en ons gemeentes begenadig om waarlik 'n Christelike getuienis te dra in hierdie wêreld wat Christenlampe en Christenligte so nodig het. Mag God ons en ons gemeentes begenadig om *lewende lote* in die *ware wynstok* Christus te bly. Mag God ons en ons gemeentes begenadig om veel vrug te dra - veral vrugte van liefde en gehoorsaamheid.

AMEN.

Sang: Ges. 277:1, 3, 5.

Gebed.

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

## VYFDE SINODE: 16 TOT 21 SEPTEMBER 1991

## EERSTE VERSLAG VAN DIE TKKS 16 SEPTEMBER 1991 A1

## 1. VIR KENNISNAME

### 1.1 Konstituering

Die Kommissie konstitueer met die volgende personeel:

Ds PK Roodt, Oudl. JF du Plessis, Oudl. PT Hugo. Oudl. CN Coetzee, Diak. NJ van Zyl, Oudl. JC de Kok, Diak. AC Visagie, Oudl. SJ Scheepers, Ds AS van Jaarsveld (Voorsitter), Ds JJ Venter, Oudl. LP Naude, Oudl. LP le Roux, Ds JA du Plessis, Ds PA van Zyl, Oudl. CJ Myburgh, Ds L de Waal, Dr MFM Pretorius, Oudl. AJ Pienaar, Prof R Marè, Prof FAH van Staden (Ondervoorsitter), Oudl. PR Pretorius, Dr EM Viljoen (Skriba)

### 1.2 Sake wat na die Kommissie verwys is

1.2.1 Handeling met verskille/geskille - Agenda p. 12 pt. 21.5

1.2.2 Sinodale Kommissie vir Appèl - Agenda p. 13 pt. 21.6

1.2.3 Frekwensie van Sinodale vergaderings en wysiging van art. 39 KO. Agenda p. 13 pt. 21.8 (sal oorstaan totdat notule van Sinode ontvang is).

### 1.3 Afsluiting

Ds PA van Zyl sluit af met gebed.

**VOORSITTER**

**SKRIBA**

**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

**VYFDE SINODE 16 - 21 SEPTEMBER 1991**

# TWEEDE VERSLAG VAN DIE TKKS 17 SEPTEMBER 1991 A2

## 1. VIR KENNISNAME

### 1.1 Presensie

Dr JA Scholtz en br. JJ Venter word toegevoeg tot die Kommissie terwyl prof R Marè afwesig is met verskoning.

### 1.2 Die volgende sake word in behandeling geneem

1.2.1 Handeling met verskille/geskille - Sakeiys p. 12 pt. 21.5

1.2.2 Naamlys van aanbevole lede vir die PKKS op versoek van die Tydelike Kommissie vir die samestelling van Kommissies.

1.2.3 Sinodale Kommissie vir Appèl - Sakelys p. 13 pt. 21.6

1.2.4 Wysiging van art. 39 KO t.o.v. die frekwensie van sinodale vergaderings - Sakelys p. 13 pt. 21.8

1.2.5 Die ondertekening van kommissieverslae deur Sinode verwys

1.2.6 Appèl dr Burger - as laatgekome stuk deur Sinode na TKKS verwys

1.2.7 Konsepreglement: Willie Lubbe Teologiese Studiefonds - Sakelys p. 41 pt. 6.9.1

1.2.8 Beskrywingspunt Ring van Suidkus i/s wysiging van Bepaling 37.1 KO - Sakelys p. 128 pt. 6.1.1

## 2. VIR DIE AANDAG VAN DIE SINODE

### 2.1 Handeling met verskille/geskille - (Sakelys p. 12 pt. 21.5)

Na deeglike besinning kom die kommissie tot die volgende:

**2.1.1 Aanbeveling:**

***Die Sinode keur die beskrywingspunt van die Ring van Vereeniging (verskille/geskille) nie goed nie.***

**2.1.2 Motivering**

2.1.2.1 Die Ring se aanbeveling is nie prakties uitvoerbaar nie.

2.1.2.2 Pt. 3 van die Ring se motivering berus op 'n irrelevante veronderstelling wat handel oor ongemagtigde uitsprake van persone wat deur die Sinode gerepudieer moet word c.f. Agenda 1989, p. 225

2.1.2.3 Dit is raadsaam en veiliger om liefs te bly by die ou beproefde beginsel in die Gereformeerde Kerkreg van Festina Lente - haas jou langsaam - d.w.s om met spoed maar ook met

die nodige omsigtigheid en verantwoordelikheid te handel in regsake.

## 2.2 Naamlys van lede vir die PKKS op versoek van die TKKS

Die volgende name word aangebied:

**Primariuslede**

Di. PK Roodt, AS van Jaarsveld, JA du Plessis, PA van Zyl, L de Waal

Drr. EM Viljoen, MFM Pretorius, JA Scholtz

Proff. R Marè en FAH van Staden

Oudle. CN Coetzee en AJ Pienaar

**Sekunduslede**

Ds G Smit en oudle. JF du Plessis en PR Pretorius

## 2.3 Sinodale kommissie vir Appèl - Sakelys p. 13 pt. 21.6

### 2.3.1 Aanbeveling:

***Die Sinode keur nie die beskrywingspunt van die Ring van Vereeniging (Sinodale kommissie vir Appèl) goed nie.***

### 2.3.2 Motivering

2.3.2.1 Ingevolge art. 31 en Bepaling 58B KO kan slegs kerklike vergaderings t.w. die Ring of Sinode appèlle hanteer terwyl kommissies hoogstens die betrokke vergadering van advies mag bedien.

2.3.2.2 Die lasgewing van die Sinode aan die PKKS bepaal dat die KKS die Sinode van preadvies moet bedien by die hantering van appèlle en kondoneringsake (KO p. 82 pt. 2)

## 2.4 Ondertekening van Kommissieverslae:

### 2.4.1 Aanbeveling:

***Ooreenkomstig die Skrifbeginsel in Mt. 18:19 moet minstens twee lede 'n verslag onderteken. Die twee lede moet verkieslik die persone wees wat onderskeidelik as Voorsitter en Skriba by die betrokke vergadering opgetree het.***

## 2.5 Appèl dr Burger

### 2.5.1 Aanbeveling:

***Die appèl is nie ontvanklik vir die Sinode nie.***

### 2.5.2 Motivering

2.5.2.1 Die stukke is laat ontvang.

2.5.2.2 Die aangeleentheid tussen dr Burger en die SKK het ten tye van die Sinode nog nie in 'n doodloopstraat beland wat 'n appèl regverdig nie, maar is inderwaarheid steeds in proses.

2.5.2.3 Ingevolge art. 31 KO het dr Burger geen *locus standi* in die appèl nie aangesien dit handel oor 'n aangeleentheid waarby nie hyself nie, maar sy eggenote primêr betrokke is.

2.5.2.4 Volgens die oordeel van die TKKS kan hierdie saak langs 'n ander weg as appèl na die Sinode besleg word, aangesien alle interne remedies kennelik nog nie uitgeput is nie en dit gelowiges betaam om mekaar allereers langs die koninklike weg van Mt. 18 te probeer ontmoet.

2.5.2.5 Die weg van appèl blyk in die geval beslis nie as laaste alternatief geregverdig te wees nie.

## 2.6 Wysiging van art. 39 KO t.o.v. die frekwensie van sinodale vergaderings

### 2.6.1 Aanbeveling:

***Staan oor totdat die juiste notule van die Sinode ontvang is.***

## 2.7 Konsepreglement: Willie Lubbe Teologiese Studiefonds (Sakelys p. 41 pt. 6.4.1)

### 2.7.1 Aanbeveling:

***Punt 6.9.3(c) word in opdrag van die Sinode geskrap en die restant word na oudl. AJ Pienaar verwys om in oorleg met ds IA Brink die reglement te redigeer.***

## 2.8 Beskrywingspunt: Ring van Suidkus i/s wysiging van Bepaling 37.1 KO (Sakelys p. 148 pt. 6.1.1)

### 2.8.1 Aanbeveling:

***Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.***

### 2.8.2 Motivering

'n Baie grondliggende beginsel in die Gereformeerde kerkreg kom hier in gedrag. Vgl. in dié verband die uitvoerige uiteensetting van prof FAH van Staden in pt. 5.2 van die verslag van die KKS - Sakelys p. 131 e.v. asook die motivering in die beswaarskrif van die APK Potchefstroom - Sakelys p. 153 pt. 6.3.1.1.3

## 3. AFSLUITING

Oudl. CN Coetzee sluit die vergadering af met gebed.

**VOORSITTER:** Ds AS van Jaarsveld

**SKRIBA:** Dr EM Viljoen

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

# VYFDE SINODE: 16 - 21 SEPTEMBER 1991

# DERDE VERSLAG VAN DIE TKKS A3

## 1. VIR KENNISNAME

### 1.1 Sake deur Sinode verwys na TKKS

1.1.1 Besinning oor en herformulering van art. 33 KO (Aanbeveling 3 - Sakelys p. 125) en daaruitvoortvloeiend aanbevelings 10, 11 en 12 ten opsigte van arts. 54, 55 en 56 KO - Sakelys p. 126 v.

1.1.2 Langverlof van predikante: Bepaling 14F 1.3 en 14F 2 - Sakelys p. 148 pt. 6.1.2 en Aanvullende Sakelys p. 253.

1.1.3 Redigering van Bepaling oor Censura Morum - Sakelys p. 144, Aanbeveling 22.

## 2. VIR DIE AANDAG VAN DIE SINODE

### 2.1 Herformulering van en besinning oor arts. 33 en 54-56 KO

#### 2.1.1 Aanbeveling

***Art. 33 word gewysig om bloot te lees:***

***Kerkraad***

***Die kerkraad bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en diakens.***

***Art. 54-56 soos voorgestel in die Sakelys word gewysig deur die woorde "smal kerkraad" te vervang met "Ouderlinge".***

#### 2.1.2 Motivering

Alhoewel geen sprake is van ampshiërargie nie, is daar tog in die Skrif, Belydenis, Klassieke Gereformeerde Kerkordes en bevestigingsformuliere baie duidelik sprake van ampsdifferensiasie.

So is dit bv. nie die taak van diakens om te preek en sakramente te bedien nie en eweneens nie primêr die diens van die ouderlinge of predikante om die Diens van Barmhartigheid te behartig nie (vgl. Hd. 6:2)

Dit is ook kennelik nie die bedoeling van art. 30 van die NGB waar die drie ampte saamgegroepeer word as die kerkraad, om hierdie ampsdifferensiasie op te hef nie. Daarvan spreek immers baie duidelik die daaropvolgende arts. 31-32 van die NGB.

Hierdie feit word des te duideliker bevestig as in ag geneem word dat die NGB saam met die DKO op die Sinode van Dordrecht in 1618-19 aanvaar is, terwyl in lg. tog duidelik hierdie ampsonderskeid gehandhaaf word.

Daarbenewens kan niemand die oorvloed Skrifgegewens ontken waar die Here die diens van opsig en tug primêr toegewys het aan die ouderlinge nie. Vgl. bv. Hd. 20:28; 1 Tm. 3:1-7; 1 Pt. 5:1-4 en so baie meer.

Hierdie feit word onmiskenbaar gestaaf deur die uiteensetting van die ampspligte van ouderlinge en diakens in die bevestigingsformulier vir ouderlinge en diakens.

Bowendien het hierdie ampsdifferensiasie al sedert 1987 in die KO van die APK sy beslag gekry (soos blyk uit arts. 21 en 22 Bepaling 33A, Artikel 51). Dit is daarom vir die TKKS onbegryplik waarom nou skielik probleme daarmee ontstaan.

## 2.2 Langverlof van Predikante: Bepaling 14F 1.3 en 14F 2

- Sakelys p. 148 en Aanvullende Sakelys p. 253.

### 2.2.1 Aanbeveling

***In die lig van die Sinode se goedkeuring van die voorgestelde Bepaling 14F 2 (Sakelys p. 148) verval die 2de paragraaf van die KKS se aanbeveling ten opsigte van Bepaling 14F 1.1 op p. 253 van die Aanvullende Sakelys.***

## 2.3 Redigering van aanbeveling 22 (Sakelys p. 144) i.s. Censura Morum

### 2.3.1 Motivering

Na diepgaande besinning het geblyk dat hierdie ordereël wat deur die Sinode in beginsel aanvaar is, inderwaarheid sinvol in 2 dele verdeel kan word.

Die eerste deel het sinvol betrekking op gewone kerkraadsvergaderings en die tweede deel op meerdere vergaderings t.w. die Ring en die Sinode.

Die eerste deel behoort so behandel te word dat die onderskeie ampte na afloop van 'n Kerkraadsvergadering in die geleentheid gestel moet word om mekaar vriendelik en broederlik onderling te vermaan en op te skerp ten opsigte van hulle dienswerk.

Bv. ten opsigte van die predikant: Is die prediking verstaanbaar, huisbesoek voldoende, is daar nie een of ander aspek van sy bediening wat dalk meer klem behoort te ontvang nie, ens. ens.

Ten opsigte van diakens: Word bejaardes gereeld besoek, is iemand nie dalk besig om te vereensaam nie ens. ens.

Wat die tweede deel betref, is dit so dat afgevaardigdes dikwels op meerdere vergaderings driftig raak of fel van mekaar kan verskil. Daar behoort dus ook 'n geleentheid geskep te word om onordelikes vriendelik te vermaan, die lug te suiwer, mekaar broederlik die hand te reik en in vrede en liefde uiteen te gaan. Die bedoeling hiervan het reeds beslag begin kry in die gewoonte wat by ons bestaan om teen die einde van die Sinode gesamentlik nagmaal te vier. Hierdie beoogde ordereël kan derhalwe ook sinvol daarby geïnkorporeer word.

Die ordereëls kan soos volg lees.

### 2.3.2 Aanbeveling

***2.3.2.1 Die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en diakens behoort mekaar na afloop van kerkraadsvergaderings onderling vriendelik en broederlik te vermaan en op te skerp oor die vervulling van hulle onderskeie dienste sonder dat die besonderhede daarvan genotuleer word.***

***2.3.2.2 Aan die einde van meerdere vergaderings behoort afgevaardigdes in die geleentheid gestel te word om op 'n wyse wat volgens die oordeel van die vergadering tot die meeste stigting dien, die lug te suiwer deur mekaar onderling vriendelik en in liefde te vermaan en op te skerp, sodat almal in vrede en liefde uiteen kan gaan soos dit vir onse Here welbehaaglik is onder diegene wat Hy geroep het om sy kerk te regeer. Bloot die feit van, en geen besonderhede in verband met hierdie deel van die vergadering nie, moet in die notule opgeneem word.***

# 3. AFSLUITING

Diaken AC Visagie sluit die vergadering af met gebed.

**VOORSITTER :** Ds AS van Jaarsveld

**SKRIBA:** Dr EM Viljoen

**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

# VYFDE SINODE: 16 TOT 21 SEPTEMBER 1991

# VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR FINANSIES B1

## 1. PERSONEEL

Die volgende afgevaardigdes dien op die Kommissie:

Oudle. AJL van Zyl, BFM Rossouw, PC Wentzel, JL Kruger, JS Campher, GAJ Wahl, JJ Wagner, PJJ Kichenbrand, diak. PN Faul, PJ Uys, di. CF Swart, JH Engelbrecht en LD Pienaar, oudle. P Mentz, JA du Plessis.

## 2. SAKE NA DIE KOMMISSIE VERWYS

### 2.1 Reiskoste-tariewe

2.1.1 Die Kommissie lê 'n verkorte tabel van die AA-tariewe aan die Sinode voor en versoek dat dit ook aan elke kerkraad gestuur word.

**2.1.2 Die TFK beveel aan**

***1. dat die tarief van reiskoste vir sinodewerk vasgestel word op 75c/km***

***(Hierdie besluit tree onmiddellik in werking.)***

***2. dat die tarief van reiskoste vir gemeentelike werk wat as riglyn by kerkrade aanbeveel word, op 80c/km gestel word, met terugwerkende krag tot 1 September 1991.***

**2.1.3 Inkomstebelastingwet:**

Die Kommissie vestig die aandag op sekere gegewens in verband met die Inkomstebelastingwet, soos dit byvoordele raak.

Die stukke is gedurende Julie 1991 deur die Kommissaris van Binnelandse Inkomste aan kassiers gestuur.

2.1.3.1 Reistoelae

1. As *reistoelae* betaal word ("'n toelae betaal of voorskot gemaak"), word 25% van so 'n reistoelae as "besoldiging" beskou - belasting moet dus op sodanige bedrag afgetrek word.

2. As die toelae gebaseer word op die werklike afstand "vir besigheidsdoeleindes" gereis en die werknemer vergoed word teen die skaal per kilometer soos deur die minister bepaal, word geen werknemersbelasting afgetrek nie.

3. In gevalle waar 'n gemeentemotor voorsien word en die kerkraad die volle koste van die motor dra, moet elke maand 1,2% van die aanvanklike markwaarde van die motor as "vasgestelde waarde" beskou word. Dit wil sê 1,2% van die kleinhandelwaarde van die motor by aankoop moet elke maand by die leraar se belasbare inkomste gevoeg word. (As 'n motor R40000.00 kos, word R480.00 per maand by die leraar se inkomste gevoeg.)

4. As 'n leraar die koste dra van alle brandstofgebruik vir doeleindes van private gebruik van die voertuig, word R120.00 afgetrek van die maandelikse waarde van 1,2%.

5. As 'n leraar die volle koste van die instandhouding van so 'n gemeentevoertuig dra, word

R85,00 van bogenoemde maandelikse bedrag afgetrek.

## 2.2 Aanpassing van die begroting met die oog op tweejaarlikse sinodesitting

Die Kommissie beveel aan:

*2.2.1 Opstel van begroting 1993*

***Die Sinode dra dit aan die FK, BRKA, SKK en Kuratorium op om die begroting vir 1993 op te stel sodat dit onder die heersende omstandighede aansluit en aangepas word by die goedgekeurde begroting vir 1992. Oorleg moet ook met ander kommissies gepleeg word, soos nodig.***

**Motivering**

1. Die tyd is te min om nou 'n totale begroting verantwoordelik op te stel.

2. Omstandighede kan van nou af tot die end van volgende jaar baie verander.

3. Die praktiese implikasies van die veranderde besluit in verband met die 15% bydrae moet nog uitgewerk word.

**2.2.2 Praktiese reëling**

***Die Sinode dra dit aan die FK op om 'n praktiese reëling uit te werk vir die behandeling van die begroting met 'n tweejaarlikse sinodesitting met verslag aan die volgende Sinode.***

## 3. IMPLIKASIES VAN DIE SINODEBESLUIT OOR DIE 15% BYDRAE VIR SINODALE WERKSAAMHEDE, SOOS DIT DIE BEGROTING VAN 1992 RAAK

## 3.1 Praktiese implikasies

**Aanbeveling**

***Die Sinode dra dit aan die FK op om alle praktiese implikasies van die sinodebesluit in verband met die 15%-bydrae (Sakelys bls. 201 pt. 2.8.1.3) so gou moontlik uit te werk sodat die toepassing van die besluit op 1 Januarie 1992 in werking kan tree. Die FK sal hierdie besluite voor die end van November 1991 aan alle kerkrade verskaf.***

## 3.2 Begroting 1992

**3.2.1 Die Kommissie beveel aan:**

***Die Sinode keur die begroting van uitgawes op bls. 207, 208 van die Sakelys vir 1992 goed.***

**3.2.2 Motivering**

1. Om die begroting van uitgawes nou te verander, is nie moontlik nie, aangesien dit bereken is na talle samesprekings met verskillende kommissies.

2. Sulke samesprekings kan nie nou plaasvind nie, aangesien die kommissies reeds ontbind het en die nuwe kommissies nog nie saamgestel is nie. So iets sou in elk geval onbillik en tydrowend wees.

**3.2.3 Riglyn vir begroting**

Die Tydelike Finansiële Kommissie onderskryf die riglyn waarvolgens die FK gewerk het (volgens besluit van die Sinode 1988) nl. dat beraamde uitgawes bereken moet word op grond van beskikbare beraamde inkomste.

## 3.3 Uitwerking van die sinodebesluit op die huidige toestand

**3.3.1 Gemeentelike trustgelde**

Die term "gemeentelike trustgelde" kan alle fondse van 'n kerkraad insluit wat nie aan lopende uitgawes gekoppel word nie. Dit kan in sommige gevalle 'n aansienlike persentasie beloop.

**3.3.2 Bepaling van bedrag**

Dit is moeilik om 'n bedrag te bepaal van sulke trustfondse van kerkrade. Die kantoorpersoneel het dit probeer uitwerk, maar aangesien die

bydraes op vorm F1 nie altyd volledig ontleed is nie, was dit nie moontlik nie.

Die Kommissie bereken dat die bedrag wat geraak word (wat by die totale inkomste van 'n gemeente afgetrek moet word), minstens 20% van die totale inkomste van

gemeentes sal beloop. As die beraamde inkomste vir 1992 op R2 400 000.00 gestel word (Sakelys bls. 205 pt. 3.2) sal die verlies aan inkomste reeds R480000.00 beloop.

Hierdie bedrag kan nog verder toeneem met die skep van verdere trustfondse en die vermeerdering van kapitale kostes in gemeentes.

### 3.3.3 Kontantvloeiprobleme

Die Kommissie oordeel dus dat kapitaalvloeiprobleme ondervind gaan word as die inkomste uit gemeentebydraes so 'n daling gaan toon. So 'n tekort kan tot R1 000 000.00 per jaar beloop.

### 3.3.4 Bankoortrekking

Die Kommissie oordeel dus dat die Sinode toestemming moet gee dat voorsiening gemaak word vir 'n bankoortrekking.

### 3.3.4 Aanbevelings

In die lig van die bogenoemde gegewens beveel die Kommissie aan:

***4.1 Die Sinode magtig die BRKA om oortrokke fasiliteite tot R2 000 000.00 te reël.***

### Motivering

1. Die alternatief van oortrokke fasiliteite is kostebesnoeiings. Dit sal noodwendig die volgende raak: reiskoste van vergaderings, verbeterings aan geboue, uitbreiding ten opsigte van administrasie, Willie Lubbe Studiefonds, koste van reisende leraars, hulp aan gemeentes, uitbreiding van die biblioteek.

2. Om sulke kostebesnoeiings nou te bereken en te implementeer, is nie prakties uitvoerbaar nie, aangesien die verwagte inkomste 'n onbepaalde faktor is.

3. Dit alles beteken dat die algemene groei in die Kerk tot gevolg sal hê dat die druk in die administrasie verder sal toeneem, aangesien verdere administratiewe uitbreiding ingekort sal moet word.

***4.2 Die Sinode doen 'n beroep op gemeentes om hulle kapitale fondse só te beheer dat die bydraes aan die Kerkkantoor nie verlaag nie, anders sal die Sinode gedwing word om die bydraekoers te verhoog na selfs 20%.***

**VOORSITTER:** Ds CF Swart

**SKRIBA:** Ds LD Pienaar

**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

**VYFDE SINODE: 16 - 21 SEPTEMBER 1991**

# VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG C1

## 1. KONSTITUERING

Die Tydelike Kommissie konstitueer met die volgende personeel.

PRESENSIE

Oudl JW Deale, Kareedouw
Oudl AS Schutte, Koster
Oudl WC Jones, Koster
Oudl BICS Erasmus, Groot Marico
Oudl DA van der Merwe, Klerksdorp
Oudl CF Ehlers, Mooinooi
Oudl CJ Ludik, Tuinplaas
Oudl JJ Liebenberg, Riversdal
Diak SW van der Merwe, Riversdal
Oudl HJ de Villiers, Bothaville
Oudl WH Saayman, Weipe
Oudl KN Lehmkuhl, Steynsrus
Oudl MJ Fouché, Marble Hall
Oudl JH Fouché, Marble Hall
Ds NJ Groenewald, Clocolan/Marquard
Ds P van Rensburg, Gordonia
Oudl IP Claasen, Groblersdal
Dr JH Ellis, Groblersdal
Diak OTR Fischer, Morgenzon
Oudl EE Irle, Barberton
Oudl GJ Bosman, Nelspruit
Oudl IC Holtzhausen, Northam
Oudl JC Els, Heilbron
Oudl LT van Schalkwyk
Oudl MT Kriel, Gordonia
Ds HC Venter, Keetmanskoop
Oudl WA Els, Parow (Tygerberg)
Oudl CC Joubert, Pretoria-Oos
Oudl SWJ Engelbrecht, Parow (Tygerberg)
Ds PG Stans, Olifantshoek
Ds SD Nel, Dendron
Ds AP Viljoen, Pretoria-Sentraal

## 2. VERKIESING

Ds AP Viljoen word as Voorsitter en ds SD Nel as Skriba van die Kommissie verkies.

## 3. LEDE VAN DIE PERMANENTE KOMMISSIE

Die volgende lede word vir die Permanente Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig voorgestel.

Di NJ Groenewald; P van Rensburg; dr JH Ellis; oudle AS Schutte; WC Jones; di AP Viljoen; SD Nel; PG Stans.

## 4. DEUR DIE SINODE VERWYS

### 4.1 Skoolverlaters en Skoolverwisselingskampe (Sakelys p. 61, 3.3.6).

**Aanbeveling**

***Die Sinode versoek:***

*4.1.1 Kerkrade, Ringe, Ringsgroepe om dringend aandag te gee aan die organiseer van Skoolverlaters- en Skoolverwisselingskampe.*

*4.1.2 Die Permanente Jeugkommissie om o.l.v. dr JH Ellis 'n handleiding daar te stel wat deur Kerkrade, Ringe en Ringsgroepe gebruik kan word met die reël van sodanige kampe.*

*4.1.3 Die Permanente Jeugkommissie om 'n naambank van kundige en belangstellende leraars daar te stel wat genader kan word om te help met sodanige kampe.*

*4.1.4 Predikante en ander belangstellendes om met die Voorsitter van die Permamente Kommissie vir Jeug- en Verbondsonderrig te skakel sodat sodanige naambank daar gestel kan word.*

VOORSITTER: Ds AP Viljoen

SKRIBA: Ds SD Nel

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

# VYFDE SINODE: 16-21 SEPTEMBER 1991

# EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR BARMHARTIGHEIDSDIENSTE D1

## 1. PERSONEEL

Oudl. M van Wyk, Ds AE van den Berg (Voorsitter), Diak. J Serfontein, Ds JM Rheeder, Oudl. WJ Serfontein, Ds NRJ van Zyl, Ds JAC Erasmus (Skriba), Oudl. JH Heymans, Ds WF Liebenberg, Diak. NJ Grobler, Oudl. GC van Jaarsveld, Ds JJ van der Linde, Diak. J du Plessis, Oudl. AGS Gous, Diak. P Lubbe

## 2. SAKE BEHANDEL

2.1 Laat beskrywingspunt Ring van Suidkus i.s. Noodlenigingsfonds

2.2 Riglyne vir selfbouskemas.

## 3. BESKRYWINGSPUNT RING VAN SUIDKUS

### 3.1 Aanbeveling

***3.1.1 Die Kommissie beveel aan dat die beskrywingspunt deur die Sinode in behandeling geneem word.***

***3.1.2 Die Sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie omdat daar reeds 'n algemene Alimentasiefonds in ons kerk bestaan.***

***3.1.3 Die Sinode doen 'n beroep op die plaaslike gemeentes om tot die algemene Alimentasiefonds by te dra of om 'n eie plaaslike Alimentasiefonds te stig vir moontlike noodgevalle.***

### 3.2 Motivering

Die APK synde 'n kerk vir Blanke Christene wat die Drie-enige God bely en derhalwe 'n sogenaamde nuwe wêreldordegodsdiens met sy vrede, vryheid en gelykheid beginsels *moet* teenstaan, sal noodwendig lei tot vervolging van APK lidmate.

Die Bybel bevestig dat baie vervolg gaan word ter wille van die Naam van Jesus Christus.

Sodanige vervolgings sal verreikende geestelike, maar ook finansiële probleme vir betrokke individue en hulle gesinne skep, wat die spreekwoordelike geld wat stom is sal vra om reg te maak wat krom is.

## 4. REGLEMENT SELFBOUSKEMA (PERMANENTE KOMMISSIE BL. 74 PUNT 2.1.1)

### 4.1 Aanbeveling

***4.1.1 Die Sinode verwys die saak na die Permanente Kommissie vir Barmhartigheidsdienste om met behulp van kundiges***

***'n behoorlike stuk op te stel en vir goedkeuring voor te lê aan die volgende Sinode.***

## 5. AFSLUITING

Die Kommissie vertrou hiermee dat hy sy opdrag na die beste van sy vermoë uitgevoer het.

**VOORSITTER:** DS AE VAN DEN BERG

**SKRIBA:** DS JAC ERASMUS

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder Blanke Afrikaners)*

## VYFDE SINODE: 16 - 21 SEPTEMBER 1991

## EERSTE VERSLAG : TYDELIKE KOMMISSIE VIR DIE KERKARGIEF F1

### 1. NAME VAN DIE LEDE VAN DIE KOMMISSIE WAT OPGEDAAG HET

Oudle. AHP Louw, WJ de Klerk, GC Gouws, LR Treurnich, di. J Ries, JA Jacobs, WM Grové.

### 2. DOOP EN LIDMAATREGISTERAFSKRIFTE

Slegs een saak is tot op datum na hierdie Kommissie verwys, nl. 'n brief van die Ring van Beaufort-Wes i/s doop- en lidmateregisterafskrifte.

**Beskrywingspunt vir aandag van permanente Argiefkommissie**

Die Ring van Beaufort-Wes versoek die Argiefkommissie om die huidige metode van jaarlikse indiening van die Doop- en Lidmateregister te wysig sodat slegs die besonderhede van lidmate en dooplidmate wat die afgelope jaar ingeskryf is, die gemeente verlaat het of oorlede is, ens. aan die SKK gestuur hoef te word.

Motivering

Die huidige stelsel verg onnodige bergingspasie in die argief omrede bladsye vol gegewens wat alreeds geliasseer is, jaar na jaar weer geliasseer moet word. Die kontrole van die registerbladsye met die van die gemeenteregisters deur die ringskriba skep ook groot probleme.

*Voorsteller:* geteken DJ Visser

*Sekondant:* geteken DJ Nell

### 3. AANBEVELING

***Wat deur die Ring gevra word, is reeds in 1989 deur die Sinode besluit. Hierdie en ander sake is vroeër vanjaar weer per omsendbrief aan alle gemeentes gestuur. Die Sinode verwys die Ring daarna.***

**VOORSITTER:** OUDL. AHP LOUW

**SKRIBA:** DS WM GROVé

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

# VYFDE SINODE: 16 - 21 SEPTEMBER 1991

# EERSTE VERSLAG : TYDELIKE KOMMISSIE VIR GEMEENTELIKE BEDIENING H1

## 1. PERSONEEL

Oudle. O Carlson; JN de Wet; GJ Swart, JE Helmbold; GJ Maartens; GE Cruywagen; JR Potgieter; diak. JG Lindström; di. JP Bezuidenhout (Voorsitter); WA Jooste; dr WA Burger; dr GJJ Labuschagne; ds RJH Pottas (Skriba).

## 2. BESKRYWINGSPUNTE

### 2.1 Brosjure in verband met doopgesprek (Ring van Vereeniging) (Pt. 5.1 van Sakelys)

#### 2.1.1 Aanbeveling

*Die Sinode verwys hierdie beskrywingspunt na die Permanente Kommissie vir Gemeentelike Bediening.*

### 2.2 Dooplidmaatregister (KO Bepaling 4A) Ring van Vereeniging (Pt. 5.2 van Sakelys)

**Aanbeveling**

*Die Sinode verwys hierdie beskrywingspunt na Permanente Argiefkommissie.*

### 2.3 Aanvra van Attestate (Ring van Kimberley) (Pt. 5.3 van Sakelys)

**Aanbeveling**

*Sinode bring Bep. 4c weer onder aandag van kerkrade en versoek skribas om by ontvangs van aansoeke om attestate so spoedig moontlik te reageer.*

### 2.4 Behoorlike ampsdraerlêer (Ring van Klerksdorp) (Pt. 5.4 van Sakelys)

**Aanbeveling**

*Sinode word verwys na pt. 4.4 van Verslag van Permanente Kommissie.*

### 2.5 Gestandaardiseerde vorms en riglyne vir spesiale dienste deur leraars gelewer (Pt. 5.5 van Sakelys)

**Aanbeveling**

*Sinode neem kennis dat hierdie saak afgehandel is by Verslag van Finansiële Kommissie (Beskrywingspunt 2.3)*

## 2.6 Geestelike Traktaatjies (Ring van Moot-Sentraal)

Die Sinode neem kennis dat die saak behandel is onder punt 3.6 van Verslag van Permanente Kommissie. Die Sinode verwys die beskrywingspunt ook na Permanente Kommissie vir Gemeentelike Bediening.

**VOORSITTER:** DS JP BEZUIDENHOUT

**SKRIBA:** DS RJH POTTAS

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

# VYFDE SINODE - 16 - 21 SEPTEMBER 1991

# EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR KERKSANG EN -MUSIEK K1

## 1. VIR KENNISNAME

### 1.1 KONSTITUERING

U Kommissie het gekonstitueer met die volgende lede:
Voorsitter: Ds NJ Rautenbach
Skriba: Ds GG le Roux
O/voorsitter: Ds JH Theron

Ds RW Louw, Mev A Boshoff, Ds DJ Malan, Mev R Cloete, Ds JJ Venter, Oudl PL Smith, Ds JG van Staden, Diak HJ Wessels, Ds JD vd Merwe, Ds AP Boshoff, Ds JP Bezuidenhout, Diak F Swanepoel, Oudl SS Roelofse, Diak JAB Potgieter, Oudl CJ Pretorius, Ds DR Schwartz, Oudl MJ Oberholzer

### 1.2 VERSLAG AAN SINODE

Die Kommissie bespreek kortliks die handelswyse met die verslag van die Kommissie vir Kerksang en -musiek wanneer die verslag op Donderdag 19 September aan die orde kom.

Die eerste deel van die aanbevole gewysigde sangbundel sal aan die Sinode voorgelê word vir besinning en besluit.

Die Kommissie vertrou dat sy taak hiermee voorlopig afgehandel is.

**VOORSITTER:** DS NJ RAUTENBACH

**SKRIBA:** DS GG LE ROUX

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

## VYFDE SINODE : 16 TOT 21 SEPTEMBER 1991 TE PRETORIA

## PERSVERKLARING VIR MAANDAG 16 SEPTEMBER 1991 : TYD 16:00 L1

Die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk het op Maandag 16 September 1991 in die Kerksentrum van die Corpus Christi-gemeente van die AGS byeengekom vir sy vyfde Sinodale vergadering. 361 Afgevaardigdes, vanuit 221 gemeentes oor die hele land is tans ter vergadering.

Daar is met dankbaarheid kennis geneem van die fenomenale groei van die Kerk sedert die vorige sinodesitting. 36 Nuwe gemeentes is gestig, terwyl die lidmatetal met 17% gestyg het. Alhoewel die Kerk groot erns gemaak het met die keuring van leraars wat tot die bediening in die Afrikaanse Protestantse Kerk toegelaat is, en 'n hoë standaard van keuring gehandhaaf word, het die aanwas in die predikantetal - almal vanuit kerke met 'n gereformeerde belydenis - die afgelope jaar met sestien toegeneem. Verder is ds Attie Boshoff, as die eerste student wat die Afrikaanse Protestantse Kerk se eie teologiese opleiding suksesvol voltooi het, toegelaat tot die bediening. Hy is die seun van ds en mev Adam Boshoff van Middelburg, Transvaal.

Een van die eerste take wat deur die sinode afgehandel is, was die verkiesing van ampsdraers, te wete:

- prof WJG Lubbe as Voorsitter
- prof FAH van Staden as Ondervoorsitter
- ds MC Adendorff as Skriba
- ds IA Brink as Hulpskriba en
- ds AS van Jaarsveld as Aktuarius.

Die Sinode het besluit om voortaan tweejaarliks te vergader. Tot dusver het die Sinode jaarliks byeengekom.

Op Maandagaand 16 September het prof WJG Lubbe sy Openingsrede gehou.

Hy het sy teksvers geneem uit

- Matt. 5:13 "Julle is die sout van die aarde"
- Joh. 15:4 "Bly in My"
- Joh. 14:6 "Ek is die weg en die waarheid en die lewe",

en gewys op die roeping en taak van die Afrikaanse Protestantse Kerk in die huidige tydsgewrig.

Die Kerk se dinamiese groei is baie duidelik God se werk.

Die Afrikaanse Protestantse Kerk wil niks anders wees as ware Kerk van Christus nie. Prof Lubbe het daarop gewys dat dit slegs gerealiseer kan word indien daar 'n innige lewensverbintenis tussen Christus en sy Kerk is.

Die Sinode het voorts met waardering kennis geneem dat die Afrikaanse Protestantse Kerk sy getuienistaak teenoor die owerheid uitgevoer het by wyse van gesprekvoering met die Staatspresident, sowel as met regter P Olivier oor die akte van menseregte.

Die sitting van die Sinode duur tot Saterdag 21 September 1991.

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

## VYFDE SINODE : 16 TOT 21 SEPTEMBER 1991

## PERSVERKLARING: DINSDAG 17 SEPTEMBER 1991 L 2

Die Afrikaanse Protestantse Kerk het op die tweede dag van sy vyfde sinodesitting met groot dank en waardering kennis geneem van die werk van sy Teologiese Skool.

Die groei van die Skool wat onder meer die vergroting van sy biblioteek insluit asook die uitbreiding in die Sentrale Kerkkantoor het die Kerk genoodsaak om die bekende Brook House in Brooklyn aan te koop. Huisvesting sal voortaan moontlik ook aan sommige teologiese studente verskaf kan word.

Daar is ook met dank kennis geneem van die hoogstaande wetenskaplike onderrig wat aan studente van die Skool gebied word. Voortaan sal ook in die Kuratoriumverslag rapport gelewer word oor die praktiese werk van teologiese studente.

Gelukwensing is uitgespreek teenoor professor HCG Robbertze wat in die Ou Testament gepromoveer het. Hy ontvang sy DTh-graad aan UNISA op 26 September 1991.

Die Sinode het voorts eenparig besluit om met sy ekumeniese arbeid voort te gaan met as grondslag vir die kerklike gesprek, die erkenning van mekaar as kerke van Christus. Die doel van die gesprek is veral om onderlinge verhoudinge tussen Christelike kerke te bevorder en te verbeter.

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

## VYFDE SINODE : 16 TOT 21 SEPTEMBER 1991 TE PRETORIA.

## PERSVERKLARING:
## DONDERDAG 19 SEPTEMBER 1991 TYD: 16:00
## L3

Die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk het op sy derde sittingsdag die betekenisvolle besluit geneem dat geen afgevaardigde voortaan vir meer as twee agtereenvolgende vergaderings as Voorsitter mag dien nie. Die vergadering handhaaf hiermee die beginsel van rotasie ten einde enige sweem van oorheersing van die vergadering of van die kerkverband deur 'n enkele persoon uit te skakel.

Mnr Eddie van Zyl, Direkteur: Aksie Morele Standaarde het die Sinode toegespreek oor die ideale, doelstellings en aktiwiteite van die Aksie. Hy het veral klem gelê op die ongelooflike verval van die morele en etiese norme van ons volk. Die enigste wapen hierteen, is die mobilisering van veral die jeug van ons volk.

Die Sinode het weer eens onder die indruk van die fenomenale groei van die Kerk gekom wat onder andere blyk uit die toename van die predikantetal tot 106. Die Afrikaanse Protestantse Kerk is in 1987 gestig met slegs 2 predikante. Die Kerk het kort hierna 'n stelsel van "beperkte opdrag" ingestel wat predikante en professore toegelaat het om ten spyte van 'n eie voltydse bediening, ook nog hulpdiens ("met beperkte opdrag") aan gemeentes te lewer. Hierdie stelsel het die Kerk in sy noodsituasie, veroorsaak deur die geweldige tekort aan predikante uitstekend gedien. Die Sinode het besluit om hierdie stelsel van predikante en professore "met beperkte opdrag", voorlopig te handhaaf maar dat dit geleidelik uitgefaseer moet word.

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

## VYFDE SINODE : 16 TOT 21 SEPTEMBER 1991 TE PRETORIA

## PERSVERKLARING: VRYDAG 20 SEPTEMBER 1991 : 16:00 L4

Die Sinode het, diep bewus van die nood in groot dele van ons land, tydens sy vroeë oggend bidstond in besonder voorbidding gedoen vir die droogtegeteisterde gebiede in die Oos-Kaap asook die groot verliese wat boere in die Oos Vrystaat, Karoo en Natal gely het.

Uit verskillende verslae wat hierna voor die Sinode gedien het, het dit baie duidelik geblyk dat die Kerk groot erns maak met die bearbeiding van sowel studente as werkende jong lidmate. Omdat die Afrikaanse Protestantse Kerk prinsipieel die standpunt huldig dat studente en jong lidmate deel vorm van die plaaslike Kerk (gemeentes), plaas dit 'n baie groot werklas op die leraars van gemeentes met groot getalle jongmense. Die Sinode het sy opregte dank teenoor hierdie predikante wat hulle taak op voortreflike wyse verrig, betuig. Die Sinode het gevolglik besluit dat indien die getalle 'n plaaslike Kerk noop om 'n tweede leraar met die oog op intensiewe bearbeiding te beroep, die kerkraad om finansiële steun by die Bedieningsfonds kan aansoek doen.

Tydens die behandeling van die Jeugverslag is ernstige aandag gegee aan die verskaffing van verblyf aan jongmense wat uit die platteland na die groot stede verhuis. Die Kerk is bereid om moeite te doen om vir sy jongmense goeie huisvesting te vind.

Die Sinode het besluit dat verdere hersiening van sy Kerklied noodsaaklik is. Norme wat by so 'n hersiening belangrik is, is Skrifgetrouheid, taalsuiwerheid, regsinnigheid en die gepaste melodie. Dwarsdeur die kerkverband is daar die begeerte om met oorgawe te kan sing. Daar is reeds 'n eie proefsangbundel in wording, wat binnekort aan gemeentes beskikbaar gestel gaan word.

'n Saak wat besondere aandag en bespreking op die Sinode ontlok het, was die verslag van die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding. Die Sinode het besluit dat 'n skrywe vanuit die Sentrale Kerkkantoor aan die direkteure van Onderwys van al vier provinsies gerig moet word oor die onderwerp van geslagsvoorligting op skole. 'n Afskrif van hierdie skrywe sal ook aan die minister vir sy kennisname en aandag gerig word.

Die Afrikaanse Protestantse Kerk teken ernstig beswaar aan teen die blootstelling van die jong Afrikanerkind aan seksvoorligting op skool, aangesien dit die taak van die ouer in gesinsverband is.

Die Sinode het verder besluit dat alle Kerke (gemeentes) opgeroep word om onverpoosd te waak teen die verskynsel van Satanisme in elke gemeenskap en sy skole.

Dr EM Viljoen van Outjo het die Sinode meegedeel hoe die belangstelling in Christelik-Volkseie Onderwys op Gereformeerde grondslag toegeneem het in Namibië. Die eerste privaatskool, Moria, is geïnisieer deur die Afrikaanse Protestantse Kerk Outjo en sal na verwagting teen aanstaande jaar reeds sowat 200 leerlinge huisves. Ondertussen het nog 'n aksie, onder die naam Elnatan privaatskool, in die omgewing van Stampriet, in die suidooste van Namibië ontstaan. 'n Soortgelyke skool onder die naam Welwitchia privaatskool is in die omgewing van Swakopmund in wording.

Ds Reyno Louw van die Afrikaanse Protestantse Kerk Goudveld Sentraal (Welkom) het op sy beurt die Sinode meegedeel dat die Goudveldse Akademie vir Christelik-Volkseie Onderwys op

12 Augustus 1991 deur 'n aantal ouers op Welkom gestig is. Dit is die eerste privaatskool onder beheer van 'n Afrikaanse Protestantse Kerk in die Republiek. In hierdie skool sal die Vrystaatse leerplanne gevolg en van die mees gevorderde rekenaartegnologie gebruik gemaak word. Die Akademie open DV op 7 Oktober 1991 met meer as 100 leerlinge terwyl die koste per leerling na verwagting aansienlik laer sal wees as by staatskole in die toekoms.

Die Sinode het sy waardering uitgespreek oor wat reeds in die Afrikaanse Protestantse Kerk ten opsigte van Volkseie Onderwys gedoen is. Die Sinode het gemeentes aangeraai om ondersoek in te stel oor wat in eie geledere gebeur en privaatskole onder die beheer van die Afrikaanse Protestantse kerke (gemeentes) aangeraai om met die Christelik-Volkseie-Onderwysstigting te affilieer.

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

## VYFDE SINODE : 16 TOT 21 SEPTEMBER 1991 TE PRETORIA

## PERSVERKLARING: SATERDAG 21 SEPTEMBER 1991 09:00 L5

Op Vrydag 20 September 1991, die vyfde sittingsdag van die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) het die vergadering in sy oggendsitting aandag gegee aan die werk van die Bybelgenootskap. Ds Sep Boshoff, algemene sekretaris van die Bybelgenootskap, het die Sinode toegespreek. Die vergadering het met waardering kennis geneem van die goeie werk van die Bybelgenootskap. Gemeentes is aangemoedig om ruim fondse beskikbaar te stel aan die Genootskap.

'n Vroeëre besluit van die Sinode dat die 1953-Bybelvertaling as amptelike vertaling vir gebruik in die Kerk aanvaar word terwyl die 1983-vertaling as toeligting gebruik mag word, is herbevestig.

Die Sinode het versigtig en noukeurig ondersoek ingestel na die koördinering van die sustersaktiwiteite binne die kerkverband. Daar is besluit dat die susters landwyd van tyd tot tyd binne ringsgebied, of op nasionale vlak in konferensies wat geen bindende besluite mag neem nie, byeen mag kom. Daar sal geen permanente struktuur gevorm word nie.

'n Belangrike saak waaroor die Sinode besluit het, is dat alle aansoeke om toelating tot die bediening asook statustoekenning aan leraars uit ander Gereformeerde Kerke voortaan alleen deur die Kuratorium behartig sal word. In alle gevalle sal 'n Colloquium Doctum gevoer word. Tot dusver is toelating van predikante met leraarstatus uit ander Afrikaanse Gereformeerde Kerkverbande deur die Sentrale Kerkekommissie gedoen.

Die Sinode het met ontsteltenis kennis geneem van die bewering dat maj. K Jonker nie meer toegelaat word om groepe/mense oor Satanisme toe te spreek nie en het die SKK (Sentrale Kerkekommissie) versoek om 'n skrywe aan die betrokke minister te rig en 'n verduideliking te vra. Hierdie brief, asook die antwoord daarop moet in die amptelike blad van die APK, Die Boodskapper, gepubliseer word.

Die Sinode het besluit dat die AP kerkverband hom distansieer van die Rustenburgse skuldbelydenis, omdat uitsprake van hierdie aard die Kerk van Jesus Christus aan die partypolitiek diensbaar maak. Daardeur word die Kerk se profetiese roeping in hierdie veelbewoë tydsgewrig ernstig benadeel.

Die Sinode doen 'n beroep op alle Christengelowiges om hulle teenoor die Woord van God te verantwoord, in biddende afhanklikheid van die leiding deur die Heilige Gees met betrekking tot hulle verhouding tot God en hulle medemense.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

# VYFDE SINODE: 16 - 21 SEPTEMBER 1991

# EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR SAMESTELLING VAN PERMANENTE KOMMISSIES N1

## 1. PERSONEEL

Prof WJG Lubbe (Voorsitter); di. JM Rheeder (Skriba); GG le Roux, S Botes, JP Bezuidenhout, CJJ van Rensburg; MJ Hartzenberg; AP Viljoen, JJ (Jurie) Venter); NJ Rautenbach; MP Taute; AS van Jaarsveld; drr. E Friis; HJ Smith; oudle AHP Louw; PJ Engelbrecht; ds CF Swart.

## 2. AANBEVELINGS

Die Sinode keur die volgende permanente kommissies goed:

### 2.1 Finansiële Kommissie

#### 2.1.1 Primarii

Di. CF Swart (sameroeper), LD Pienaar, oudle BJM Rossouw, JS Campher, PJJ Kichenbrand, diaken PJ Uys, ds AJ Taute.

#### 2.1.2 Sekundi

Ds JH Engelbrecht, oudle PC Wentzel, JJ Wagner.

### 2.2 Kommissie vir Kapelaansdienste

#### 2.2.1 Primarii

Di. RMJ Britz (sameroeper), JP Bezuidenhout, PA van Zyl, MJ Hartzenberg, DJ Visser, JL du Preez.

#### 2.2.2 Sekundi

Oudle. SG Greyling, WH Burger, WF Bruwer, RL van Tonder.

### 2.3 Kommissie vir Kerksang en -musiek

#### 2.3.1 Primarii

Di. NJ Rautenbach (sameroeper), GG le Roux, JD van der Merwe, JH Theron, JJ (Koos) Venter, CD Koen, RW Louw, JG van Staden.

#### 2.3.2 Sekundi

Ds DJ (Danie) Malan, diak. F Swanepoel, ds DR Schwartz.

## 2.4 Kommissie vir Onderwys en Opvoeding

### 2.4.1 Primarii

Ds JH Theron (Sameroeper), dr HJ Smith, di. RW Louw, JH van Vuuren, JN Joubert, oudle. CC Joubert, EH Haynes.

### 2.4.2 Gekoöpteerde lede

Prof A Swart, dr JA Scholtz.

### 2.4.3 Sekundi

Ds AS van Staden, oudl. FM van der Merwe.

## 2.5 Kommissie vir Barmhartigheidsdiens

### 2.5.1 Primarii

Ds AE van den Berg (sameroeper), di. JM Rheeder, NRJ van Zyl, JAC Erasmus, oudle. AGS Gous, CJ Taljaard.

### 2.5.2 Sekundi

Di. JJ van der Linde, WF Liebenberg, diaken E Serfontein.

## 2.6 Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme

### 2.6.1 Primarii

Ds MP Taute (sameroeper), ds JA Jacobs, oudle. MJ Cornelius, JF du Plessis, TW Bartleman, DG van der Merwe

### 2.6.2 Sekundi

Di. PR Jonker, Attie Boshoff.

## 2.7 Kuratorium

### 2.7.1 Primarii

Dr CI van Heerden, ds JH van der Walt, drr JH Ellis, MFM Pretorius, di. JP Bezuidenhout, NJ Rautenbach, IA Brink, JN Joubert, JH Theron, MC Adendorff, Adam Boshoff (sameroeper).

### 2.7.2 Sekundi

Drr GJJ Labuschagne, WA Burger, di. AJ Taute, DR Schwartz.

## 2.8 Jeugkommissie

### 2.8.1 Primarii

Di. AP Viljoen (sameroeper), NJ Groenewald, P van Rensburg, PG Stans, SD Nel, dr JH Ellis, oudle. WC Jones, AS Schutte.

### 2.8.2 Sekundi

Ds A du Plessis, oudle. IP Claasen, DG van der Merwe, PJ Engelbrecht.

## 2.9 Kommissie vir Formuliere en Liturgie

### 2.9.1 Primarii

Di. JH van der Walt (sameroeper), L Skein, JHE Adams, G Smit, JJ (Jurie) Venter

### 2.9.2 Sekundi

Di. DJ (Danie) Malan, JH de Jager.

## 2.10 Kommissie vir Kerkregtelike Sake

### 2.10.1 Primarii

Di. AS van Jaarsveld (sameroeper), PK Roodt, JA du Plessis, PA van Zyl, L de Waal, IP du Preez, drr. MFM Pretorius, EM Viljoen, oudle. AJ Pienaar, CN Coetzee, proff. FAH van Staden, R Marè.

### 2.10.2 Sekundi

Ds G Smit, oudle. JF du Plessis, PR Pretorius.

## 2.11 Kommissie vir Sending en Evangelisasie

### 2.11.1 Primarii

Di. CJJ van Rensburg (sameroeper), OD Scheuer, JJJ Roodt, JM Cronjé, oudle. DPJ Botes, L Wiid, CH Groenewald.

### 2.11.2 Sekundi

Ds HJ Liversage, dr CI van Heerden.

## 2.12 Kommissie vir Gemeentelike Bediening

### 2.12.1 Primarii

Di. JP Bezuidenhout (sameroeper), WA Jooste, RJH Pottas, oudle. JN de Wet, GJ Maartens, GC Cruywagen, JE Helmhold.

### 2.12.2 Sekundi

Drr WA Burger, GJJ Labuschagne oudle. GJ Swart, OA Carlson.

## 2.13 Kommissie vir Bybelvertaling

### 2.13.1 Ou Testament

Prof HCG Robbertze, dr E Friis, di. MJ Eilers, JH van der Walt, J Breytenbach, DR Schwartz.

### 2.13.2 Nuwe Testament

Proff WJG Lubbe, HS Theron, R Marè, FAH van Staden, dr EM Viljoen, ds S Botes (sameroeper)

## 2.14 Kommissie vir Argief

### 2.14.1 Primarii

Di WM Grové (sameroeper), Albert Boshoff, oudle. GC Gouws, AHP Louw.

### 2.14.2 Gekoöpteer

Br. AJ van der Nest.

### 2.14.3 Sekundus

Ds JJ Jacobs.

## 3. SLOT

Hiermee vertrou die Kommissie dat hy sy opdrag volgens verwagting van die Sinode uitgevoer het en bid die Sinode die seën van die Here toe op sy beraadslaginge.

VOORSITTER: *PROF WJG LUBBE*

SKRIBA: *DS JM RHEEDER*

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

## VYFDE SINODE : 16 TOT 21 SEPTEMBER 1991

## EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR RINGSGROEPERINGS EN RINGSINDELING O1

## 1. PERSONEEL

Ds GG le Roux (Voorsitter), Diaken PDG Steyn (Skriba), Ds MJ Hartzenberg, Ds PG Stans,Ds PR Jonker, Dr MFM Pretorius, Ds A Boshoff (Adam), Dr JA Scholtz, Oudl G Coetzer, Oudl A van Straaten, Oudl C Fourie.

## 2. AANBEVELINGS

***Die Sinode keur die volgende ringsindelings goed soos gewysig:***

### 2.1 Kaapland

#### 2.1.1 Beaufort-Wes

Beaufort-Wes, Oudtshoorn, Riversdal, George, Fraserburg, Mosselbaai, Sutherland, Laingsburg, Ladismith.

#### 2.1.2 Clanwilliam

Clanwilliam, Pools, Olifantsrivier, Calvinia.

#### 2.1.3 De Aar

De Aar, Britstown, Carnarvon, Strydenburg, Hanover, Orania.

#### 2.1.4 Kimberley

Kimberley, Barkly-Wes, Douglas, Christiana, Reivilo, Vaalharts-Suid, Daniëlskuil.

#### 2.1.5 Olifantshoek

Olifantshoek, Groblershoop, Gordonia, Kathu, Kuruman, Prieska-Fontein, Postmasburg, Griekwastad, Namakwaland.

#### 2.1.6 Somerset-Oos

Somerset-Oos, Fort Beaufort, Graaff-Reinet, Aberdeen, Uitenhage, Algoa, Grens, Alexandria, Kareedouw.

#### 2.1.7 Stellenbosch

Stellenbosch, Paarl, Tygerberg, Bonnievale, Worcester.

#### 2.1.8 Steynsburg

Steynsburg, Barkly-Oos, Jamestown, Maclear, Venterstad, Cradock, Elliot, Bethulie.

### 2.2 Oranje-Vrystaat

#### 2.2.1 Bethlehem

Bethlehem, Clocolan, Paul Roux, Senekal, Marquard, Ficksburg, Lindley, Steynsrus.

#### 2.2.2 Bloemfontein

Bloemfontein, Bloemfontein-Noord, Boshof, Brandfort, Dealesville, Dewetsdorp, Petrusburg, Theunissen, Jagersfontein/Fauresmith, Verkeerdevlei, Hertzogville.

### 2.2.3 Graniet

Graniet, Koppies, Viljoenskroon, Bothaville, Wesselsbron, Parys.

### 2.2.4 Heilbron

Heilbron, Cornelia, Tweeling, Frankfort, Villiers.

### 2.2.5 Hennenman

Hennenman, Kroonstad, Virginia, Bultfontein, Goudveld-Sentraal, Odendaalsrus.

### 2.2.6 Memel

Memel, Vrede, Warden, Harrismith.

## 2.3 Transvaal

### 2.3.1 Dendron

Dendron, Phalaborwa, Tzaneen, Pietersburg, Louis Trichardt, Weipe, Messina, Hoedspruit.

### 2.3.2 Derby

Derby, Ventersdorp, Koster, Groot-Marico, Zeerust, Buhrmansdrif, Coligny.

### 2.3.3 Germiston

Germiston, Benoni, Kempton Park, Primrose, Nigel, Brakpan, Deimas, Springs, Boksburg, Alberton, Devon.

### 2.3.4 Klerksdorp

Klerksdorp, Potchefstroom, Fochville, Hartbeesfontein.

### 2.3.5 Lichtenburg

Lichtenburg, Alfa, Sannieshof, Biesiesvlei, Ottosdal, Delareyville.

### 2.3.6 Middelburg

Middelburg, Witbank, Belfast, Laersdrif, Bronkhorstspruit, Cullinan-Rayton, Cornelia.

### 2.3.7 Migdol

Migdol, Vryburg, Louwna, Bosrand, Molopo, Schweizer-Reneke, Bloemhof, Leeudoringstad, Hoopstad.

### 2.3.8 Mooinooi

Mooinooi, Thabazimbi, Rustenburg, Brits, Sanddrif, Hartbeespoort, Northam, Ellisras.

### 2.3.9 Moot-Sentraal

Moot-Sentraal, Verwoerdburg, Pretoria-Oos, Trans-Magalies, Pretoria-Sentraal, Wonderboom, Wes-Moot.

### 2.3.10 Morgenzon

Morgenzon, Ermelo, Hoëveldrif, Piet Retief, Amersfoort, Perdekop, Standerton, Bethal, Leandra.

### 2.3.11 Naboomspruit

Naboomspruit, Warmbad, Koedoesrand, Roedtan, Marble Hall, Tuinplaas, Groblersdal, Potgietersrus, Waterberg, Marken, Vaalwater.

### 2.3.12 Nelspruit

Nelspruit, Barberton, Carolina, Witrivier, Arnot/Hendrina, Lydenburg, Sabie, Lebombo.

### 2.3.13 Roodepoort

Roodepoort, Linden, Randfontein, Carletonville-Welverdiend, Magaliesburg, Krugersdorp.

### 2.3.14 Vereeniging

Vereeniging, Heidelberg, Vanderbijlpark, Sasolburg, Balfour, Meyerton, Zoar, Greylingstad.

## 2.4 Natal

### 2.4.1 Suidkus

Suidkus, Groter Durban, Hlulhuwe, Zululand, Oos-Griekwaland.

### 2.4.2 Newcastle

Newcastle, Glencoe/Dundee, Vryheid, Utrecht, Ladysmith, Amajuba

## 2.5 Suidwes-Afrika

### 2.5.1 Outjo

Outjo, Windhoek, Keetmanshoop, Leonardville, Grootfontein.

## 3. SLOT

Die Kommissie vertrou dat hy hiermee sy taak afgehandel het.

**VOORSITTER :** DS GG LE ROUX

**SKRIBA :** DIAK. PDG STEYN

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

## VYFDE SINODE - 16 TOT 21 SEPTEMBER 1991

## EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE P1

### 1. PRESENSIE

DIE VOLGENDE AFGEVAARDIGDES WAS TEENWOORDIG BY DIE KONSTITUERING VAN DIE KSE

Ds CJJ van Rensburg, Ds JJJ Roodt, Ds HJ Liversage, Ds OD Scheuer, Ds JM Cronjé, Oudl F Kühne, Oudl L Wiid, Oudl CH Groenewald.

### 2. KONSTITUEER

Die Kommissie konstitueer op Maandag 16 September 1991 om 20:30.

### 3. VERKIESING VAN VOORSITTER EN SKRIBA

Ds CJJ van Rensburg word onbestrede verkies tot Voorsitter en ds JJJ Roodt as Skriba.

### 4. AANGEWESE LEDE VIR DIE KOMMISSIE

Die volgende addisionele lede word aangewys:

Ds OD Scheuer, Ds HJ Liversage, Ds JM Cronjé, Oudl CH Groenewald, Oudl L Wiid, Oudl D Botes.

### 5. SLOT

Die vergadering verdaag.

**VOORSITTER:** ***DS CJJ VAN RENSBURG***

**SKRIBA:** ***DS JJJ ROODT***

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

## VYFDE SINODE: 16 - 21 SEPTEMBER 1991

## TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKSE KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE P 2

## 1. VIR KENNISNAME

### 1.1 Presensie

Di C van Rensburg, J Roodt, O Scheuer, J Cronjé, oudle C Groenewald, J Erasmus, F Kühne, D Botes.

Afwesig met verskoning

Ds H Liversage.

## 2. NAAMLYS VAN PERMANENTE KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE (PKSE)

### 2.1 Primarii

Ds CJJ van Rensburg
Ds JJJ Roodt
Ds JM Cronjé
Ds DJ Malan
Oudl CH Groenewald
Oudl L Wiid
Oudl DPJ Botes
Oudl F Kühne

### 2.2 Sekundi

Ds HJ Liversage

Dr CI van Heerden
Oudl J Erasmus

## 3. SAKE NA TKSE VERWYS

### 3.1 Twee sake is deur die Sinode verwys vir aandag nl.

#### 3.1.1 Onregsinngheid

(i) Die beweerde teologiese onregsinnigheid van 'n geestelike traktaat getiteld "Onthou ...u afspraak" moet deur die TKSE ondersoek word.

#### 3.1.2 Traktaatjies deur APK

Die moontlikheid dat alle traktate voortaan self deur APK gepubliseer en gedruk word.

#### 3.1.3 Aanbevelings

***3.1.3.1 Die Sinode besluit dat elke sinodeganger op hoogte behoort te wees van die inhoud van die genoemde traktaatjie voordat enige gevolgtrekking gemaak kan word.***

***3.1.3.2 Die Sinode besluit dat die gemelde traktaat wel versprei word.***

***3.1.3.3 Die Sinode keur goed dat die APK afsien van die gedagte van die publikasie van eie traktaatjies op hierdie stadium.***

### 3.1.4 Motivering

3.1.4.1 Die Kommissie het na besinning tot die oortuiging gekom dat daar geen teologiese of dogmatiese afwykinge voorkom in die tersaaklike stuk nie.

3.1.4.2 Die Sinode word gewys op die feit dat hierdie traktaat en ander wat aan sinodegangers beskikbaar gestel is, geskryf is met die oog op 'n sekere teikengroep, en daarom nie 'n refleksie wil wees van ingewikkelde en dogmatiese heilswaarhede nie.

3.1.4.3 Die Kommissie is van mening dat die tersaaklike traktaat geen element van *metodisme* bevat nie, indien die hele konteks in ag geneem word.

3.1.4.4 Die skryf en publikasie van eie geestelike traktate vir die APK is nie nodig nie, want die beskikbare traktate is reeds dekades in sirkulasie en geniet wye erkenning in die meeste tradisionele Afrikaanse Kerke.

3.1.4.5 Geestelike traktate wat versprei word deur die APK deeglik gekeur word voor verspreiding daarvan.

**VOORSITTER:** DS CJJ VAN RENSBURG

**SKRIBA:** DS JJJ ROODT

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

# VYFDE SINODE 16 - 21 SEPTEMBER 1991

# VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE V1

## 1. VIR KENNISNAME

### 1.1 Konstituering

Die Kommissie het gekonstitueer met ds IA Brink as Voorsitter, ds PG Stans as Skriba.

### 1.2 Geloofsbriewe

Al die geloofsbriewe van gemeentes van wie die afgevaardigdes tot en met 12:00 geregistreer het, is in behandeling geneem.

### 1.3 Laatstukke

Baie geloofsbriewe het laat by die Sentrale Kerkkantoor opgedaag. Talle geloofsbriewe was onvolledig voltooi en gemeentes moes geskakel word om inligting te bekom.

### 1.4 Personeel

Die kommissie het bestaan uit:

Oudl. PR Botha, oudl. BI de Klerk, ds IA Brink, ds A Boshoff, oudl. AJ Pienaar, oudl. MF Labuschagne, ds CD Koen, oudl. PB Engelbrecht, ds PG Stans.

### 1.5 Personeelwysigings

Personeelwysigings sal wanneer nodig deur die kommissie hanteer word.

### 1.6 Laat registrasies

Laat registrasies sal in 'n volgende verslag behandel word.

## 2. AANBEVELINGS

### 2.1 Alfabetiese behandeling

Die Sinode behandel die presensielys in alfabetiese orde volgens die gemeentes wat teenwoordig is.

### 2.2 Gemeentes nie verteenwoordig

Die Sinode keur dit goed dat die volgende gemeentes nie verteenwoordig is nie: (verskoning is aangebied)

APK Aberdeen, APK Alexandria, APK Bethulie, APK Bonnievale, APK Boshof, APK Calvinia, APK Carnarvon, APK Cradock, APK Daniëlskuil, APK Graaff-Reinet, APK Greylingstad, APK Groblershoop, APK Hanover, APK Hart-

beesfontein, APK Hluhluwe, APK Hoedspruit, APK Jamestown, APK Kathu, APK Koedoesrand, APK Koppies, APK Ladismith, APK Ladysmith, APK Laingsburg, APK Lebombo, APK Maclear, APK Namakwaland, APK Oos-Griekwaland, APK Orania, APK Sutherland, APK Venterstad, APK Verkeerdevlei, APK Windhoek.

## 2.3 Goedkeuring van geloofsbriewe

Die Sinode keur die geloofsbriewe van 173 gemeentes goed met 350 afgevaardigdes uit 'n moontlike 221 gemeentes en 546 afgevaardigdes. (16 gemeentes het nog nie geregistreer nie)

## 2.4 Verskonings

Die Sinode keur die volgende verskonings goed:

Ds Evert G Mouw, APK Newcastle, oudl. WJ Pretorius, APK Heidelberg, Ds CFW Snyman, APK Krugersdorp, oudl. MS Kolesky.

## 2.5 Konstituering

Die Sinode besluit om die vergadering te konstitueer.

## 3. Slot

Hiermee vertrou die kommissie dat hy sy taak voltooi het.

Seënwense

VOORSITTER : Ds IA Brink

SKRIBA: Ds PG Stans

AFRIKAANS PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder Blanke Afrikaners)*

# VYFDE SINODE: 16 TOT 21 SEPTEMBER 1991

# TWEEDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE V2

## 1. AANBEVELING

1.1 Die Sinode keur goed dat die volgende broer sitting neem as afgevaardigde:

APK Hennenman: **Ds Jan Hendrik de Jager.**

**VOORSITTER:** Ds IA Brink

**SKRIBA:** Ds PG Stans

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder Blanke Afrikaners)*

## VYFDE SINODE: 16 TOT 21 SEPTEMBER 1991

## DERDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE V3

### 1. AANBEVELING:

### 1.1 Laatregistrasies:

Die Sinode keur dit goed dat die volgende persone as laatgeregistreerdes sitting neem.

APK Wonderboom:

Oudl Christoffel Hendrik Groenewald.

**APK Hertzogville:**

Oudl Frans Hendrik Havinga.
Oudl Benjamin Hendrikz.

### 1.2 DS PL Storm:

Die Sinode keur die verskoning van ds PL Storm wat siek is goed.

**VOORSITTER:** Ds IA Brink

**SKRIBA:** Ds PG Stans

**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

## VYFDE SINODE 16 - 21 SEPTEMBER 1991

# VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE V4

## AANBEVELING:

Die Sinode besluit om aan diaken Myndert Jacobus Bornman (Prieska) sittingsreg as laatgeregistreerde te verleen.

VOORSITTER: Ds IA Brink

SKRIBA: Ds PG Stans

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

# VERSLAG: AD HOC-KOMMISSIE VIR DIE GEBRUIK VAN DIE KERKEMBLEEM

## 1. PERSONEEL

Ds JN Joubert Sameroeper
Ds JJ Venter Skriba
Ds WM Grové
Ds WA Jooste

## 2. OPDRAG

Die Sinode versoek hierdie Kommissie om 'n beleid te formuleer ten opsigte van die gebruik van die Kerkembleem.

## 3. BELEID

3.1 Die waardigheid van die Kerkembleem moet te alle tye gehandhaaf word.

3.2 Die embleem moet alleen gebruik word waar dit die beeld van die Kerk kan bevorder - kerklik, en nie bloot kommersieël nie; met ander woorde waar dit in belang van die Kerk is.

3.3 Wanneer die embleem gebruik word, moet sorg gedra word dat dit *korrek* volgens die geregistreerde embleem gedoen word. Let daarop dat die geregistreerde kleure *silwer* en *swart* is

3.4 Gemeentes wat artikels wil bemark met die embleem daarop, moet aansoek doen vir die registrasie van so 'n artikel en voorbeelde daarvan indien by die Dagbestuur van die BRKA.

3.5 'n Register moet gehou word van alle artikels wat bemark word, en deur wie. (Bestaande artikels moet ook in die register opgeneem word.)

3.6 Geen gemeente word toegelaat om meer as een artikel met die embleem daarop, te bemark nie.

3.7 Wanneer die bemarking en vervaardiging van 'n artikel gestaak word, moet die Dagbestuur van die BRKA onverwyld in kennis gestel word.

3.8 Wanneer 'n gemeente 'n item wil vervaardig vir die eksklusiewe gebruik van daardie gemeente, moet nog steeds aansoek gedoen word vir goedkeuring.

## 4. SLOT

U Kommissie vertrou dat sy taak hiermee bevredigend uitgevoer is.

DS JN JOUBERT - *Sameroeper*

DS JJ VENTER - *Skriba*

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

# EERSTE VERSLAG VAN DIE AD HOC-KOMMISSIE INSAKE "EKKLESIA"

## 1. LEDE VAN DIE KOMMISSIE

Prof. FAH van Staden, dr. CI van Heerden, di. JJ Venter, AJ van Niekerk, JA du Plessis en AS van Jaarsveld.

## 2. VERGADERINGS

Die Kommissie het twee keer vergader nl. op 15 en 26 Augustus 1991.

## 3. STUDIEMATERIAAL

Die volgende studiemateriaal het die Kommissie se aandag geniet.

3.1 Prof. FAH van Staden

Studie insake ekklesia in die Nuwe Testament.

3.2 Prof. FAH van Staden - Inougurale rede - 1990-06-06.

3.3 Dr. CI van Heerden - Studie insake ekklesia in die Nuwe Testament en Kerkregtelike beginsels.

3.4 Ds. JJ Venter: Uittreksel uit die Sinodale Acta van die Gereformeerde Kerke in SA.

3.5 Eksegetiese studie deur prof. A le R du Plooy oor Handelinge 9:31.

3.6 Ekklesia in: Dictionary of New Testament Theology, Volume I, redakteur: Colin Brown.

3.7 Ekklesia in: Theological Dictionary of the New Testament, Volume III, redakteur: Gerhard Kittel.

3.8 Prof. FAH van Staden: Kommentaar op die studiestuk van dr. CI van Heerden.

3.9 J. van Dalen: De Schriftuurlijk beginsel van het Kerkrecht.

3.10 Nida en Louw: Greek - English Lexicon.

## 4. SINODALE OPDRAG

Die opdrag van die Sinode 1990 lui: "Die Sinode besluit om rustig voort te gaan met die benaming van die Kerk (Kerke) soos dit tans is, om 'n ad hoc-kommissie te kies met die opdrag om die Bybelse gegewens en kerkregtelike beginsels te bestudeer en met 'n aanbeveling na die volgende Sinode te kom."

## 5. BYBELSE GEGEWENS

Uit die studie tot dusver, blyk die volgende:

5.1 Die Nuwe Testament gebruik die woord ekklesia met twee betekenisladings nl. die Kerk van Christus in universele sin (Artikel 27 NGB) en die Kerk van Christus in sy plaaslike verskyning.

5.2 Kerkformasies, kerkverband en vergaderings van die kerkverband het ten tye van die verskyning van die Nuwe Testamentiese boeke van die Bybel nog nie gefigureer presies soos ons dit vandag ken nie. Wat wel vasstaan is dat uit die Nuwe Testamentiese gegewens oor die

verkeer tussen plaaslike kerke verskeie belangrike beginsels en riglyne afgelei kan word met betrekking tot die kerkverband.

5.3 Die Nuwe Testament ken 'n gemeenskap van selfstandige gemeentes (kerke) wat deur vrywillige ooreenkoms 'n gemeenskaplike leer, kerkregerings en erediens handhaaf. Hierdie gemeenskap dra 'n geestelike karakter soos blyk uit die Skrifgedeeltes wat op kerkverband betrekking het. Dit is opvallend dat Skrifgedeeltes wat op kerkverband betrekking het, geen aanduiding gee dat 'n nuwe vorm van "kerk" tot stand kom nie, terselfdertyd word kerkverband às 'n noodsaaklikheid uitgewys op die volgende gronde:

5.3.1 Die ontstaan van plaaslike kerke is die verskyning van die universele kerk (die een Liggaam van Christus), en gevolglik berus die kerkverband op Goddelike reg soos deur die Heilige Skrif geopenbaar.

5.3.2 Voorbeelde en voorskrif in die Nuwe Testament dui die noodsaaklikheid van kerkverband aan - vgl. Hand. 15, 1 Kor. 11:16, 12:26 en 2 Kor. 8:1.

5.3.3 Die plaaslike kerk word as selfstandige kerk eerbiedig. Die eenheid van die Kerke berus prinsipieël in sy verhouding tot Christus as Hoof van die kerk en vind sy uitdrukking in die gemeenskaplike belydenis en kerkorde.

5.4 Die kerkverband dien die welwese van die kerke en dra bindende gesag soos uitgeoefen deur die vergaderings van die kerkverband in ooreenstemming met Skrif, Belydenis en Kerkorde. Gevolglik moet alle gemeentes en lidmate solank hulle in die kerkverband bly, die gesag van die meerdere vergaderings as bindend aanvaar.

## 6. KERKEGTELIKE BEGINSELS

6.1 Die Gereformeerde kerkregering handhaaf die volgende uitgangspunte: nl. Christus as enigste Hoof, die Heilige Skrif as enigste bron vir die beginsels van kerkregering (die sg. jus constituendum), die regering van die kerk deur die ampte wat Christus daarvoor verorden het, die plaaslike kerk as selfstandige kerk en die noodsaaklikheid van die kerkverband vir die welwese en vir die beoefening van die eenheid in Christus.

6.2 Toetrede tot die kerkverband deur 'n plaaslike kerk geskied vrywilliglik en 'n plaaslike kerk kan ontstaan en bestaan as selfstandige en komplete geïnstetueerde kerk sonder kerkverband. "Op dezelfde wijze achter als de enkele gelowige zich vrijwillig onder het geestelijk op zicht van het plaatselik instituut stelt en te eniger tijd uit dat instituut kan uittreden, zoo ook enst het verband van de onderscheidene gemeenten op onderlinge toestemming en kan daarom ook weer verbroken worden. Die plaatselike gemeente kan uit het verband treden zonder dat zij ophoudt kerk te zijn (BB Keet: Na Honderd Jaar, p. 12-13)

6.3 Sodra toetrede tot die kerkverband werklikheid geword het en solank in die kerkverband gebly word, is die gemeenskaplike akkoord (Kerkorde, Bepalings Ordereëls) bindend vir alle lidmate en plaaslike kerke, met insluiting van o.a. die naam waarin eiendom geregistreer en waaronder die kerk in die algemene spreektaal deurgaan. Die juridiese implikasies van toetrede tot en uittrede uit die kerkverband word nie nou hier in berekening gebring nie.

6.4 Die beskouing van die kerkverband as 'n heilsinstituut in 'n hiërargiese eenheidstruktuur soos by die Rooms Katolisisme, sowel as die beskouing van geen bindende kerkverband soos by die independentisme, word beide deur die Gereformeerde kerkregering afgewys. Ook die Kollegialisme wat die selfstandigheid van die plaaslike kerk relativeer met die oog op 'n groter kerklike instituut wat groter of hoër gesag dra vind in die Gereformeerde kerkregering 'n teëstander.

6.5 Die gesag van die kerkraad, ring en sinode is in wese dieselfde nl. die Christusregering deur Sy Woord en Gees. Die kerkraad ring en sinode het elk 'n onderskrewe gesagsterrein soos beliggaam in die gemeenskaplike akkoord (Kerkorde), terwyl die ring en sinode met meerdere (akkumulatiewe) gesag optree binne die gesagsterrein aan hulle toegesê (vgl. afgevaardigdes uit al die kerkrade van die kerke in kerkverband).

## 7. TERMINOLOGIE

7.1 Kerk en kerkverband word meermale in die algemene spreektaal as sinonieme gebruik, terwyl "gemeente" feitlik ingeburger geraak het as 'n aanduiding van die plaaslike kerk. Hierdie gebruike in Afrikaans het die gedagte gevoed dat aan kerk (= kerkverband) gedink word as 'n selfstandige heilsinstituut waarvan die plaaslike kerke slegs noodsaaklike onderdele is. Dit leen verder daartoe dat 'n hiërargiese denke met betrekking tot gesag en gesagsterrein posvat, wat aan kerk (= kerkverband) 'n hoër gesag toeken as aan die gesag en gesagsterrein van die plaaslike kerk.

7.2 Sowel op grond van die Nuwe Testamentiese gebruik van die woord ekklesia as op die kerkregtelike beginsels vir die Gereformeerde kerkregering, moet beide die gedagte van 'n groter selfstandige heilsinstituut as 'n hiërargiese denke sterk afgewys word. Daar is net een groter en selfstandige heilsinstituut as die plaaslike kerk nl. die algemene Christelike kerk (NGB art. 27) wat geheel in die hande van Christus alleen rus, terwyl die eerbiediging van Christus as enigste Hoof van sy Kerk, alle hiërargiese denke by die wortel afsny (vgl. ook punte 6.1 en 6.5 hierbo).

7.3 Vir die probleme met betrekking tot die terme kerk en kerke, kerkverband en kerkformasie, gemeente en gemeentes, is daar geen eenvoudige oplossing nie. Die gebroke werklikheid waarin ons lewe bring mee dat daar vele kerkformasies, kerkverbande en plaaslike kerke (gemeentes) is, wat nêrens onder 'n eenheidsbegrip tuisgebring kan word nie, omrede die enigste eenheidsbegrip volgens die N.T. die een Kerk van Christus (universele kerk) is, en hierdie Kerk is alleen aan Christus self in sy omvang en diepte bekend. Gevolglik word ons gedissiplineer om Bybelgetrou aan kerkformasie en kerkverband in terme van geestelike gemeenskap te dink, met die plaaslike kerk as enigste sigbare en komplete kerk van Christus. Hierdie geestelike gemeenskap van selfstandige plaaslike kerke (gemeentes) groepeer rondom Skrif en Belydenis, waarvan die APK die jongste en vir ons baie geliefde kerkverband is in die Christelik - Gereformeerde kerktradisie.

## 8. AANBEVELINGS

Die Ad hoc-kommissie oordeel op hierdie tydstip dat sy besinning met betrekking tot die sinodale opdrag nog nie afgehandel is nie, maar wil tog die volgende vir oorweging deur die sinode voorlê:

8.1 Die naam van die APK soos vasgestel op die Sinode 1987 bly onveranderd met die voorblad van die Kerkordeboekie onveranderd soos met die 1990 uitgawe;

8.2 Die opskrif onder Afdeling 1 van die Kerkordeboekie lui: Kerkorde en Bepalings vir die Afrikaanse Protestantse Kerke;

8.3 Artikel 1 van die Kerkorde word soos volg gewysig:

8.3.1 Onder die opskrif: Kerkverband, lui artikel 1 soos volg:

Die Kerkorde is die gemeenskaplike akkoord deur die gemeentes (plaaslike kerke) wat in die kerkverband met mekaar saamlewe, gegrond op die eenheid in Skrif en Belydenis.

8.3.2 'n Nuwe artikel 2 verskyn onder die opskrif: Belydenis, met aanpassing van die nummering van die verdere artikels, en lui soos volg:

8.3.2.1 Die Afrikaanse Protestantse Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk bely as betroubare samevatting van die waarhede van die Bybel, is vervat in die Formuliere van Eenigheid soos vasgestel deur die Sinode van Dordrecht in 1618 - 1619, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis die Heidelbergse Kategismus en die Vyf Dordtse Leerreëls.

8.3.2.2 Die Twaalf Artikels, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius word as historiese algemene belydenisskrifte aanvaar.

8.3.4.2 Die Sinode kontinueer die opdrag aan die Ad hoc-kommissie ten einde sy opdrag volledig af te handel.

Die Sinode word die Here se seën toegebid.

**GETEKEN:**

DS. JJ VENTER (VOORSITTER)

DS. AS VAN JAARSVELD (SKRIBA)

Bylae C

# AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

*('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)*

# BERAAMDE MOTORLOOPKOSTE OOR 'N TYDPERK VAN 4 JAAR

**(AA - 23/8/1991)**

| A VASTE KOSTE | | | |
|---|---|---|---|
| | c/km. Koopwaarde in verhouding tot jaarlikse afstand afgelê | | |
| Koopwaarde | Kilometer | | |
| | 20 000 | 24 000 | 30 000 |
| 20 001-22 000 | 50 | 41 | 33 |
| 22 001-24 000 | 53 | 44 | 35 |
| 24 001-26 000 | 56 | 47 | 38 |
| 26 001-28 000 | 60 | 50 | 40 |
| 28 001-30 000 | 63 | 53 | 42 |
| 30 001-35 000 | 72 | 60 | 48 |
| 35 001-40 000 | 78 | 65 | 52 |
| 40 001-45 000 | 88 | 71 | 51 |

| B. LOPENDE KOSTE EN PETROLKOSTE - 4 JAAR | | | |
|---|---|---|---|
| cc | sent per kilometer | | |
| ENJIN-INHOUD | ONDERHOUD | PETROL | TOTAAL |
| - 1 300 | 13,1 | 13,7 | 26,8 |
| 1 301-1 500 | 13,1 | 14,2 | 27,3 |
| 1 501-1 800 | 14,2 | 15,1 | 29,3 |
| 1 801-2 000 | 15,1 | 16,5 | 31,6 |
| 2 001-2 500 | 15,8 | 17,8 | 33,6 |
| 2 501-3 000 | 19,5 | 19,2 | 38,7 |
| 3 001-4 000 | 20,9 | 20,2 | 41,1 |
| 4 001-5 000 | 22,4 | 20,9 | 43,3 |

1. Brandstofprys-berekening soos aan PWV-gebied. (Plattelandse prys kan aangepas word).

2. Totale koste: A + B = totaal. Byvoorbeeld:

| | |
|---|---|
| Motor koste R40 000 | 52 c/km |
| Enjin-inhoud 1 800 cc | 29,3 c/km |
| Totaal | 81,3 c/km |

**DS. LD PIENAAR**